1 Weet jy ons het altyd veral na 1994 het ek vir die troepe (.) veral
2 jou anderskleuriges gesê julle het jul kultuur as n Xhosa as n
3 Kleurling ek het my kultuur as n Afrikaner Engelse Duitser maak
4 nie saak nie (1.0) julle het julle ANC rigting ons is miskien in n
5 ander rigting (1.5) ek sê maar ons kultuur hier is die Militêre
6 kultuur. Dis ons samebindende kultuur (.) En weet jy die ouens het
7 dit nogal gevat ↑hoor. Dis ons kultuur van dissipline van orde
8 respek teenoor mekaar bo en ondertoe en onder en boontoe en dit is
9 wat die =en as n ou daardie goed...

3. Discourse of "different-ness"

(a) Soldier vs. Civilian

P1E38

1 Ek gaan begin om te sê n soldaat is n gewone mens hy's nie n miracle
2 nie. Net soos n predikant n gewone mens is. Ouens kyk met groot oë as
3 predikant per ongeluk n vloek woordjie los of as hy per ongeluk of
4 dalk op n stadium n wyntjie drink. Hy's n mens soos ek en jy.
5 'n Soldaat is n mens soos enige volgende ou.

P1E39

1 So vir my om vandag n blanke afgetrede soldaat eks Offisier te wees

Appendix B: Interview Extracts

2 is vir my in die eerste instansie dit was vir my 'n eer (1.1) want ek
3 het nog steeds my agtergrond kommissie dit sal jy nooit van my af kan
4 wegvat nie ek kan my rang agter my naam skryf ek moet net daar aft.
5 skryf om te wys dat ek afgetree is (.) ek is nie meer aktief nie ek
6 is afgetree daarom kan ek net sê daarom neem ek deel (.) u::m aan
7 Veteraan= aktiwiteite om oud kollegas te sien en om eer te betoon aan
8 ouens wat ons vooraf gegaan het (.) wat die hoogste prys betaal het.

P1E40

1 SWAPO het NOOIT sover my kennis strek nie en touch wood (1.2) .hhh
2 voorheen gekom en vir die Suid Afrikaanse Regering gesê hoor hier
3 Boys (0.5) kom ons praat (2.5). Ek stem nie saam met julle beleid
4 nie. >Dis 'n ander storie<. Hulle (.) onthou een ding 'n soldaat is
5 apolities. So alles wat ek hier sê het niks met politiek uit te waai
6 nie.

P1E41

1 Ek het die reg om te gaan stem en ek het die reg om my gevoel uit te
2 druk soos ek glo maar ek sal nie (.) ek is vandag nog (.) ek sal
3 nooit aktief deelneem aan politiek nie. Maar ek het die reg as 'n
4 stemgeregtige. Ek wil nie praat oor die reg of verkeerd van die
5 vorige Bedeling nie (.) dis irrelevant (.) dis nie waaroor dit gaan
6 nie.

P1E42

1 Maar as soldaat het ek 'n job gehad in daardie Staatsdepartement as
2 (1.0) 'n dienaar van daardie Staatsdepartement en my taak as 'n
3 soldaat was om 'n defensiewe rol te speel om Suidwes te verdedig >en
4 dis waar ons almal betrokke was<.

P1E43

1 Wat ek daar geleer het want Militêr moes ek so dink. Ek moes dink.
2 En 'n baie belangrike aspek wat ek geleer het is om te u::m dink soos
3 my opposisie ↓dink. Want om 'n geveg te kan bestuur en om 'n geveg
4 evaluering te kan maak en om in 'n geveg situasie te kan ingaan (.hhh)
5 moet ek weet wat (.) beplan (.) my opposisie.

P1E44

1 Praat praat praat (1.0) toe sê hy ek is 'n soldaat so jy kan hoor van

Appendix B: Interview Extracts

2 wat ek sê. Toe sê hy toe sê [REDACTED] vir [REDACTED] jy moenie dit vir [REDACTED]
3 sê nie [REDACTED] sal vir jou bliksem hy's n oud soldaat. Toe sê hy
4 maar dan bliksem ek vir [REDACTED] terug want ek ook is n oud ↓soldaat.
5 Toe sê ek STOP wie's jy? Toe sê hy man ek is n MK. Ek is trots ek
6 was n MK. Toe sê ek dankie hier's my hand ek was n lid van die SA
7 Weermag net so trots (.hhh)... Ons het weer getjir tjir tjir en weet
8 jy wat toe gebeur? (.hhh) [REDACTED] het sy arm om my gesit (.) toe sê hy
9 (1.5) vir my [REDACTED] (1.2) ons is oud veterane dis lekker om met die
10 vyand te kan weer maats maak. Ons (.) ek en jy was nooit vyande nie
11 (0.8) dis ons Regerings dis ons politikuste... Ek het nie n probleem
12 met n MK nie MAN (.) hy's n soldaat (.) hy't sy JOB gedoen soos wat
13 ek hom gedoen het. Hy was ook n lid van daardie Staatsdepartement...
14 As ons mekaar gesien het seker in die oorlog situasie sou ons
15 seker mekaar geskiet het ja ons sou seker (0.5) Maar ons is nie vir
16 mekaar kwaad nie. Weet jy waar kan jy die les leer? Jy kry twee
17 boksers hulle klim in die kryt >dan slaat ons mekaar uitmekaar uit
18 nou as daardie laaste klok lui as die een ou nie die ander
19 uitgeslaan het nie of selfs het hy hom uitgeslaan< (0.8) dan omhels
20 hulle mekaar. Hulle is nie kwaad vir mekaar nie (.) dis n sport.
21 Alhoewel hulle mekaar nou half disnis geslaan het of flenters geslaan
22 het. Oorlog is dieselfde ding. Soldate voer n opdrag (.) van hulle
21 meerdere uit. En as dit VERBY is (0.5) ons is nie vir mekaar kwaad
22 nie↑... Ons sal mekaar doodskiet maar ons is nie eens vir mekaar
23 kwaad nie.

P1E45

1 Want jy bly n soldaat ek het jou gesê ek is nog steeds n soldaat.
2 En (3.0) ons gaan deur die Militêre eerbetoning teenoor mekaar. Ons
3 groet mekaar op Militêre wyse. Ons is tans besig en ek kan dit nou
4 gaan uithaal ons het n Veterane drill uitgewerk (.) laat ons (0.9)
5 dieselfde drills 5 uitvoer in Kaapstad in Bloemfontein in Pretoria in
6 (.) Timboektoe wanneer ons n oud kollega gaan groet (1.3) om eer te
7 betoon aan hom.

P2E46

1 Jy sien daardie soldaat kan soos jy sê hy sal maklik daardie ou skiet
2 (.) daai ou kan ook skiet (0.9) dis jou lewe op die spel. Hy kan.
3 n Soldaat is nie bang vir doodgaan nie. n Soldaat is bang vir
4 seerkry (0.8) want daar is niks wat lekker is van seerkry nie
5 ((lag)). Jy kan my maar doodskiet maar hel >moet net nie iewers n

Appendix B: Interview Extracts

6 stuk uitskiet of so nie want dan het ek pyn.< ((lag))...
7 Nee (.) hel (.) net nie seerkry nie. Dis eintlik waar (.) h soldaat
8 is nie (.) as hy gaan, gaan hy (0.5) hy moet net nie daar uitkom met
9 sy arms af en die bloed loop. >Dit soek 'n ou nie<.

P3E47

1 So dis h interessante organisasie .hhh Daar's h ongeskrewe reël wat
2 sê jy bespreek nooit politiek Godsdiens of vroumense nie. En as jy
3 dit sou bespreek gaan iemand jou stilmaak. °Want mens praat nie oor
4 daardie goed nie°. >Dis nou al=die ou=hulle sê jy praat nie oor
5 daardie goed nie< dis (.) dit skep (0.5) stryd.

P4E48

1 Jy kry daardie tipe ouens (.) veral jou jonger tipe ouens (.) hulle=
2 jy het hulle orals gekry jy weet (.) jy het daardie tipe outjies
3 gekry (2.0) Ek het altyd gepraat van die soldiers of fortune. Jy
4 het hulle ook nodig in sekere rigtings (0.8) maar hulle=hulle word
5 gou uitgewerk want soldaat-wees gaan eerstens oor hierdie ding (.)
6 oor h ou se ingesteldheid en sy mentaliteit.

P4E49

1 ek was h paar keer by waar politici by is op funksies waar hulle
2 Party politiek waar ek het op meer as een geleentheid gesê nou stop
3 jy jy is besig met party Politiek ek is veronderstel om apolities
4 te wees ek kan nie party politiek praat nie. Tot die Adjunk
5 Minister hy is vandag oorlede en h baie goeie mens maar die ouens
6 het elke platform gebruik soos die politici maar vandag ook elke
7 platformpie en geleentheid en veral begrafnisse gebruik hierdie tipe
8 van ding.

P4E50

1 Ons het keuses gehad en daar is sekere norme en goed was h ou=ek
2 kom by die vraag uit as h ou in die land met h geweer kom om hierdie
3 mense seer te maak (.) dan het hy pak gekry. Maar omdat h ou
4 polities verskil het van die ouens is dit nie nodig om hom dood te
5 maak nie. Dit is waar die skeidslyn getrek word. Nou (1.5) dit sluit
6 vir h ou deure oop. Ek weet nie die kringe waarin ek beweeg word

Appendix B: Interview Extracts

7 dit gerespekteer wat (.) ons gedoen het wie n ou is maar ek dink dit
8 hang van die persoon af. Veral jou=jou jonger laities sien op na jou
9 (0.8) jou u:m ouer mense het ook respek vir die situasie.

P4E51

1 Nou jy weet selfs - selfs vir my voormalige vyande het n ou n
2 rapport (.) jy kan met hulle gesels. Daar was n ander ou [REDACTED]
3 [REDACTED] [REDACTED] weet nou nie van die - ja sy weet van die ou jy het
4 al sy Eer Poste gesien. Na die oorlog het hy sy MBA gekry en hy is
5 vandag die Hoof van [REDACTED] Bank (.) jy weet (2.0) nie Namibië Bank nie 6
SWA Bank is hydie u:h bank bestuurder van hierdie bank. En u::m baie
7 lekker met die ou gesels jy weet. Daar is nie daar is nie
8 moeilikheid nie. Hulle erken ons (.) ons erken wat hulle gedoen het.

P4E52

1 jy weet Flip in die oorlog waar ons was in Owamboland en hier (1.0)
2 jou eerste ding is om die bevolking aan jou kant te kry. Ek meen
3 sonder steun (0.7) en hierdie is nie net die swart bevolking nie jou
4 wit bevolking ook (1.2) moet jy aan jou kant kry. Jy moenie dinge
5 doen teen hulle nie en u:m as n ou in die geskiedenis kyk die=daar
6 was vanoggend nou oor die radio ou (3.5) ou Linette se program oor
7 die Weermag maar die oomblik as die Weermag teen jou mense optree is
8 dit baie gevaarlik (1.5) Die handboek voorbeeld is in China by
9 Tiananmen plein toe hulle die tenks op die studente oopgemaak het (.)
10 hulle leef nou nog swaar onder daardie ding. Die Weermag moet ingryp
11 hulle moet keer en al hierdie goeters doen (.) maar jy skiet nie op
12 jou mense nie. >Soos nou in Sirie aan die gang is<. Daardie wonde
13 sal nooit regkom nie. Die Weermag het n bepaalde doel en tree op
14 volgens n doktrine en al hierdie goed. Dit is =dit is waaroor dit
15 gaan.

P4E53

1 ek het meer (1.8)en ek is n ou met verskeie jare operasionele
2 ondervinding ek het meer niemilitêre goed (1.0) gedoen (.) in
3 opheffing as wat ek Militêre operasies gedoen het (.) in my
4 loopbaan. Want dis waarom dit gaan. Die Weermag moet n bevolking en
5 die Konstitusie in stand hou.

P4E54

Appendix B: Interview Extracts

1 Jy weet in die Weermag was jy verantwoordelik gewees vir lewens (1.5)
2 en dis die verskil tussen 'n bestuurder 'n ou kan lang verhandelings
3 skryf hieroor tussen 'n bestuurder en 'n Bevelvoerder. (2.0) Dis alles
4 dieselfde want 'n Bevelvoerder is ook 'n bestuurder maar 'n bestuurder
5 is nie 'n Bevelvoerder nie want 'n Bevelvoerder (3.0) kan oor die lot
6 van 'n ou se lewe en sy dood bepaal deur die take wat hy vir hom gee
7 en sy =as hy nalatig is kan hy mense se lewens op (1.6) die spel
8 plaas.

P5E55

1 Ek het altyd vir die Korporaals gesê jy het meer gesag (1.9) as die
2 Hoof van die Weermag (2.1) want as dit op die KNERS afkom (.) is jy
3 die ou wat die bevel om te vuur gee. Dit is toe hulle die (1.5) die
4 townships gebrand het. Jy's die ou wat besluit skiet of skiet nie...
5 (intervensie)
5 Interviewer: [Mag van lewe en dood basies so.]

P5E56

1 Dis waarmee ek jou toevertrou. Jy moet dit weet. Dis nie ek wat ek
2 in my lugverkoelde kantoor in Kimberley sit nie dis jy wat daar in
3 die stof lê. En in 'n sekere sin dink ek dit is (1.1) die (1.0) besef
4 dat 'n ou (2.0) dit vir hom gee (.) en dat daar van sy kant af 'n
5 respons kom om te sê ek sal jou nie teleurstel nie. En beide hierdie
6 twee goed (1.4) het nie 'n rak leeftyd nie. Ja (0.6) dit is seker
7 heel menslik laat party ouens se wiede sal afkom en hy raak 'n
8 alkoholis of (1.7) 'n dwelmsverslaafde of wat ook al ek het nog nie so
9 'n ou teëgekome nie.

P5E57

1 Jy moet jouself uitleef. Ek dink dit gaan dalk (1.3) een stappie
2 (1.8) verder as net (1.1) vertrou. u::m Dit (1.7) ek het nou die
3 begrip in my kop gehad en nou het hy vinnig vinnig weggehardloop.
4 Dit is maklik om in 'n druk situasie te sê (.) ons moet gou die
5 kastaiings uit die vuur uitkrap (3.0) u::m en as die
6 kastaiings uit die vuur uitgekrap is gaan ons terug na ons normale
7 swak selwers toe. En hier is iets anders wat hier behoue bly (1.5)
8 ek dink dit gaan met respek saam (.) en ek dink as respek in sy (3.1)
9 naakte essensie (.)geevalueer word is dit nie uiterlike saluering
10 eerbetoon en sulke tipe goed nie dis respek vir ek herken jou as 'n
11 mens (1.2) met alles wat 10 in jou is. Want=want die opleiding was
12 destyds net so dat (.) beide fisies en sielkundig is daar nie veel

Appendix B: Interview Extracts

13 wat jy op 'n stadium kon wegsteek nie hulle het 'n manier gehad (.) om
14 jou te dwing om dit na vore te bring. En desondanks (2.0) sê ek jy
15 mag dalk 'n bier of twee te veel drink by tye maar ek respekteer jou.
16 Ek hou dit nie teen jou nie.

P5E58

1 as jy in die Groot Parade in Pretoria was dan was dit die Mammies en
2 die Pappies wat op die sypaadjie gestaan het tot ons hulle kinders
3 verdaag. En ewe skielik is dit nie meer so nie. Dit=dit kan deels
4 daaraan toegeskryf wees. So ek glo nie ons het meer die naelstring
5 die Weermag het nie meer die naelstring met u::m (2.0) die=die
6 gemeenskap nie. Aan die ander kant dink ek nie (2.4) dink ek een van
7 die gevolge van 1994 is die gemeenskap sê ons het dit nie meer NODIG
8 nie (0.5) daar is nie meer 'n vyand nie. So ons SOEK dit nie...
9 En daar is 'n (.) daar is 'n doelbewuste poging om nie sulke goed in
10 stand te hou nie (1.9) u::m en (1.8) en as jy dan in 'n (2.0) milieu
11 kom waar daar ouens is wat NOU (1.2) se maatstaf toepaslik maak op
12 wat dit WAS (.) dan is daar hierdie verwydering. Maar in my opinie
13 is dit nie (1.3) ek het nog nêrens gekom wat 'n ou my nou regtig sleg
14 gesê het oor wie ek was nie. (2.0) En wat ek gedoen het nie.

(c) Political vs. Apolitical

P1E59

1 So die SAW het nie op sy eie gesê hoor hier boys ons nou gaan ons
2 Suidwes toe (.) nou gaan ons Grensoorlog baklei. Die Regering het
3 ons daarnatoe gestuur. Die Regering het aan (.) die Generaals (.) aan
4 die Hoof van die Weermag >gesê gaan beskerm ons belange<. Ons kon
5 niks doen (1.0) sonder Weermag (0.5) sonder Goewerment goedkeuring
6 nie ons kon nie oor die grens gaan sonder u::m (0.8) politieke
7 goedkeuring nie. Of Regering goedkeuring nie. Ons kon nie h sent
8 uitgee nie (.)vir niks (.) sonder (0.6) ons moes begroot vir
9 Grensoperasies ons moes begroot vir wapens ons moes begroot vir
10 klere ons moes begroot om dienspligtiges op te roep.

P3E60

1 'n Solda::at is die (.) is op die ou einde die mag van die Staat. Die
2 mag van die Staat is die (onduidelik) mag en dit is die polisie en
3 die Weermag (.) wat net gewoon uitvoer >wat die Regering vir

Appendix B: Interview Extracts

4 hom sê<. >Wat hy daarvan dink of nie is nie ter sake nie< as Hy sê
5 (0.5) doen dit (.) dan doen hulle dit. En u::m as hy dit nie wil
6 doen nie (.) het hy probleme.

P5E61

1 Want=want enersyds is dit nie die Generaals wie die oorlog gemaak
2 het nie dit was die politici wat bepaalde besluite geneem het.

P5E62

1 So ek kan nie anders as om te sê dat (3.0) vanuit meer as een oord
2 (3.2) is daar (3.0) 'n direkte of 'n indirekte beskuldiging (1.8) dat
3 ons instrumenteel aan DADIG was aan die sondes. ,Ons is die Vaders
4 wat die sondes gepleeg het. Die troepe wat op die grens dood is ons
5 toedoen. U::m Die ouens wat met naweek pas in motor ongelukke is as
6 hulle nie diensplig hoof te gedoen het nie en dis ,julle skuld dan
7 was hulle nie dood nie. En so kan jy aangaan. Ek=ek bespeur nie
8 (2.8) 'n ewe gewilligheid om te sê wat sou gebeur het (1.7) as die
9 gekombineerde Russiese/Kubaanse komponent Namibië net kon binnekem
10 vanuit Angola uit en van Namibië af besluit nou gaan ons Upington toe
11 en dan sit hulle in Pretoria. Daardie scenario (1.5) u::mis by baie
12 ouens nie 'n geldige scenario nie bloot omdat dit nie gebeur het nie.
13 Maar oor hoekom dit nie gebeur het nie is daar nie sprake eintlik
14 oor 'n argument nie.

P5E63

1 Jy sal een ou (.) kry wat klem lê op die (.) vreedzaamheid daarvan
2 (.) want (2.0) the contrary is too ghastly to contemplate. Dit is
3 daardie uitdrukking wat jy net nou gebruik het. As dit nie so gebeur
4 het nie dan sou die bloed geloop het. So jy sal 'n skool kry wat dit
5 sê.
6 Jy sal 'n ander skool kry wat sê miskien moes die bloed geloop het
7 (1.1) dan het ons dalk meer geHAD. Ons wat nou in die Weermag was
8 daar is baie ouens wat vingers wys na ons toe (.) ouens soos Kol
9 Viljoen is besonders in die kruisvuur (.) omdat hy gesê het kom ons
10 gaan help Bophuthatswana (2.0) Mangope (0.8) en toe die kaarte val
11 toe gaan stig hy 'n politieke party. Van die ouens sê nee dit was
12 verkeerd gewees. Maar u::m ek=ek persoonlik dink (2.3) ons huidige
13 tydsgewrig kan nie nou na behore geoordeel word en die rol wat die

Appendix B: Interview Extracts

14 Afrikaner speel nie. Jy het 'n bietjie van 'n la::ng (0.9) visie nodig
15 (1.5) ons is nog nie ver genoeg in die stofpad af om dit na behore te
16 evalueer nie.

P5E64

1 Ek dink die ekonomiese realiteite sê as jy=as jy die entrepreneur
2 in jou vrye teuels wil gee dan moet jy jou laat lei deur ekonomiese
3 omstandighede eerder as politieke omstandighede. So jy sal dapper
4 ouens kry wat sê ek is bereid om 'n nuwe begin te maak in die DRK (.)
5 en ek gaan daar (0.5) soos 'n Voortrekker van ouds ver van alles boer.
6 Jy sal 'n ander ou kry wat sê nee Afrika se prys om dit te doen is te
7 ↑hoog (2.0) ek wil boer in 'n tuisland so Oranje hier kom ek (.) ons
8 moet Oranje groter maak. En ek is geneig om te sê ons het so iets
9 van beide nodig. Die=die ideale model is waarskynlik het nog nie
10 gestalte aangeneem nie maar (3.0) ek dink 'n mens moet homself kan
11 uitleef na sy eie behoefte (0.8) waar hy dit wil doen. As een ou in
12 Wierdapark jy weet in die Suide van Pretoria wil bly en hy's gemaklik
13 in die gemeenskap waar hy daar bly en in sy werkplek (.) waar dit ook
14 al mag wees die WNNR of Universiteite of waar ook al is hy gemaklik
15 om hom uit te leef en hy kan na sy kerk toe gaan en hy kan
16 ongehinderd na die Spar toe gaan en gaan koop wat hy nodig het sal hy
17 gelukkig wees. 'n Ander ou sal sê nee (.) ek wil Oranje toe gaan (.)
18 want ek wil (.) die versekering hê dat my eie mense oor my regeer.
19 Ek dink op stuk van sake is dalk die=die kritiese besluit. En ek sou
20 dit formuleer om te sê in breë sou ek graag wou sien (1.9) dat die ou
21 wat oor my regeer 'n ou is vir wie ek gestem het. Sou daardie ou
22 swart wees (1.5) dan is dit so.

(d) Past vs. Present

P1E65

1 Die hede en die verlede. Ek leef nie in die verlede nie (0.5) maar
2 dis deel van my lewe gewees ek was baie trots oor daardie vlaggie
3 ek het daardie vlaggie gesalueer dan het ek gebewe dat ek
4 hoendervleis gekry het. Dit sal ook seker maar gebeur het as ek
5 onder daardie vlag gewerk het >alhoewel ek nie baie van daardie vlag
6 hou nie maar dit begin vir my mooi word<. En ek is trots om 'n
7 Afrikaner te wees want ek is 'n AFRIKAANS sprekende Afrikaner. Daar
8 is Engels sprekende Afrikaners ook.

Appendix B: Interview Extracts

P2E66

1 En het ons die hele verwickeling gesien en die meeste van ons van
2 my groep mense (0.8) het gegaan van (3.5) u::m Verwoerd Era van
3 streng Apartheid na die era toe van die Groot Krokodil na die era toe
4 van F W De Klerk van die era na oorgangsregering toe van die era van
5 oorgangsregering wat geïmplementeer is so ons was deel van die hele
6 proses. Met ander woorde jy het ook (1.0) intellektueel gegroei.
7 Saam met die oorgangsproses (.) en daarom verstaan jy die
8 oorgangsproses.

P4E67

1 hier lê groot probleme vorentoe. Die huidige en ek noem dit by sy
2 naam (.) blanke Kolonelle wat daar is is almal baie naby aftree
3 ouderdom (.) of tyd pakkette gereed daarvoor en as hulle gaan is daar
4 'n vakuum wat skrik vir niks. Hier en daar is daar 'n ou nou wat
5 regtig sy sous werd is wie leier eienskap het in die kop het maar
6 hulle dink almal en dis die=dis die probleem hulle dink almal met 'n
7 politieke kop. Hulle dink nie met 'n u:m (1.5) patriotiese (2.5) jy
8 weet (1.0) bestuurs kop en daardie tipe van goed nie hulle dink nie
9 daaroor nie hulle dink oor daardie kop.

P4E68

1 Dis maar weer waar die menslikheid faktor inkom jy weet. Kollektief
2 u:mm is dit positief. Ons het Sondag die herdenkingsdiens gehad en
3 jis as (hhh) jy darem sien hoe positief daardie klomp ouens is hoe
4 bly hulle is om mekaar te sien al hierdie goed is dit wat my
5 betref positief. Die negatiewe uitbeeldings is regtig die minderheid
6 en dis individue. Kollektief dink ek is dit baie positief. Sondag
7 daar het 'n belangrike ding gebeur. Kyk hierdie was die SAW
8 herdenkingsdiens wat in 1994 geëindig het in April. En die Minister
9 goed dis nou Lindiwe Sisulu was daar absoluut netjies fatsoenlik
10 aangetrek en sy het na die tyd gesê ons moet hierdie voortaan met MK
11 en APLA en al hierdie saam dit doen. Nou goed sy's 'n politikus. En
12 onthou hulle kry maar opdragte en onthou ek het vir jou gesê dat ou
13 Zuma nou vry na die Afrikaner na die blankes (1.0) se stemme om sy
14 posisie sterk te maak. Ek - ek wil vir jou sê dit was 'n gebaar
15 gewees 'n positiewe gebaar waar sy die - die negatiewe kon openbaar
16 het jy weet. Sy kon - kon eerstens nie daar opgedaag het nie jy weet
17 dit was 'n sensitiewe dag vir haar gewees want dis die dag wat haar Ma

Appendix B: Interview Extracts

18 dis die herdenking jy weet van haar Ma se begrafnis want hulle gaan
19 soontoe om daar te gaan praat oor die graf en so aan. Terloops ons
20 Afrikaners het ook daardie=ek onthou my Oupa en Ouma het hulle ook
21 elke jaar as hulle die dag begrawe is is daar 'n familiebyeenkoms
22 maar sy het dit prysgegee vir dit.

P5E69

1 Des (.) ondanks (.) stem ouens ANC. U::m Dit maak nie sin nie (.)
2 dieselfde ouens vir wie hulle stem gee nie vir hulle wat hulle wat
3 hulle wil hê nie. Die Regering self praat van 'n revolusie 'n Nasionale
4 Demokratiese revolusie. Nou my begrip van 'n revolusie is (.) jy
5 bedryf net 'n revolusie teen 'n regime. Nou bedryf die Regering 'n
6 ,revolusie teen ,homself (.) dis my ↑vraag.

P5E70

1 ...die aard van die Weermag in terme van sy rol en funksie (2.0) het
2 ook dramaties (0.8) verander. Daar is 'n BAIE groter klem nou (1.8)
3 op (2.2) die sagte goed soos vredesteun operasies (1.9) armoede
4 verligting (1.3) werkskepping (2.4) wat nooit oorwegings was (.) in
5 ons tyd nie. En dalk het jy nou 'n sagter Weermag nodig. Of swakker
6 dissipline (2.6) 'n element daarvan moet wees dan het ek my ernstige
7 bedenkinge. Die ou wat gister vir my vertel het van die Veterane wat
8 grensplase gaan kry (0.7) sê vir my op enige dag is daar vier honderd
9 troepe by Infanterie formasie afwesig sonder verlof. Dis 'n
10 Bataljon. Ons het in hierdie land (1.0) nege Bataljons. So (1.3)
11 een uit nege Bataljons is per dag afwesig sonder verlof. >Ek het dit
12 nie geweet voor gister nie< maar ek het dit vermoed. Dan is my
13 gewaarwording 12 dank die Vader (.) ek hoef nie (0.8) te assosieer
14 °met daardie weermag nie°.

(e) Race

P1E71

1 Ek het 'n bietjie probleem met die definisie van Boer ek sal nou
2 daarby uitkom want ek sien hom in 'n ander lig. Toe sê ek vir hom
3 (1.2) jy sal nooit weer vir my lag nie as ek vir jou sê ek is 'n Boer
4 nie want ek respekteer vir jou omdat jy 'n Tswana is. Hierdie Boer
5 sit kos op jou tafel. Hierdie Boer het jou op kursus gestuur.
6 Hierdie Boer=hy sê Oupa (1.0) ek sê ek wil klaar praat ons gaan nou
7 klaar praat. Ek's 'n Boer en ek is trots om 'n Boer te wees. >Ek is 'n

Appendix B: Interview Extracts

8 Afrikaner en ek is trots om 'n Afrikaner te wees< maar ek respekteer
9 jou ek het jou gesê jy moet 'n bietjie beter leer Afrikaans praat
10 want ek het dit nodig hier in my opleiding (.) dis al rede (.) ek sê
11 ek respekteer vir jou omdat jy Engels is en ek praat met jou Engels
12 ek respekteer omdat jy 'n swart man is ek kry jou jammer omdat jy jy
13 is dit gaan nie vir my oor jou velkleur nie dit gaan vir my oor jy
14 as mens. Flip (2.0) ek het nie myself gemaak nie. Net so min het
15 daardie man homself gemaak. Of jy. Die Oubaas daar bo (.) het ons
16 gemaak.

P1E72

1 Ek word kwaad baie vir hierdie swartes want e::k ervaar rassisme.
2 Dit het niks te doene met die feit dat ek 'n soldaat was nie. Dit het
3 te doen met die feit dat ek 'n blanke is. So (1.5) ek het nog nooit
4 om jou vraag te antwoord ek het nog nooit as eks soldaat (0.7) 'n
5 negatiewe ervaring gehad in terme van omdat ek 'n soldaat was nie. Nog
6 nooit. E::k ervaar wel negatiewe u::m ervarings wat (1.6) in (.) my
7 gewone siviele beweeg tussen wit en swart. So ek ervaar dit ek
8 ervaar 'n groot vorm van rassisme daar.

P1E73

1 In die Weermag het hulle in my klas gesit. Kleurlinge (.) Swartes
2 (.) Blankes (.) almal. Ons het geen onderskeid gemaak nie. Die
3 Weermag het nooit 'n onderskeid gemaak nie. NOOIT. Ek moet jou sê die
4 eerste keer was ek (.) toe roep my Diensoffisier my in en lig my in
5 op ... (onduidelik) Basis hier kom so (.) 'n klomp van die Swartes in
6 die Menasie bly (1.0) ↑Jis (.) maar hulle het nie die ouens gewaarsku
7 nie ek was ook nie gewaarsku nie (1.2) en dis nou waaroor dit (.) ag
8 ek praat van sjoe ek kan nie eens onthou nie >dit was lank terug man<
9 die Nuwe Suid Afrika was nog nie (.) eens in 'n embrio stadium nie en
10 (.) ek kom daar en toe sit die swart manne daar. Ek sê wat nou (.)
11 hy sê nee die ouens is honger. Het julle nie kos nie? Ja hulle het
12 hy het vir hulle - hulle het geweet daar kom mense >maar hulle het
13 nie geweet dit is swart mense nie<. Toe sê ek maar julle het nou
14 iets voorberei vir die manne gee vir die mense kos. Hy sê >maar
15 hulle is swartes< ek sê ha (.) hulle eet OK.
16 Nes >ek en jy<. Hulle het ook Brown's aan. Gee vir die manne kos.
17 Maar waaruit? My MAGTIG het jy nie borde nie? Het jy nie vurke nie?
18 >Ja hy het<. Maar GEE VIR DIE MENSE KOS. Hulle is HONGER. Het jy

Appendix B: Interview Extracts

19 vir hulle slaapplek hier? Nee. Maar gaan kry vir hulle (0.8) jy het
20 mos geweet hier kom honderd mense (.) jy het mos kos gemaak jy het
21 vir hulle slaapplek gereël. Wat is jou moeilikheid? Ja maar hulle is
22 swart. (.) Ek ,sê ek het nie nou Jik om hulle wit te verf nie (.)
23 >watter kleur moet ek hulle vir jou paint<.Gee die mense
24 akkommodasie. Dis (.) hierdie is SOLDATE (0.5) MAN.

P1E74

1 Ja. Maar e::k ervaar wel rassisme onder die (.) onder ouens. En ook
2 nie almal nie (.) daar's ↑goeie swartes (.) >swartes is nie almal
3 sleg ↓nie<.

P2E75

1 Ek is 'n AfriKANER. Ek is van Afrika (1.6) ,maak nie saak hoe my vel
2 lyk nie ek is van Afrika. Daarom moet ek (.) Suid Afrika maak werk.
3 En dis HARTSEER (1.7) dat die huidige politieke bestel (1.5) nie my
4 kundigheid my en my kollegas se kundigheid wou gebruik het (1.1) om
5 dit te maak werk nie. Dat ons kant toe geskuif is. (3.2) Want dis
6 wat hulle gedoen het.

P2E76

1 Kom ek vir jou so sê die fout van die verlede volgens my (1.5) is
2 laat die Kleurlinge (1.9) toe ons hulle kon inbind (2.2) >wie het
3 hulle van die Kieserslys afgehaal?< Strydom. ° Moes hulle nooit van
4 die Kieserslys afgehaal het nie. ° Want ons het die Kleurlinge
5 gemaak. Hulle is nasate van die Khoisan en die Afrikaner het sy kant
6 baie sterk bygebring om hulle te probeer wit kry. Dit is so. En
7 toe vervreemd ons hulle. En NOU die Kleurlinge wat begin stadig
8 inkom en ook begin 'n aanspraak maak op Afrikanerskap (.) ,welkom, my
9 maat jy's 'n Afrikaner soos ek jy praat Afrikaans soos ek. Jy bid
10 vir dieselfde Here soos ek uit 'n Protestantse oogpunt uit... Jy's 'n
11 Afrikaner NET soos ek. Jy's van AFRIKA.

P3E77

1 my voorouers het in 1704 die eerste ■■■ hier aangekom. Ek het 'n ■■■
2 register boekie (.) ek kan jou wys een dag as jy wil (0.8) . die hele
3 ■■■ geslag tot by my kinders. AL die ■■■ wat deelgeneem het in die
4 proses is foto's en alles is in die boek (.) so ek weet waar ek

Appendix B: Interview Extracts

5 vandaan kom.(hhh.) Ek is 'n (hhh) ,Europeër. Ek is nie van Afrika nie.
6 Ek woon in Afrika ek is 'n Europeër. Ek (.) as jy my nou terugstuur
7 Europa toe >dan gaan ek<. Ek gaan Duitsland toe (0.6) ek gaan
8 Holland toe (0.5) jy weet (.) dit sal my GLAD nie pla nie. Want daar
9 is my mense. Hier is te veel van my mense ,wat nie my mense is nie
10 ((lag))
11 Hier is te veel anders, anders goed. En die veilige (.) toekoms is
12 nie (.) vir on::s (0.8) sonder bedreigings nie. As die ouens ,jy
13 moenie met vuur speel nie. In Suid Afrika (.) ,moet jy nie met vuur
14 speel nie.

P4E78

1 Ek=ek tree positief op teen hulle (ander kulturele of rassegroepe).
2 Ek het nie 'n haat teen hulle nie (1.0) Ek het nie 'n wrok nie. Soos
3 ek sê hier het ons in die Weermag saam met hulle gekom. Van hulle
4 het niks geweet en dis aangestel en dis meestal hoekom ons vroeë
5 pensioen gevat het want hierdie ouens het jou frustreer weens hulle
6 vermoë nie weens hulle politieke ideale nie. Ek het miskien 'n ander
7 voordeel ek praat Zulu en Sotho goed (0.8) u:m wat deure oopsluit
8 vir my jy weet?

P4E79

1 Dan jy weet die=die blanke ouens (1.2) wat nie bevordering kry nie
2 maar hierdie ouens kry bevordering. u:m (0.8) 'n Ou sien hierdie ding
3 in die polisie veral (.) in die Weermag is daar darem in 'n
4 mate want hulle het hierdie ouens nodig u::m jy weet laat absoluut
5 somer 'n nikswerd word 'n Kolonel (.) en hierdie tipe van goed.

P5E80

1 En ek kyk baie keer ek woon in een van hierdie goed wat ek 'n banggat
2 park noem (.) sekuriteitskomplekse met sê so twee honderd en sewentig
3 eenhede in hom (.) en daar kom nou toenemend swart ouens daar in en
4 Asiër ouens Indiërs (1.5) en as ons 'n huiseienaarsvereniging het (.)
5 dan is hierdie ouens se <heel eerste navraag> (.) sekuriteit. Hy
6 soek dieselfde as wat ek soek. Jy koop jou sekuriteit (1.7) daar
7 buitekant ((lag sag)) kan hulle maar karre hijack en steel en so aan
8 maar hierbinne betaal ek 'n prys vir daardie sekuriteit. En
9 omdat ek 'n prys betaal weet ek Jonas wat langs my bly (1.5) betaal

Appendix B: Interview Extracts

10 dieselde prys. En ek en Jonas is nie in mekaar se hare nie maar ons
11 is ook nie vyande nie ons het vrede met mekaar saam (1.2) soewereine
12 individue. Ons het waarskynlik nie baie meer in gemeen nie.

P5E81

1 Nou ewe skielik is daar nie diensplig nie (.) en jy kan nou na enige
2 basis toe gaan en gaan kyk hoe lyk die troepe (1.2) dan is daar nie
3 wit troepe nie en as daar wit troepe is dan sal dit by uitsondering
4 wees en dit sal wees wat of geDWING word om 'n loopbaan as 'n soldaat
5 te volg want dit is waarin sy passie lê of 'n ou wat nie elders kan
6 werk kry nie as >gevolg van die ekonomiese omstandighede<. Maar die
7 die KONNEKSIE met die gemeenskap in die breë bestaan nie meer nie.

P5E82

1 Ek dink ons kom uit 'n (1.5) besondere era uit. Van toe daar (.) die
2 enigste swart soldate wat daar was was sogenaamde hulpdiens gewees.
3 Toe ek 'n troep geword het was die enigste swart soldate in uniform
4 was (.) hulpdiens. En dit was bus drywers en Lorry drywers en
5 bandiet wagte en sulke hulpdiens. En binne die bestek van my jong
6 Offisierslewe het dit verander. Jy het die=die Kleurling Korps is
7 geaktiveer. Alhoewel hulle basis in die Kaap gehad het het jy
8 Onder Offisiere begin kry en as daardie ou 'n Sersant was was hy
9 Sersant (.) nie 'n bruin Sersant wie jy nie gerespekteer het nie. En
10 toe het die swartmense begin inkom. En ek sê altyd vir die ouens dat
11 (0.5) jy kan die grootste rassis onder die son wees as die
12 omstandighede jou dwing (0.8) om in 'n bos te gaan rondloop
13 saam met 'n swart ou (1.2) en die potensiaal is daar dat jy gaan vuur
14 trek dan weet jy (2.0) hy moet jou rug toemaak of jy moet sy rug
15 toemaak. Die een wie se oë nie oop is nie gaan die ander een in
16 die moeilikheid inbring. En ek het dit hoeveel keer gesien. Hoeveel
17 keer gesien. So ek wil amper sê 'n vel georiënteerde waardesisteen
18 (.) is in daardie era weg. Miskien nie (.) voor dit was dit dalk
19 anders gewees maar in daardie era in my tyd het dit heeltemal
20 weggeraak. u::m Ek het klaar gemaak in die Kaap en my tweede in
21 bevel was 'n swart Generaal. Eerste ou was 'n eks Transkei ou en die
22 tweede ou was 'n MK ou gewees.

(e) Afrikaner Culture

Appendix B: Interview Extracts

P2E83

1 Respondent: Ek is trots op Afrikaans. Ek is trots op Afrikaans. Ek
2 is baie trots daarop (1.9) en nou (1.0) wil ek bietjie verby die
3 engheid kyk van Afrikaans (1.2) as my mede-Maleier Suid Afrikaners
4 nie hulle kant gebring het nie het ek nie so 'n mooi taal gehad
5 nie...

6 Interviewer: So 'n Afrikaner hoef nie necessarily 'n wit Europese
7 persoon te wees nie.

8 Respondent: Nee nee nee. 'n Afrikaner is 'n ou van hierdie land. En
9 ,ek dink daaraan daar is min Afrikaanse families wat kan terugklouter
10 en daar is nie iewerste 'n Khoisan in die familie in nie.

11 Maar DIT het vir ons uniek gemaak. Dit het ons gemaak die volk wat
12 ons is.

P2E84

1 Ons is 'n bevolking wat 'n geskiedenis het van trek. Ons het uit
2 Europa uitgetrek en die wêreld vol getrek Suid Afrika toe en >toe die
3 Engelse ons kwaad maak toe trek ons binneland toe (.hhh) toe ons die
4 Boere Oorlog verloor toe trek ons Argentinië Angola toe en Kenia toe
5 (.hhh) en nou dat ons die oorgegee het en aan die
6 meerderheidsregering nou trek ons Australië toe en Kanada en Nieu-
7 Seeland toe<. Maar TREK TREK ons >want ons is nooit tevrede met ons
8 huidige situasie nie<. Pleks dat ons hakke vasskop en sê ,maar kom
9 ons maak die ding werk, al is ons 'n minderheidsgroep.

P4E85

1 So ek is nie skaam of teruggetrokke op my kant van die situasie dat
2 ek 'n Afrikaner is (.) ek is trots daarop maar ek is ook nou nie
3 fanaties hieroor nie (1.2) Of radikaal in my denke en hierdie
4 tipe van goed nie. Want ek glo ons is hier in Suider Afrika maar daar
5 is ander mense hier ook en hulle moet ook 'n plek kry.

P5E86

1 Ek is nie een van die (.) u::m (1.0) emosie gedrewe Afrikaners (.)
2 wat glo in 'n vierkleur nie (0.5) gister se proTES by die
3 Hof te Delmas gaan teen my grein in. Ek kan my nie daarmee
4 vereenselwig nie. Maar aan die ander kant is ek 'n Afrikaner omdat ek
5 een IS:s.

Appendix B: Interview Extracts

P5E87

1 Ek het 'n idee (1.5) ons begin vergeet (1.2) wie ons self is. Maar
2 dan het ek ook empatie (.) met my (0.8) blanke Engelssprekende
3 landgenoot want wat is hy? Hy kan niks anders sê as dat hy 'n Suid
4 Afrikaner is nie. Maar as ek na die swart geleedere toe gaan sal 'n ou
5 vir my sê hy is 'n Venda of hy's 'n Xhosa of hy's 'n Noord Sotho (1.0)
6 wat ook al die geval mag wees. u::m So ek=ek dink hier is 'n
7 impak as gevolg van (4.7) 'n spesifieke fokus op die Afrikaner as die
8 oorSAAK vir die foute van die ↓verlede. En dat baie mense
9 onbewustelik (1.0) 'n verstelling maak om nie daardeur daarmee
10 geassosieer te word nie. En die verstelling wat hulle maak om nie
11 meer daarmee geassosieer te word nie is om te sê >nee maar ek is nie
12 'n Afrikaner nie ek is 'n Suid Afrikaner<.

(f) Language

P1E88

1 So ons was volledig tweektalig (1.5) in die Weermag. En selfs het
2 swart tale later bygekom met die stigting van die Kleurling
3 Bataljonne en die 21 Bataljon die ... (onduidelik) wat ons gehad het
4 (1.1) maar spreek taal (.) skryf taal (.) was Afrikaans en Engels.
5 So hierdie outjie het grootgeword met Afrikaans en Engels (0.7) okay?
6 So (2.5) ek het 'n kleitjie in die skoot laat Afrikaans afgetakel moet
7 word (1.9) want Afrikaans is deel van Suid Afrika. Engels is ook
8 deel van Suid Afrika (.) so daardie twee tale is deel maar daar is
9 ook ander tale wat eie is aan Suid Afrika en ek respekteer ook
10 daardie tale.

P1E89

1 So ja (.) ek is (0.8) Afrikaans is deel van my lewe (1.4) ek verwag
2 jou as ek in 'n winkel instap ek praat met jou Afrikaans (1.6) dan
3 verwag ek van jou om Afrikaans terug te praat. En as ek nou agterkom
4 jy probeer met my Afrikaans praat maar jou Afrikaans is nog nie so
5 goed nie dan gaan ek jou ook nie afskiet nie (.) dan gaan ek oorslaan
6 na Engels toe en ons gaan aan met ons lewe. Maar as jy gaan VERSEG
7 om met my Afrikaans te praat het ek al omgedraai en geloop. As jy

Appendix B: Interview Extracts

8 vir my sê Meneer ekskuus ek (1.8) in gebroke Afrikaans (.) ek kan nie
9 Afrikaans praat nie ek kan nie Afrikaans verstaan nie (1.0) dan sal
10 ek dit aanvaar. Maar as jy bloot uit 'n rassistiese oogpunt of uit 'n
11 taal oogpunt (.) want as jy verseg om met my Afrikaans te wese (.) en
12 jy's waarskynlik van die ander rasse (0.8) dan kom daar 'n mate van
13 rassisme nou voor en dan ervaar ek dit rassisties.

14 Interviewer: Ja.

15 Respondent: Want ek het nie rassistiese bedoelings nie. Want ek was
15 nog nooit in my lewe 'n rassis nie. Na my loopbaan in die Weermag (.)
16 het ek 1200 swart mense in Soweto onder my bevel gehad wat ek
17 toegedeel was deur die SA Polisie en daar was gevalle waar ek
18 groot kollegas gehad het (0.7) onder die swart mense. So ek het nie
19 'n probleem met 'n swart man nie. Ek het ook nie 'n probleem met sy
20 taal nie. Ek waardeer sy taal (.) ek respekteer sy taal (.) maar
21 respekteer my taal. MY taal is (.) my eerste taal is Afrikaans (.)
22 my tweede taal is Engels. Hier is alles Engels op die oomblik. Ek het
23 nie 'n probleem daarmee nie.

P3E90

1 Nou (2.1) die Engelse faktor is natuurlik baie jare lank in die
2 Weermag. Jy weet in Generaal Viljoen se tyd het hy het hulle ingewerk
3 jy weet daar was Afrikaans en Engels maar tot ek weg is was dit
4 verpligtend Afrikaans/Engels (0.6) een maand Afrikaans een maand
5 Engels. Jou lesings ook (1.0) Afrikaans en Engels (.) die vraelyste
6 vir die eksamens Afrikaans en Engels 'n ou kon in enige taal antwoord
7 maar hy(1.5) die Engelsman het in Engels geantwoord. Die (.) wat dit
8 aanbetref het die Weermag 'n wonderlike rol gespeel om die twee taal
9 groepe bymekaar te kry. Ek het altyd vir die troepe gesê luister dis
10 die laaste keer wat julle nou julle so (.) vasgehoor is waar julle by
11 mekaar waar jy 'n ander taal kan leer. Die Afrikaanse outjies leer
12 nou Engels praat luister hoe praat praat Engels onder mekaar en
13 Engelse moet nou Afrikaans leer want dit het die ouens nader gebring
14 daar is nou weer polarisering ouens wat weier om Engels te praat leer
15 of luister jy weet.

P4E91

1 Kyk die Weermag waarin ek was vir 34 jaar was tweetalig. Een maand
2 Engels en die ander maand Afrikaans. Ek het gelukkig nou in 'n
3 Engelse omgewing grootgeword so ek kon Engels praat (1.0) sonder 'n
4 probleem ek het nie 'n hang up daarvoor gehad nie. En die Engelsman

Appendix B: Interview Extracts

5 is nie die Khaki beskou wat ons land wou aanval en daardie tipe van
6 goeder nie en ek wil nou vir jou sê daar is van daardie Engelse en ek
7 het hulle gesien as troepe wat hier uit Natal en Oos Kaap uit
8 Engelssprekende boerseuns wat wragtig van jou beste troepe was.
9 Moenie omdat h ou h ander taal praat (0.8) jou eksklusiwiteit hou
10 nie. Daar is ruimte vir daardie ou ook in hierdie organisasie ↑mits
11 hy jou doelwitte van Christen en jou land patriotisme as hy dit
12 handhaaf. Maar jy kry Afrikaners ook wat heeltemal teen dit is wat
13 ons praat nou jou linkse ouens (.) ek wil nou nie name noem nie
14 maar...

3. Discourse of Loss

(a) Threat

P1E92

1 Baie mense sê vandag dit was 'n sinne=lose (.) oorlog. Dit was geen
2 sinnelose oorlog nie man↓ (.) Want die bedreiging het toegeneem.

P2E93

1 Ek aanvaar dit (4.0) teleurstellend tussen my eie mense (2.0) vir die
2 enkelvoudige rede dat (.) 'n mens moet = 'n mens moet een ding
3 aanvaar (1.5) los die geskiedenis los wat gebeur het kom ons vat die
4 huidige en dis die meerderheid regeer (3.0) En wanneer jy 'n situasie
5 kry waar die meerderheid regeer (2.5) is dit altyd vir 'n
6 minderheidsgroep baie moeilik want hy bly deurgaans bedreig. Nou in
7 'n geval waar ons nie 'n homo=gene bevolking samestelling het nie sit
8 jy met kultuur botsings jy sit met taal botsings jy sit met
9 allerhande (.hhh) verskille.

P2E94

1 Jy sien=jy sien aan die ander kant is ook (.) ek dink ons sit hier
2 ook met 'n ander probleem. Alhoewel ons nou (1.5) is dit agtien jaar
3 al in diegeskiedenis af is na 1994 (2.5) kom die Swartes (1.0) en ek

Appendix B: Interview Extracts

4 sê dit met piëteit en deernis nog nie die sprong maak dat ons is nou
5 in hierdie land gelyk nie. Hulle beskou hulleself nog in 'n (3.0)
6 hulle sien hulleself dat hulle nog bedreig word deur die witman. Ons
7 bedreig hulle nie want ons is 'n minderheidsgroepie. MAAR die feit
8 laat ons en ek sê dit nou baie versigtig (.) 'n meerdere kennis het
9 (2.7) weens ons opleiding en hoe ons grootgeword het en ons
10 agtergrond en waar ons vandaan kom (3.0) voel hulle nog bedreig. Ek
11 neem hulle nie kwalik nie want onthou drie honderd en vyftig jaar
12 gelede het hulle nie 'n wiel geken nie pêl. Toe Jan Van Riebeeck
13 daar in die see afklim toe sien hulle vir die eerste maal 'n ronde
14 ding met 'n as deur wat in die rondte kan draai. So ek neem hulle
15 nie kwalik nie daar moet ontwikkeling by hulle kom. Ek neem hulle
16 nie kwalik dat die Apartheidsregering hulle vasgedruk het en nie kans
17 gegee het om te ontwikkel in 'n middelklas in wat stadig maar seker
18 inkom en saam met ons as Staatsdepartemente en in die land se bestuur
19 sit nie. Hulle was gedruk. Ek kan hulle nie kwalik neem nie (2.4) en
20 ek soek vir hulle en sê asseblief maak oop.

(c) Bereavement

P1E95

1 ((showing photos)) Ek weet nie wat is die datum nie maar daar sit ek
2 (3.0) en al hierdie ouens is ook dood al hierdie outjies (.) sy was
3 toevallig my sekretaresse [REDACTED] (.) hy's dood hy's
4 dood (2.0) ek leef (.) hy's dood hy's dood hy's dood (.) hy leef nog
5 (.) hy's dood. Daar's ou [REDACTED] hy's dood (onduidelik) hy's dood (.)
6 hy's dood. Onthou ons is ou mense nou (0.8) hierdie foto was (.) in
7 19::74,75 geneem. So (1.0) ja dit hou nie op nie onthou (0.6) old
8 soldiers never die they just fade away.

P3E96

1 Respondent: Dis wat ek geleer het ek sê vir my vrou kyk hierso(.)
2 daardie ou is dood daardie ou is dood (2.0) gone ...
3 Interviewer: Hoe hanteer mens daardie verliese?
4 Respondent: Jy weet die ...
5 Interviewer: Vir u persoonlik?
6 <Die °Veterane (1.9) ek gaan nie na almal se begrafnis toe nie ek
7 was by Malan sh (3.1) en was by Bishop sh (1.9) die Bevelvoerder van
8 (onduidelik) se skoonpa (2.6) ek sal na Generaal Viljoen se begrafnis

Appendix B: Interview Extracts

9 toe gaan (.) ek was by Generaal Joubert se begrafnis (.) toe gaan jy
10 weet so is daardie ou die veg-tipes ek het hulle almal geken ek gaan
11 nie eintlik begrafnisse toe nie want dis maar hartverskeurend.°> So
12 ja we fade away. That's it (3.5) Die ding is wat ons=ons bymekaar hou
13 is die re-unies en die gedenkdiens.

P4E97

1 Dis die lewe. Ek wil dit jy weet in die Weermag het ons miskien
2 meer met dood te doen gehad as enige ander beroep. (.hhh) Dis nooit
3 aangenaam nie dis nie lekker nie en as 'n ou vir jou sê hy's al
4 gewoon daaraan dan praat hy nonsens. Maar 'n ou leer maar om dit te
5 verwerk. Dis die lewe. En weet jy jy sal verbaas wees by so 'n
6 begrafnis jy sal sien hoe kom die ouens bymekaar die laaste eer
7 betoon (1.2). °Wat jy nie sommer (2.1) in die burgerlewe kry nie.°

P4E98

1 Kyk daardie (begrafnisboekies) al daardie wat ons het. Ons het al 'n
2 versame@ling (1.0) en dis waar wat hy sê ne die ouens is in
3 uniform. Dis wat hy was. Ek meen dit was 34 jaar van my lewe.

P5E99

1 Maar (.) dit wat die ouens op bou is (1.5) u::m die goeie goed.
2 Ek=ons gaan nou almal Sondag oggend na die herdenkings diens toe ek
3 was nog nooit daar nie dis die eerste keer dat ek nou gaan. U::m Ek
4 is geneig om half te voorspel (2.2) dat ongeag die feit dat die rede
5 vir hierdie bymekaarkoms (1.0) die herdenking van ons gestorwe
6 kamerade is (3.3) en (1.6) terwyl daar waarskynlik hoë vlakke van
7 emosie gaan wees omdat baie van die ouens daar gaan (.) ken 'n ou wie
8 se naam op daardie goed staan (2.0) baie familie is daar om 'n
9 geliefde of hy nou 'n dienspligtige was en of hy 'n Brigadier was (2.1)
10 maak nie saak nie. Net weer te onthou so (1.8) op die oog af is
11 die=is die aanhoudelike het die potensiaal vir 'n hartseer (2.5)
12 emosie (2.2) u::m kristalliseer die teenoorgestelde uit en kan ek
13 half voorspel as dit verby is dan loop hulle mekaar op die teer raak
14 en hulle groet mekaar soos lankverlore vrinne. Soos die ouens wat
15 spottende wyse begin by begrafnisse uitkom 'n ou het onlangs vir my
16 gesê Hene gelukkig is hier ouens wat gereeld doodgaan dan sien ons
17 mekaar. ((lag)) Dis so 'n bietjie van hierdie bittersoet.

Appendix B: Interview Extracts

(d) Physical and Psychological Impact

P1E100

1 >Maar ek gee nie om nie (.) ek is nou 'n ou man< ek is baie lief vir
2 Suidwes ons sal nog by daardie punt kom maar (.) dit maak my kwaad
3 want dit het niks te doen met die feit dat ek 'n soldaat was nie. En
4 miskien jok ek 'n bietjie as ek dit sê dit sê in my agterkop VERDOMP
5 waarvoor het ek baklei? Om hierdie (.) om dit moontlik te maak dat
6 ons almal hier kan bly en DIT (.) dis die dankie wat 'n mens kry. Is
7 dit wat julle gebruik het? Wil julle alles vernietig? En nou praat
8 ek reguit van die swart mense (.) want dit is so wat dit my betref is
9 hulle besig om hierdie land te vernietig.

P1E101

1 Ek moet bos toe gaan (.) ek moet gaan vrede maak. Elke soldaat wat
2 daar baklei het maak een of ander tyd vrede. Soos 'n misdadiger (.)
3 teruggaan na die misdaadtoneel toe (.) so wil 'n soldaat ook
4 partykeer teruggaan na daar waar hy (.) 'n (0.8) stryd gestry het (.)
5 hy wil gaan vrede maak. Hy wil gaan vrede in sy hart maak. Baie van
6 die goed wat ek nou-nou vir jou hier gewys het sulke hartkrampe gegee
7 vir my miskien moes ek jou nie gewys het nie. Ek wil Suidwes
8 toe gaan (.) ek wil - ek wil - die ding is ontwikkel - ek weet nie
9 waar's die foto nie my kaartjie lê hier iewers (0.8) die roete wat ek
10 gaan ry (.) my vrou weet dit - sy sê baie dae vir my hoekom vat jy en
11 ██████ nie - kry jy vir jou 'n 4X4 en vat Suidwes daar gaat julle -
12 intendeel ek beplan dit - nee ons wil gaan vrede maak. So is
13 daar kan ek vir jou koerantknipsels hier uithaal so - nee ek dink ek
14 het dit weggevat hier ek is jammer ek het dit nou hier uitgehaal (.)
15 koerant berigte jy het dit miskien gesien koerantberigte van ouens
16 wat Angola gaan besoek het. Brug 14 gaan besoek het of Savanna
17 (.)ouens 16 wat in Suidwes (.) aan u::m sekere veldslae deelgeneem
18 het het gegaan en gaan vrede maak (.) gaan kruise plant u::m (0.5)
19 gaan stilstaan vir 'n oomblik. Ja ek wil gaan vrede maak. Ek wil ...
20 daar is maar 'n mate van (1.3) van woelinge binne jou. Jy - onthou jy
21 (1.0) dis nie soos 'n plek waar jy u::m (0.6) jou goedjies oppak en sê
22 okay nou's ek hier klaar nou gaan ek nie. En ons - ek dink ons het
23 almal maar daardie behoefte en ek het nog nie een ou gekry nie wat
24 nie vir my gesê het nie (0.8) om te gaan met jouself) te gaan vrede
25 maak u::m daar (1.0) om te gaan berusting kry om te sê okay dis
24 alles verby (0.8). En was dit die moeite werd? >Vir my was dit al

Appendix B: Interview Extracts

25 die pad< (.) 25 die moeite werd u::m. My loopbaan in die Weermag
26 was vir my een helse experience. En (.) ek sal môre dit weer gaan
27 doen. As ek weer gebore word (1.0) sal ek weer 'n soldaat word.

P1E102

1 ... ons het almal 'n prys betaal. Ek het 'n prys betaal >dit het nie
2 in die gesprek uitgekome nie en ek gaan ook nie daarop ingaan nie...<
3 Ek het 'n GROOT prys betaal. Ek het 'n (.) GROOT prys betaal. Vir my
4 u::m (0.8) deelname in die Weermag (.) 'n groot prys. u::m En
5 daardie prys was 'n keuse tussen ek gaan my land dien (.) en ek gaan
6 die prys betaal. Dis wat gebeur het met my. En dan (.) voel 'n ou
7 eintlik jy's so bietjie in die steek gelaat. En dis miskien (.) ek
8 dink dis in 'n groot mate 'n samebindende faktor (0.8) tans tussen ons
9 oud soldate. Want ons is in die steek gelaat deur die politikusse.
10 Hulle het ons (1.0) hulle het ons in die steek gelaat. Ons het
11 hulle (.) ons het hulle (.) gedien ons het hulle gedra... Ja. Maar
12 (0.8) hulle het ons gedrop.

P1E103

1 Nieteenstaande dat ek my hele lewe vir die Weermag gegee het - vir
2 hierdie land het ek niks. Ek het hierdie huis (.) en ek moet werk om
3 hierdie huis aan die gang te hou. Dis hoekom ek hierdie job doen.
4 En daar voel ek ek is in die steek gelaat. Daar voel ek dat die ANC
5 kyk in 'n mate na sy oud soldate en dis miskien waarom hulle so erg is
6 oor (3.0) hulle u::m veterane (.) en wat hulle moet doen en so aan.
7 Ons word daar niks voor gedoen nie. Die enigste ouens wat nog iets
8 probeer doen is (4.1) u::m die Oud Soldate Organisasies die Veterane
9 Organisasies... Interviewer:[Wat julle self doen basies want niemand
10 doen dit vir julle nie]. ...Respondent:Infantry Vereniging ens wat
11 omsien na ons (.) want ons omsien na MEKAAR. Ons het nie vermoë nie,
12 ons is ↑BEPERK, ons is individue (.) ons is almal ouens wat op
13 dieselfde bootjie ry.

P1E104

1 Interviewer: ek weet nie hoe die Mag in die sin van formele closure
2 vir sy soldate gegee het nie en ek lees uit die literatuur uit dat 3
3 (.) daar nie voldoende debriefing rêrig was vanuit 'n sielkundige
4 oogpunt uit nie.
5 Respondent: Nee daar was nie. Niks (.) niks en dis een van die redes
6 waarom ek baklei met die SAVV en ek hoop hulle hoor wat ek hier sê
7 (0.7) ek voel ons het 'n verantwoordelik as oud Offisiere en oud

Appendix B: Interview Extracts

8 soldate om hierdie ouens (.) wat wel daar - daar is van hulle wat dit
9 nie kon hanteer het nie heeltemal hanteer nie miskien onderdruk ek
10 dit dalk in 'n mate (0.5) maar ek dink ons het nog steeds 'n
11 verantwoordelikheid. Ons het nog steeds 'n verantwoordelikheid. Ons
12 kan nie net so maak nie.

P2E105

1 Ek wil amper vir jou sê (1.0) hulle sien ons nie (.) want ons maak
2 nie saak nie. Ons het verdwyn. Ons het ons rol gespeel. Ons was
3 die ondersteuners van 'n Regering (2.1) van Apartheid (1.5) waar ons
4 'n sleutelrol gespeel het. Ons was die sekurokrate gewees (2.0)
5 (.hhh) toe die land (hhh) deur 'n moeilike tyd gegaan het (1.8) en
6 daar het 'n verandering gekom en die verandering stel soveel eise
7 (2.9) dat ons nie meer saak maak nie. Ons het verdwyn. Hier en daar
8 is daar uitvlieërs (1.6) maar in die algemeen het ons verdwyn. En
9 omdat ons verdwyn het vind ons nou heil in onself deur ons >eie
10 organisasietjies en vererenigintjies en goedjies< te he waar ons
11 kontak het met mekaar gesels oor die ou dae en lekker lag en lekker
12 kuier en het ons nog sosiaal kontak onder mekaar.

P2E106

1 Interviewer: ...maar in u ervaring voel u daar's amper 'n
2 stemloosheid, dis amper asof ons feature nie. Ons is nie daar in die
3 gedagtes van mense daar buite nie.
4 Respondent: Nee ons is nie.
5 Want die omstandighede (0.5) het so verander. Die omstandighede het
6 so verander dat ons het (.) irrelevant geraak in die veranderings wat
7 in die land gekom het.

P3E107

1 Dis eintlik waar (.) 'n soldaat is nie (.) as hy gaan, gaan hy (0.5)
2 hy moet net nie daar uitkom met sy arms af en die bloed loop. >Dit
3 soek 'n ou nie<.

P5E108

1 Veral as jy nou met ouens praat saam met wie jy in die bos was.
2 Maar=maar die snaakse ding kom dan uit dat die ouens praat nie oor
3 die onlekker tye nie. Die definisie van onlekker (0.8) is 'n redelike
4 vlak definisie. Dis vasval in die modder (1.8) dis rantsoene wat nie
5 deurgekom het nie dis warm bier (1.2) dis nie Piet (1.1) ° wat hom

Appendix B: Interview Extracts

6 dood gebloei het toe sy bene in 'n landmyn° ...

P5E109

1 Want ek het vroeër verwys na die instellings wat nie meer is wat
2 hulle is nie en ek dink die kerk speel 'n geweldige rol hierin. u::m
3 Die kerk wat ons anker was (.) in die donkerste tye was daar 'n
4 Kapelaan wat gebid het vir ons wat vir ons gesê het kêrels (.) nou
5 (.) moet ons hierdie ding gaan doen dis gevaarlik (0.5) dit mag vir 'n
6 paar ouens ramspoedig wees (.) wat vandag hier sit (.) maar ons moet
7 dit gaan doen. Kom ons gaan doen dit in die geloof en dan moet ons
8 gaan dit gaan doen. Nou ewe skielik sê daardie selfde kerk [Is daar
9 distansiëring.] Kêrels julle=julle het julle hand oorspeel. Asof
10 ons ons hand oorspeel het.

P5E110

1 Baie van hierdie goed is (.) maatskaplik gedrewe (1.2) en party ouens
2 het dit eenvoudig net nie te breed nie (.) hy kry net nie werk nie.
3 Die=die ander kant van die muntstuk is dat daar ongeag 'n ou se status
4 (0.8) het hy so afhanklik geraak (.) van wat die struktuur hom toe
5 gebied het (2.1) dat toe hulle hom uit die struktuur uithaal (0.5)
6 kan hy homself nie laat geld nie.
7 Daar is ouens in my jaargroep is daar twee ouens wat heeltemal in
8 duie gestort het. Een ou is in 'n tehuis vir drankverslaafdes in die
9 Kaap (1.2) en dis nie (.) dis 'n Lugmag vlieënier wat vir jare lank
10 gevlieg het. En die ander ou is (.) hy bly stoksielalleen in 'n
11 karavaan hier in 'n plattelandse dorpie langs die dam geen inkomste
12 nie ek weet nie hoe leef hy nie.

P5E111

1 Dan kry jy 'n ou wat u::m die skuldgevoel het hom ingehaal. En
2 hy moet nou (2.0) gaan repareer. Nou daardie skuldgevoel kan (1.9)
3 wees (.) dat hy sy vrou verwaarloos het met al die jare wat hy graag
4 wou gegaan het want hy was 'n groot bos vegter. Of (.) hy het sy
5 kinders verwaarloos omdat hulle het groot geword sonder dat hy ooit
6 agtergekom het hulle word groot (3.0) of die skuld ry hom (0.8) oor
7 wat hy gedoen het. Want ek sien baie van hierdie ouens wat nou

Appendix B: Interview Extracts

8 teruggaan na Angola toe en (.) weer gaan teruggaan na die plekke toe
9 waar die operasies plaasgevind het (1.8) kom daar aan met 'n
10 reparerende benadering (1.2) jy weet ons reik die hand van vriendskap
11 uit...Hulle moet dit verwerk. Ons moet (2.5) die verlede moet aan
12 die verlede behoort. Dis nie nou meer so nie. Ons het verander.
13 U::m (2.0) dan dink ek is daar 'n beduidende kategorie wat onvervuld
14 is. As ek nou sê onvervuld (2.2) dan is dit 'n ou wat (.) sy lewe het
15 nie eintlik meer betekenis nie (3.2) en hy wil nie doodgaan nie hy
16 kan nie doodgaan nie want hy is gesond genoeg maar (.) daar is regtig
17 daar is niks in die dag vir hom nie. Ek het=ek het 'n vermoede (1.0)
18 dit is 'n (0.8) dit is 'n groeiende groep.

(e) Financial Hardship

P1E112

1 Selfs die outjies wat op pensioen gegaan het en helse pensioene gekry
2 het leef swaar. Die mediese strukture is nie meer soos wat ons aan
3 gewoond was maar blykbaar gaan dit deesdae baie beter. Blykbaar wil
4 dit vir my lyk ons het hierdie briewe gekry waar ons (.) dit lyk vir
5 my daar was baie rassisme betrokke gewees u::m hier hand om lyf dit
6 lyk my dit is besig blykbaar besig om te verander (2.5) maar dit wat
7 jy sorgeloos op pensioen gegaan het het nie worries gehad oor medies
8 en dan jy sou versorg gewees het (.)° is nie daar nie° (.) dis
9 weg...Die politikusse het ons gedrop.

P1E113

1 Offisiere ook maar jou Onder Offisiere die ou is nie geskeer nie hy
2 dra 'n blou PT broek Army tekkies 'n ou Weermag sweetpak aan en 'n
3 boshoe op. Stap hy daar in. Daar is van daardie ouens ook en hulle
4 is vandag maar nog so. By die Militêre hospitaal ek gaan net so een
5 maal 'n maand om pilletjies en goed te kry. Daar sien ek van my=my
6 ouens en hulle lyk sleg. Die ouens se kleredrag nou [REDACTED] was al saam
7 met my daar sy ken die storie. Kleredrag is nie reg nie hulle is
8 verslons hulle is versukkeld u::m ja dis die ander ding. Dan die
9 ander ding is van die ouens kry finansieel swaar. Jy weet en dit het
10 'n bepaalde uitwerking op 'n ou se selfbeeld en al hierdie goed.

P2E114

1 Daar sit 'n magte menigte (2.8) ouens wat kundigheid het wat (.)

Appendix B: Interview Extracts

2 uitgeskuif is as pensionarisse (0.9) of hy die Organisasie uitgewerk
3 is deur regstellende aksie (2.4) wat ek dink die grootste onding
4 onder die son is (1.0) wat uitgewerk is wat al klaar die kundigheid
5 het. Hulle kon daardie ou ingetrek het vir 'n kwart of 'n vyfde of 'n
6 tiende van wat hulle konsultante betaal en sê kom werk op hierdie
7 vlak en kom help ons gee ons jou kundigheid. LEI ons mense op. En
8 dis nooit gedoen nie.

P4E115

1 jy kan jou nie verhewe bo ander mense sien nie, en jy kan nie 'n
2 elitist groep sien nie. En saam daarmee is ek baie bekommerd oor ons
3 Afrikaners. Jy weet as 'n ou kyk na die ouens wat hier bedel langs die
4 strate (1.2) ek was gister in my ou tuisdorp [REDACTED] (2.0) en ek
5 het nog nie eers met [REDACTED] daaroor gepraat nie maar die mense daar is
6 baie jy weet meer armlastig, verslons ek is baie bekommerd daaroor my
7 mense kry swaar. My mense hulle is Afrikaners daai.

P4E116

1 Ek moet sê ek het ook my aansoeke gedoen vir sekere goed (1.8) u::m
2 maar dis nog maar 'n ou se ouderdom en nog maar meer die politiek jy
3 weet hulle stel nie belang in 'n ou nie.

.

P5E117

1 Ek dink 'n faktor wat ((hoes)) 'n groot rol speel (2.0) is (4.6) is die
2 ongegronde aanvaarding (0.8) die pakket wat die Weermag vir my gegee
3 het (1.8) toe ons geloop het (3.0) my sou dra tot 80 (.) 85 jarige
4 ouderdom. En daar is ouens wat gesê het ek gaan niks doen nie (.) ek
5 het nou genoeg geld. ((hoes)) Nou is hy u::m 12 (.) 15 jaar uit die
6 sisteem uit en nou kom hy agter maar hy het nie genoeg geld nie. En
7 ek dink nie 'n mens moet die inhiberende uitwerking daarvan onderskat
8 nie. °Daar is sulke ouens.°

(f) Status Loss

P1E118

1 Die ouens het begin wegbly en die ouens het kwaad geword (.) jy
2 het vir 10 tot 20 minute gestaan en gesels oor wat jy nou net ervaar
3 het en gesê >ag kom ons vergeet dit < (.) kom ons koop vir ons 'n

Appendix B: Interview Extracts

4 bier. Ons mors tyd om hieroor te gesels kom ons koop vir ons 'n bier.
5 Hulle het die Weermag vernietig (3.0) Hulle het wat ons opgebou het
6 (.) vernietig. EK SÊ DIT VIR JOU HULLE HET SOVER GEGAAN hulle het AL
7 die ou generaals hulle het al die ou Staf hoofde (.) hulle het al die
8 RSMs gaan afRUK (.)ons het hulle op die ashoop gaan optel. (2.8) Ek
9 was deel daarvan. Ons het hulle op die ashoop gaan optel. (2.0)
10 Hulle het dit alles vernieTIG.

P2E119

1 Maar nou wil jy kom waar ons nou is is een van die goed wat jy moes
2 aanvaar dat jy het geen status meer nie. En jy (2.0) handhaaf
3 jouself deur die manier waarop jy optree die manier waarop jy ander
4 mense handel (2.5) en handel en behandel om jou status in die
5 Burgerlike samelewing (1.8) te bepaal en te handhaaf.

6 Interviewer: Het u ervaar dat u status gehad het in terme van toe u
7 in die Weermag was?

8 Respondent: Ja

9 Interviewer: en voel u dat in vandag se samelewing daar is
9 geen status vir u nie?

10 ... °Glad nie status vir my nie°...

11 Veral nie as jy nie in 'n Organisasie is nie...

12 Maar as jy is waar ek is net 'n gewone pensionaris dan het jy geen
13 status nie.

1 Maar as jy is waar ek is >net 'n gewone pensionaris dan het jy geen
2 status nie<.

P2E120

1 Maar ek is tog 'n ou omdat ek uit die Militêr uitkom en ek glo dat
2 jou (.) samelewing is hiërargies saamgestel. So trou (2.0) my vrou
3 se suster se kleindogter (2.2) en die jong bruidegompie wat so 'n
4 klein snotkoppie is roep my op my voornaam en dadelik staan my hare
5 regop. Want ek is nie gelyk op sy vlak nie. Nie in ouderdom nie
6 (3.7) in NIKS nie is ek op sy vlak nie. Wie gee hom die reg om vir
7 my op my voornaam te noem? TENSY ek vir hom sê (1.8) luister dis my
8 naam noem my op my naam. Maar binne in my Afrikaner (1.4) hiërargie
9 en tradisie en gewoontes waarop ek baie trots is (1.2) is my naam
10 Oom. Nie omdat ek (0.7) sy ma se=se broer is nie, maar omdat hy vir
11 my respek gee of erkenning gee ,dat ek ouer as hy is, (1.1) en dat ek
12 sy senior is.

Appendix B: Interview Extracts

P5E121

1 Interviewer: Dink u sommige van daardie individue mag dalk vind dat
2 hulle weet nie wie hulle is buite=buite 'n Brigadier (.) of buite 'n
3 Generaal nie?

4 Respondent: Ja ek dink hy's tot 'n groot mate (.) is hy van sy (2.8)
5 ek gaan nou die woord met omsigtigheid gebruik van sy statuur
6 gestroop. En die stroping van sy statuur het 'n direkte impak (.) op
7 (2.1) sy (2.0) die uitlewing van sy persoonlikheid (0.8) en nou begin
8 hy goed openbaar (1.8) GEDRAGSpatrone openbaar (.) wat ek nooit met
9 hom sou assosieer nie.

P5E122

1 Ek u::m (4.2)ons lewe in 'n sekere sin in 'n paradoks. As jy ...
2 u::m 'n ou gediende van die Nie-statutêre Magte is veral van MK (1.8)
3 dan word deure vir jou oopgemaak. Ek het om hierdie tafel met 'n MK
4 afvaardiging gesit en gesels wat hulle dienste kom aanbied om
5 veiligheid op die plase te bevorder. Nou weet hulle nie mooi wie's
6 ek nie (.)maar dan luister ek na hulle en hulle het ALLE bronne
7 van die Staat tot hulle beskikking. En hierdie ouens wat soos ek lyk
8 (1.5) wat dieselfde Veteraan is word geminag. ((lag)) Kry nie
9 dieselfde voorregte as hierdie ouens nie. Ek het gister toe bel 'n ou
10 my en hy sê vir my by hierdie onlangse Infanterie Konferensie (0.8)
11 het die Bevelvoerder van die Infanterie Formasie gesê (.) ons kan
12 baie maklik die veiligheids probleem op ons grense oplos ons kan vir
13 die Veterane elkeen 'n plaas op die grense gee. Nou (1.6) in my brein
14 lui dit allerhande alarm klankies want dit is deel van die hele
15 onteienings proses wat aan die gang is.
16 Maar 'n MK Veteraan kan kwalifiseer vir 'n plaas op die grens as ek dit
17 nou so om mag draai (.) maar nie (1.5) ou [REDACTED] [REDACTED] (0.5) wat 30
18 40 jaar gewerk het vir die Weermag nie.

P5E123

1 Daar's nie 'n gelyke speelveld nie en dieselfde aansien is nie van
2 toepassing nie. Miskien het dit in groot mate te doen met die
3 oorwinnaar wat die geskiedenis boeke skryf. u::m Ek dink ons sit (.)
4 ons sal nog vir 'n lang tyd daarmee sit.

P5E124

1 Dis 'n baie moeilike plek. Maar ek dink jy (2.9) jy beland daar of as
2 gevolg van omstandighede (1.5)jy die regte deure vir net nie vir jou

Appendix B: Interview Extracts

3 daarna oopgegaan het nie (3.1) of jy beland daar daar as gevolg van 'n
4 helse ontdekking wat jy een oggend (1.2) maak soos jy wakker word en
5 agterkom (1.3) ek was dalk 'n yster maar ek is dit nie meer nie.
6 Niemand steur hulle aan wat ek sê nie. Maar=maar dit is nie
7 noodwendig waar nie want dalk is daar niemand (1.5) wat luister na
8 jou nie of dalk sê jy net nie vir hulle nie. °Vingers kan terugwys na
9 jouself toe°.

P5E125

1 Die=die ander kant van die muntstuk is dat daar ongeag 'n ou se status
2 (0.8) het hy so afhanklik geraak (.) van wat die struktuur hom toe
3 gebied het (2.1) dat toe hulle hom uit die struktuur uithaal (0.5)
4 kan hy homself nie laat geld nie.

P5E126

1 Maar dan (.) dink ek ook u::m (.) toe ek nou toevallig vanmore vir
2 iemand gesê het ek praat vanmiddag met jou toe sê ek jy doen nou
3 navorsing oor dinosourusse (0.8) en dalk is ek die dinosourus wat die
4 dinamiek van die wêreld ook nooit ,verstaan nie.

(g) Losses due to retirement

P1E127

1 Want baie van ons lewe nog ons gaan nou kwaai dood (.) hoor. Want
2 ons moenie vergeet nie hierdie ouens wat hierdie oorlog eintlik
3 baklei het wat hierdie Weermag eintlik gemaak het (0.8) is almal hier
4 65 (.) plus.

P2E128

1 Respondent: ... ek kan vir jou sê hoe het ek dit belewe. En as ek met
2 my kollegas praat dan hoor ek dieselfde storie. So (.) drie maande
3 voor (.) drie maande na jy besluit het jy gaan nou aftree dan
4 begin jy planne te maak wat gaan jy die eerste ruk met jouself doen.
5 Jy gaan rondry en jy gaan ...
6 Interviewer: [Lekker laat slaap.]
7 Respondent: ((lag)) Jy gaan laat slaap. En dan tree jy af en dan doen
8 jy dit. Dan het jy hierdie nuutgevonde vryheid. En ons wat uit die
9 Militêr uitkom is uit hierdie streng geregimenteerde dissipline (1.8)
10 en orde uit. En dan gaan dit aan en dan so drie maande later een

Appendix B: Interview Extracts

11 oggend dan staan jy op en dan sê jy "wat de hel maak ek op aarde"
12 (2.5) want ek is nou moeg vir koffie shops (0.5) ek is moeg vir in 'n
13 hardware winkel rondloop en kyk oor al die mooi tools wat ek nie kan
14 bekostig nie ek is nou moeg gekyk na nuwe karre (.) ek is nou gatvol
15 vir die TV (.) ek is dik gelees (3.2) en dan slaat hy jou (.) dan
16 slaat hy jou voor die bors hierdie gevoel van nutteloosheid en dan
17 kom die lekkerte om vir weer vir jou 'n pad te begin oop te kerf en
18 weer orde in jou lewe te kry maar 'n ander orde (1.6) 'n sinvolle
19 orde. Jy begin miskien nuwe goed te doen. Ek sê nie almal doen dit
20 nie maar hierdie ou ... (intervensie)

21 Ek het geleer hoe om porselein te restoureer (2.0) ek het (.) geleer
22 hoe om met tien vingers te tik ek het geleer hoe werk 'n rekenaar.
23 Ek het geleer hoe om kunsvlieg te gaan hengel. Ek het goed geleer
24 wat ek nie tyd voor gehad het nie. Ewe skielik dan kom daar 'n ander
25 (.) orde en ewe skielik begin jy ander prioriteite in jou lewe te
26 kry...

27 Interviewer: Dit klink vir my dit is daardie vryheid kan jou of amper
28 mal maak, in die sin daarvan dat jy voel jy leef nie iets uit wat vir
29 jou betekenisvol vul nie.

30 Respondent: JY HET NIE 'N BESTAANSREG NIE! JY HET NIE 'N BESTAANSREG
31 NIE!

32 Interviewer: Ja maar tog het 'n ou die geleentheid om die vryheid
33 daarin raak te sien en te sê maar nou kan ek die goed doen wat ek
34 voorheen nooit kon gedoen het nie. So jy vind 'n identiteit wat nie
35 meer gekoppel is aan die werk wat jy doen of die titel wat jy het of
36 die rang wat jy het nie.

37 Respondent: Nee.

38 Interviewer: Maar eintlik is dit hierdie oop identiteit jy kan kies
39 om van dit te maak wat jy wil.

40 Respondent: Uit die aard van die saak.

41 Interviewer: En dit bevry 'n mens.

42 Respondent: Dit bevry jou. Dit bevry jou. Ewe skielik as jy dit
43 begin doen dan vind jy ook uit (.) dat hierdie=hierdie waarde wat jy
44 gehad het in jou posisie (3.0) en die pos wat jy bekleed het en die
45 status wat jy gehad het (2.0) dit maak nie meer ,saak in jou lewe
46 ↓nie. Daar is ander goeters wat lekkerder is as dit.

47 Interviewer: Dit is nie meer 'n bepaling van wie jy is nie.

48 Respondent: Ne:::e ne:::e nee (.) daar is goed wat baie lekkerder is.
49 Dit is baie ,lekkerder om jou vrou op te laai en te ry na een of
50 ander plek toe om te gaan voëls kyk.

Appendix B: Interview Extracts

P2E129

1 Ek dink ook dat in die hele (.) Suid Afrika (2.0) was die huidige
2 Regering oorhaastig in sy transformasie gedeelte. Waar hulle
3 kundigheid laat loop het (.) en nou is ek spesifiek (.) binne n
4 kwessie van drie jaar het hulle die hele top struktuur van die
5 Weermag uitgefaseer. En as jy daardie ouens se opleiding vat en jy
6 gooi dit oor teen geld en tyd en dis tog die dryfveer in enige
7 organisasie (1.6) en as jy dit vat wat dit gekos het...
8 DAN WAS DIT 'N ONTSETTENDE VERLIES! Pleks dat hulle die oorgang
9 (2.0) en die Weermag kan ek ook as norm gebruik vir die hele
10 Staatsdiens (0.8) insluitende tot op Munisipale vlak as hulle hierdie
11 transformasies , °stadig° gedoen het (2.5) en hulle eie mense opgelei
12 het in pleks van kader ontplooiing ((hoes)) dan het >ons nooit met
13 die korrupsie gesit met wat ons vandag sit en hierdie interne
14 probleme< van swak=swak funksionering van Staatsdepartemente gesit
15 nie.

P2E130

1 Ek het net goeie herinneringe. Oor my gedeelte tot 1994 net goeie
2 herinneringe. Na 1994 nie sulke goeie herinneringe nie en dis
3 deels hoekom ek geloop het. Ek het=ek het gesien dat ek n goeie
4 getroue soldaat sal wees tot ek die dag 60 jaar oud is en op 55
5 het ek geloop. Want toe kon ek vir hierdie ONGEDISSIPLINEERDE
6 SIRKUS nie verder gaan nie.

P3E131

1 ...VERDER my kollegas (1.2) duck en dive (.) see toe (.) hulle het
2 gaan visvang (.) hulle is net WEG. Hy (.) die ander een wat dood
3 is=is [REDACTED] [REDACTED]. Hy was n Burgemeester in die Kaap (2.3) sê nou
4 daar naby Oudtshoorn George dink ek. Hy is dood. Net so dik geword
5 een of ander (.) °wat gebeur het is hy het een aand n bloed-ding
6 opgetel en al dikker geword en daar was fout gewees met sy lewer toe
7 maak hulle dit reg en toe hou die lewer aan bloei toe is hy
8 dood. So ja hy was ook n Offisier. ° So (0.5) die ander is. ,WEG...
9 So hulle het onttrek (0.9) toTAAAL.

P3E132

1 Ek is spyt ek is uit. Ek wou nie uitgaan nie (.) ek was n

Appendix B: Interview Extracts

2 beroepsoldaat ek wou ten minste 30 jaar (.) diens gehad het. Nou wil
3 hulle kom op 26 jaar en 11 dae. Weet jy wat (.) ek is 'n groot
4 perdeliefhebber. Nou wil ek (.) ek sluit nou aan by die perdry
5 klub (0.8) Ek word nou hier by (onduidelik) en voor ek weet is ek die
6 voorsitter van die perdry klub. Nou ry ek nog minder perd.

P4E133

1 maar ek is klaar met daardie organisasie wat saam met my toegemaak
2 het. Dis verby jy weet en ek kyk daarna en (.) snaaks dat ons ouens
3 na al die jare knaend bymekaar wil kom. En weet jy as die ouens daar
4 is ons praat nie °baie oor die Weermag nie° ons is bly om mekaar te
5 sien hierdie tipe van ↓goed.

P5E134

1 Ek kyk na my kollegas wat niks doen nie (0.9) en dan sien ek dit hou
2 hom nie aan die gang nie. u::m (hhh) Ek=ek het 'n vermoede (2.4) dat
3 as dit nie vir die wedersydse erkenning binne hierdie u::m (5.0)
4 verskillende groepe bonde noem dit wat jy wil (.) assosiasies (.) sou
5 daardie ouens se wiele lankal al afgekom het. Want dit is hulle
6 , raison d'etre. Die bestaansreg. En ongelukkig is dit nie vandag se
7 bestaansreg nie dis 15 (.) 20 jaar terug s'n. Want sedertdien het die
8 see souter geword. So ek bespeur by hulle (.) 'n baie groter mate van
9 onvergenoegdheid. En die onvergenoegdheid is waarskynlik vind
10 waarskynlik uiting in uitsprake oor die politiek. En ander goed (.)
11 maar dis nie (.) dis nie wat onderliggend daartoe le nie (.) dis die
12 feit (.) dat ek kan niks doen daaromtrent nie (.) ek is magteloos.

P5E135

1 Dan is daar ouens soos ek (.) wat gesê het (.) ek gaan vir 'n jaar
2 niks doen nie dan sal ek begin rondkyk (3.0) en twee derdes van
3 daardie jaar was vir my 'n struweling (1.2) om in die oggend wakker te
4 word want dan sê ek wat gaan ek nou vandag doen? ...
5 Dat jy een oggend wakker word en sê (.) so what ((lag)) (.) jy weet
6 nie nog 'n dag hiervan nie asseblief. En in my geval het dit (.) so
7 uitgewerk dat ek (1.0) intellektueel myself moes rek om 'n nuwe
8 omgewing te bemeester.

3. Discourse of Camaraderie

Appendix B: Interview Extracts

P1E136

1 >Ja want ek dra daardie goed elke dag en ek sien ek het nou nog my
2 baadjies ek het gisteraand my een baadjie aangehad<. Ons gaan nou
3 weer na die Muur van Herinnering toe. Ons dra ook medaljes
4 ons is Veterane (1.0) ons groet mekaar ons omhels mekaar ons is bly
5 om mekaar te sien (.) jy kan my vrou vra een maal 'n maand kom ons
6 Infantry ouens bymekaar.

P1E137

1 Jy weet om vir jou dit verder te sê (1.8) u::m en ek moet dit nog
2 gaan doen (0.5) ons het nou by die Muur van Herinnering >en dit
3 bestaan alreeds< (1.2) Nisse uitgesit. Dit wys jou hoe ver gaan die
4 kameraadskap ons ons (.) ek wil vir my ook al 'n Nis koop wat ek gaan
5 ook maak dan het hy die Nis uitgebrei (1.0) sodat ons hom maar almal
6 maar ons assies daar gaan sit. So eendag as jy dalk my ouderdom is
7 kan jy daar by die muur gaan en sien kyk hier is SAW soldate. Hy was
8 'n ,Generaal (0.5) hy was 'n ,Korporaal (0.8) hy was 'n ,Sarge.

P2E138

1 Kom ek kan nou vir jou sê vanaand gaan eet ek saam met [REDACTED]
2 wat 'n groot kollega van my is (.) hy trek nou Somerset Oos toe ek sê
3 nou vanaand vir hom goodbye. Dis net so goed (.) ek het nie 'n broer
4 nie (.) maar dis vir my net so goed my broer trek uit my lewe uit.
5 Dis 'n groot afskeid. My ander ou pel trek nou Kanada toe. Sy
6 kinders bly in Kanada hy gaan nou soontoe hy trek die einde van
7 Junie. Dis net so goed ek verloor 'n broer...
8 DIS GROOT VRIENDE van my wat ek verloor. Hulle's almal Weermag pelle
9 van my. Ons kom van 1961 af saam...
10 DIS BAIE JARE se vriendskap van lief van leed van swarkry ons
11 het die kindertjies grootgemaak (0.6) en saam gehuil en saam gelag en
12 saam gealles. En dit maak vir ons uniek. Ons het in die Weermag 'n 'n
13 woord wat ons sê *Esprit De Corps* (2.2) die gees van die Korps. Die
14 gees van die groep. En dit is ,daar. °Ons is°,saam. Ja daarom is
15 hierdie ,verenigintjies en saam eet en saam kuier vir ons (.) krities
16 belangrik.

P2E139

Appendix B: Interview Extracts

1 ... omdat jy in so 'n krisis situasie, in so 'n druk situasie werk,
2 raak jou groeppvorming ontsettend (.) en maak jy lewenslange
3 vriende... die Organisasie het jou gevat (.) en vir jou vriendskappe
4 gekonkreet (.) disin konkreet gegooi. Daarom baie van my vriende is
5 eks (2.0) kollegas. En die oomblik as die vrouens ook nog mekaar
6 vind dan is dit nog beter dan word dit regte hegte vriendskappe.

P2E140

1 Dis my p^êlle. Dis my p^êlle. Ons het saam swaargekry. (2.0) Ons
2 het saam (.) saam en dis nou ,vr::eeslik (0.6) voor op die wa wat ek
3 sê (.)^o ons het saam hierdie land (1.4) se toekoms in ons hand
4 gehad^o. Ons was saam Senior Offisiere. Ons kon ok 'n staatsgreep
5 uitgevoer het as ons wou. Ons was sterk genoeg om dit te doen
6 (0.5) maar ons dissipline was sterker. Ons VISIE was groter.

P4E141

1 ... 'n Ou was kamerade (.) jy was saam. En u::m (2.0) nou ons groep
2 wat ek van praat en dit en ek wil dit nou (onduidelik) het 'n ou - ons
3 was 3 jaar by die Militêre Akademie wat 'n wonderlike ervaring was
4 (0.8)en daarna baie van die ouens is uit en >weet jy daardie ouens
5 kom ook terug<. Hulle het (.) allerhande goed gaan doen buite en
6 doen dit nog steeds maar hulle is deel (.) daardie 3 jare het ons as
7 'n groepie absoluut bymekaar ... (intervensie)

P5E142

1 Ek dink wat hier uitkom en ons het nou môre 'n reünie (0.5) van my
2 u::m graadgroep en ons gaan Sondag saam na hierdie herdenkings:diens
3 toe by die Voortrekker monument. Hier is ouens wat uit die Kaap
4 uitkom môre vir hierdie geleentheid. En hier is 'n ou wat kom wat ek
5 (2.0) in my studentejare laas gesien het. Hy het nie saam met ons
6 graad gevang nie hy het in sy tweede jaar geloop. Hy kom al die pad
7 uit die Suid-Kaap uit. En toe ek vir hom gesê het Jis man maar dis
8 eintlik net 'n informele ding (1.0) toe sê hy nee maar hy moet kom.
9 Hy ry al die pad daar is twee ouens wat uit die pad uitkom. En ek
10 weet nou wat gaan gebeur (1.1) die ouens gaan
11 môreaand (.) verskriklik bly wees om mekaar te sien. Hulle gaan baie
12 gesels oor wat WAS (.) toe ons saam was. Onthou jy nog vir so en so
13 (2.0) insidente en dan=dan gebeur dit dat dit opdroog. En dan sê die

Appendix B: Interview Extracts

14 ouens kom ons=ons gaan nou bed toe ons raak nou oud. Maar
15 eintlik is dit (2.2) die gemeenskaplikheid is=is vir die huidige
16 uitgeput. Nou kom ons oor 6 maande weer bymekaar (2.3) dan gebeur
17 presies dieselfde. Dis half voorspelbaar. Hier kom nou môre n ou wat
18 (.) hy het graad gevang saam met ons en ek dink hy was 2 jaar in die
19 lugmag toe is hy lugdiens toe=toe het hy n Boeing vlieënier gaan word
20 (0.9) daardie vlug wat hulle in 1995 gehad het met die
21 Wêreldbeker se eindwedstryd of Ellis Park (.) hy was die Vlug
22 Bevelvoerder van al daardie vliegtuie wat daar oorgekom het.
23 Groot gees in die lugmag. Hy sit n poging in hy is [REDACTED]
24 [REDACTED] maar hy sit n poging in om môre daar te
25 wees. Maar eintlik het hy met wat na ons studiejare gebeur het het
26 hy nie veel ingemeng nie want hy was nie lank (.) hy het nie baklei
27 op die grens en daardie tipe van ding toe die meeste van ons daar
28 baklei het nie maar=maar dis vir hom BELANGRIK om met hierdie klomp
29 ouens te assosieer. En wat=wat baie snaaks is baie van hierdie ouens
30 het n lang pad met mekaar gekom van 1966 af kom ons saam. Ons was in
31 n loopbaan wat u::m elke bevordering was n bottelnek (0.8) hier
32 kan net soveel ouens deurgaans in al en n klomp ouens het nie entuit
33 deurgegaan nie. So (.) in terme van Militêre aansien in die tyd is
34 daar in hierdie groep redelike dispariteite. En tog as die ouens
35 bymekaar kom (.) speel dit geen rol nie. Hoegenaamd nie ((lag)). En
36 dis n groot gelykmaker. Wat vir my sê dis n terugvat. Of daardie
37 terugvat sê sjoe (0.8) dit was goeie dae (3.0) dankie tog ons het (.)
38 daardie drie goeie jare saamgehad (.) vier goeie jare saamgehad.
39 Eerder as om te sê wat n gemors is nou hier aan die gang. Dit sê die
40 ouens nie maklik nie. Maar hulle sal sê ja ons het goeie jare gehad
41 op Saldanha.

P5E143

1 Maar in desteenstaande vind ek hierdie (1.8) orals waar ouens so
2 bymekaar kom (.) is daar hierdie eksklusiwiteit wat (1.5) ons baie
3 van hou. Maar (2.0) dit is nou maar net so. (.) Jy's nie deel van
4 hierdie groep nie. Kom maak n bier saam met ons by all means (.)
5 kom luister na ons stories (.) maar jy=jy kom nie uit
6 ,hierdie=hierdie omstandighede uit nie. Wat bydra (1.0) tot my (2.0)
7 soewereine individu konsep (1.9) want as jy gaan kyk na die
8 soewereine individue (0.8) dan is die enigste area waar hulle (1.3)
9 buite (1.8) die individu gaan is waar hy dit kan uitleef (2.0)

Appendix B: Interview Extracts

10 hierdie eksklusiwiteit. Ek mag dalk glad nie van jou hou nie (.) ons
11 mag dalk nooit pelle gewees het nie (.) maar omdat ons saam in
12 Valskermbataljon was (2.5) is ons ,broeder::s. Dis ((lag)) 'n unieke
13 situasie.

Appendix C: Interview Transcripts

EERSTE ONDERHOUD (TYD 105:11 min)

P1:As jy in Pretoria gebly het destyds het jy vir die ou gevra, vir watter Staatsdepartement werk jy. Ek het vir 'n Staatsdepartement gewerk.

I:Mmm.

P1:En toe kry jy Departement van Binnelandse Sake, jy kry Departement van Buitelandse Sake, Departement van Bosbou en so kan jy aangaan. En een van daardie Departemente was die Departement van Verdediging.

I:Mmm.

P1:So ek was 'n Staatsamptenaar.

Ja.

P1:As jy byvoorbeeld by die Departement Landbou gewerk het, was jy wese 'n klerk, en het - jy was naderhand 'n Senior Klerk, jy was naderhand 'n Hoofklerk, jy was naderhand 'n Beheerbeampte, 'n Assistent Direkteur, Direkteur ens. Die Departemente was bestuur deur 'n Direkteur-Generaal, en dis vandag nog so. Die goeters het net bietjie ander naam. Ek het vir die Departement van Verdediging gewerk. Ek was 'n Staatsamptenaar. Maar ek was nie 'n klerk nie, ek was 'n soldaat, en so het ons range gehad. Die Hoof van die Weermag was die Direkteur-Generaal van die Departement - van die Departement.

I:Ja.

P1:En so het hy drie stertjies onder hom gehad. Hy het die Hoof van die Leër gehad, hy het die Hoof van die Lugmag gehad, hy het die Hoof van die Vloot gehad, hy het die Hoof Geneesheer-Generaal gehad wat daar op stadium was daar ook nou die Kwartiermeester-Generaal. So dit was die vyf Departemente onder hom, elkeen met 'n Adjunk, kan mens amper sê, Direkteur-Generaal of mens kan amper maar sê met 'n Adjunk Hoof van die Weermag.

I:Dis korrek.

P1:En so kan ons deur die hele struktuur gaan. So ek was 'n Staatsamptenaar.

I:Mmm.

P1:Ek was deel van die Staatsmasjinerie.

I:Mmm.

P1:En soos elke Staatsdepartement 'n funksie gehad het, so het die Weermag ook 'n funksie gehad.

I:Sy Funksie gehad ja.

P1:Nou die SA Weermag se funksie was 'n defensiewe rol.

I:Mmm.

P1:Ons was nie daar om 'n ander land te gaan aanval of om 'n grondgebied te gaan beset nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P1:Ons was in n defensiewe rol. Selfs in ons offensiewe optredes, was ons defensief.

I:Ja.

P1:Om vir jou n voorbeeld te noem, ou [REDACTED] bly hier langsaan, hy is bietjie jonger as ek maar ag ou [REDACTED] het nou wel n bietjie probleme gehad, sy gedagtes is nie waar hy is nie en hy het nou onlangs, sy vroujie het hom omval. As hier nou vanaand iets moet gebeur en ek hoor van ou [REDACTED], en hy skreeu hier om hulp, wat dink jy gaan ek doen, Flip? Gaan ek maar sit en kyk of gaan ek daar oor die heining spring en hom help?

I:Jy gaan hom help natuurlik.

P1:Okay. Dit is nou presies wat die SAW gedoen het.

I:Mmm.

P1:Toe sy buurman skreeu ook "Help", toe spring hy oor die heining. En hy gaan help vir hom.

I:M'hm.

P1:Want sy buurman was ook sy aangenome kind.

I:Ja.

P1:Want Suid Afrika was verantwoordelik vir Suidwes Afrika se... (intervensie)

I:Hegte bande nog gehad.

P1:Korrek. Met ander woorde Suid Afrika was verantwoordelik in territorialiteit om Suid Wes Afrika te bestuur.

I:Net so die Tweede Wêreld Oorlog.

P1:Korrek. So wat het Suid Afrika gedoen? Hy het Suidwes gaan help.

I:M'hm.

P1:Ons oorgrens operasies, dit was nooit die doel om Angola te gaan beset nie.

I:Mmm.

P1:Die kere wat ons by Rhodesië ingegaan het, wat ons vir Rhodesië gaan help het as buurman, was nooit om Rhodesië te beset nie. Ons het hulle gaan help.

I:Dit was weer n defensiewe rol gewees.

P1:Ons het oor die heining gespring toe hulle gesê het help.

I:Reg

P1:Okay?

Appendix C: Interview Transcripts

I:M'hm.

P1:En daarom gebruik hulle vandag nog ons Allouete helikopters. Okay. Ons het Suidwes gaan help. Dis wat ons gaan doen het. Suid Afrika het nooit belanggestel om Suidwes te annekseer nie. Want as hy bereid was - as hy Suidwes wou annekseer het, sou hy definitief nie gewag het vir die bos oorlog nie.

I:Ja. Okay.

P1:SWAPO het nooit, sover my kennis strek nie, en touch wood, voorheen gekom en vir die Suid Afrikaanse Regering gesê, hoor hier Boys, kom ons praat. Ek stem nie saam met julle beleid nie. Dis 'n ander storie. Hulle - onthou een ding, 'n soldaat is apolities.

I:Mmm.

P1:So alles wat ek hier sê het niks met politiek uit te waai nie.

I:Absoluut. Ja. Voer net die instruksies uit van die Regering van die dag.

P1:Ek het die reg om te gaan stem en ek het die reg om my gevoel uit te druk soos ek glo, maar ek sal nie, ek is vandag nog, ek sal nooit aktief deelneem aan politiek nie. Maar ek het die reg om te stem as 'n stemgeregtige. Ek wil nie praat oor die reg of verkeerd van die vorige Bedeling nie, dis irrelevant, dis nie waaroor dit gaan nie.

I:Ja-nee, exactly.

P1:Maar as soldaat het ek 'n job gehad in daardie Staatsdepartement, as 'n dienaar van daardie Staatsdepartement, en my taak as 'n soldaat was om 'n defensiewe rol te speel om Suidwes te verdedig, en dis waar ons almal betrokke was.

I:Mmm.

P1:SWAPO het gaan wegkruip in Angola, ons wat die hele verhaal ken, die PLA, Unita, al daardie ouens.

I:Ja, Savimbi ja.

P1:Savimbi was vasgedruk hier onder. Nou as 'n mens 'n bedreiging - nou ek was toevallig in inligting het en teeninligting het, ek het heeldag bedreigings analyses gemaak en bedreigings aangebied, dan was dit 'n logika om 'n bondgenoot te beskerm wat op jou Noordelike grens geontplooï is. Soos Savimbi. Savimbi was daar in 'n magsposisie. Die NPLA was in die Noorde, Savimbi was - met ander woorde Savimbi het as 'n buffer gedien.

I:Ja.

P1:So kan - daar was tog nou logika om hom as 'n buffer te gebruik en te ondersteun.

I:Ja.

P1:Okay, en hom te gebruik. En dis al waaroor dit gaan. Baie mense sê vandag dit was 'n sinnelose oorlog. Dit was geen sinnelose oorlog nie man.

Appendix C: Interview Transcripts

I:M'hm.

P1:Want die bedreiging het toegeneem. Die bedreiging het toegeneem van h ... (intervensie)

I:Het die polisie nie op daardie tyd geweldig ... (intervensie)

P1:Ja kom ons begin voor. Op h stadium was die grens bedreig en die polisie was ontplooi, en die Weermag het in h beskermende defensiewe ondersteunings rol opgetree.

I:Korrek.

P1:In daardie tyd was ek 2 jaar in Katima ontplooi gewees, voltyds. Okay. Toe het die bedreiging toegeneem dat dit nie meer die polisie se taak geword het nie. Ek het toevallig gisteraand by die geleentheid waar ek was, het ek h nuwe kollega raakgeloop, dit was h dame gewees, sy is nou ook h Luitenant Kolonel, toe praat ons so, toe sê sy, sy het so h pak Paratusse. Nou Paratus is die boekie wat een maal h maand uitgekom het, so h interne Weermag nuusbriefie, jy kon stukkies daar ingeskrywe, interessanthede, en in daardie Paratus, het in die jare, as ek nou reg onthou, was dit 1973, 1974, was daar fotos van ... (onduidelik) wat in grond vasgeval het in modder, nou ek was in beheer van daardie konvooi. Want ons - ek was in beheer om die polisie te lig en dan gooi ek Weermag af. So ek het h vol vrag Weermagsmanne gehad, dan gooi ek h Weermagkompliment af, dan laai ek h polisiekompliment oor. Toe vat die Weermag die rol, daardie defensiewe rol van die polisie oor. Okay?

I:Ja.

P1:Want die bedreiging het toegeneem. Op daardie stadium van die geveg was dit hoofsaaklik h teen intensie bedreiging. SWAPO het met ad hoc basisse oor die grens beweeg en steek aanvalle gedoen en ons geïrriteer, okay?

I:Ja.

P1:Ons het opvolg operasies gedoen. Maar die bedreiging het toegeneem. So ernstig, ek is h opgeleide - aanvanklik opgelei in konvensionele oorlogvoering, gemotiveerde en - ek weet nie hoeveel jy daarvan weet nie, en ek moes heeltemal re-muster het na - kom na tuin operasies toe. Want in my aanvanklike opleiding toe ek in 1962 begin het ... (intervensie)

I:Dit was meer onkonvensioneel nê?

P1:Dit was totaal onkonvensioneel gewees en ek moes agterna re-muster het na onkonvensioneel. Ons het nie eens, in my aanvanklike opleiding, en asook my Offisierskursus, het ons geen tuin operasies opleiding gehad nie, ons het absoluut konvensionele operasies opleiding gehad nie, ek kan vir jou fotos gee, dit lê in die laai hieronder. So het die bedreiging toegeneem. So - ons moenie vergeet nie, daar was eintlik twee belanggroepe, die een groep was SWAPO. SWAPO wat belanggestel het om betrokke te raak in Suidwes en uit die aard van die saak, polities geïnspireer om beheer van die land oor te vat. Dit het in - hulle was toe op daardie stadium h bedreiging. Hulle het dade van terrorisme uitgevoer.

Mmm. Hulle het meer h sosialistiese neiging gehad.

Appendix C: Interview Transcripts

P1:Dis net soos die outjie wat hier vir ou Andy kom aanval, en ek moet oor die heining spring om ou Andy te hulp te snel, en ek sal daardie ou nou moet agtervolg, as daardie ou nou oor hierdie heining spring dan sal ek ook moet oor die heining spring, en as hierdie ou dan daardie tipe ouens huisves, dan gaan ek mos vir hom sê, luister Johan jy huisves ouens wat ouens hier aanval, jy beter daardie ouens wegvat, want as jy hom nie gaan wegvat nie, dan gaan ek hulle moet kom uithaal, want hulle bedreig my.

I:Ja, ja.

P1:En dis wat gebeur het in Angola. SWAPO en die vyand was deur die Angolese ...

I:Gehawe.

P1:Gehawe. En gebeskerm.

I:Ja.

P1:Nou ja dan gaan ons mos oor die grens loop en vir hulle gaan uithaal. En dis hoe die operasies eers gebeur het.

P1:In die begin jy weet selfs as hulle, as hulle net oorkant die grens sit en skiet dan mag jy nie geagtervolg het nie.

P1:Dis reg. Jy weet as - ek het dit toevallig maar net uitgehaal ter ondersteuning, as jy nou jou navorsing verder stimuleer, dan gaan lees jy hierdie boek, Wie het gewen.

I:Ek het die - Ons was Daar het ek gelees.

P1:Okay maar jy kan hierdie een ook lees, want Ons was Daar, ek het hom onlangs by 'n vriend geleen, Ons was Daar is geskrywe uit die oogpunt van elke persoon. Genl Jannie het vir my ook gevra om 'n stukkie te skryf maar daar was iets wat ek nou die dag eers ontdek het, van my inligting was weg, en ek het vir hom gesê ja as ek die goed kan kry dan sal ek skrywe en ek - daar was 'n kollega wat ek gesoek het wat sekere situasies saam met my betrokke was in situasies maar ek het hom nie - ek weet tot vandag toe nie waar is hy nie, ek het hom heeltemal kontak verloor. Maar Ons was Daar was geskryf uit my ervaring uit, Die Wat Gewen het. Ons was Daar is 'n baie taktiese skrywe. Dis die werklike ding wat op die grond gebeur het. Ons was Daar is meer strategies van aard. Hier verduidelik hy, ek wil jou aanbeveel, gaan kry vir jou hierdie boek en gaan lees hom.

I:Ek het 'n kort informele gesprek ook met ... (intervensie)

P1:Met Generaal Jannie gehad?

I:Met Generaal Jannie gehad ja, baie insiggewend gewees.

P1:As jy nou daardie gehad het dan sal jy nou weet. Okay. Wat ek vir jou probeer sê is dat ons was nooit daar gewees of ons doelwitte was nooit gewees om enige grondbesetting te doen of enige ... (intervensie)

I:Politieke sienings gevolg of enigiets.

P1:Of ek - om nou totaal defensief te wees, jy hoor nou Jannie Geldenhuys in my mond.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Absoluut.

P1:Maar hierdie ouens het maar gaan dinge doen, en ons het operasies, grensoperasies uitgevoer. Dit het begin by Operasie Savanna nê, wat heeltemal in geheimhouding was. En daardie bedreiging het opgeneem, ek het nou-nou gesê daar was twee rolspelers, groot rolspelers, dit was SWAPO aan die een kant. Maar SWAPO was geondersteun deur die Russe.

I:En die Kubane nê?

P1:Nou vandag sê hulle nog daar was geen Russiese bedreiging nie. Ag man moenie dat ek hardop lag nie man. Kom ons kyk, waar kry ons hierdie prentjies, dis jammer dis nou in daardie ander boek baie meer, waar kry ons hierdie prentjies van die Russiese wapens?

I:Ja. Die Meks en al daardie goed wat hulle gehad het.

P1:Waar kom hulle vandaan? Het ons hulle gaan steel in Rusland en in Angola gaan gooi en stukkend geskiet? Waar kom die Kubane vandaan? Ek was in 'n onderhoud gewees - ek was 'n Inligtingsoffisier, ek was in 'n onderhoud gewees met my eweknie van die Kubane, witter as wat ek is, het ons in Niemandslan daar naby Orkana, het hy daar deur die diplomatieke formaat, ek weet nie wat dit presies is, toe sê hulle vir my hierdie ou wil met jou 'n gesprek aangaan. Toe sit ek en hy daar onder 'n boom, hy het my nog 'n Kubaanse sigaar gegee wat ek al die jare gehou het, tot hy later verkrummel het, en ek en hy het deur 'n tolk - want hy kon my taal nie verstaan nie, ek het 'n tolk gehad en hy het 'n tolk gehad, het ons met mekaar vir seker 2 ure gesels, oor koeitjies en kalfies, nie oor die Weermag nie, nie oor sy job nie, ons het met mekaar so bietjie bekendgestel, wat is my job hierdie kant, wat is sy job, sonder om inligting prys te gee. Ons het seker daar vir 2 ure gesit en gesels, jy verstaan? En ons is uitmekaar uit, lekker hand geskud en daar gaat ons. In elk geval, maar die bedreiging het opgebou na 'n konvensionele bedreiging, so ernstig dat toe in 1979 onder andere het ek my Veg Groep Bevelvoerderskursus gedoen, en was ons - ek het eers die Infantry Bevelvoerderskursus by die Infantry skool gedoen as 'n voorbereidingsfase van die Veg Groep Bevelvoerders wat ons toe op Lohatlha die taktiese gedeelte gedoen het en ons het by Elf Skof Skool die verskillende elemente, (onduidelik) artillery, het by Skof Skool die teoretiese gedeelte gedoen.

I:Ja.

P1:En het ons dan die taktiese gedeelte voldoen op Lohatlha. Daar het ons weer begin op grootskaal konvensioneel dink, en is ons reeds gere-muster konvensioneel maar natuurlik nou op hierdie stadium ook gemeganiseer wat toe 'n groot rol begin speel het en optogte gemobiliseer, ek is vandag nog doof as gevolg van 'n oefening waar ons met die Burgermag as kontroleerde staf opgetree het, ek was toevallig by 'n MOT Bataljon wat toe 'n MOT nagaanval doen, dit is 'n storie op sy eie maar dit is maar 'n opleidings storie, waar ons die Burgermag weer georiënteer het konvensioneel. En kyk so ... (intervensie)

I:So daar was baie aanpassings wat plaasgevind het?

P1:Ja want ons moes ons aanpas - daar moes ons die Olifant geontwikkel, want ons het, in vroeër jare het ons al ons ou Centurion tenks verkoop, want ons het nie 'n bedreiging gehad nie, ons het nie

Appendix C: Interview Transcripts

die nodigheid gehad van 'n tenk nie. Daar was ons ook op 'n - ons het 'n bloedneus in sekere - met artillerie gekry want ons het nie die artillerie stelsels gehad nie. Die rooi-oog en die artillerie stelsels wat ... (intervensie)

I:En die stalinorrels en die goed wat hulle gebruik het.

P1:Ja dit was 'n outrage en dit het gevolg gehad tot die ontwikkeling van die G5 en die G6 Kanon.

I:Ja.

P1:Wat vandag seker een van die beste stelsels is wat daar is, ek het bietjie kontak verloor soos die jare aanstap met die goed maar dit blyk of die twee stelsels nog redelik bo aan die lys is. Wat was - wat het in Suid Afrika gebeur?

I:Ek wonder of ons dit kan - 'n bietjie kan in-"try" nou in terme van die onderhoudsvrae?

P1:Verskoon my, jy het my nooit gevra nie maar dit is nou maar my siening.

I:Nee maar dit is baie goed. Want dis 'n aansluitingspunt wat ons kan kry, wat die rol van die soldaat is byvoorbeeld.

P1:Dit was my job as Staatsamptenaar.

I:Ja. Ja. Want ek vind dat mense, veral mense wat nie in die Weermag was nie of mense wat glad nie ... glad nie daardie tipe - of daardie geskiedenis van weet of onthou nie, is dat hulle - hulle misverstaan wat die rol van 'n soldaat is, en selfs soos wat u sê, u het u rol geïnterpreteer as 'n Staatsamptenaar.

P1:Ja.

I:Net soos wat die Departement van Verdediging, dis net so goed soos die Departement van Landbou of Binnelandse Sake ... (intervensie)

P1:Dis reg.

I:Dit is 'n rol wat 'n ou vervul.

P1:Ja jy het 'n job om te doen. Jy's in diens geneem, daarvoor het jy salaris gekry.

I:Ja. So dis goed gewees om 'n agtergrond te kry en dankie dat u vir my die agtergrond geskets het waarin u gefunksioneer het daar, en in terme van die navorsing waarna ek is - hoe het die, kan maar sê die vorming, want 'n ou se identiteit ook in 'n Militêre omgewing is ook uniek, want jy moet leer om die ou langs jou basies met jou lewe te vertrou, daar is 'n hegte band wat onwikkeld word ... (intervensie)

P1:Ontsettende kameraadskap.

I:Ontsettende kameraadskap, wat jy nie kan herproduseer nie.

P1:Geseëvier.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P1: Ek het my vroutjie, ek het vier uur, ek het hier gesit en werk toe sê my vrou vir my, Man weet jy dat dit al half vier is, dis - toe sit ek nog hier in my kortbroek en kaal voete toe sê sy jinne, jy het nog n geleentheid vanaand, magtig. Toe bel ek my oud kollega en ek sê vir hom hoor hier Piet, ek is n bietjie laat, en toe vra sy vir my of sy nog vir my moet kos maak, toe sê ek ja ons sal net n paar snacks eet, so jy moet definitief vir my kos maak, toe sê sy vir my, hoe laat gaan jy terug wees, toe sê ek vir haar, ag jy weet, seker so sewe uur. Ek het hier so by nege uur hier aangekom, toe sê sy Man jy kon net vir my gebel het, jy weet ek was bekommerd oor jou, ek het geweet jy gaan n drankie of twee drink, so n mens raak maar bekommerd, ek kon net nie wegkom nie, ek het vyf keer gegroet. Jy weet daar's n gesegde mos, old soldiers never die, they just fade away. Nou ja, ek kan nie vir jou daardie kameraadskap identifiseer nie, dit is besig kwaai. Ek het drie oud soldate wat saam met my werk in my besigheid, toevallig, ek het hulle nie gaan haal nie, ek het op n stadium besef hel hierdie ouens was ook in die Weermag gewees, jy weet, hulle was ook n bietjie na my, en ja daardie kameraadskap staan vandag nog. Dis waarom ons Ou Veterane Organisasies het.

I: Alhoewel u nie meer n soldaat in aktiewe diensplig is nie, daardie verhoudings duur voort?

P1: Ek is nog steeds n soldaat.

I: Ja.

P1: Dit het nog nooit verander nie. Ek is net nie aktief nie. Ek is n afgetrede soldaat, soos n dokter bly n dokter, hy praktiseer miskien nie.

I: Nie aktief nie maar ..

P1: Ja, maar hy bly n dokter.

I: En dis belangrik want dis deel van n ou se identiteit.

P1: Ja.

I: En daarom in terme van hierdie navorsing kyk ek nie soseer terug na die verlede nie maar ek vra, hoe het die verlede aanleiding gegee tot hoe jy jou identiteit vorm. So dis hoekom ek spesifiek na hierdie groep kyk. Ek kyk na wit, afgetrede Afrikaner mans wat in die SAW gedien het, want daar is verskillende identiteite opgesluit in daardie verskillende dinge. Heel eerstens wit. Nie soseer dat ras in terme van n - ek meen dat jy kan nou net so optree omdat jy wit is nie, maar daar's tog n element van identiteit wat opgesluit is, hoe jy jouself identifiseer in terme van wit. Nommer 2 in terme van n Afrikaner te wees. Daar is sekere implikasies in terme van waardes, kultuur, sulke tipe van goed, selfs taal speel n baie belangrike rol daar. Dan na dit is dit ook die idee om afgetree te wees. Jy is dalk, soos wat u, u het u eie besigheid ... (intervensie)

P1: Ja ek is nie afgetree nie, nog nooit.

I: Ja maar aftrede, kyk ons dalk nie in die sin daarvan dat daar n formele afsnypunt is nie, maar in terme van ouderdom, in terme van n mens se ontwikkeling, want tog as n mens na aftree ouderdom toe kyk is daar n refleksie wat plaasvind, dat mens kyk na jou lewe, jy kyk na alles wat gebeur het, hoe definieer jy nog jouself, al daardie

Appendix C: Interview Transcripts

tipe van goed, en dan laastens die een wat amper half die kritiese een is, is daardie Militêre identiteit. Dat jy... Soos wat jy sê, u is 'n soldaat. Okay ek het nou gespesifiseer in my navorsing as 'n ex serviceman, maar dalk stem u nie saam met ex serviceman nie.

P1:Ja ek is 'n ex serviceman.

I:Jy's 'n ex serviceman.

P1:Ja kyk 'n dienspligtige.

I:Maar in terme van u identiteit is u nog steeds 'n soldaat.

P1:Onthou dat ons net een ding uitlig, 'n dienspligtige het definisies.

I:Ja.

P1:As 'n dienspligtige, kom ons begin nou by die Staande Mag, jy is - jy het - jy's 'n permanente dienspligtige. Jy het gevulenteer om 'n dienspligtige te wees. Die ou wat as sy Nasionale Diensplig opgeroep is, was gedwonge om as 'n dienspligtige te wees.

I:Dis iets anders.

P1:Baie van hulle het in die Burgermag aangebly, so weereens op 'n tydelike basis, op 'n ad hoc basis het hy diensplig verrig.

I:Ja. Maar die twee is nie dieselfde nie.

P1:Dieselfde met die Kommando's, sien ons is almal dienspligtiges, of jy nou 'n rang gehad het, of jy nie 'n rang gehad het nie, of jy 'n Generaal was of 'n Admiraal was, of 'n Korporaal was of 'n tee boy was, jy het 'n rang gehad, jy was 'n dienspligtige.

I:Dis korrek.

P1:So was Jan Geldenhuys 'n dienspligtige. 'n Dienspligtige in die Departement van Verdediging van die Republiek van Suid Afrika. Om in 'n defensiewe rol op te tree in die belang van die Regering van die dag.

I:So nou moet ons met daardie agtergrond wat ons nou bespreek het, wil ek nou vra, 'n sekere paar vrae vra, en die idee is soos wat u nou sê, jy weet, selfs die navorsing is sielkundig van aard, dis nie politiek van aard of enige so iets nie. Sommige van die vrae mag sensitiewe vrae wees maar soos wat ek vir u wil sê is, u is welkom om nie te antwoord nie want ... (intervensie)

P1:Gaan jy tee drink, want ek is dors.

I:Ja, ons kan so maak, baie dankie. Okay so in terme van al hierdie dinge, praat ons nou oor die hier en nou, hoe beïnvloed ons nou in Suid Afrika.

P1:Okay. Jy kan vra, ek sal antwoord.

I:Okay honderd persent. En ook ons kan praat daaroor, dis nie dat ons deur hulle gaan hardloop net so nie. Ek wil vir u vra, in terme van al die identiteite waarvan ons nou gepraat het, hoe lyk u

Appendix C: Interview Transcripts

daaglikse ervaring in Suid Afrika? Hoe voel dit om in Suid Afrika te leef in terme van hierdie teiken groep waarna ons kyk?

P1:Okay, praat jy uit 'n soldaat oogpunt uit of praat jy uit ... (intervensie)

I:Net soos u dit wil hanteer.

P1:Okay. Nou kom ons sê, 'n soldaat is 'n gewone mens, hy's nie 'n miracle nie. Net soos 'n predikant 'n gewone mens is. Ouens kyk met groot oë as 'n predikant per ongeluk 'n vloek woordjie los, of as hy per ongeluk of dalk op 'n stadium 'n wyntjie drink. Hy's 'n mens soos ek en jy.

I:Absoluut.

P1:'n Soldaat is 'n mens soos enige volgende ou. Wat wel waar is, as jy dan nou, soos in my geval, waar ek 33 jaar in my hele lewe in die Weermag betrokke was, waarvan 30 jaar intensief was, word jy gevorm in die rol wat jy is. Die belangrike rol funksie daar was dissipline. Dissipline. En akkuraatheid.

I:Dis 'n tema wat altyd opkom as ek met soldate praat.

P1:Ja. Totaal gedissiplineerd, want Militêre opleiding begin by dissipline, en enige Militêre aksie draai om dissipline, veral selfdissipline. Want jy kom op die punt waar jy niemand meer het wat vir jou sê staan op ... er ... op die plek rus of staan op aandag nie. Dan moet jy dit self besluit. So self dissipline speel 'n baie groot rol. Die feit dat ek uit daardie kultuur uitgekom het, nê, speel vandag 'n ontsettende rol wat ek 'n groot sukses nog van alles aangevang het wat ek na my Militêre loopbaan kon aanpak, omdat ek my lewe geskoei het op die ondervinding en die beginsels, veral op die dissiplinêre beginsels wat ek my lewe aan gefunksie het. Baie ouens in siviele straat is partykeer gefrustreerd. My vrou self, my vrou sê vir my baie keer daar is so 'n kleur soos grys. En vir my bestaan hy nie. Vir my is hy wit of hy's swart, jy verstaan?

I:Hy's reg of weg.

P1:Hy's of reg of hy's weg. Dis reg, of jy lewe of jy's dood. Daar is niks tussenin in nie. Jy is of lewe of jy - of jy's dood.

I:Dis wat die Militêre omgewing van jou vereis het?

P1:Dis reg. Nou ek is so gewoond, ek is daar ... (onduidelik)

I:Voordat jy 'n soldaat is?

P1:Ja en ek was nou ... (onduidelik) in 'n soldaat ook. Die eerste ding wat ek gedoen het in die aand as ek van die werk afkom, kyk wat het ek gedoen, wat is die eerste ding wat ek gedoen het as ek by die huis kom? Het ek die hele aand in my uniform rondgeloop? Want ek is - ek is - die werk is die werk, ek is by die huis.

I:Jy los jou werk by die werk?

P1:Ja. Ek het my uniform uitgetrek, kyk 'n ou het maar jou frustrasies partykeer by die werk, ... (onduidelik) maar anyhow, ja dit het 'n baie groot rol gespeel, en dan die gestruktureerdheid waarvolgens mens goed doen. Jy weet ons het altyd gesê maar doen 'n

Appendix C: Interview Transcripts

waardering. 'n Waardering is niks anders as swart analise nie, jy sal dit nou beter verstaan as 'n waardering. So alles wat jy aanpak, analiseer jy. Jy is vreeslik analities, as jy wil - ek het nou agterna in 'n ander beroep se rigting, jy kan dit daar oefen op jou uit, tot hierdie aspek, die analitiese manier van denkwyse, ek analiseer alles, ek sal nie in 'n ding instorm nie. 'n Ander eienskap wat ek gekweek het wat vir my baie werd was, was om vooruit te kan dink, om driedimensioneel te kan dink en te sien. My vrou sê dit nie een keer nie, sy't dit al seker biljoen keer vir my gesê, almal is nie soos jy nie, almal is nie so slim soos jy nie. Ek is nie slim nie man, ek is net geleer om driedimensioneel te dink en ek kyk. Ek kyk ... (intervensie)

I: Dis vaardighede wat daar ... (intervensie)

P1: Wat ek daar geleer het, want Militêr moes ek so dink. Ek moes dink. En 'n baie belangrike aspek wat ek geleer het is om te dink soos my opposisie dink.

I: Ja.

P1: Want om 'n geveg te kan bestuur en om 'n geveg evaluering te kan maak, en om in 'n geveg situasie te kan ingaan, moet ek weet, wat beplan my opposisie.

I: Daar is skywe en daar is kontra-skywe.

P1: Ja en ek is miskien, 'n deel ook van my sukses in my besigheid, ek dink altyd, wat dink die volgende ou.

I: So mens vorm strategieë. Jy sien vooruit, jy sien vooruit wat die moontlikhede en die scenario's en dinge.

P1: Ek het eergister het ek hier 'n ... 'n ... 'n oefening gehad waar ... (onduidelik) Wet na my stelsels kom kyk het. Ek het vooruit gedink, dit antwoord jou vraag en daarmee gaan ek dit afsluit, toe hulle hier kom sit toe pak ek die goed vir hulle so uit.

I: U het geantisipeer?

P1: Ja. Selfs in die volgorde wat hulle dit wou hê. Waar die groot gees wat daar gesit het waar jy nou sit, gesê vergewe ons maar ek gaan maar my rekenaar aansit en bietjie aangaan met ander werk, hy het afgeskakel en gesê dis nie meer - hy het nie meer nodig om verdere waarnemings te maak nie. Dit is wat ek saam met my vat in die siviele lewe in, en dis die dinge wat my gebring het waar ek is. Nou Flippie ons kan nog oor baie aspekte praat maar ek dink dis die kerns.

I: Seker so dit is vaardighede wat u geleer het?

P1: Dis reg.

I: In u daaglikse lewe vir u voordele bied en dan selfs in besigheid?

P1: Dis reg.

I: So die - die verskillende omstandighede maar die beginsels is dieselfde.

P1: Die beginsels is dieselfde.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Die beginsels is dieselfde?

P1:Selfs met my finansiële bestuur, ek moes ... jy kry 'n begroting, jy werk Staatsgeld, jy kry net soveel geld, jy moet optree binne daardie begroting, hetsy of jy die fisies die begroting bestuur en of jy die Bevelvoerder in die begroting is. Jy kan net dit doen. Ek was in opleiding, ek was lank in die Leër Kollege, daar het ek nou gewerk met begrotings, ek moes sekere kursusse aanbied binne 'n raamwerk van geld, so ek het geleer om met geld te werk. En baie belangrik, my vrou het geleer om met geld te werk, want ek is baie uitstendig, jy weet ek was 57 maande in die Operasionele Gebied, so my vrou moes leer om ons finansies te doen, sy doen dit nou vandag nog. Ek sit net die rubberstempel daarop.

I:Sy het geleer onafhanklik word, ja.

P1:Want ek was nie by die huis nie. Ek was nie by die huis nie. Sy moes dit doen. Sy moes dit doen. Sy het die kinders grootgemaak. Ek het nie kinders grootgemaak nie, sy het die kinders grootgemaak. My oudste dogtertjie was op 'n stadium bang vir my. Sy het my nie geken nie, so vandag is ons baie geheg aan mekaar, maar dis waarmee ek civvies straat toe gekom het, en dis waarom ek vandag nie so 'n probleem het met siviele straat nie.

I:So dit klink vir my u Militêre dissipline het u deurgetrek na u siviele lewe toe in terme van finansiële dissipline, besigheidsdissipline, en ook die vermoë, persoonlike dissipline, en ook die vermoë om te kan voorsien en om te kan antisipeer.

P1:Dis korrek.

I:Dis vaardighede wat u daar nog ... (intervensie)

P1:Ek baklei 'n ander oorlog hier.

I:Ja. So u sal sê u het die transisie nogal goed gemaak in die sin daarvan dat u vaardighede en waardes en beginsels wat in 'n Militêre omgewing geheers het, en u was dan in 'n posisie gewees om dit toe te pas in 'n siviele omgewing?

P1:Daar's tog iets wat ek gaan sê, ek gaan dit nou sê nie, miskien kom dit voor in een van jou vrae, en ek wil nie vrae vooruithardloop nie.

P1:Maar maak 'n nota daarvan.

P1:Ek kan wel sê, vra my net hier op die einde, het ons by daardie punt uitgekom, want dit is amper die cherry op die koek.

I:Ja okay kom ons hou dit vir die punch line. Okay baie dankie daarvoor. Die volgende vraag wat ek wil vra ... (intervensie)

P1:Ekskuus jy moet my stop as ek te volledig is.

I:Nee, honderd persent.

P1:Ek probeer vir jou, ek is self 'n ou wat baie navorsing doen, en ek het al hierdie goed gedoen wat jy nou doen vir myself, so ek wil graag jou volledig antwoord.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P1:So stop my en sê ek het nou genoeg gehoor.

I:Ja ek sal. Solank ek nou net nie oor u tyd hardloop nie en u ander verpligtinge nie.

P1:Ek het nie 'n probleem nie, as jy langer wil gebruik as wat jy gesê het, ek het nie 'n probleem nie. Dit is vir my belangrik dat as jy hier uitstap dat ek in my hart voel daar's nie iets wat ek nie vir jou, wat ek wou sê wat ek nie gesê het nie omdat die tyd my ingehaal het nie.

I:Ja, ek weet dit.

P1:So van my af, ek is nie ge"time" nie.

I:Dis reg, ek sal 'n vlaggie hys as ek dink die vraag is aangespreek. Okay die tweede vraag wat ek vir u wil vra en baie van hierdie vrae is baie oop, jy weet, dit is volgens u interpretasie. Wat beteken dit vir u om 'n Afrikaner te wees?

P1:Baie trots daarop. Ek gaan 'n voorbeeld noem. Sien jy daardie outjie wat daar staan? Hy werk nou al vir tien jaar vir my. Ek het in 2005 kanker opgetel, kolon kanker. Ek gaan in weer, jy sal sien daar op my beplanningsbord, ek gaan oor twee weke gaan ek in vir die een fase van prostaatkanker ondersoek, maar dit is maar net 'n roetine ondersoek, en dan gaan ek twee weke later vir my, ek het kolon kanker gehad, vir my finale ondersoek na agt jaar, nou die dokter kan niks op die X-strale kry nie, dan gaan hy my ontslaan. Ja dit was 'n moeilike tyd gewees en hy het by my ingeskakel. Nou daardie outjie het ek so pas laat oplei as 'n fasiliteerder. Ek betaal daarvoor, dit kos my R3000.00. Ek koop vir daardie outjie kos, nou ek is - ek is nie in - en ek gee nie om nie, jy kan maar vry kom, ek gee nie om nie, ek kry nie veel swart mense in nie, maar hy het sy identiteit en ek het my identiteit en vanoggend toe roep ek hom, toe sê ek vir hom, kom hier in, en toe is die laai oop. Ek is besig om jou vraag te beantwoord, en toe sê ek vir hom, sien jy daardie leerling materiaal, ek het jou vertrou, en as jy wil voortgaan om vir my opleiding te doen, hy het al vir my opleiding gedoen want hy kan vier tale praat, en hy, ek het hom al bietjie mooi ge"polish" en ek hom nou al op die kursus gestuur ... (intervensie)

I:Goeie taal vaardighede.

P1:Ja. Hy het dit nogal in hom. Toe sê ek vir hom as jy wil aangaan met my, dan moet jy ook ophou om dit te doen. Toe vat ek hom na dinge wat nie reg gedoen is nie, wat ek hom al hoeveel keer gesê het, toe sê ek vir hom - nou gaan ek jou vraag antwoord - watter Nasie is jy, toe sê hy vir my hy is Tswana. Toe sê ek vir hom nou wil jy daardie K ou wees? Jy weet nou waarvan ek praat, ek wil nou nie die woord gebruik nie. Toe sê hy nee Oupa - hy noem my Oupa, toe sê ek nou moet dan nie soos een optree nie, want dan, daar is die hek. Nou loop jy. Toe sê ek vir hom, soos jy 'n Tswana is, so is ek 'n Boer, toe lag jy. Toe sê ek vir hom, hoekom lag jy vir my, hoekom lag jy vir my toe ek vir jou sê ek is 'n Boer, want ek is 'n Boer, ek is 'n Afrikaner Boer. Soos jy 'n Tswana is, so is ek 'n Afrikaner Boer.

I:Korrek.

Appendix C: Interview Transcripts

P1: Ek het 'n bietjie probleem met die definisie van Boer, ek sal nou daarby uitkom, want ek sien hom in 'n ander lig. Toe sê ek vir hom, jy sal nooit weer vir my lag nie as ek vir jou sê ek is 'n Boer nie, want ek respekteer vir jou omdat jy 'n Tswana is. Hierdie Boer se kos sit op jou tafel. Hierdie Boer het jou op kursus gestuur. Hierdie Boer - hy sê Oupa, ek sê ek wil klaar praat, ons gaan nou klaar praat. Ek's 'n Boer en ek is trots om 'n Boer te wees. Ek is 'n Afrikaner en ek is trots om 'n Afrikaner te wees, maar ek respekteer jou, ek het jou gesê jy moet 'n bietjie beter leer Afrikaans praat want ek het dit nodig hier in my opleiding, dis al rede, ek sê ek respekteer vir jou omdat jy Engels is en ek praat met jou Engels, ek respekteer omdat jy 'n swart man is, ek kry jou jammer omdat jy, jy is, dit gaan nie vir my oor jou velkleur nie, dit gaan vir my oor jy as mens. Flip ek het nie myself gemaak nie. Net so min het daardie man homself gemaak. Of jy. Die Oubaas daar bo het ons gemaak. Hy het besluit - ekskuus wat is jou van nou weer?

I: Wessels.

P1: Hy het besluit, jy sal Flip Wessels wees. So het hy besluit dat ek sal [REDACTED] wees, [REDACTED] is maar sommer 'n bynaam want my Pa was ook [REDACTED], nou ons het nie beheer daarvoor gehad nie.

I: Korrek.

P1: Hy het my in Suid Afrika laat grootword. Hy het my blootgestel aan Afrikaans. Hy het vir my 'n Afrikaner gemaak, hy het my so geskape. Ek het geen beheer daarvoor gehad nie. So het hy daardie swart man geskape. So hoe kan ek nog - daar is my Suid Afrikaanse Landvlaggie man, daardie vlaggie was - daardie vlaggie kom van my lessenaar af. Kom haal dit daar af, ek daag jou uit. Maar daar is 'n ander een. Hy's ook daar.

I: Dit is tog deel van u ... (intervensie)

P1: Dis deel van my lewe daardie.

I: Ja.

P1: Die hede en die verlede. Ek leef nie in die verlede nie, maar dis deel van my lewe gewees, ek is trots oor daardie vlaggie, ek het daardie vlaggie gesalueer in die verlede dat ek hoendervleis gekry het. Dit sal ook seker maar gebeur het as ek onder daardie vlag gewerk het, alhoewel ek nie baie van daardie vlag hou nie, maar dit begin vir my mooi word. En ek is trots om 'n Afrikaner te wees, want ek is 'n Afrikaans sprekende Afrikaner. Daar is Engels sprekende Afrikaners ook.

I: Ja.

P1: 'n Afrikaner is nie noodwendig wit nie.

I: Ja. Nee, vir seker, daar is 'n verskil.

P1: Daar is bruin Afrikaners ook, daarom hou ek van jou as jy praat van wit Afrikaners. Daar is bruin Afrikaners. En daar is ook nie net Boer Afrikaners nie, daar is Engelse wat Afrikaners is, dis miskien beter om te sê Suid Afrikaners, maar ek het 'n probleem met 'n ras georiënteerde funksie van die woord Boer, jy verstaan?

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja. Ek dink dis hoekom ons nou die twee skuif van mekaar, natuurlik om die Afrikaner in terme van sy kultuur te verstaan, en dan he happens to be white.

P1:Dis reg.

I:Ja maar dit beteken nie dat daar's nie so iets soos 'n bruin Afrikaner sogenaamde Kleurlinge soos wat ons hulle noem en al daardie tipe van dinge nie.

P1:Ja maar om af te sluit, ek is nie skaam om 'n blanke Afrikaner te wees nie. Ek is trots daarop om 'n blanke Afrikaner te wees.

I:En watse rol speel u taal, om Afrikaans die taal te praat, watse rol speel dit in u lewe?

P1:Wel, op die oomblik doen ek alles, dis nou nie my wil nie, in Engels. Maar dis eintlik ook nie vir my 'n probleem nie, want in die Weermag was ons volledig tweetalig. Ons het 'n Afrikaanse maand gehad en ons het 'n Engelse maand gehad. In die Engelse maand moes alles in Engels gedoen word. Nou ons het dit baie keer ge"gypto" maar okay oor 3 dae is dit nou weer Afrikaans, dan hou ons dit maar oor vir Afrikaans.

I:Dit was mos respekvol gewees om dit so te gedoen het.

P1:Ja. Toe ek by die Leër Kollege was, was ek genoodsaak om een dag Afrikaans klas te gee en een dag Engels klas te gee. Ongeag wie voor my sit. Die Afrikaans sprekende outjie kon vir my in Afrikaans sê, my rang was 'n Majoor daardie tyd, Majoor ek verstaan nie mooi wat jy sê nie, wil jy dit nie net vir my in Afrikaans herhaal nie, dan het ek dit vir hom in Afrikaans herhaal as ek nou die dag in Engels klas gee, en die omgekeerde.

I:Ja.

P1:Verstaan? So ons was volledig tweetalig in die Weermag. En selfs het swart tale later bygekom met die stigting van die Kleurling Bataljonne en die 21 Bataljon, die ... (onduidelik) wat ons gehad het, maar spreek taal, skryf taal, was Afrikaans en Engels. So hierdie outjie het grootgeword met Afrikaans en Engels, okay? So ek het 'n kleitjie in die skoot laat Afrikaans afgetakel moet word, want Afrikaans is deel van Suid Afrika. Engels is ook deel van Suid Afrika so daardie twee tale is deel, maar daar is ook ander tale wat eie is aan Suid Afrika en ek respekteer ook daardie tale.

I:Dis reg.

P1:En ja, so ek is jammer ek kan nie nog van die swart tale praat nie, dit sou vir my verskriklik baie beteken het in wat ek tans doen want ek lei 99% swart mense op. Ek is 'n ... (onduidelik) ek leer mense vaardighede, dis die opvoedingsproses, ons probeer hierdie ouens ophef, dis waarmee ek betrokke is, en dis ook die rol van die Weermag ten tyde van die Bos Oorlog, om daardie ouens op te hef.

I:Ja.

P1:So ja, ek is, Afrikaanse is deel van my lewe, ek verwag jou, as ek in 'n winkel instap, ek praat met jou Afrikaans, dan verwag ek van jou om Afrikaans terug te praat. En as ek nou agterkom jy probeer met my Afrikaans praat maar jou Afrikaans is nog nie so goed nie, dan gaan

Appendix C: Interview Transcripts

ek jou ook nie afskiet nie, dan ek oorslaan na Engels toe en ons gaan aan met ons lewe. Maar jy gaan verseg om met my Afrikaans te praat, het ek al omgedraai en geloop. As jy vir my sê Meneer ekskuus ek - in gebroke Afrikaans, ek kan nie Afrikaans praat nie, ek kan nie Afrikaans verstaan nie, dan sal ek dit aanvaar. Maar as jy bloot uit 'n rassistiese oogpunt of uit 'n taal oogpunt want as jy verseg om met my Afrikaans te wese en jy's waarskynlik van die ander rasse dan kom daar 'n mate van rassisme nou voor en dan ervaar ek dit rassisties.

I:Ja.

P1:Want ek het nie rassistiese bedoelings nie. Want ek was nog nooit in my lewe 'n rassis nie. Na my loopbaan in die Weermag het ek 1200 swart mense in Soweto onder my bevel gehad wat ek toegedeel was deur die SA Polisie en daar was gevalle waar ek groot kollegas gehad het onder die swart mense. So ek het nie 'n probleem met 'n swart man nie. Ek het ook nie 'n probleem met sy taal nie. Ek waardeer sy taal, ek respekteer sy taal, maar respekteer my taal. My taal is - my eerste taal is Afrikaans, my tweede taal is Engels. Hier is alles Engels op die oomblik. Ek het nie 'n probleem daarmee nie.

I:So dit klink vir my ... (intervensie)

P1:My vrou sê baie keer vir my, my man, hou op om in Afrikaans te dink. Dan moet ek eers weer oorskakel en Engels dink.

I:Ja.

P1:Sy sê kortliks vir my, Bert jy dink nou weer in Afrikaans. Dink nou Engels. Jy's besig om in Engels te skrywe, dan moet ek nou eers sê all right, dan moet ek eers my re-adjust to that. So ek hoop ek het jou vraag geantwoord.

I:Ja dit klink vir my asof wat vir u belangrik was, nog steeds is, is die beginsel van wedersydse respek. Want dit speel 'n baie groot rol in die Weermag.

P1:Vir seker. Onthou, ek het verskillende taal groepe daar gehad. Onthou ek het dienspligtiges gehad. Ek het op 'n stadium twee duisend twee honderd dienspligtiges onder my beheer gehad. En daar was Engelse, daar was Jode, daar was Skotte, daar was Afrikaners, daar was druggies, daar was Tarzans, jy weet, daar was Mamma se ou seuntjie, hulle was almal daar, jy verstaan? So ek moes hulle almal respekteer. Daar was verskillende gelowe gewees, daar was die Jode, daar was Hervormers, daar was Apostoliese Gelowe, NG kerk ouens, daar was ... ag jy noem hulle, hulle was almal daar. Ons moes almal mekaar ondersteun en respekteer. Ek kon nie - ek kon nie gesê het ek is 'n NG ou ek kon nie gesê het dis nou NG nie. Ek kon nie vir 'n Kapelaan gevra het, hoor hier wat is jou kerksverband, hy is 'n Kapelaan, man.

I:En as die Bevelvoerder heeltemal anders as jy was, sê nou dit was kom ons sê dit was dalk 'n Kleurling, en jy respekteer die rang. U het nie gesê maar jy praat dalk Engels so daarom gaan ek nie luister na wat jy sê nie.

P1:Verstaan jy?

I:Daardie respek en dissipline was ingegrond.

Appendix C: Interview Transcripts

P1:In die Weermag het hulle in my klas gesit. Kleurlinge, Swartes, Blankes, almal. Ons het geen onderskeid gemaak nie. Die Weermag het nooit 'n onderskeid gemaak nie. Ek moet jou sê die eerste keer was ek ...toe roep my Diensoffisier my in en lig my in op ... (onduidelik) Basis, hier kom so 'n klomp van die Swartes in die Menasie bly, Jis, maar hulle het nie die ouens gewaarsku nie, ek was ook nie gewaarsku nie, en dis nou waaroor dit - ag ek praat van, sjoe, ek kan nie eens onthou nie, dit was lank terug man, die Nuwe Suid Afrika was nog nie eens in 'n embrio stadium nie, en ek kom daar en toe sit die swart manne daar. Ek sê wat nou, hy sê nee die ouens is honger. Het julle nie kos nie? Ja hulle het, hy het vir hulle - hulle het geweet daar kom mense maar hulle het nie geweet dit is swart mense nie. Toe sê ek maar julle het nou iets voorberei vir die manne, gee vir die mense kos. Hy sê maar hulle is swartes, ek sê ha, hulle eet ook. Nes ek en jy. Hulle het ook Brown's aan. Gee vir die manne kos. Maar waaruit? My magtig het jy nie borde nie? Het jy nie vurke nie? Ja hy het. Maar gee die mense kos. Het jy vir hulle slaapplek hier? Nee. Maar gaan kry vir hulle, jy het mos geweet hier kom honderd mense, jy het mos kos gemaak, jy het vir hulle slaapplek gereël. Wat is jou probleem? Ja maar hulle is swart. Ek sê ek het nie nou Jik om hulle wit te verf nie, anyway dit is verkeerd om hulle te paint. Gee die mense akkommodasie. Dis - hierdie is soldate man.

I:Dis net menslik, hulle is soldate soos ek en jy.

P1:Yes die ou, die ouens was nie blootgestel daaraan nie, jy weet?

P1:Hy kon nie daardie mind shift ...

P1:Okay ek het nie 'n keuse gehad nie, ek het geweet ons moet die ouens daar akkommodeer, ek het nie gebesef wie kom nie, jy weet, hulle het ons nie behoorlik daarvoor ingelig nie, maar okay miskien sou hulle dalk ander reaksies gehad het as van die ouens aanvanklik geweet het, voorheen ingelig was. Onthou net een ding, ons het in die manier grootgeword wat dit verkeerd was. Jy weet jy het nie uit dieselfde koppie gedrink as 'n anderkleurige nie, jy het nie dieselfde goed gebruik nie.

I:Ek dink dis wat mense partykeer mis, dat die milieu anders was, want baie keer word daar gekyk na mense, kan jy maar sê, wat grootgeword het gedurende die Apartheidsjare wat gedien het in die SA Leër, maar hulle kyk deur die bril van post 1994 Suid Afrika, en hulle kyk nie deur die bril van die "50, 60"s, wat gebeur het, die koue oorlog en daardie tipe van plek in die geskiedenis, wat gebeur het.

P1:Hulle ken nie die bedreigings opbou. Onthou die bedreigings opbou kort na '48 begin.

I:Korrek.

P1:Hierdie ou het die bedreiging geanaliseer, hierdie ou het die bedreiging bestudeer, ek kan nou nog vir jou stukke gaan uithaal. Ek gaan ook nie meer verder daarvoor praat nie, maar al wat ek vir u sê dit was ... (intervensie)

I:Ek dink dit gaan nog opkom, soos met die ander vrae waaroor ons nou gaan praat, want net vlugtig, daar was amper - daar was 'n mispersepsie, misverstand, en selfs 'n veroordeling van mense wat rolle vervul het, soos byvoorbeeld in die Suid Afrikaanse Weermag. Baie keer wat hulle sal sê in die populêre media en goed, of julle

Appendix C: Interview Transcripts

het Apartheid verdedig, of julle het gaan skoor soek in Angola, jy weet dit is die populêre goed wat daar buite gegooi word, maar dis weereens omdat hulle deur daardie bril kyk, hulle kyk deur die bril van heel eerstens weet hulle nie wat die feite was nie, nommer een, en nommer twee weens hulle eie propagandas of agendas of daardie tipe van goed. Die grootste fout is die geskiedenis fout wat hulle maak.

P1:Kom ek lees vir jou iets.

I:Ja.

P1:Days of the Generals, opgestel deur Hilton Hamman. Net kortliks, heeltemal anders as die Nasionale Dienspligtiges.

P1:Laat ek net neerskryf, Days of the Generals.

P1:Days of the Generals deur Hilton Hamman. Hy was 'n Nasionale Dienspligtige maar hy was ook 'n mannetjie wat 'n Maatskaplike rol gehad het in die Weermag, hy was reeds 'n - sover ek kan onthou, 'n opgeleide joernalis, so hy het toe as 'n Militêre korrespondent al opgetree.

I:'n Bietjie van 'n objektiewe oogpunt.

P1:Ek gaan net so een paragrafie vir jou lees.

I:Ja, vir seker.

P1:Dit antwoord jou vraag.

"The idea for this book came about when my younger son after watching a television news broadcast said to me, Dad when you were in the Army, why did you kill all those innocent people? It seemed a report about the Truth and Recommendation Commission and submissions about the activities about the former South African Defence Force. It seemed a report about the Truth and Recommendation Commission. I was flabbergasted, was his opinion typical of the way future generations would see the South African Defence Force and that the plus half million ordinary men and women of all colours, creeds and presages, were part of it, would we former soldiers be judged on the basis of a 30 second television news bite? On the reports of journalists who had never been there and who firmly believed in the motto, don't let the facts get in the way of a good story. People will more often than not refuse to test allegations always seemingly made by unnamed sources. Would history be based on the findings of the Truth and Reconciliation Commission that looked at as if he had already made up his mind long before the first submission was made."

I:Presies.

P1:En dis wat vandag aangaan.

I:En dis vanweë my belangstelling en navorsing vandaan kom. Is dat daar is 'n totale gebrek, onkunde, noem dit wat jy noem, in terme van mense wat self daar was, en nou maak hulle kommentaar terwyl hulle nie deur die brille van daardie tyd nie, waar hulle nie na 'n mens toe gaan wie daar was en wat betrokke was nie, en dis hoekom my rede vir hierdie onderhoude is, omdat out of a horse's mouth, kan jy maar sê te kry, in plaas van om mense se menings of hulle opinies te werk. So die volgende vraag lei eintlik baie goed of sluit baie goed aan

Appendix C: Interview Transcripts

daar. Hoe voel dit om n werk afgetrede, eks SAW Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika te wees? Ek weet hy is n bietjie convoluted

P1: Okay. Daardie vraag is baie maklik beantwoordbaar. Ek gaan begin deur wat deur wat eergister gebeur het. Ek gaan sy naam noem, ek hoop hy gaan my vergewe. [REDACTED]. Toe ek nou hier besig was, ek was in een van my voorbereiding fases vir hierdie, want hierdie - hierdie oefening kon my hele lewe verander het, hulle kon my afskiet, wat deel van die ... (onduidelik) proses, finale proses, reeds omdat, you are competent or you are not competent, jy ken daardie teorie, toe sê my vrou vir my dis [REDACTED] self wat vandag hier is, ek word yskoud, want hy is groot, wat is [REDACTED] se posisie nou daar? Hy's basies omdat hy - CEO nê? Ja.

I: Hooggeplaaste.

P1: Ja hy's n Meneer. En hy het die waarneming gemaak. Hy het seker maar hier gekyk, ek weet nie of jy daar gekyk het nie, het jy gesien wat daar aangaan?

I: Is dit n Medalje, medaljes en ...

P1: Okay, hy het begin Army praat, en so toe het ek 'n foto of twee hier uit die laai uitgehaal, en van daardie goed wat weg was, jy weet, daardie goed wat ek nie kon kry nie.

I: Ja okay.

P1: Jy weet, en my vrou het dit vir my vreeslik mooi weggebêre, sy het die kaart so oorgepak, maar hy het onmiddellik sy attitude verander. Hy het dadelik vir die junior outjie wat saam met hom was, gesê gaan, en hy't gesê gee julle om, want ek het n paar takies om uit te voer, as ek maar hier met my eie dingetjies aangaan. Wat het daaruit vooruitgespruit? Die feit, hy was self n dienspligtige, hy was n Troepie, die feit dat hy geweet het wie is ek as n soldaat, wat ek gedoen het, wat was my agtergrond, wat het ek bereik, het onmiddellik, en hy het vir my dit hier by sy kar gesê, op ease gesit. Hierdie ou weet wat hy doen.

I: Dit was die boodskap.

P1: Ja. Ek hoef nie verder te worry nie, eintlik het hy vir my gesê, [REDACTED] weet jy, en die eerste vyf minute het ek dit al goedgekeur, maar ons moes ongelukkig deur die proses gaan.

I: Deur die proses gaan.

P1: So vir my om vandag n blanke afgetrede soldaat, eks Offisier te wees, is vir my in die eerste instansie dit was vir my n eer, want ek het nog steeds my agtergrond, dit sal jy nooit van my af kan wegvat nie, ek kan my rang agter my naam skryf, ek moet net daar aft. skryf om te wys dat ek afgetree is, ek is nie meer aktief nie, ek is afgetree, daarom kan ek net sê, daarom neem ek deel aan Veteraan aktiwiteite om oud kollegas te sien en om eer te betoon aan ouens wat ons vooraf gegaan het, wat die hoogste prys betaal het, haar eie man of hoe oud was jy toe Mike oorlede is Mamma?

(Vrou: Vier en twintig)

Verwagting, drie maande?

Appendix C: Interview Transcripts

(Vrou: Sewe maande)

P1: Sewe maande verwagting, toe is haar man doodgeskiet in 'n Operasionele Gebied. Die ouens wat daardie prys betaal het. So ek is trots gewees om 'n soldaat te wees, ek is trots om te sê ek het die voorreg gehad om 'n Offisier te wees, ek is trots om te sê ek het die voorreg gehad om die Oorlog te baklei, ek is trots om te sê ek het 'n bydrae gelewer om die oorgangstydperk na demokrasie toe te bewerkstelling. Ek is trots om te sê dat ek was deel van die Operasie laat ons nie 'n bloedbad in Suid Afrika gehad het nie, maar dat die oorgang vreedsaam kon wees. Ek is trots om te sê dat ek deel van 'n Weermag was wat die grond gelyk gemaak het om vir die politikusse dit moontlik te maak om te kan onderhandel.

I: Ja. Ek dink dis 'n fantastiese antwoord. Dan soos wat ek nou hier sien, u Militêre memorabilia wat u daar het in die show cases is iets waarop u trots is.

P1: Ja want ek dra daardie goed elke dag en ek sien, ek het nou nog my baadjies, ek het gisteraand my een baadjie aangehad. Ons gaan nou weer na die Muur van Herinnering toe. Daar, ons dra ons medaljes, ons is Veterane, ons groet mekaar, ons omhels mekaar, ons is bly om mekaar te sien, jy kan my vrou vra, een maal 'n maand kom ons Infantry ouens bymekaar, wat is jou - jou gevoel daar, hoe voel ons oor mekaar?

I: Dis 'n baie hegte verhouding, dis partykeer baie hegte as familie party keer, as die ouens in jou eie familie.

P1: Gaan net daar in die Internet, ek wil net gou terwyl ons praat, ek wil net hê hy moet dit sien. Gaan nou daar na Vossie se nuusbrieff toe. Dit gaan net vir jou die finale antwoord gee op jou antwoord.

I: Die finale afsluit ja.

P1: Maar dit - want jy gaan hierdie ding baie kry by baie ouens wat jy mee gaan gesels, ek wonder of daar 'n ou is wat nie aan die ding behoort nie.

I: My volgende vraag is, in u opinie, wat dink u sou ander persepsies rondom wit afgetrede Afrikaner oud soldate gewees het in die verlede, en hoe dink u sien hulle hierdie groep nou? Ek weet ander is nie 'n bietjie vraag op skryf.

P1: Hierdie is 'n politieke vraag, maar ek gaan hom antwoord, ek gee nie om nie. Die gewone Afrikaner, of kom ek - die gewone burger in die straat het nie 'n probleem nie. Dit het ek weer gisteraand ervaar. Die gewone ou in die straat, selfs die soldaat, selfs MK wat ek gisteraand ontmoet het, want hulle uniform is die Suid Afrikaanse Nasionale Weermag, maar ek ken die formasie hier in Steak Valley, het my steeds as oud soldaat gerespekteer.

I: Ja.

P1: Het vir my gesê Kolonel kan ek vir jou 'n drankie koop. Hulle het my glad op my rang aangespreek. Hulle het my op my rang gerespekteer. Hulle het my kennis en ouderdom gerespekteer. Selfs een ... daar was een of twee ouens wat vir my 'n hoë rang het as wat ek gehad het, maar my ouderdom en my ervaring, hoe het 'n ou vir my gesê, ek wens, ek wens ek het jou ervaring vandag in die rang wat ek is, verstaan?

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja. Maar selfs waardeer, nie net respek nie, maar waardeer.

P1:Die gewone ou in die straat het geen probleem nie. Jy moet net een ding onthou. Dat ek sal enige ou vra, wat vandag 48 en ouer is, wanneer het jy Nasionale Diensplig gedoen, ek sal hom nie vra, het jy Nasionale Diensplig gedoen nie, ek sal hom vra, wanneer het jy dit gedoen. So hier's 'n groot gros mense wat blootgestel was. Dan is daar 'n geslag mense, soos my dogter, wat vir my hierdie boek koop en sê lees hom, dit gaan jou vraag antwoord vir die volgende geslag.

P1:Wat ek hierso lees is, dankie vir Pa se ondersteuning, aanmoediging en liefde, dankie dat Pa soms dinge sê wat ek nie wil hoor nie, al moet ek, en dankie Pa, Pa is. Lief vir Pappa.

P1:Daardie geslag na ons, ekskuus ...

I:Nee, honderd persent.

P1:Ek weet (huil)

I:Dis moeilik om hieroor te praat, want dit bring dinge terug, maar ek dink dit is betekenisvol.

P1:Ek dink my kinders sou sê dis ... (onduidelik - huil).

P1:Baie trots wees, jo!

P1:dis sy wat my vrou ver wag het, daar is hulle daar, baie suksesvol. Daar is Trudie, hy is 'n assistent bestuurder by die Hilton Hotel, hy het nou in hierdie igting ingegaan. Hulle het in 'n Militêre perseel grootgeword. Trudie was nie blootgestel daaraan nie, ek was reeds uit die Mag uit, Helene en Linda is daaraan blootgestel, ons spot nog vandag daaroor, hulle het inspeksie gestaan man. Hulle ma het hier gesê het jy gekyk hoe lyk daardie twee meisiekinders se kamers, toe sê ek (fluit-fluit) ek gee julle 'n halfuur. En dan staan jy by Helene se kamer en Helene jy staan by Linda se kamer, dan kom hou ek inspeksie tot daardie kamers reg is. En ek het hulle geleer, dis maar in grapperige wyse, Pa, Helene se kamer is reg vir inspeksie. En dan kyk ek en ek sê nee haar kamer is reg, nou gaan doen dieselfde in jou kamer. All right. Daardie geslag is deurgetrek, ek het dit gisteraand weer ervaar. Ons het die video hierso. Ons het so 'n paar maande terug een van my oud kollegas toevallig by dieselfde plek waar ek gisteraand was, begrawe, daar was twee geslagte wat ek nie eens geweet het bestaan nog nie, wat gekom het en gesê het dankie, want ons het hom mos so semimilitêre begrawe, wat vir ons - ek het die ding begelei, wat vir my kom sê het agterna, Oom baie dankie. Oom baie dankie dat jy dit aan my Pa betoon.

P1:Aan my Pa Eer betoon, ja.

P1:Nee eerlik dit is nie Kat se kinders nie, Kat se kinders se kinders. So wat ek jou probeer sê is, dis nie net ons Weermagsouens nie, die invloed wat ons uitgeoefen het deur ons voorbeeld, en dis wat ek daar probeer laat uitbring het, op ons eie kinders het - in geslagte inbeweeg.

I:Daardie waardes is oorgedra na die ander geslag.

P1:Sover dat ek gisteraand, en ek het dit netnou vir jou gesê, wat die Nasionale Weermag, daar is 'n bietjie wrywing, ek weet of daar 'n

Appendix C: Interview Transcripts

vraag gaan uitkom nie, vir ons wat sê hulle gaan hierdie goed vir ons gee, dit moet bewaar word, uit die monde van mense van die Suid Afrikaanse Nasionale Weermag, ons gaan dit vir julle gee, dat julle ouens vir ons dit bêre, want dis deel van ons geskiedenis. U kan dit nie weg wens nie Hierdie ding het begin in die - die groot ding het begin in 1960, 1961, het Suid Afrika hom begin voorberei vir die aanslag wat teen hom gaan kom. En ek is een van daardie werwings wat in 1962 vir daardie doel gewerf is. Die groot werwing was in 1961, 1962. En dit gaan nog geslagte vat, en wat vir my belangrik is, en ek kan dit vir jou nou wys, my vrou kan dit vir jou gaan uitbring, vir die eerste keer, vir die eerste keer kan die - wanneer is ons by die muur, 3de Junie nê Mamma? Vir die eerste keer op die 3de Junie gaan die Suid Afrikaanse Nasionale Weermag verteenwoordiging daar hê. Gaan hulle ook eer betoon aan die Suid Afrikaanse soldate wat in hierdie stryd geval het. Want ons betoon al lankal eer aan hulle. Nou jy weet die konflik tussen die Monument en Gert Opperman, Generaal Gert Opperman en Vredeshoutspark, ons het al 'n pad gemaak tussen die twee. Boys kom kyk hier, welkom, ons wil ook soontoe gaan, ons strek ons hande uit. En dit is besig om te gebeur. Dis besig om te gebeur, want dis bietjie polities, die glamour agter Nelson Mandela, is weg. Maar ek gaan nou 'n ding sê en dit gaan op die tape wees, wat dink jy gaan vandag met jou gebeur as jy vanmore 'n Staatsgreep op Suid Afrika wil gaan toepas? Wat gaan met jou gebeur in hierdie land? Wat gaan hulle met jou maak?

I: Ek dink almal gaan bydra.

P1: Hulle gaan jou toesluit. Is ek reg?

I: Ja.

P1: Wat het Nelson Mandela gedoen? Hy wou die land oorvat. Wat het hulle hom gedoen? Hulle het hom toegesluit. Wat sal nou gebeur as enige burger in Spanje kom en hy wil die land oorvat, hy wil 'n Staatsgreep toepas, wat gaan hulle met hom maak?

I: Dieselfde maak.

P1: Jy kan mos nie 'n Landswet oortree en dan skotvry daar uitkom nie. Daar kan baie oor gepraat word oor hoekom hy dit gedoen het, daar kan seker baie gepraat word, maar was dit regverdig, dis 'n ander gesprek. Die feit van die saak is, as jy hier by my huis uitry is hier 'n vierrigting stopstraat met 'n groot bord wat sê S-T-O-P, stop. Wat sê die Wet vir my? Hy sê jy sal hier stop. En as jy nie hier stop nie oortree jy die Wet, of jy nou daarvan hou of nie. En as jy die Wet oortree en 'n verkeersbeampte sien jou, gaan hy jou beboet. Dis die Wet. Jy kan nie Landswette oortree nie en sê onder die dekmantel van - ja maar, wat ook al nie.

I: Wat u motivering ook al is.

I: En daardie - daardie glamour is besig om te verdwyn.

I: So dit klink asof die - want dis inherent en daar is 'n vraag oor die transformasie in die Weermag, wat post 1994 gebeur het, want toe moes die SAW geïnkorporeer word in die Nasionale Weermag en MK en APLA en almal is geïntegreer, ons sal nog daaroor praat.

P1: Het ek jou vraag geantwoord?

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja, u het. Ek wil net met u seker maak dat ek verstaan het. Klink asof jy vir my sê dat u bydrae in die SAW en die soldate saam met u, het eintlik 'n wyer invloed gehad as net daar.

P1:Vir seker.

I:Dit het 'n invloed op geslagte daarna gehad en nie Militêr, so eendimensioneel in 'n Militêre sin nie, maar dit het waarde ... (intervensie)

P1:Dit het waarde toegevoeg.

I:Dit het waarde toegevoeg, dit het hoe ook al populêr of onpopulêr die SAW was, hy het 'n rol gehad om te speel.

P1:Seker.

I:En in u opinie, daardie rol is iets om oor trots te wees.

P1:Vir seker ja.

I:Daar's hy, okay ek is bly dat ek dit kan verstaan. Die volgende vraag is - word eintlik maar gelei uit die vorige vraag uit. In u ervaring hoe word wit afgetrede SAW Afrikaner oud soldate in die Suid Afrikaanse samelewing uitgebeeld? So ons praat nou van die hier en nou. En kyk dis maar dinge soos die media ... dinge soos dit.

P1:Ja kyk die media - ons moet net onthou ... (intervention)

I:Moet jou nie beperk daartoe nie.

P1:Jy weet ek was nou lank 'n bedienings Nasionale Raad van die SA Weermag Vereniging en toevallig was my portefeulje gewees openbare skakelbeampste en media skakel. So ek het nou baie met die media geskakel en omdat ek nou 'n eks inligting man is, ek het later na Inligting beweeg, was dit nou maar my portefeulje, en ag ek het baie keer Generaal Raymond Holtzhausen daar was ou Toon Slabbert die Voorsitter, en ou Raymond hy was maar, Ma sal jy net daardie foto vir interessantheid vir Flip wys? Daar was ons besig met voorligting vir die doelstellings somewhere hier in Noordkaap vir die Nasionale Weermag, dat hulle vir my vra, [REDACTED] wat sê jy, dan sê ek ag weet jy wat, ons sê niks. Ons sê niks want dis nie die moeite werd om 'n opmerking te maak nie. Verstaan? Ja, daar word baie disinformasie versprei. Onthou die media wil sy belange verkoop man.

I:Ja, soek daardie sensasie.

P1:En onthou die politikusse wil geluide maak dat die ouens wil stem. 'n Ou moet net deur die filter kan kyk, en ek dink dis een van hoe ons die soldate ook opgelei het. As jy hierdie boek nou lees, as jy hierdie boek lees dan sal jy koud word oor disinformasie in die Oorlog. Nie net die SA Weermag nie, en daardie disinformasie het nie opgehou nie. Daardie propaganda het nie opgehou nie. Daar is 'n geweldige propaganda aanslag, hulle het hom neergestort, teen die SA Weermag en ook teen die oud soldaat. En dit is die een rede hoekom jy vandag die voorreg het om hier te sit, want ek hoop dat hierdie navorsing van jou kan 'n bydrae lewer om dit publiek te maak. Want my visie - my visie was in die Suid Afrikaanse Nasionale Weer - SAWV as 'n Veteraan en vandag nog my betrokkenheid as 'n Veteraan is om daardie beeld om te draai. Ek gaan 'n boek skrywe by die naam, dit speel 'n bydrae tot die Bos Oorlog, die verhaal wat nooit vertel is nie. En

Appendix C: Interview Transcripts

dit het gisteraand al hier begin, dit gaan rondom hierdie goed. Ek is toevallig banker bul van daardie SAWV banker wat jy daar sien. Ons gaan daardie verhaal vertel en ek hoop dat hierdie bydrae van jou kan daardie skewe deel, en daar is nog 'n direkte aanslag op ons as individue en op die Weermag in sy geheel. Ek gaan afsluit deur te sê toe ons Magnus Malan se Erediens bywoon, jy weet wie's Magnus Malan?

I: Dis reg.

P1: Hier in Pretoria Oos, toe was daar 'n polisie verteenwoordiging wat geskrik het vir niks. Toe staan ons nou daar voor die diens begin het, sy liggaam was in die Kaap, ons het net 'n eer betoon hier omdat hier baie oud soldate is, ons het 'n groot diens gehou, dit was 'n groot diens, toe staan ek en Gert daar, toe sê ek vir hom Gert kyk nou hier, ek sê wat dink hierdie ouens, ons is ongewapen, ons is ou mans man, hier loop ouens met kieries rond. Ons kom groet 'n ou vriend, man, ons kom 'n oud kollega, ons kom groet 'n ou Weermagshoof. Wat probeer hulle vir ons sê? Dit het nie opgehou nog nie. En ek dink hierdie verhandeling van jou hoop ek kan 'n bydrae lewer. Dis hoekom hierdie boek ook op die tafel lê.

I: 'n Bewuswording.

P1: Dis hoekom hierdie ouens skrywe. Dis hoekom Jannie Geldenhuys die boek geskryf het, Die Wat Daar Was, jy weet. Om die waarheid te vertel.

I: Dis waar.

P1: Want die leuen het die waarheid geword. Die disinformasie, did propaganda het nie opgehou nie.

I: Want disinformasie en propaganda is deel van oorlog voering, dis 'n deel daarvan.

P1: Natuurlik is dit 'n deel.

I: Die disinformasie, die oorlog in 'n sekere sin het nie gestop nie.

P1: Dit het nie gestop nie. Nie in daardie geval nie.

I: Nie in daardie konteks nie.

P1: Nie in my opinie nie. Ek mag verkeerd wees. Maar ek ervaar as ek die koerante lees ... (intervensie)

I: U ervaar dit so.

P1: Ek ervaar dit, kort-kort gebeur daar iets. Kort-kort gebeur daar iets. Dan flash hy weer op, jy weet, dan is dit ook een van die redes hoekom ek besluit het ag, nee ek het nou genoeg gehad, ek gaan eerder met my besigheid aan, ek is nie meer lus nie, ek - so ons sal nog by daardie antwoord kom. Dis nou - dis my ervaring.

I: Maar dit klink ook nie of dit u heeltemal afsluit in die sin daarvan ag man as hulle wil glo wat hulle glo so be it nie.

P1: No ways.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Daar's nog steeds hierdie uitgestrekte hand van soos wat u gesê het in daardie geleentheid waar u met daardie MK, eks MK Nasionale Lid gepraat het, is daar - daar's nog steeds al hierdie uitreikende hand.

P1:Dis reg, nog steeds.

I:Wat wil sê maar kom ons verstaan mekaar se plek. Jy weet, afhangende van aan watse kant jy gegaan het, kan jy of gesien was as 'n vryheidsvegter of as 'n terroris, of as 'n Staatsamptenaar of 'n dienaar van die Regering van die dag, of iemand wat apartheid verdedig het. Dit gaan oor daardie, hoe ken jy deur so en so en so, soos jy sê, al hierdie boeke wat geskryf is, hoe kan ons die feite op die tafel lê en half dit strip van die disinformasie en van die propaganda.

P1:Dis reg.

I:En dit klink dit is wat die politieke leiers gewoonlik ... (intervensie)

P1:Ek wil nog daarby kom ... (intervensie)

I:Om hulle belange te bevorder.

P1:Mamma gee my silwer visite kaartjie houertjie aan. So drie of vier maande terug, gaan ek na 'n ou vriend toe, ook in die besigheid wat ek in is, en hy het my spesifiek uitgenooi om 'n ... om bietjie raad te vra oor 'n besigheid situasie en hy sê vir my toe ons by die plek kom, hy't my opinie oor 'n gebou gevra, toe ek by hom - wat hy vir opleiding wil gebruik, as hy die gebou nou koop dan sal ek ook nog belangstel om daar 'n plekkie te hê, toe stel ek my aan David Lekaota voor. Nou David Lekaota is die broer van Lekaota van ...er... van Pat.

I:Patrick Lekota?

P1:Ja.

I:Okay.

P1:Sy broer, inteendeel, sy ouer broer.

I:Ja, okay?

P1:Praat, praat, praat, toe sê hy ek is 'n soldaat, so jy kan hoor van wat ek sê. Toe sê hy, toe sê [REDACTED], jy moenie dit vir [REDACTED] sê nie, [REDACTED] sal vir jou bliksem, hy's 'n oud soldaat. Toe sê hy maar dan bliksem ek vir [REDACTED] terug want ek ook is 'n oud soldaat. Toe sê ek stop, wie's jy? Toe sê hy man ek is 'n MK. Ek is trots ek was 'n MK. Toe sê ek dankie, hier's my hand, ek was 'n lid van die SA Weermag, net so trots. Ons het weer getjir, tjir, tjir, en weet jy wat toe gebeur? David het sy arm om my gesit, toe sê hy vir my, [REDACTED] ons is oud veterane, dis lekker om met die vyand te kan weer maats maak. Ons, ek en jy was nooit vyande nie, dis ons Regerings, dis ons politikusse, hy stem toe net saam toevallig met die ANC se politiek, teenoorgestaan met sy broer se politiek, hy het 'n interessante waarneming, ek gaan nie nou daaroor uitbrei nie, ons twee is maatjies daar uitmekaar uit. Hy het vir my sy visite kaartjie gegee, ek het hom myne gegee. Kyk waar lê hy. Ek het nie 'n probleem met 'n MK nie, man hy's 'n soldaat, hy't sy job gedoen, soos

Appendix C: Interview Transcripts

wat ek hom gedoen het. Hy was ook 'n lid van daardie Staatsdepartement.

I:U het eintlik respek vir die feit dat hy ook 'n soldaat was.

P1:As ons mekaar gesien het seker in die oorlog situasie, sou ons seker mekaar geskiet het, ja ons sou seker.

I:Maar dit was die konteks dan.

P1:Maar ons is nie vir mekaar kwaad nie. Weet jy waar kan jy die les leer? Jy kry twee bokkers, hulle klim in die kryt, dan slaat ons mekaar uitmekaar uit, nou as daardie laaste klok lui, as die een ou nie die ander uitgeslaan het nie, of selfs het hy hom uitgeslaan, dan omhels hulle mekaar. Hulle is nie kwaad vir mekaar nie, dis 'n sport. Alhoewel hulle mekaar nou half disnis geslaan het, of flenters geslaan het. Oorlog is dieselfde ding. Soldate voer 'n opdrag van hulle meerdere uit. En as dit verby is, ons is nie vir mekaar kwaad nie.

I:Julle is net weer mense.

P1:Ons sal mekaar doodskiet, ons is nie eens vir mekaar kwaad nie. Ons het nie 'n aksie teen mekaar nie, ongeag hoe hoog sou ons opgelei word, en dit is die mooiheid van 'n Veterane Organisasie. En dit is die probleem op die oomblik, waar die SA Weermag gemisken word en die Veterane Organisasie in Suid Afrika in daardie huidige portefeulje van Verdediging. Daardie dinge het nog nooit opgehou nie. Want ek sê nou vir jou, die man op die grond, daar is sekere uitsonderings aan albei kante wat dalk nie voel soos ons daarvoor voel nie, maar ek sê vir jou, ek wil so ver gaan en sê dat 90% plus van oud Suid Afrikaans Weermagslede, ongeag wat sy rang was, voel soos ek voel.

I:Ja.

P1:Ek kan dit uit gesag uit sê want ek beweeg nog daaglik tussen hulle. Daar's geleenthede wat ons skep om bymekaar te kom.

I:Ja. So dit klink vir my ...

P1:Jy kan net daarna kyk, jy kan sommer daardie met jou saamvat.

I:Ek sal beslis dit doen.

P1:Ons het hierdie netwerk hierso, Wel en Wee, Wel en Wee van Militêre Veterane. Dit kom een keer 'n week uit.

I:Ja nee ek sal beslis daarna wil kyk, fantasties. En dit wys maar net die kameraadskap.

P1:Ja.

I:In terme van dat julle is - julle is verweef in mekaar se lewens.

P1:Dis reg.

I:En julle praat oor die ou dae en oor wat julle daar gedoen het en so aan nie, dit is - dit is julle familie so ... (intervensie)

P1:As jy nou daardie netwerk, daardie mense, jy sou nie oorlog gehad het nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P1:Nee daar staan Raymond Holtzhausen, daar staan hy toe en slaap, jy weet. Raymond Holtzhausen was op 'n stadium Hoof Staf Personeel, ook 'n oud Infanteris. Lt Generaal Stewart Slabbert het afgetree as Brigadier, jy weet. So ons kom 'n lang pad saam, ons was saam in die Kollege gewees.

I:Dis rêrig diepgewortelde verhoudings wat selfs vandag toe nog hou.

P1:Ja, ek en Tiaan het ons eie opinies, maar ons is nie kwaad vir mekaar as soldate nie. Jy weet. Ons het so hier en daar 'n meningsverskil ... (intervensie)

I:Maar as een van julle drie uur die oggend bel, is julle almal daar.

P1:Ja, selfs toe - en my vrou gaan nou my ... (onduidelik) as Stewart my môre bel, nou het ons mekaar nodig, ek sal vir jou sê dan ry ek. Nie om die Land omver te gooi nie, nie om die Regering te wil verwoes nie.

I:Om daar vir mekaar te wees.

P1: Dis nie - ek dink ons het nog steeds die vermoë hier, dis nie meer die vermoë in ons hande nie, nog steeds die vermoë hier, ons kan steeds seker 'n Mag te oplei om groot hassles te maak. Want baie van ons lewe nog, ons gaan nou kwaai dood hoor. Want ons moenie vergeet nie, hierdie ouens wat hierdie oorlog eintlik baklei het, wat hierdie Weermag eintlik gemaak het, is almal hier 65 plus.

I:En dis 'n moeilike tyd om in 'n ou se lewe te wees waar jy dan afstand moet maak van daardie kamerade met wie u ... (intervensie)

P1:Jy kan my vrou vra hoe treurig gaan ons begrafnis toe gaan.

I:Watse effek het dit op u?

P1:Ag dit, dis - jy groet - Jy groet 'n vriend.

I:Die MOTHS doen dit ook.

P1:Ja, ek behoort nie aan die MOTHS nie omdat ek voel die MOTHS gaan oor die Tweede Wêreld Oorlog. Maar die MOTHS is besig om dood te gaan.

I:Dit is 'n baie meer gekonsentreerde ...

P1:Baie oud Weermag ouens het by die MOTHS aangesluit want daar was nie 'n organisasie nie. Dis een van die doelwitte hoekom die Suid Afrikaans Nasionale Weermag ... (intervensie)

I:Veterane.

P1:Hoekom die Suid Afrikaanse Weermag Vereniging gestig is. Ek is een van die stigterslede, ek kan vir jou tapes ook wys van die stigtersvergadering. Ek het hulle hier. Ek het op 'n stadium na ek uit die Mag uit is by die MOTHS aangesluit maar ek is nie die MOTHS kultuur nie .

I:Ja hulle is meer geskoei op die ... (intervensie)

Appendix C: Interview Transcripts

P1: Ek pas nie daar in nie. Want ek was nie deel van die Tweede Wêreld Oorlog nie.

I: Ja.

P1: Ek weet wel van die konvensionele oorlog maar ek was persoonlik nooit in 'n konvensionele oorlog betrokke nie. My hele Militêre loopbaan het in 'n tuin hoedanigheid gegaan, hoewel ek aan die einde van my loopbaan weer geheroriënteerd was, maar ek was nooit konvensionele ontplooi nie, jy verstaan?

I: Ja ek verstaan. So jy het nie aan daardie behoeftes - dis hoekom jy nou die...

P1: So ek verstaan nie hulle taal nie. Daardie kameraadskap is nie daar nie, want ons ... (intervensie)

I: Julle konteks was heeltemal anderste.

P1: Ja. As 'n oud soldaat by die Infantry ete vir my iets sê dan o yes, jy weet. As 'n ou vir my die SAWV, oh yes, jy weet, verstaan?

I: Jy kan nie identifiseer met mekaar nie.

P1: Ja jy het reg, ek is nie identifiseerbaar op die oomblik met die MOTHS nie.

I: Ek sien .

P1: Ek respekteer hulle.

I: Ja, vir seker.

P1: As oud -

I: As oud krygers.

P1: Hulle het ook oorlog gevoer, 'n ander manier gedoen, hulle het in 'n ander tydstep grootgeword.

I: Ja dis ook belangrik om te sê dat die beheers anders was.

P1: Wat belangrik is, wat belangrik is, hulle hou die goed. Ek en daardie outjie was saam in die Leër Gimnasia. Ek kan nou vir jou 'n foto uithaal waar ek en hy as troepe hand om lyf staan. Kennie Greeff. Ek en Kennie Greeff het langs mekaar gebly as troepe, as - ons het bekend gestaan as Hotel a-la Bantu. Daar's nog ou vriende van my. Daar's Magnus Malan. As ek dan nou gaan krap sal hier nog wees. So om jou vraag te antwoord, ek woon - ons woon almal hierdie begrafnis by ... (intervensie)

I: Wat nou vir my uitstaan, nou net in terme van die recording wat ons doen is dat baie van hierdie begrafnis boekies wat ons nou sien hierso is met hulle uniform aan.

P1: Ja ons woon dit in as Veterane en in ons Veterane drag by.

I: Ja en wat dit vir my sê en soos wat u sê nou julle woon dit by in uniform, is weereens die tema van eerbetoning en die trotsheid.

Appendix C: Interview Transcripts

P1:Dis reg, trots. En ons gaan deur die drills. Ons gaan deur die drills.

I:Want deur - dis amper deur te sê maar ek het as 'n soldaat gelewe en ek het as 'n soldaat dood gesterwe.

P1:Dis reg. Want jy bly 'n soldaat, ek het jou gesê ek is nog steeds 'n soldaat. En ons gaan deur die Militêre eerbetoning teenoor mekaar. Ons groet mekaar op Militêre wyse. Ons is tans besig, en ek kan dit nou gaan uithaal, ons het 'n Veterane drill uitgewerk, laat ons dieselfde drills uitvoer, in Kaapstad, in Bloemfontein, in Pretoria, in Timboektoe wanneer ons 'n oud kollega gaan groet, om eer te betoon aan hom.

I:Vir my as wat ek nou sien hierso en wat ek nou hoor is dat jou Militêre identiteit is 'n baie sentrale identiteit tot wie jy is. Dis nie jou enigste identiteit nie.

P1:Nee.

I:Maar dis 'n baie sentrale identiteit.

P1:Dis reg.

I:Want ou sou nie - ou sou nie deur al hierdie goed gaan, soos wat jy sê, dis die drills, dis soos jou begrafnisboekie, al dit beeld u, want baie persone het ander maniere gehad hoe hulle hulself wou uitbeeld.

P1:Dis reg.

I:Hulle kon dit gedoen het in 'n siviele hoedanigheid, maar u het verkies om dit te doen in uniform.

P1:Ek wil tog vir jou wys, ek gaan vir jou 'n onreg aandoen as ek nie vir jou wys nie, hierdie vrek hieronder, ek gaan dit doen, sommer net vir interessantheid. Maar as ek daarby uitkom, daar is iets in die pad. Ek gaan net gou deur - ek het al hierdie goed hier, ek wil net vir jou iets wys. Nou terwyl ons daarvan praat, sien jy daardie outjie wat daar staan?

I:M'hm.

P1:Die outjie met die sigaret, dis Tobie Van Schalkwyk, hy's 'n troep.

I:Okay.

P1:Maar ek wil vir jou 'n spesifieke foto wys, laat ek hom gou-gou kry, hy sal seker heel onder lê, hierdie is een van my - hy was 'n Nasionale Dienspligtige toe ons Tukkie gewen het.

I:Okay.

P1:Nommer 20. Daar bou ons 'n swembad bokant die grond, daar lei ek Suidwesters op, daar sit ek by Katima by die swembad. Daar bou ons hutte op Katima Leeu. Daar staan ek by die siekeboeg waar ek 'n paar ouens verhuis het na hoër grond toe. Daar's my tent in die voorgrond, ek het basies ... (onduidelik). Daar's ons bungalow, daar staan Tobie Van Schalkwyk wat oorlede is, daardie foto wat ek jou gewys het, die eerste een.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Okay.

P1:Onthou jy die foto wat ek vir jou gewys het?

I:Mmm.

P1:Hierdie fotos is geneem in 1962, vriend. Ek het verlede jaar het ons vir Tobie gaan begrawe. Wat ons geruk het daar, terwyl ons in die kerk gesit het, het ... het - wat is sy vroujie se naam, ek sal nou op haar naam kom, het sy - het hulle 'n video gespeel met agtergrond musiek waar hulle Tobie as soldaat gewys het, van hier af, van hier af tot sy dood as soldaat het hulle ... dit het 'n ou - dit het my 'n bietjie geruk. Ja dis nie lekker om 'n kollega te begrawe nie, dit was nie lekker om hierdie man ... dis nie lekker om enigiemand te begrawe nie. Maar om jou vraag te antwoord, ja. Dit gaan tot - tot wat ons hom aan die einde wil sê, tata.

I:En weereens in sy lewe lyk my het om in die Weermag te wees, 'n baie groot rol gespeel.

P1:Ja want hy sê - Tobie was 'n Sersant, hy kom uit 'n Militêre lewe uit, sy Pa was ook 'n soldaat gewees, so hy het 'n Militêre - by die goed - ek ook, my Pa was 'n Kaptein gewees. My Pa was in die Warmbad streek Kommando's gewees, maar ek het 'n Militêre ... as jy nou hier in my sitkamer stap sal jy so 'n groot horlosie kry. Toe my Pa uitgetree het, het daar gestaan, vir waardering vir jou diens, Kaptein A Pieterse. Dis nou my Pa. So die feit dat ek hierdie goed hou, ek meen hierdie is in 1970 geneem ... (intervensie)

I:Dit sê ook iets dat u dit hou.

P1:Ek weet nie wat is die datum nie, maar daar sit ek, en al hierdie ouens is ook dood, al hierdie outjies, sy was toevallig my sekretaresse, Tannie Trudie Visser, hy's dood, hy's dood, ek leef, hy's dood, hy's dood, hy's dood, hy leef nog, hy's dood. Daar's ou Bert, hy's dood, hy's dood, hy's dood. Onthou ons is ou mense nou, hierdie foto was in 1974, 75 geneem. So ja dit hou nie op nie, onthou, old soldiers never die, they just fade away.

I:Maar wat kosbare herinnering, om fotos soos daardie te hou.

P1:Lui hierdie ding 'n klokkie.

I:Okay. Wel ons is amper aan die einde van ons vrae, maar ons hoef dit nie hier te los nie, die volgende vraag, ek dink hierdie - ek sou nog nommer 6 gevra het oor hoe reageer jy op sulke uitbeeldings, maar ek dink u het dit reeds gedek in terme van waar ons begin vrae vra het, want ek wou net praat oor positiewe reaksies, negatiewe reaksies, maar ek dink u het van beide gepraat.

P1:Ja.

I:Die volgende vraag, in u opinie hoe tree u op as 'n wit afgetrede SAW Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika, teenoor verteenwoordigers van ander kulturele of rasse groepe? Ek dink u het alreeds daardie een ook beantwoord, maar is daar enigiets wat u dalk wil byvoeg by dit?

P1:Ja, ek word baie keer kwaad vir hulle. Ek word so kwaad vir hulle, ek het dit toevallig nou die dag gehad waar hierdie was toevallig 'n blanke, ek het nie eens nodig om vir jou te wys nie, want

Appendix C: Interview Transcripts

hierdie was 'n blanke. Hulle maak vir my kwaad, dis toevallig toe jy my nou gesê het jy bevestig die oproep, ek sien nou eers, ek het jou toevallig net gebel.

I:O okay.

P1:Ek word kwaad baie vir hierdie swartes, want ek ervaar rassisme. Dit het niks te doene met die feit dat ek 'n soldaat was nie.

I:Nee want dit ...

P1:Dit het te doen met die feit dat ek 'n blanke is. So ek het nog nooit, om jou vraag te antwoord, ek het nog nooit as eks soldaat 'n negatiewe ervaring gehad, in terme van omdat ek 'n soldaat was nie. Nog nooit. Ek ervaar wel negatiewe ervarings wat in my gewone siviele beweeg tussen wit en swart. So ek ervaar dit, ek ervaar 'n groot vorm van rassisme daar.

I:So in die sin van om wit te wees ontlok partykeer goed maar om 'n oud soldaat te wees lok nie negatiewe reaksies uit nie?

P1:Nee, dit lok nie negatiewe reaksies uit nie.

I:Okay, dis goed om daardie distinction te maak ja.

P1:Ja. Maar ek ervaar wel rassisme onder die ... onder ouens. En ook nie almal nie, daar's goeie swartes, swartes is nie almal sleg nie.

I:Natuurlik.

P1:Maar daar is 'n groepie, ongelukkig, en dan trigger hulle my ook. Jy weet ek is 'n soldaat, dit is een ding, omdat ek ... omdat ek nie nonsens verduur nie, en omdat ek nie - omdat ek gedissiplineerd, basies 'n gedissiplineerde mens is, en 'n ou tree dan so op dan word ek kwaad, dan kom die soldaat in my uit, maar dit het niks met die feit te doen dat ek 'n soldaat is nie, dis omdat ek so gevorm is, ek dink dis ook deel van my karaktereienskappe, jy weet omdat ek 'n soldaat was, ek dink ek - ek het ook in 'n baie gedissiplineerde huis groot geword, en ... er ... my Pa was 'n baie gedissiplineerde mens gewees, en ek is so geleer, so ek dink dit het nie net te doene daarmee nie, ek dink my soldaat wees het voortgespruit, ek meen ek is gekeur uit die skool uit om Staande Mag Offisier te word. Ek was opgeroep vir Nasionale Diensplig, of nog destyds die loot stelsel en toe is ek gekeur van die skoolbanke af en gesê maar wil jy nie die Staande Mag as loopbaan oorweeg nie, wil jy nie kom aansluit in die Leërgimnasia nie, die kursus volg nie?

I:Mmm.

P1:So dit sluit voort seker uit my Pa se verbintenis daardie jare en ook my verbintenis met die Kadette en wat ek daar geopenbaar het en die dissiplinêre situasie waarin ek grootgeword het. Dit speel beslis 'n rol op die oomblik. 'n Baie groot rol. Ek word kwaad vir hierdie ouens, ek kan dit nie hanteer nie. Ek kan nie hanteer dat Suid Afrika so vir 'n loop gaan nie. Ek kan nie hanteer as mense so doent care is nie. Ek kan dit nie hanteer as jy alles net wil opvreet en verwoes nie. Hoekom jy nie op nie? Hoekom wil jy alles vernietig? Wat probeer jy bereik? Dis ons land hierdie, man. Waar gaan ons - waar gaan enigeen van ons heen? Maar ek gee nie om nie, ek is nou 'n ou man, ek is baie lief vir Suidwes, ons sal nog by

Appendix C: Interview Transcripts

daardie punt kom, maar dit maak my kwaad, want dit het niks te doen met die feit dat ek 'n soldaat was nie.

I:Ja.

P1:En miskien jok ek 'n bietjie as ek dit sê, dit sê in my agterkop, verdomp, waarvoor het ek baklei? Om hierdie - om dit moontlik te maak dat ons almal hier kan bly, en dit - dis die dankie wat 'n mens kry. Is dit wat julle gebruik het? Wil julle alles vernietig? En nou praat ek reguit van die swart mense, want dit is so, wat dit my betref, is hulle besig om hierdie land te vernietig.

I:Wel ek waardeer u eerlikheid want ek dink daar is hierdie ding van - van was dit die moeite werd, want 'n ou - hier het u nou gesê hoeveel mense het u nou al verloor wat saam met u was?

P1:Ja hoeveel mense het nie in die Operasionele Gebied gesterwe nie, man, daar's hulle name.

I:Ja. Ja, groot opofferings gemaak en ek wonder of mens op 'n tydstip kom waar 'n mens voel maar Jo, ons het so baie opgeoffer, kan hulle nie net verstaan nie, jy weet, waaroor dit gaan nie? Soos jy sê die vernietiging in plaas daarvan om soos jy gesê het, daardie uitreikende hand, om eerder te sê hoe kan ons dinge beter maak, hoe kan ons ons agendas bietjie agter los en kom ons werk na die - na die common bloed toe.

P1:My vrou weet dit, net voor ek siek geword het, miskien het my siekte dalk nou 'n groot rol gespeel, maar miskien was dit tog in die lang tyd ten goede. Ek het vir die Weermag, die Nasionale Weermag gegaan - ek het nou die Inligting - wat noem hulle dit nog - maar in elk geval, ek sal nou op die naam kom, die goed het ander name, en vir die ouens gesê ek is bereid om vir julle te kom werk, ek soek niks, ek soek nie verhoging nie, ek soek niks. Gee my 'n gewone rang soldy, ek sal die Inligtingsformasie, ek sal vir julle jul ou dokumente oorskrywe, wat ek alreeds op 'n vorige geleentheid vir hulle gedoen het, ek het my diens - daar sit my vrou, ek het nog van die ouens se name op my selfoon, ek stel myself bereid, kom ek kom help jou, kom ek help julle, bou die Nuwe Suid Afrikaanse Nasionale Weermag. Want Brandon wat op daardie stadium die GS2 was, die 2IC van die ... er ... Bevel Swart Generaals - Bevelvoerder van die formasie, het gesê ██████ in die Inligting Volume het jy nog die laaste optredes opgestel, het jy nog die laaste goed geskrywe. Toe sê ek vir hom ek is daar, my vrou weet dit, ek is bereid om te kom, roep my op, roep my op, Staande Mag, Reserwe, betaal my rang soldy, toe het hy nog vir my gesê, ██████ ons sal jou twee weke in 'n maand gebruik, toe sê ek vir hom, ek gee nie om nie, gebruik my elke maand, ek sal goed huis toe vat.

I:So jy wil teruggee?

P1:Ja, ek sê gebruik my om kennis terug te koop. Ek het gisteraand die opmerking gemaak teenoor 'n blanke huidige soldaat en gesê weet jy wat, ons is geleer as jy oorvat by 'n Bevelvoerder, dan vat jy totaal oor wat hy gedoen het, en jy gaan aan waar hy opgehou het, en dan repeteer jy, jy brei uit. Ek sê as ek die SA Weermag oorgevat het, het ek al hierdie ouens in hul sleutelposte aangehou, en ek het al hierdie ouens, ek het Generaals langs my neergesit wat ek -en ek het hulle laat oplei.

I:As mentor?

Appendix C: Interview Transcripts

P1:En ons het hulle - ja, mentors uit die ou Weermag uitfaseer en in die nuwe Weermag ingefaseer. Maar hulle het so gemaak. En dis hoekom die hele ding getuimel het.

I:Ja.

P1:Nou's hulle weer besig om op te maak, maar die skade is gedoen, pel, die skade is gedoen. Hulle het breinkrag verloor. Dieselfde het met die Staatsdiens gebeur. Hulle het breinkrag - dis nie net die Weermag nie, hulle het breinkrag verloor, hulle het kennis verloor, hulle het ondervinding verloor. Kyk, ondervinding is seker die goedkoopste, duursaamste Universiteit wat daar is.

I:Mmm. Jy kan hom nie herproduseer nie.

P1:Ja. Verstaan jy wat ek sê?

I:Ja. Ek dink dit bring ons by ons volgende een. Wat is jou ervaring rakende die veranderings in die SA Weermag na 1994? U het nou reeds 'n paar goed genoem, observasies, byvoorbeeld waar hulle doodeenvoudig die ouens pakket gegee het en gesê ons benodig nie meer julle dienste nie.

P1:Ja en ek is een van daardie ouens. Wat weer wou teruggegaan het, wat hulle gesê het, goodbye. Stel nie belang nie.

I:Hoe het u gevoel oor dit? Dat u bereid was om u kennis en u ervaring te deel en ... (intervensie)

P1:Ek was die donder in gewees. Die donder in gewees, want ek is nie rassisties georiënteerd nie, ek is nie kwaad vir hulle nie, ek wil my kennis gedeel het, okay miskien wou ek weer 'n soldaat gewees het, miskien moet ek nou eerlik daaromtrent ook wees. Maar dit was my hoof - my hoofmotief was om my kennis terug te gee. Hoekom moet ek daarmee begrawe word?

I:Ja.

P1:Hoekom moet ek daarmee begrawe word? Jy weet, hoe kan ek - hoekom kan ons nie teruggee nie? Want my kinders moet ook in hierdie land bly, hierdie land moet voortgaan, en ons was een van die mees gewigtigste Weermagte in Afrika en seker in 'n grootmaat dalk in die wêreld. Ons het puik doktrine gehad, ons het puik soldate gehad, ons het puik Bevelvoerders gehad, ons was 'n vegsmasjien. Ons kon goed doen, ek sal nie sê ons was onfeilbaar nie, ons het dit gehad, okay ons het seker nie al die toerusting gehad wat ons nodig gehad het nie maar my ervaring is dat - en dis nie my ervaring nie, ek neem dit waar, dit het sover gegaan dat ons by die Infantry Vereeniging het altyd ons byeenkomste in Regiment Transvaal in die lyne gehou, ons gee pad daar, want ons kon nie meer die stukkende kanonne, die stukkende Ratels en die stukkende vervoer meer hanteer nie, ons kon nie meer die slapgatgeid van wat ons daar sien, hanteer nie. Die ouens het begin wegbly, en die ouens het kwaad geword, jy het vir 10 tot 20 minute gestaan en gesels oor wat jy nou net ervaar het, en gesê ag kom ons vergeet dit, kom ons koop vir ons 'n bier. Ons mors tyd om hieroor te gesels, kom ons koop vir ons 'n bier. Hulle het die Weermag vernietig. Hulle het wat ons opgebou het, vernietig. Ek sê dit vir jou, hulle het sover gegaan, hulle het al die ou Generaals, hulle het al die ou Staf hoofde, hulle het al die RSMS gaan afruk,

Appendix C: Interview Transcripts

ons het hulle op die ashoop gaan optel. Ek was deel daarvan. Ons het hulle op die ashoop gaan optel. Hulle het dit alles vernietig. Die terugvoer van daardie Generaal was, toe ek Brig Generaal, Brigadier eintlik, volgens die Amerikaanse rangstruktuur, aan my was, die Generaal sê jy's nou te wise. Ek sê wat bedoel jy, ek is nou te wise, ons het 'n gewone gemoedige onderhoud gehad wat ek gedink het baie goed afgegaan het, toe sê hy vir my, om jou wise te hou, jy moet jou reg hou, jy's te slim vir hom, hy's bang jy gaan hom in die verleentheid stel. Hy's bang jy gaan hom in die verleentheid stel.

I: So dit klink vir my, waar mense soos u die skuif kon maak van, maar weet jy wat, in die oorlog was jy my vyand, maar nou's jy nie meer van my vyand nie, nou moet ons leer om saam te lewe ... (intervensie)

P1: Vir seker.

I: Party mense het nie daardie skuif gemaak nie.

P1: Kan ek vir jou sê? MK was nooit my vyand nie. Die SAW het nooit 'n oorlog teen die ANC baklei nie. Die SAW het nooit 'n oorlog teen die MK baklei nie, of APLA, nooit. Niks. Zero. Ons was nooit vyande nie. Ons was nooit in konflik met mekaar betrokke nie. Niks. Hulle het 'n Mag opgebou vir een of ander rede, seker om eendag in 'n oorlog te ... miskien kan hulle bly wees hulle het nie tot aksie oorgegaan, ons sou vir hulle uitmekaar uit geskiet het. Ons was nooit in 'n konflik met mekaar nie. Ons is wel een of twee oorgrens operasies in Rhodesië en Zimbabwe uitgevoer, miskien mekaar so 'n bietjie gaan ontwrig het en so aan, maar ons het nog nooit oorlog gemaak teen hulle nie. Daar was nooit 'n geveg betrokke tussen die SAW en die ... of ANC, MK ens as daar in die geval van... (intervensie)

I: So hulle was dalk meer deel van 'n politiese konflik gewees binne die strukture maar nie met die Weermag nie?

P1: Ja. Wat wel gebeur het, en dis miskien waarna hulle kyk, is die onluste wat hulle veroorsaak het, die opstokery, wat hulle targets veroorsaak het op plekke soos Soweto waar ek vyf jaar gedien het, waar hulle - en waar hulle destyds in opstand gekom het en die kinders opgesteek het om te protesteer tussen Afrikaans, nou is hulle Engels, hulle wil in hul moedertaal onderrig hê maar hulle het nooit moedertaal onderrig gehad nie, met alle respek, dis nou Engels, jy verstaan? So hulle kan nog steeds nie in Zoeloe, Tswana en Xhosa onderrig hê nie, hulle kry nou in 'n ander moedertaal, 'n ander taal, want dit gaan maar net weer vir my oor die miskiening, van die blanke Afrikaner, jy verstaan?

I: Mmm.

P1: Ons wil niks met julle te doen hê nie. Elke - kyk ek moet toegee, en ek gaan dit toegee, daar was seker dinge wat nie reg was in die vorige Regering nie, dit is seker toe.

I: Soos met alle Regerings.

P1: Dit is seker so dat hulle ook foute gemaak het, maar wat ek wel bereid is om te sê, en ek het hierdie swartetjie wat hier loop, het al nie een keer nie, maar al hoeveel keer, hy sê vir my omtrent elke middag vir my as hy hier gewerk het en ek vat hom bus toe, dan sê hy vir my net so, Oupa ek het nie so gesukkel by die vorige Goewerment nie, ek het werk gehad. Ek het werk gehad. Dit is seker so dat daar

Appendix C: Interview Transcripts

dinge is wat verkeerd - ons kan, as ons oor die politieke spektrum, maar ek het niks met politiek te doen gehad nie, ek was nie die Regering nie.

I:Jy was 'n soldaat gewees nê.

P1:Ek was nie 'n lid van die Volksraad nie, ek was nie 'n lid van die Provinsiale Raad nie, ek was niks. Ek was 'n soldaat. So dit is 'n ander gesprek, en dit ... ja, dit het ... dit het seker maar 'n bietjie baie keer vir myself gesê, gesê maar sluit my toe, vir hoe lank was Mandela toegesluit gewees, 24 jaar, 26 jaar? En dit wat ek glo, wel ek wonder hoe sou ek opgetree het as hulle my uit my hok uitgelaat het? So ek admireer vir hom vir wat hy gedoen het, maar ek dink hy besef hy was verkeerd. Ek glo hy besef hy't verkeerd opgetree. Hy moes 'n ander pad gevolg het. Ek is seker daarvan as hy lank genoeg aangehou het, geweld en rewolusie in sy kop gehad het nie, kon hulle dalk gouer by 'n onderhandelingsstafel uitgekome het. Want wat het hulle bereik? Aan die einde van die dag het ... het ons by die onderhandelingsstafel uitgekome. Wat het in Suidwes gebeur? Hy't uiteindelik by die onderhandelingsstafel uitgekome. Maar ongelukkig ek het geweet wat met oorlog gebeur. As jy hierdie boek lees, Die Wat Gewen Het, dan sal jy sien hier word gesê al die politikusse. Die oorlog is klaar baklei, dis nou vir die politikusse. Ons het ons job, die Weermag het die job gedoen, dis nou vir die politikusse om nou die ding verder te vat.

I:So dis eintlik die ... (intervensie)

P1:Ek dink nie - weet jy wat dink ek, ek dink die politici is nie geïnspireerd nie, ek wil nie hê jy moet enigiets sê nie dan wil ek my dingus haal, weet jy wat dit is? Dis plaas moorde.

I:Ja dis 'n onderwerp op sy eie. So eintlik, sal u dan sê dat eintlik die oorlog of oorlog, die verskynsel van oorlog, is eintlik die onvermoë van politikusse om te onderhandel?

P1:Dis korrek. Jy gaan doen hulle vuil werk vir hulle.

I:So die - die Mag, maak nie saak of dit nou oorsee is of hierso is nie, die Magte word al gemisbruik om hulle battles te fight en dan is dit eintlik hulle wat aanleiding gegee het daartoe?

P1:Ja.

I:En wanneer die veg klaar geveg is dan word daar conveniently vinger teruggewys en gesê maar dit was julle.

P1:Onthou ek sê klaar, die Weermag het nie gaan oorlog verklaar teen SWAPO nie.

I:Dis reg.

P1:So die SAW het nie op sy eie gesê hoor hier, nou gaan ons Suidwes toe, nou gaan ons Grensoorlog baklei. Die Regering het ons daarnatoe gestuur. Die Regering het aan die Generaals, aan die Hoof van die Weermag gesê gaan beskerm hulle. Ons kon niks doen sonder Weermag ... sonder Goewerment goedkeuring nie, ons kon nie oor die grens gaan sonder politieke goedkeuring nie. Of Regering goedkeuring nie. Ons kon nie 'n sent uitgee nie, vir niks, sonder - of jy moes begroot vir Grensoperasies, ons moes begroot vir wapens, ons moes vergroot vir klere, ons moes vergroot om dienspligtiges op te roep.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Dit het begin en gestop by die Regering, basies.

P1: Ja. Ons het net - ons was net die Departement van Verdediging wat daardie faset van die Regering van daardie dag se strategieë uitgevoer het. O ja ook hier ons het seker van raad en advies voorsien.

I: Maar dit is Militêr.

P1: Militêre hoogtepunte.

I: Maar dis die kern daarvan gewees.

P1: Nie die motiewe hoogtepunte nie.

I: Die motief het gekom van die Regering af en ...

P1: Jy sal nie 'n stukkie politiek in een van die boeke lees nie, behalwe hierdie een. Behalwe hierdie een, hy's deel van die aftakelingsproses. Hier word die Weermag van die vorige bedeling afgekraak tot in die grond in. Want dit - dit gaan hier oor The Bush of Ghosts. Dit gaan oor Namibië na van 1986 af, nou daar aan die hand gewys ons het eintlik 'n gemors agtergelaat.

I: Maar dis dalk net 'n eensydige vertelling, punte, want daar's twee kante aan elke saak.

P1: Dis 'n eensydige vertelling, 'n eensydige vertelling, uit die aard van die saak. Dis hoekom ek hierdie boek aangeskaf het, ek wou kyk wie hom geskryf het.

I: U het gesê daar's 'n spesifieke punt wat u wou aanraak, ek weet nie of dit Namibië is?

P1: Ja, ek het - waaroor ek lief geword het vir Suidwes en ... er ... baie van Suidwes hou, is ek spot altyd, ek sê as ek môre die Lotto wen dan groet ek, dan gaan kry ek vir my 'n grondjie daar in Suidwes, ek is baie lief vir Suidwes, ek kyk nog elke aand na die programme wat hulle in Suidwes het. Ek moet bos toe gaan, en gaan vrede maak. Elke soldaat wat daar baklei het maak een of ander tyd vrede. Soos 'n misdadiger teruggaan na die misdaadtoneel toe, so wil 'n soldaat ook partykeer teruggaan na daar waar hy 'n stryd gestry het, hy wil gaan vrede maak. Hy wil gaan vrede in sy hart maak. Baie van die goed wat ek nou-nou vir jou hier gewys het sulke hartkrampe gegee vir my, miskien moes ek jou nie gewys het nie. Ek wil Suidwes toe gaan, ek wil - ek wil - die ding is ontwikkel, ek weet nie waar's die foto nie, my kaartjie lê hier iewers, die roete wat ek gaan ry, my vrou weet dit, sy sê baie dae vir my, hoekom vat jy en Henry nie - kry jy vir jou 'n 4X4 en vat Suidwes, daar gaat julle, teenoor 'n beplande, nee ons wil gaan vrede maak. So is daar, kan ek vir jou koerantknipsels hier uithaal, so - nee ek dink ek het dit weggevat hier, ek is jammer ek het dit nou hier uitgehaal, koerant berigte, jy het dit miskien gesien, koerantberigte van ouens wat Angola gaan besoek het, Brug 14 gaan besoek het, of Savanna, ouens wat in Suidwes aan sekere veldslae deelgeneem het, het gegaan en gaan vrede maak, gaan kruise plant, gaan stilstaan vir 'n oomblik. Ja ek wil gaan vrede maak. Ek wil ... daar is maar 'n mate van ... van woelinge binne jou. Jy - onthou jy ... dis nie soos 'n plek waar jy jou goedjies oppak en sê okay nou's ek hier klaar, nou gaan ek nie. En ons - ek dink ons het almal maar daardie behoefte, en ek het nog nie

Appendix C: Interview Transcripts

een ou gekry nie wat nie vir my gesê het nie, om te gaan met jouself te gaan vrede maak daar, om te gaan berusting kry om te sê okay dis alles verby. En was dit die moeite werd? Vir my was dit al die pad die moeite werd. My loopbaan in die Weermag was vir my een helse experience. En ek sal môre dit weer gaan doen. As ek weer gebore word, sal ek weer 'n soldaat word.

I:Ja dis amper 'n bitter soet herinneringe.

P1:Ja.

I:Dis dat dis iets wat jy weer sal doen, en ek het dit gevind by my pa ook jy weet, as ons dalk soos nou met die navorsing, het ek ook bietjie met hom gesels en dit het in 'n mate goed oopgekrap by hom, waar jy kan sien hy's bietjie verontrus, maar hy praat ook met 'n trots en met 'n nostalgie aan die verhoudings, die mense, sy ervarings in die Weermag, wat positiewe ervarings is. Maar daar is daardie skaduwee wat ook daaroor hang, van soos jy sê, ek weet nie hoe die Mag in die sin van formele closure vir sy soldate gegee het nie, en ek lees uit die literatuur uit dat daar nie voldoende debriefing rêrig was vanuit 'n sielkundige oogpunt uit nie.

P1:Nee daar was nie. Niks, niks, en dis een van die redes waarom ek baklei met die SAWV, en ek hoop hulle hoor wat ek hier sê, ek voel ons het 'n verantwoordelik as oud Offisiere en oud soldate om hierdie ouens wat wel daar - daar is van hulle wat dit nie kon hanteer het nie, heeltemal hanteer nie, miskien onderdruk ek dit dalk in 'n mate maar ek dink ons het nog steeds 'n verantwoordelikheid. Ons het nog steeds 'n verantwoordelikheid. Ons kan nie net so maak nie.

I:Daar was nie 'n geleentheid - daar was nie 'n geleentheid om te deel met wat daar gebeur het nie. Net soos daar positiewe ervarings was, was daar ook baie negatiewe ervarings.

P1:Ja. Alhoewel ons het almal 'n prys betaal. Ek het 'n prys betaal, dis nie 'n uitgesprekke gevoel, en ek gaan ook nie daarop ingaan nie.

I:Nee.

P1:Ek het 'n prys betaal. Ek het 'n groot prys betaal. Vir my deel maar in die Weermag, 'n groot prys. En daardie prys was 'n keuse tussen ek gaan my land dien, en ek gaan die prys betaal. Dis wat gebeur het met my. En dan voel 'n ou eintlik, jy's so bietjie in die steek gelaat. En dis miskien, ek dink dis in 'n groot mate 'n samebindende faktor tans tussen ons oud soldate. Want ons is in die steek gelaat deur die politikusse. Hulle het ons ... hulle het ons in die steek gelaat. Ons het hulle - ons het hulle gedien, ons het hulle gedra.

I:Maar in julle tyd van nood was hulle nie daar vir julle gewees nie.

P1:Ja. Maar hulle het ons gedrop. G De Kock sit in die tronk, jy weet. Okay hy het sekere dinge gedoen wat hy nie moes doen nie, maar ek kon nog niks optel wat vir my gesê het dit regverdig dat hy die straf alleen moet vat nie. Hulle het hom gedrop. Hulle het hom gedrop. En as ons op daardie onderwerp kom kan ek jou baie dinge vertel, maar ons los dit net daalor, dis nie deel van jou navorsing nie.

I:Nee dit is nie.

Appendix C: Interview Transcripts

P1:En wat my betref, en dis miskien wat jou pa ervaar het, en ek dink jy gaan dit ervaar by ander ouens ook, dis miskien nou n ... n bietjie die negatiewe kant daarvan, op die ou dag voel ek in my hart dat ek is in die steek gelaat. Die feit dat ek vandag werk, behalwe dat dit vir my lekker is om - ek werk nie net omdat dit vir my lekker is nie, ek werk omdat ek nie n keuse het nie. Weet jy dat ek my hele lewe vir die Weermag gegee het? Op die einde van die dag het ek niks. Ek het hierdie huis en ek moet werk om hierdie huis aan die gang te hou. Dis hoekom ek hierdie job doen. En daar voel ek, ek is in die steek gelaat. Daar voel ek dat die ANC kyk in n mate na sy oud soldate, en dis miskien waarom hulle so erg is oor hulle veterane en wat hulle moet doen en so aan. Ons word daar niks voor gedoen nie. Die enigste ouens wat nog iets probeer doen is om al die Oud Soldate Organisasies, die Veterane Organisasies.

I:Wat julle self doen basies, want niemand doen dit vir julle nie.

P1:Infantry Vereniging ens wat omsien na ons, want ons omsien na mekaar. Ons het nie vermoë nie, ons moet veg, ons individuele, ons is almal ouens wat op dieselfde bootjie ry.

I:Ja.

P1:Selfs die outjies wat op pensioen gegaan het en helse pensioene gekry het, leef swaar. Die mediese strukture is nie meer soos wat ons aan gewoond was, maar blykbaar gaan dit deesdae baie beter. Blykbaar wil dit vir my lyk, ons het hierdie briewe gekry waar ons - dit lyk vir my daar was baie rassisme betrokke gewees hier, hand om lyf, dit lyk my dit is besig, blykbaar besig om te verander, maar dit wat jy sorgeloos op pensioen gegaan het, het nie worries gehad oor medies en dan jy sou versorg gewees het, is nie daar nie, dis weg.

I:Ja. Hulle het nie hulle kant gebring nie.

P1:Nee hulle het nie. Die politikusse het ons gedrop.

Maar dit klink vir my, tussen mekaar is daar n wonderlike emosionele geestelike ondersteuning wat tussen mekaar is.

P1:Ja.

I:Ek dink wat fantasties is en ek dink daar's nie n eweknie vir dit nie maar soos wat u sê, daardie finansiële ondersteuning, daardie logistieke ondersteuning waarop n ou gereken het terwyl jy jou land gedien het, julle het dalk nie eens gewonder daaroor nie, dit sal daar wees.

P1:Ja en daar is baie ouens wat trauma ervaar.

I:Ja.

P1:Jy weet jy moet gerus hierdie gaan deurlees, en kyk - kontak vir ons, jy kan, as jy gaan, jy weet hier gee ons afsterwe van eggenote, veral Kassie Kasselmann, ek ken hom baie goed, Brig Willie Louw, Kol Hein Dippenaar, en dit gaan nie net oor ouens wat dood gaan nie, dit het persoonlike goed, raadop oor goed, oor 1 Militêre Hospitaal, raad ook oor 1 Militêre Hospitaal, jy weet raadop oor 1 Militêre Hospitaal, ek het nou net daarvan gepraat. Herman Du Plessis, ek ken ou Herman baie goed, van die Lugafweer, leer inligting, ek het hom geleer inligting. Veterane van die ou HK Kommandement, jy weet, so

Appendix C: Interview Transcripts

spoor ons maar die oorsprong van die laaste ... (onduidelik). Jy weet selfs ons gaan uitmekaar, jy weet ...

I: Dit klink asof daardie vangnet, daardie ondersteuning van mense wat byvoorbeeld soos wat jy sê wat al post traumatiese stres opgetel het, dalk in 'n depressie verval het, dis nie net altyd afgestorwenes nie, dis ook hulle families.

P1: Dis reg.

I: Dis hoe - hoe moet hulle deal met ...?

P1: Hierdie vrou, hierdie vrou van my wat daar sit, sy lei daaraan. Of sy dit nou wil erken of nie.

I: Maar het dit nie 'n effek op die soldate daar gehad nie, as hulle families, hulle...?

P1: Ek meen die oomblik het sy 'n man gehad, die volgende oomblik toe's hy dood. Dit spook nou nog by haar. Sy weier om ... sy het een keer, sy en haar dogter, hulle het een keer, my dogter het een keer saam met haar na Muur van Herinnering gegaan, sy weier om te gaan. Sy sê dit grou weer rowe oop, reg maatjie? Sy gaan na Infantry funksies toe want daar praat ons nie van ouens wat doodgaan nie, daar geniet ons 'n drankie, ons eet so iets saam, en ons gesels lekker nonsens.

I: So die geleentheid om te verwerk, nie net wat die families deurgaan nie, maar wat die soldate deurgegaan het, daardie geleentheid was net nie voldoende nie.

P1: Nee. Jy weet om vir jou dit verder te sê, en ek moet dit nog gaan doen, ons het nou by die Muur van Herinneringe, en dit bestaan alreeds, 'n Nissa uitgesit. Dit wys jou hoe ver gaan die kameraadskap van ons want ek wil vir my ook al 'n Nissa koop, wat ek gaan ook maak, dan het hy die Nis uitgebrei, sodat ons hom maar almal maar ons assies daar gaan sit. So eendag as jy dalk my ouderdom is kan jy daar by die muur gaan en sien kyk hier is SAW soldate. Hy was 'n Generaal, hy was 'n Korporaal, hy was 'n Sarge.

I: Wat striking is, is dat julle is kamerade, julle verhoudings hou, diepgewortelde verhoudings is iets wat die dood nie eens julle kan skei van mekaar nie. En dis nogal insiggewend. Ag ek het baie, baie groot waardering dat ek hierdie goed met u kon praat het, ek weet dis nie altyd maklik om hieroor te praat nie, maar soos wat ek sê ek sien daarin 'n bittersoet, en ek hoop die belewenis van u vir die navorsing was ook vir u algeheel positief. Ek weet dis nie altyd lekker om oor die herinneringe van die moeilike dinge te praat nie, maar ek leer baie uit deur met oud soldate te praat. En dan kry ek ook nuwe waardering vir wat julle vir ons land en vir ons gedoen het. So ek wil net weereens vir u sê baie, baie dankie.

EINDE VAN OPNAME

Appendix C: Interview Transcripts

TWEEDE ONDERHOUD: (103:08 min)

P2:En dit is dat die - die ware geskiedenis, net vasgelê word nie. Ons is in hierdie tyd en stadium en ek dink van my kollegas met wie jy onderhoude gevoer het, het basies dieselfde vir jou gesê, en dit is ons loop deur onder aantygings van die ander kant van die politieke spektrum wat bewerings maak wat geen grond het nie, terwyl die ware feite word nie geboekstaaf nie, en dis hoekom ons baie simpatiek staan teenoor publikasies wat uitkom, om ter wille van die nageslag en die geskiedenis, die ware feite gedokumenteer te kry. Wat was die werklike situasie.

I:Mmm. Van mense wat self daar was.

P2:Ja jy weet dis vreeslik maklik vir die ANC om oor die slag van Kwaito Karnaval te praat. Daar was nie 'n slag van Kwaito Karnaval nie, period, klaar. Ons het die slag. En ons het nooit teen die ANC direk baklei nie, in elk geval. Gaan met jou onderhoud aan.

I:Maar dis reg. Ek is seker van u opmerkings nou gaan gekontekstualiseer word so dit is waardevol om daaroor te praat. My eerste vraag, nou dit is so 'n groot veld om te praat, so wat my navorsing op fokus is meer die hier en nou, en nie soseer die verlede nie. Maar die verlede speel tog 'n baie belangrike rol in hoe ons die hier en nou interpreteer. Okay, en spesifiek gekyk na die groep waaraan u behoort. Wit Afrikaner oud soldate wat in die SAW gedien het, okay?

P2:Okay.

I:Hoe speel al daardie entiteite 'n rol saam met mekaar, en veral daardie groepsidentiteit kom elke keer baie sterk na vore want die Militêre konteks dis 'n baie unieke een en ek dink dit gaan uitkom terwyl ons nou hierdie onderhoud voer. Eerstens Mnr Beukes is u gemaklik dat ek u so adresseer?

P2:Noem my Meneer, Oom, Gerhard, net wat jy wil. waarmee jy gerieflik is.

I:Nee okay dis reg. Mnr Beukes die eerste vraag is baie oop en so aan, en dit is hoe lyk u daaglikse ervaring in Suid Afrika as 'n wit Afrikaner afgetrede oud soldaat?

P2:Huidiglik?

I:Ja.

P2:Ek aanvaar dit, teleurstellend tussen my eie mense, vir die enkelvoudige rede dat 'n mens moet - 'n mens moet een ding aanvaar, los die geskiedenis, los wat gebeur het, kom ons vat die huidige en dis die meerderheid regeer. En wanneer jy 'n situasie kry waar die meerderheid regeer, is dit altyd vir 'n minderheidsgroep baie moeilik want hy bly deurgaans bedreig. Nou in 'n geval waar ons nie 'n homogene bevolking samestelsel het nie, sit jy met kultuur botsings, jy sit met taal botsing, jy sit met allerhande verskille.

I:Dis reg ja.

I:Wat inherent is.

P2:Ja dis inherent.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:En omdat die meerderheid sy eie kultuur het en sy eie tale het ens ens, is die minderheidsgroep nou erg bedreig, en onthou ons kom uit 'n geskiedenis uit waar die minderheidsgroep in beheer was. Nou een van my frustrasies of wat ek beleef is, ek kan met myself vrede maak hieroor, want ek en my Pa het 'n botsing gehad toe ek sê een dag in hierdie land gaan die meerderheid regeer, en my Pa het vir my amper vertel ek is 'n landsverraaier dat ek net so 'n stelling te waag maak. Toe was ek nog op hoërskool gewees. Nou kry jy dat die ouens kom met allerhande goeters van laat trek en hulle doen allerhande dinge en hulle is so en hulle kan nie die huidige stelsel aanvaar nie, en hulle bydrae gevolglik om die stelsel te maak werk al is jy deel van die minderheidsgroep. Waai by die agterdeur uit.

I:Ja.

P2:Nou wat doen ons? Ons is 'n bevolking wat 'n geskiedenis het van trek. Ons het uit Europa uitgetrek en die wêreld vol getrek Suid Afrika toe en toe die Engelse ons kwaad maak toe trek ons binneland toe, toe ons die Boere Oorlog verloor toe trek ons Argentinië, Angola toe en Kenia toe, en nou dat ons die oorgegee het en aan die meerderheidsregering nou trek ons Australië toe en Kanada en Nieu Seeland toe. Maar trek, trek ons, want ons is nooit tevrede met ons huidige situasie nie. Pleks dat ons hakke vasskop en sê maar kom ons maak die ding werk, al is ons 'n minderheidsgroep.

I:Ek sien wat jy sê.

P2:En dis een van my frustrasies.

I:Ja.

P2:Dis een van my frustrasies, dis hoekom ek, wanneer jy sosiaal verkeer, en die ouens begin die gewone gesprek van wat gaan aan met die - of met rugby, en as ons klaar is met rugby dan praat hulle oor Julius Malema, my grensloos begin irriteer, want oor die rugby gesels ek saam, maar Julius Malema so bloody what, hy's deel van die meerderheid en die meerderheid slaan die kitaar.

I:Ja. En daar's tog dit klink vir my 'n groter debat oor wie is die Afrikaner, is dit soos wat u sê, hy het die heelyd rondgetrek, nou waar vind ons onself, jy weet is daar 'n tuiste, jy weet daar's 'n gevoel van is daar 'n tuiste vir die Afrikaner, is daar 'n tuiste vir die Militêre Veterane wat uit die SAW uitgekome het.

P2:Ja vir die Senior Militêre Veterane, vir die ouens wat senior range beklee het, ja. En ek wil teruggaan en ek wil sê ek dink ek het seker in een van die wonderlikste organisasies gedien wat daar is, omdat die organisasie 'n ander beleid gehad het. En dit was 'n beleid van dat jy word gekwalifiseer vir die vlak van aanwending. Jy gaan nie Universiteit toe of na tersiêre opleidingsinrigting toe en jy gaan studeer 'n Graad af en jy doen jou leersessie nog bietjie en dit en dan gaan werk jy en dan het jy klaar, en dan doen jy so 'n bietjie in-huis opleiding oor hoe werk 'n rekenaar en so nie. Ons is gevat van vlak tot vlak, van vlak tot vlak tot vlak. Met ander woorde jou opleiding het tred gehou met die vlak van aanwending en uit die aard van die saak is jou opleiding beïnvloed van die situasie in die land op daardie tyd. En het ons die hele verwickeling gesien, en die meeste van ons, van my groep mense, het gegaan van Verwoerd Era, van streng Apartheid, na die era toe van die Groot Krokodil, na die era toe van F W De Klerk, van die era na oorgangsregering toe,

Appendix C: Interview Transcripts

van die era van oorgangsregering wat geïmplementeer is, is ons deel van die hele proses. Met ander woorde jy het ook intellektueel gegroei. Saam met die oorgangsproses, en daarom verstaan jy die oorgangsproses.

I:Dis 'n wye perspektief, met al daardie oorgangsjare, al daardie verskillende bedelings, is mens deel van gewees.

P2:Dis reg. Maar ons opleiding het ook daarmee saam geloop. En daarom kon ons miskien die verandering beter aanvaar. Dis hoe ek dit aanvaar, ek kan praat namens my, ek praat moeilik namens die groep, want daar's baie ouens wat ek weet wat dink soos ek dink, maar daar is ander ouens wat ook meer...

I:So jy sal sê daar is 'n ervaring, is hierdie frustrasie met die miskonsepsies wat daar buite is, asook mense wat dalk iewers vassit, hulle kan nie hulle huidige hervertolk, of hulle sit vas in die verlede waar hulle terugwens na die dae van oud, of hierdie onvermoë om vorentoe te beweeg.

P2:Dit is inderdaad so. Nou maar goed, uit die aard van die saak is daar baie faktore wat indruk. Ek dink net nie dat almal se monderings kan verandering redelik hanteer nie. Ek dink ook dat in die hele Suid Afrika was die huidige Regering oorhaastig in sy transformasie gedeelte. Waar hulle kundigheid laat loop het en nou is ek spesifiek binne 'n kwessie van drie jaar het hulle die hele top struktuur van die Weermag uitgefaseer. En as jy daardie ouens se opleiding vat en jy gooi dit oor teen geld en tyd en dis tog die dryfveer in enige organisasie, en as jy dit vat, wat dit gekos het.

I:Dan was dit 'n ontsettende verlies.

P2:Dit was 'n ontsettende verlies! Pleks dat hulle die oorgang en die Weermag kan ek ook as norm gebruik vir die hele Staatsdiens, insluitende tot op Munisipale vlak, as hulle hierdie transformasies stadig gedoen het en hulle eie mense opgelei het in pleks van kader ontplooiing dan het ons nooit met die korrupsie gesit met wat ons vandag sit, en hierdie interne probleme van swak - swak funksionering van Staatsdepartemente gesit nie.

I:Ek wil hê, sonder om ongeskik te wees wil ek vra dat ons half 'n nota maak daarby want die laaste vrae hierso gaan praat oor die transformasie van 1994.

P2:Ek maak net 'n nota daarvan, okay.

I:So ons sal nog kom na daardie punt toe.

P2:Okay.

I:Okay so dit klink vir my asof vir u, vir u keuse is dat u verkies om die huidige soos wat u gesê het, u sal praat om die braaivleis vuur maar jy wil tog sien 'n hervertolking van hoe kan ons vandag 'n bydrae maak, hoe kan ons leer uit die verlede, hoe kan ons nou 'n bydrae maak sonder om hierdie trekkery, soos wat u sê, jy weet dat ons eerder nie die kwessie aanspreek nie maar eerder wegbeweeg van die kwessies af.

P2:Jy sien ou Flip, kom ons vat net hier, ons wil hier wegkom van die ou cliché af, van die ou cliché af, van ... van jy moes trek in 1994 van die ou Suid Afrika na die Nuwe Suid Afrika toe. Maar daardie

Appendix C: Interview Transcripts

cliché is daar 'n ontsettende klomp waarheid in. Jy moes as individueel aanvaar dat die verlede is nou agter die rug, ons gaan nou na die hede toe, en die hede gaan sy nuwe uitdagings bring. ... (intervention) Baie van ons mense kon nie daardie sprong maak nie, en dit is vir my die teleurstellende gedeelte daarvan. Want ons het 'n uitdaging. Ek is 'n Afrikaner. Ek is van Afrika, maak nie saak hoe my vel lyk nie, ek is van Afrika. Daarom moet ek Suid Afrika maak werk. En dis hartseer dat die huidige politieke bestel nie my kundigheid, my en my kollegas se kundigheid wou gebruik het nie, om dit te maak werk nie. Dat ons kant toe geskuif is. Want dis wat hulle gedoen het.

I:En julle potensiële bydrae wat daar was, wat aangebied is, is net tersyde gestel.

P2:Ja. Nou goed. Dan kom ek weer terug na hierdie braaivleis gesprek toe. Daarom is dit vir my 'n frustrasie as ek daar staan aan die een kant omdat ek deur die huidige bestel geïgnoreer is en aan die ander kant laat my eie bevolkingsgroep so konsentreer op die - en ek wil amper vir hulle gesê, op die foute uit wat die Regering maak, maar die vraag is, wat is hulle bydrae om dit reg te maak, of om dit te probeer regtrek.

I:En die impak daarvan natuurlik.

P2:Nou ja presies.

I:Ja.

P2:Nou maar goed dis miskien 'n ... (indistinct) situasie dat die huidige bestel ons nie wil benut nie, maar as jy aanbied en jy word nie benut nie, dan is dit ook 'n probleem. Dit is so dan kan jy nou maar vat.

I:En dis 'n aanbieding wat nie waardeer word nie en wat nie gesoek word nie, alhoewel dit tot voordeel van die land in geheel werk en soos u sê as daar iets is wat gedoen kan word, dis amper 'n - ja ons gaan daarby uitkom, ons gaan nog daarby uitkom.

P2:Jy sien, kan ek verder gaan?

I:Ja, ja.

P2:Kan ek bietjie verder gaan, kan ek bietjie oor dieselfde gaan?

I:Ja.

P2:Jy sien ... er ... Flip, as jy vat, en dit word kort-kort in die media weerspieël. Wat betaal die Regering nou vir konsultante? Hoekom stel hulle konsultante aan is die eerste vraag. Hulle stel 'n konsultant aan omdat hulle nie die kundigheid het nie. Maar nou stel hulle konsultante aan wat hoogs gekwalifiseer is, en wat tipies is van die woord - die definisie sê van 'n konsultant is, hy sit hier bo en hy trek toutjies. Daar sit 'n magte menigte, ouens wat kundigheid het, wat uitgeskuif is as pensionaris, of hy die Organisasie uitgewerk is deur regstellende aksie, wat ek dink die grootste onding onder die son is, wat uitgewerk is wat al klaar die kundigheid het. Hulle kon daardie ou ingetrek het vir 'n kwart of 'n vyfde of 'n tiende van wat hulle konsultante betaal, en sê kom werk op hierdie vlak en kom help ons, gee ons jou kundigheid. Lei ons mense op. En dis nooit gedoen nie.

Appendix C: Interview Transcripts

Daardie pool van kundigheid is nie onge... - dis weggevat.

P2:Presies. En dan neem ek hierdie ouens kwaad wat Australië toe gaan, maar hierdie ou wil nog werk, en hy kan nie in sy eie land werk nie, dan gaan hy, dis een van die redes. Maar kyk hierdie goed is baie kompleks, kom ons vertaal dit, dis nie kat en kraai nie.

I:Ja vir seker. Maar daardie gevoel van verwerping, daardie gevoel van ek het 'n bydrae gemaak, ek wil 'n bydrae maak, hulle stel nie belang nie. Ek dink dit gaan nog verder uitkom in die onderhoud in, maar ons kan maar bietjie dit inkleur ook. My tweede vraag is, en dit het ook te doen met Afrikaner identiteit, dit vra eenvoudig, wat beteken dit vir u om 'n Afrikaner te wees.

P2:Baie. Vir die enkelvoudige rede dat wat die Skepper se wil was om driehonderd en vyftig plus jaar 'n klomp Hollanders hiernatoe te stuur en dan van Rooinekke en Duitsers daarby sal ek nou nie weet nie.

I:Ja.

P2:Maar uit daardie groepering uit het Afrikaners gekom. En uit daardie groepering uit het ons hierdie land gehelp maak. En totdat hy dit is. Tot waar hy nou is. En ons het 'n besondere land gehad, en ek is trots op dit wat my voorsate in hierdie land vermag het om tot stand te kom. Baie trots. En ek sê ons is 'n unieke groepie. Arthur Conan Doyle het so 'n storie gehad wat oralste opgeplak was oor die Afrikaner en waar hy vandaan kom, wat eintlik 'n baie mooi aanhaling is. En ek is trots om deel van so 'n groep mense te wees.

I:M'hmm.

P2:Kom ek vat 'n voorbeeld wat meer uit my wêreld uitkom, vanuit die Militêr uit. Ons het in 'n bosoerlog betrokke geraak, reg of verkeerd, maak nie saak nie, ons gaan nie nou oor die meriete van die bosoerlog praat nie, die wêreld wou nie vir ons wapentuig gee nie. En aan die einde van die bosoerlog was ons een van die voorste wapenvervaardigings in die wêreld. Daar gebruik die Amerikaners in Afghanistan en hulle het dit in Irak ... (indistinct)voertuie, waar kom daardie voertuie vandaan? Uit Suid Afrika. Wie het hom uitgedink, 'n ou met die naam van William John 'n Boer soos ek en jy, alhoewel hy Engelse naam en van het.

I:Ja, ja.

P2:En dit maak my trots.

I:Daar was 'n innovasie.

P2:Ja, dit maak my trots. Ons het hierdie land, die politici maak my trots, die wit politici wat ons gehad het, want hulle het hierdie land reg bestuur en ek sê vir jou daar was nie 'n groot verskil tussen hoe hulle opgetree het en die ANC se politici deesdae optree nie, daar is nog baie raadvlakke, 'n politikus is 'n politikus. Maar daardie ouens het die land reg bestuur, ons het vorentoe gegaan.

I:Ja.

P2:En as dit dan nie so was nie, daar is baie swartes wat nou nog vir jou sê dit was vir ons beter onder die Wit Regering as onder die

Appendix C: Interview Transcripts

Swart Regering. Hoekom sê hulle dit? Want die land was reg bestuur. Vol foute, ek staan nie koud oor die foute nie.

I:Vir seker. Soos enige Regering.

P2:Ek is 'n groot kritikus van Verwoerd, baie groot. Maar ek is trots om 'n Afrikaner te wees.

I:Want tog is daar dinge soos jou historiese en kulturele erfenis.

P2:Ja natuurlik. Uit die aard van die saak. Uit die aard van die saak.

I:Soos hulle sê ons humble beginnings as Hollanders en Franse Hugenote wat 'n nuwe begin moes maak, al daardie tipe van - wat hulle onder die Engels ervaar het, mens vergeet partykeer die Afrikaner se geskiedenis. In terme van die Konsentrasie Kampe byvoorbeeld, hoe die Nasie amper van vooraf moes begin.

P2:Flip kom ek vat vir jou, en ek wil net wat jy nou gesê het, net bietjie deurtrek.

I:Mmm.

P2:Kom ons vat drie die goed uit wat uit die geskiedenis uitkom. Wie het Apartheid in Suid Afrika ingebring? Die Engelse. Waarvan Lord Shepstone - was dit Shepstone?

I:Milner?

P2:Nee Shepstone was die grootste ou op Apartheid. Toe hulle die Apartheid ingebring het op die Xhosa op die Oosgrens, hier van die eerste tot die agste of die negende Kaffir Oorlog daardie tyd, daar het Apartheid sy gesag gekry, hy het sy gesag gekry uit die Engelse, nie die Afrikaner nie. Wie het Konsentrasie Kampe ingebring? Waar kom daardie begrip vandaan? Ons is so kwaad vir die Duitsers omdat hulle miljoen Jode en in Konsentrasie Kampe gesit het, maar waar kom Konsentrasie Kampe vandaan? Wie het eerste onder die Konsentrasie Kampe deurgeloopt? Die Afrikaner, onder Engelse bewind.

I:En onthou ons nog die vier en twintigduisend vrouens en kinders wat gesterf het in daardie Konsentrasie Kampe?

P2:Dis reg, dis Konsentrasie Kampe. Kom ons, nou praat ek van 1994, en ek sê vir jou in 1994 wat gebeur het in die Weermag kan toegeskryf word aan die Engelse met hulle BMAT wat staan vir British Military Advisory Training Team. Dis die span wat hulle ingestuur het om die samesmelting van die sewe Weermagte te administreer. As die Engelse daar 'n benadering gehad het van kom ons integreer die Weermagte sodat ons 'n top Weermag anderkant uit het, en ons vergeet die bloody BEE begrip, en regstellende aksie, dan het die Weermag vandag baie anderste gelyk.

I:M'hmm. Want een van die vrae wat gaan kom, is wat gebeur het na die transformasie in 1994 waar die SAW 'n transisie gemaak het na die Nasionale Weermag en dit gaan vir my interessant wees om u sienswyse daarvoor te kry.

P2:Okay maar okay, is ek nog op vraag 2?

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja. Ons is nog steeds daarso maar ek verstaan wat jy sê want tog ons geskiedenis het 'n invloed oor wie en wat die Afrikaner vandag is, hoe hy homself sien, waar hy vandaan gekom het, ons het nou alreeds gepraat van moeilike situasies waaruit die Afrikaner basies homself selfversorgend moes gewees het, in terme soos jy sê in die Militêr moes ons self wapentuig, dit het gelei tot die opkoms van Krygkor, al daardie tipe van dinge. En histories, kultureel is u trots om 'n Afrikaner te wees. Wat van die taal? Afrikaans as 'n taal?

P2:Ek is trots op Afrikaans. Ek is trots op Afrikaans. Ek is baie trots daarop, en nou wil ek bietjie verby kyk by die eenheid van Afrikaans, as my mede-Maleier Suid Afrikaners nie hulle kant gebring het nie, het ek nie so 'n mooi taal gehad nie.

I:So 'n Afrikaner hoef nie necessarily 'n wit Europese persoon te wees nie.

P2:Nee, nee, nee. 'n Afrikaner is 'n ou van hierdie land. En ek dink daaraan daar is min Afrikaanse families wat kan terugklouter en daar is nie iewerste 'n Khoisan in die familie in nie.

I:Vir seker ja.

P2:Maar dit het vir ons uniek gemaak. Dit het ons gemaak die volk wat ons is. En daarom het ek hierdie apatiese houding teenoor hierdie ouens wat trek. Want hulle breek Afrikaner af. Want daar sit my kleindogter vandag in Australië, sy sal heel moontlik met 'n Australiër bou - ag trou. Sy gaan haar identiteit verloor. Nie sy nie, haar kinders sal hulle identiteit verloor, haar kleinkinders gaan hulle identiteit verloor. En hoekom? Omdat my mede-landsvennote nie net 'n aanpassing wil maak en sê maar kom, kom ons trek hierdie wa deur die drif nie, ons is deur die Drakensberge op en af met ons waens maar nou wil hierdie nuwe water ons nie op en af deur die berge trek nie, want hulle is slagpat geword. Ons kan nie meer vasbyt nie. Maar ek is trots op wie ek is en ek is trots op my taal.

I:Dit klink vir my asof u u identifiseer daarby dat 'n Afrikaner is enigiemand wat identifiseer met die waardes en die tradisies en die taal van die Afrikaner?

P2:Ja. Kom ek vir jou so sê, die fout van die verlede, volgens my, is laat die Kleurlinge, toe ons hulle kon inbind, wie het hulle van die Kieserslys afgehaal? Strydom. Moes hulle nooit van die Kieserslys afgehaal het nie. Want ons het die Kleurlinge gemaak. Hulle is nasate van die Khoisan en die Afrikaner het sy kant baie sterk bygebring om hulle te probeer wit kry. Dit is so. En toe vervreemd ons hulle. En nou, die Kleurlinge wat begin stadig inkom, en ook begin 'n aanspraak maak op Afrikanerskap, welkom my maat, jy's 'n Afrikaner soos ek, jy praat Afrikaans soos ek. Jy bid vir dieselfde Here soos ek, uit 'n Protestantse oogpunt uit.

I:Dis korrek.

P2:Jy's 'n Afrikaner net soos ek. Jy's van Afrika.

I:Dit klink asof ons bietjie meer inklusief geword het, in terme daarvan, dat ons daardie sprong gemaak het in terme van ons Afrikaner identiteit.

P2:Ongelukkig is daar nog 'n groep wat nog regs staan, dit is so.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Vir seker.

P2:Maar ek dink die gemiddelde, die gemiddelde Afrikaner het begin sê kom.

I:Nee dit klink vir my terwyl u nou van u dogter praat, daar is 'n mate van hartseer dat u voel dat soos u sê sy is nou in Australië so in 'n groot sin gaan hulle Australië, hulle kinders gaan nou Australië grootword, so daardie Afrikaner identiteit waaroor u trots is en wat u voel deel is waarin u uself identifiseer, gaan ten gronde daar.

I:Ja.

P2:Daardie identiteit sal nie ontwikkel word nie.

P2:Hy sal nie ontwikkel nie, nee hy moet ten gronde gaan. Hy moet. Hy moet uitsterf.

I:Maar u voel terselfdertyd daar is 'n toekoms vir Afrikaans, vir Afrikaner identiteit?

P2:O ja, uit die aard van die saak as 'n toekoms al is ons 'n minderheidsgroepie. En ons is baie min, teenoor die wêreld waarin ons gebreek is, is ons 'n speld se punt. Maar ek sê nog daar is 'n toekoms vir ons.

I:Dit bring ons tot ons volgende vraag. Dit bou nou alles op eintlik op die vorige twee vrae, en dit vra, hoe voel dit om 'n wit afgetrede Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika te wees?

P2:Bakgat. Ek spot altyd, en as ek vinnig in my lewe afkyk tot waar ek vandag is, wat het in my lewe verander hier? Miskien drie goed, die paaie is slegter, die Wildtuin is duurder en die misdaadvlak is hoër.

I: (Lag) Okay.

P2:Maar wat het dit aan my lewe verander? Dit het eintlik niks van my lewe verander nie. Jy sê die gesprek is vertroulik, daarom kan ek met jou praat uit 'n ander dimensie vir jou gee om my punt te illustreer.

I:Ja.

P2:My oudste seun woon in [REDACTED], en hy en [REDACTED] is groot vriende. En as jy met hom praat dan sal hy vir jou sê, [REDACTED] sê vir hom, hulle grootste frustrasie is, van 1994 tot nou toe, die Afrikaner het nog net vorentoe gegaan, hy het nog nooit agtertoe gegaan nie. Terwyl hulle suffer om kop bo water te hou.

I:Interessante perspektief.

P2:Dis wat ek probeer sê. Wat het in my lewe verander? Ek is hartseer oor die feit dat ek nie bydrae tot die land kan maak nie, want die bietjie wat ek doen is ek in konflik met die Owerheid, ter wyse van illustrasie, die Owerheid wil nou Mengden gebied ontwikkel as 'n node maar hulle uitgangspunt is ons ontwikkel hom, die infrastruktuur sal later kom, wat strydig is met alle beginsels van ontwikkeling. Jy sit eers die infrastruktuur in en dan ontwikkel jy.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P2:Maar dis nou maar soos hulle werk. Nou baklei ek hulle daar, om te sê kêrels julle redeneer verkeerd, en hulle forseer my in 'n konfrontasie posisie in want hulle is besig om basiese bestuursbeginsels te verkrag. Daar is sekere beginsels wat jy eers moet nakom.

I:En dis op 'n pure logistieke praktiese vlak.

P2:Ja.

I:Ja.

P2:Nou sê ek weer, maar vir my as 'n blanke Afrikaner, ek lewe nog baie lekker. Baie lekker. As ek gesels met die bietjie kontak wat ek in die buiteland het, dan dink ek lewe ek in 'n absolute bevoorregte situasie.

I:Maar dit klink vir my daar is 'n oopheid van u kant af dat u - u wil sien dat die land 'n sukses sal wees, u wil uit die aard van die saak wil u graag 'n bydrae, en u sal 'n bydrae lewer, dis net jammer partykeer daardie bydrae, daar's 'n konflik terwyl daardie bydrae gelewer ... (intervensie)

P2:Ja ongelukkig moet ek my bydrae in 'n konflik situasie lewer.

I:Want daar's 'n misverstand, daar's 'n - daar is 'n gebrek aan begrip, eintlik waar is Wit Suid Afrikaners vandag, is hulle outomaties gekant teen die Regering, nee, hulle is nie. Daar is 'n groep soos uself, gemarginaliseer.

P2:Ons is gemarginaliseer.

I:Ja en dis verstaanbaar dat hulle dalk so kan voel, maar daar is 'n ander groep waar dit vir my klink u self in, waar u bereid is om in gesprek te tree, bereid is om 'n bydrae te maak.

P2:Uit die aard van die saak.

I:Maar dat dit jammer is partykeer dat daar nie altyd die geleentheid is om daardie bydrae te maak nie.

P2:Jy sien ... jy sien aan die ander kant is ook, ek dink ons sit hier ook met 'n probleem. Alhoewel ons nou - is dit agtien jaar, al in die geskiedenis af is na 1994, kom die Swartes en dit sê dit met piëteit en deernis, nog nie die sprong maak dat ons is nou in hierdie land gelyk nie. Hulle beskou hulleself nog in 'n - hulle sien hulleself dat hulle nog bedreig word deur die witman. Ons bedreig hulle nie want ons is 'n minderheidsgroepie. Maar die feit laat ons en ek sê dit nou baie versigtig, 'n meerdere kennis het, weens ons opleiding en hoe ons grootgeword het en ons agtergrond en waar ons vandaan kom, voel hulle nog bedreig. Ek neem hulle nie kwalik nie, want onthou drie honderd en vyftig jaar gelede het hulle nie 'n wiel geken nie pel. Toe Jan Van Riebeeck daar in die see afklim toe sien hulle vir die eerste maal 'n ronde ding met 'n aks deur wat in die rondte kan draai. So ek neem hulle nie kwalik nie, daar moet ontwikkeling by hulle kom. Ek neem hulle nie kwalik dat die Apartheidsregering hulle vasgedruk het en nie kans gegee het om te ontwikkel in 'n middelklas in wat stadig maar seker inkom en saam met

Appendix C: Interview Transcripts

ons as Staatsdepartemente en in die land se bestuur sit nie. Ek kan hulle nie kwalik neem nie, en ek soek vir hulle en sê asseblief maak oop. Prakties byvoorbeeld, ek het 'n vakansie huis in Wakkerstroom. Daardie skool, die skool wat in die dorp is, was 'n wit skool nou's dit 'n swart skool. Hoërskool tot in matriek. Of tot Graad 12 deesdae. Die skool dink ek moet 08:00 begin. Maar van 07:00 tot 10:00 toe is daar 'n stroom in die swart woonbuurt uit skool toe. 11:00 is pouse en dan is al wat 'n kind is in die straat. Nou hoe lank daardie pouse is weet ek nie, maar van omtrent 11:30 af tot 13:00 is daar 'n stroom weer uit die winkels uit terug na die skool toe, en dan hier by 14:00 is daar weer 'n stroom swart woonbuurt toe. Nou goed, Wakkerstroom kry 'n ontsettende groot aantal buitelandse besoekers. En ek kyk na die, in ons dae Inspekteur van Onderwys, deesdae een of ander Streeksbestuurder ens. Kyk hulle het mos al die name verander, Bestuurs, Beukes can you please phone me on Monday, I am in a meeting now please if you don't mind. Goodbye. Toe gaan ek na die Skool bestuurder toe, toe sê ek, sy naam is Alfred Somebody, toe sê ek Albert ek kom nou vandag na jou, as 'n groot man na jou toe, en ek kom met jou praat omdat ek wil hê daar's 'n ding wat ons moet regtrek. Ons kry buitelandse besoekers, dit gaan om die beeld vir my van ons, dit gaan om die beeld wat ons projekteer. Wil jy nie met die skoolhoof gaan praat nie en sê dat hy die kinders moet by die ure hou. As die skool 08:00 begin moet die kinders al 08:00 in die skool wees. 11:00 as hulle pouse het, moet hulle nie almal strate toe storm nie, hulle moet op die speelgrond speel, want daar is hulle onder beheer. En dan 14:00 gaan hulle huis toe. En dan skep ons die indruk by die buitelander besoekers wat ons hier in die dorp het, hierdie is 'n geordende gemeenskap. Hy het my lank so gekyk, uit die aard van die saak is die voertaal Engels, toe sê hy vir my, Mr [REDACTED], I think you've got a point. Give me the opportunity so that I can see what can I do about this. En dit is georden. Twee maande later toe is dit georden. Maar nou toe die nuwe jaar begin is dit weer in chaos, so as ek weer Wakkerstroom toe gaan sal ek weer vir Alfred gaan kuier. Maar wat het hier gebeur? Hier was 'n interaksie sonder dat daar konflik was, omdat ons as 'n gemeenskaplike belang het tot voordeel van die beeld van Suid Afrika. En omdat ek kalm met hom gaan praat het, en nie vir hom gesê het, hey jou Swart ... (intervensie)

I:Beterweterig was of ...

P2:Beterweterig was en so nie. Omdat daar 'n gesindheid was van ... (indistinct)

I:Van respek en van kom ons vind saam 'n oplossing. En dit lyk my die brug van kleur, van kultuur, alles oorsteek, deur die feit dat dit 'n ou... (intervensie)

P2:Jy sien, dit is wat ek sê. Maar ek kan die swartmense nie kwalik neem nie, want hulle was soveel jare vasgedruk en onderdruk en ...

I:En dat hulle bedreig voel as gevolg daarvan, maar ironies genoeg, is daar nou weer die wit minderheid wat ook bedreig voel.

P2:Uit die aard van die saak.

I:Ja.

P2:En dis vir my ... Maar onthou daar is 'n radikale wit minderheid wat erg bedreig voel, en dis hoekom ek netnou al toe ons begin het, vir jou gesê het van die braaivleis gesprek.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Mens het tog begrip daarvoor ook, jy stem dalk nie saam eenkant of anderkant toe nie, maar 'n mens het begrip daarvoor.

P2: Ek het baie begrip. Ek het baie groot begrip daarvoor.

I: Dit bring ons by die volgende vraag, en dit is, in u opinie wat dink jy sou ander se persepsies van wit afgetrede Afrikaner oud soldate gewees het in die verlede, en hoe dink u sien hulle hierdie groep nou? Is daar 'n verskil?

P2: O ja. In die verlede het ons in 'n samelewing gebly waar die ouer mense 'n baie prominente rol gespeel het, en deur die jare het hierdie klem 'n verskuiwing ondergaan. Vandag sit ons met jou geslag mense wat die kitaar slaan, en die ouer mense is nie meer so prominent nie. Hy het nie meer dieselfde sosiale status as wat hy vyftig jaar gelede gehad het as 'n ouer mense nie. Maar dit is die Global Village, dis die wêreld waarin ons bly het so geword.

I: Ja.

P2: En daarom dink ek was die verandering daar ook gewees. In die ou dae kan ek onthou is as 'n ouer mense, hy was 'n afgetrede Generaal gewees, hy's soos 'n Meneer, jy het mooi met hom gepraat. Vandag maak dit nie saak nie, want ons is in die wêreld van gelykmaking. Ons is vandag in 'n wêreld waar die ouer mense nie meer daardie - ek wil amper sê ereposisie meer beklee nie, van die ou wat die wysheid wat die grysheid het, is weg. Dis nie meer daar nie.

I: Ja.

P2: Dis nie meer daar nie. Dat daar nog respek is, is so, maar hy's nie meer so streng gedefinieer nie.

I: Daar's nie sulke formele hiërargie nie.

P2: Daardie hiërargie het - het verdwyn. By wyse van voorbeeld, ek het niks waarop ek myself roem nie, ek is maar net 'n mens op hierdie aarde wat probeer lewe in verhouding met ander mense, maak nou nie saak watter model jy wil gebruik, die Bybel of Maslow of wie nie, maak nie saak nie, ek lewe net saam met ander mense. Maar ek is tog 'n ou, omdat ek uit die Militêr uitkom en ek glo dat jou samelewing is hiërargies saamgestel. So trou my vrou se suster se kleindogter, en die jong bruidegompie wat so 'n klein snot-koppie is, roep my op my voornaam, en dadelik staan my hare regop. Want ek is nie gelyk op sy vlak nie. Nie in ouderdom nie, in niks nie is ek op sy vlak nie. Wie gee hom die reg om vir my op my voornaam te noem? Tensy ek vir hom sê, luister dis my naam, noem my op my naam.

I: Korrek.

P2: Maar binne in my Afrikaner hiërargie en tradisie en gewoontes waarop ek baie trots is, is my naam Oom. Nie omdat ek sy ma se broer is nie, maar omdat hy vir my respek gee of erkenning gee dat ek ouer as hy is, en dat ek sy senior is.

I: Ja. Respek en eer betoon.

P2: Maar vandag vervals hulle goed, om soos in 'n gelykmaking, so dan is daar 'n groot verskil tussen vyftig jaar terug en vandag.

Appendix C: Interview Transcripts

I: So hoe rekonsilieer u u identiteit in terme van die verlede, waar u sê maar dalk 'n rang in die Militêr gehad - in die Weermag gehad het, waar daar sulke, daar was 'n streng hiërargie, dissipline, al daardie tipe van dinge, enigiets wat u deurgetrek het tot vandag toe, wat u geleer het daar, wat - wat vir u help kan ons sê gevorm het wie u vandag is?

P2: Ek dink - ek dink die grootste ding wat ek geleer het is dat ek uit 'n wêreld van dissipline uitgekom het, en van hiërargie, en dat my wêreld my geleer het dat jy kan konformeer tot jy net een van die massa is. Ek bedoel sonder trane.

I: So waarnatoe het u gekonformeer toe en waarna het u gekonformeer nou?

P2: Daardie tyd? Nee daardie tyd het ek - daardie tyd was ek 'n groot disciplinarian, ek het geglo daar dat om die Organisasie te maak werk moet jy 'n hiërargie hê. Jy moet dit hê en jy moet - daardie hiërargie is streng, jy moet dit soos 'n kleinood bewaar, want anderste is dit ... val die hele funksionering van die Militêr plat. Die Weerman kan nie vir die Generaal sê hoe om sy oorlog te maak nie.

I: Dis ook 'n unieke konteks.

P2: Dis 'n unieke konteks. Maar aan die beginsel moet jy deurtrek. En as jy na W De Villiers se boek toe gaan, die beginsels van gedesentraliseerde bestuur, dan sê hy presies vir jou dieselfde, vir die vakmaatskappy. Ek gaan netnou terugkom hiernatoe, maar in elk geval jy moet dit hê. Maar nou wil jy kom waar ons nou is, is een van die goed wat jy moes aanvaar, dat jy het geen status meer nie. En jy handhaaf jouself deur die manier waarop jy optree, die manier waarop jy mense handel - en handel en behandel, om jou status in die Burgerlike samelewing te bepaal en te handhaaf.

I: Het u ervaar dat u status gehad het in terme van toe u in die Weermag was, en voel u dat in vandag se samelewing daar is geen status vir u nie?

P2: Nee. Glad nie status vir my nie. Veral nie as jy nie in 'n Organisasie is nie. Kom ons het netnou oor ou Oom Gert Opperman gepraat, vir hom is daar status omdat hy deel van die erfenis gestig het. Maar dis net so goed soos ... er ... enige ander persoon wat die Hoof is van watter maatskappy ook al.

I: Daar is 'n erkenning vir wat jy doen, jy vind jouself tot iets groters.

P2: Dis reg. Maar as jy is waar ek is, net 'n gewone pensionaris, dan het jy geen status nie.

I: Wat dit moeilik maak, want tog u het netnou vir my vertel, en ek sal nou glad nie weet nie, maar as 'n afgetredene voel party ook maar waar's my plek nou. Jy weet as 'n ou in 'n maatskappy werk het jy 'n sekere identiteit wat jy koppel aan jou werk, jy's dalk 'n bestuurder of jy het een of ander vlak van verantwoordelikheid, en as jy aftree is daar half hierdie uitdaging om jouself weer te vind. Ek weet nie dalk ...

P2: Nee daardie uitdaging is definitief daar.

I: Kom ... kom ...

Appendix C: Interview Transcripts

I:Wat ook n sekere identiteit is.

P2:Hoekom ek vir jou sê, ek kan vir jou sê hoe het ek dit belewe.

I:Ja asseblief.

P2:En as ek met my kollegas praat dan hoor ek dieselfde storie. So drie maande voor - drie maande na jy besluit het jy gaan nou aftree, dan begin jy planne te maak, wat gaan jy die eerste ruk met jouself doen. Jy gaan rondry en jy gaan ...

I:Lekker laat slaap.

P2:Jy gaan laat slaap. En dan tree jy af, en dan doen jy dit. Dan het jy hierdie nuutgevonde vryheid. En ons wat uit die Militêr uitkom, is uit hierdie streng geregimenteerde dissipline en orde uit. En dan gaan dit aan, en dan so drie maande later, een oggend dan staan jy op en dan sê jy wat de hel maak ek op aarde, want ek is nou moeg vir koffie shops, ek is moeg vir in n hardeware winkel rondloop en kyk oor tools wat ek nie kan bekostig nie, ek is nou moeg gekyk na nuwe karre, ek is nou gatvol vir die TV, ek is dik gelees, en dan slaat hy jou voor die bors, hoe hierdie gevoel van nutteloosheid en dan kom die lekkerte om vir weer vir jou n pad te begin oop te kerf, en weer - weer orde in jou lewe te kry, maar n ander orde, n sinvolle orde. Jy begin miskien heel goed te doen. Ek sê nie almal doen dit nie, maar hierdie ou ... (intervensie)

I:Ja, u, ja, ja. Ek vra vir u, ja.

P2:Ek het geleer hoe om porselein te restoureer, ek het geleer hoe om met tien vingers te tik, ek het geleer hoe werk n rekenaar. Ek het geleer hoe om kunsvlieg te gaan hengel. Ek het goed geleer wat ek nie tyd voor gehad het nie.

I:Ja.

P2:Ewe skielik dan kom daar n ander orde, en ewe skielik begin jy ander prioriteite in jou lewe te kry.

I:Dit klink vir my dit is daardie vryheid kan jou of amper mal maak, in die sin daarvan dat jy voel jy leef nie iets uit wat vir jou betekenisvol vul nie.

P2:Jy het nie n bestaansreg nie! Jy het nie 'n bestaansreg nie!

I:Ja maar tog het n ou die geleentheid om die vryheid daarin te sien en te sê maar nou kan ek die goed doen wat ek voorheen nooit kon gedoen het nie. So jy vind n identiteit wat nie meer gekoppel is aan die werk wat jy doen of die titel wat jy het of die rang wat jy het nie.

P2:Nee.

I:Maar eintlik is dit hierdie oop identiteit, jy kan kies om van dit te maak wat jy wil.

P2:Uit die aard van die saak.

I:En dit bevry n mens.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Dit bevry jou. Dit bevry jou. Ewe skielik as jy dit begin doen, dan vind jy ook uit dat hierdie - hierdie waarde wat jy gehad het in jou posisie, en die pos wat jy beklee het, en die status wat jy gehad het, dit maak nie meer saak in die lewe nie. Daar is ander goeters wat lekkerder is as dit.

I:Dit is nie meer 'n bepaling van wie jy is nie.

P2:Nee, nee, nee, daar is goed wat baie lekkerder is. Dit is baie lekkerder om jou vrou op te laai en te ry na een of ander plek toe om te gaan voëls kyk.

I:So eintlik - eintlik hierdie goed waar ons op altyd so vashou, is maar goed wat ons eintlik ook in 'n mate beperk.

P2:Ja maar jy moet onthou, daardie goed gee vir jou sekuriteit. Dan kom ons terug na Maslow toe, die sekuriteite.

P2:Dan raak jy ... (indistinct)

I:Ja, ja. Ja, ja.

(Lag)

P2:Maar ewe skielik wil jy iets maak en jy vat dit en jy begin dit leer en jy begin vir jou ander sekuriteite te skeep, ander goedjies wat jy aan vashou, dit is nou lekker goedjies.

P2:Nou kan jy jouself absolusieseer, want jy het dit reggekry om ander behoeftes te maak en ...

I:Presies.

P2:Ja.

I:Presies.

I:In u ervaring, en dalk fokus dit nou bietjie meer op veral die ou veteraan die SAW, in u ervaring hoe word 'n wit afgetrede SAW Afrikaner oud soldaat in Suid Afrikaanse samelewing uitgebeeld? Nou praat ons van beeld, die beeld, soos wat u gesê het, in terme van hoe sien die toeriste daardie kinders, en watse inferensie maak hulle om ons land oor wat hulle sien, met ander woorde hoe sien die Suid Afrikaanse samelewing daardie uitbeelding van die SAW oud soldaat?

P2:Ek wil amper vir jou sê hulle sien ons nie, want ons maak nie saak nie. Ons het verdwyn. Ons het ons rol gespeel. Ons was die ondersteuners van 'n Regering van Apartheid waar ons 'n sleutelrol gespeel het. Ons was die sekurokrate gewees toe die land deur 'n moeilike tyd gegaan het, en daar het 'n verandering gekom, en die verandering stel soveel eise dat ons nie meer saak maak nie. Ons het verdwyn. Hier en daar is daar uitvlieërs maar in die algemeen het ons verdwyn. En omdat ons verdwyn het, vind ons nou heil in onself deur ons eie organisasietjies en vererenigintjies en goedjies te he waar ons kontak het met mekaar, gesels oor die ou dae en lekker lag en lekker kuier en het ons nog sosiaal kontak onder mekaar.

I:Maar dit is tog 'n baie belangrike element. Dis daardie sin van dat ek behoort, ek het 'n gevoel dat ek behoort aan iets groter as myself.

Appendix C: Interview Transcripts

P2: O ja want kyk 'n mens wil altyd behoort. Jy wil altyd behoort. Nou nie dat hierdie organisasie nou waarvan ek praat toegetrap word van die lede nie, maar almal van ons het maar 'n klein groepietjie waar jy aan behoort en van oudgediendes, waar ons met mekaar kontak het. Maar uit die breë perspektief uit, uit die siening van hoe die Volk ons sien, sê ek, ons tel nie punte nie. Behalwe as ons die media haal en ons beginne boeke skryf en baklei oor stellings en feite ensovoorts.

I: So dit is nie - dis amper nie 'n ongewildheid of 'n - 'n politiese irrelevansie of enigiets soos dit nie, maar in u ervaring voel u daar's amper 'n stemloosheid, dis amper asof ons feature nie. Ons is nie daar in die gedagtes van mense daar buite nie.

P2: Nee, ons is nie. Want die omstandighede het so verander. Die omstandighede het so verander dat ons het irrelevant geraak in die veranderings wat in die land gekom het.

I: Maar - maar ek, soos ek verstaan is daar nog baie diep verhoudings, baie diep gevoel van samehorigheid oor rondom die oudgediendes.

P2: Onder die oudgediendes? O ja.

I: Party van daardie verhoudings is sterker as familie verhoudings.

P2: Baie sterker. Kyk om jou nou terug te voer na daardie storie toe van waar kom dit vandaan? Kom ek vat my loopbaan, en ek praat van my, nie dat ek so wonderlik is nie, maar kom ons vat my loopbaan ... (intervensie)

I: Nee dit is want ... (intervensie)

P2: Kom ons vat my loopbaan en ons trap hom gou deur, ek woon lankal in die land, en ons kyk hoe ons ... en ek dink ek is die norm want ek is deel van die kudde. Ek het gekom, gewone matrikulant, gaan Leergimnasium toe. Daar kry 'n Korporaal jou beet en hy breek jou af en hy maak van jou 'n absolute gesiglose wese laer as 'n slang se skaduwee. En nou vat hy jou en hy draai jou en hy begin vir jou leer van hiërargie en dissipline en al daardie dinge. En nou begin jy in 'n nuwe orde te beweeg. Dis nie net 'n orde van gemeenskapsdissipline nie, maar ook 'n orde van persoonlike dissipline wat gevestig raak. Jou stewels is skoon, jou bed is opgemaak, alles is georden. Nou goed, nou gaan jy hiervandaan af verder. En jy word verder opgelei. En in die Weermag het die klem in die opleiding gelê oor die groepsfunksionering. Daarom was strawwe nooit individueel nie. Dis altyd 'n groep straf. Want jy moet binne die groep funksioneer. En jy moet streng by die groep funksioneer, want as jy gaan uitbreek uit die groep uit, gaan die groep skade kry. Nou jy dink wat is die norm, dis menseleuens, en die behoud van menseleuens.

I: Lewe en dood sake.

P2: Lewe en dood. Ja, nou goed. En hoe hoër die opleiding gaan, hoe meer val die klem op groep in groepsverband saam te werk. En in jou werksomgewing werk jy in 'n groep. Altyd is dit die groep, altyd die groep en altyd die groep, en so gaan jy aan. En in hierdie tye van groepsvorming, as jy nou byvoorbeeld kom by Staf opleiding, Staf opleiding is 'n dertig weke opleiding. Vir dertig weke lewe jy saam met 'n groepie ouens. Dan leer julle mekaar ken, en dan, onthou Staf opleiding, my kind wat die prokureur is, ek en hy het eendag in 'n

Appendix C: Interview Transcripts

lang argument ingegaan toe ek vir hom uitgewerk het dat n Varsity Jaar werk jy eintlik net 92 dae, as jy al die vakansiedae aftrek en al die naweke aftrek, en al die dae wat jy nie klas het nie aftrek, en jy werk op n agt uur dag, het jy 92 dae opleiding. Ek meen in die Weermag as jy dertig weke op kursus gaan, is jou dag begin 07:30 in die oggend en jy maak vannag tussen 02:00 en 03:00 klaar. Vir dertig weke aanmekaar.

I:In n intensiewe - en dit heg soveel verskillende dissiplines en waardes.

P2:Alles. Alles. Met ander woorde ek sê vir hom ek het nou net soveel opleiding soos jy, dan raak hy baie die moer in vir my as ek vir hom dit vertel. Maar elk geval, maar nou omdat jy in so n krisis situasie, in so n druk situasie werk, raak jou groeppvorming ontsettend, en maak jy lewenslange vriende.

I:Mmm.

P2:Met ander woorde die Organisasie het jou gevat en vir jou vriendskappe gekonkreet, dis in konkreet gegooi. Daarom baie van my vriende is eks kollegas. En die oomblik as die vrouens ook nog mekaar vind dan is dit nog beter dan word dit regte hegte vriendskappe.

I:Ja. En ek dink u kan nogal kommentaar lewer op daardie maar ek dink dit sê nogal iets in die sin daarvan dat hierdie verhoudings het die, kan ek maar sê, die toets van tyd, die toets van die kontekste wat verander het, byvoorbeeld julle het dalk die Mag op verskillende tye verlaat, soos partykeer by n werk waar jy voorheen was, jy sien nie maklik weer iemand of jy bel iemand wat saam met jou by daardie maatskappy gewerk het nie. Maar somehow, met die Weermag, met die SAW, is dinge anders. Selfs al het mense in verskillende hiërargie beweeg, of al daardie tipe van goed, daardie vriendskap het regdeurgetrek, jare nadat hulle die Mag verlaat het.

P2:Dit is inderdaad so.

I:Wat vir my interessant is.

P2:Kom ek kan nou vir jou sê, vanaand gaan eet ek saam met [REDACTED] wat n groot kollega van my is, hy trek nou Somerset Oos toe, ek sê nou vanaand vir hom goodbye. Dis net so goed, ek het nie n broer nie, maar dis vir my net so goed my broer trek uit my lewe uit.

I:Mmm. Dis n groot afskeid om te maak.

P2:Dis n groot afskeid. My ander ou pel trek nou Kanada toe. Sy kinders bly in Kanada, hy gaan nou soontoe, hy trek die einde van Junie. Dis net so goed ek verloor n broer.

I:Dis amper n begrafnis wat n mens hou.

P2:Ja. Dis groot vriende van my wat ek verloor. Hulle's almal Weermag pelle van my. Ons kom van 1961 af saam.

I:Sjoe.

P2:Dis baie jare se vriendskap, van lief, van leed, van swaarkry, ons het die kindertjies grootgemaak en saam gehuil en saam gelag en saam gealles. En dit maak vir ons uniek. Ons het in die Weermag n woord

Appendix C: Interview Transcripts

wat ons sê *Esprit De Corps*, jy gee vir die Korps. Jy gee vir die groep. En dit is daar. Ons is saam. Ja daarom is hierdie verenigintjies en saam eet en saam kuier, vir ons krities belangrik.

I: Van baie waarde.

P2: Baie waarde.

I: Want daar is 'n intense gehegtheid daarso.

P2: Ja.

I: Wat jy nie maklik daar buite in ander groepe kry nie.

P2: Nee. Ek sal graag wil weet, Sanlam, ABSA, groot maatskappye, wat Afrikaans is, ek wonder of hulle oud personeel lede so getrou soos ons een maal 'n maand gaan saam eet. Ons is 'n groep van veertien, wat Leër, Vloot, Lugmag en SAGD is. Ons eet elke maand die tweede - eerste Woensdag van die maand 12:00 by Mimosa in Centurion.

I: Hoekom dink u is dit so?

P2: Hulle is my pelle.

I: Wat maak dit so anders, so heg, so naby?

P2: Dis my pelle. Dis my pelle. Ons het saam swaargekry. Ons het saam, saam en dis nou vreeslik voor op die wa wat ek sê, ons het saam hierdie land se toekoms in ons hand gehad. Ons was saam Senior Offisiere. Ons kon ok 'n staatsgreep uitgevoer het as ons wou. Ons was sterk genoeg om dit te doen, maar ons dissipline was sterker. Ons visie was groter.

I: Ja. Want dit klink vir my in terme van julle groepsidentiteit, soos u sê daardie *Esprit De Corps*.

P2: Ja.

Daardie gees van die Korps, dit is iets wat julle lewenslank saambind met mekaar.

P2: Uit die aard van die saak.

I: Iets wat oudkrygers sê - ek het voorheen die ding gehoor van soldate sterf nie, hulle - hulle ...

P2: They just fade away.

P2: Hulle fade away. Jy weet dit is daardie gees, daardie gehegtheid van Jo, jy weet hierdie ou hierdie langs my, nadat ons - wat ons deur was, dan weet ek hierdie ou sal daar wees vir my. Jy weet of die slagveld waar ons saam opleiding gehad het, en waar ons saam moes veg, selfs twintig, dertig jaar na die tyd weet ek, ek kan op hierdie man se knoppie druk.

P2: Uit die aard van die saak. Onthou net ek wil nou nie ... (indistinct) dit werk nie met al jou kollegas so nie.

P2: Nee. Daar moet darem groeppvorming binne in die groter groep.

Nee, vir seker.

Appendix C: Interview Transcripts

P2: Daar was hegter en minder hegter, maar in algemeen, in beginsel, was dit die - is dit die beginsel wat gestaan het. Maar dis wat vir ons so uniek gemaak het.

I: En wat vir my uitstaan is hierdie vriendskappe wat tot al die jare wat al die verandering, u weet u het mos self gepraat van die groter veranderinge in ons land oorleef het, tot vandag toe nog is dit asof dit is hierdie onskeibare vriendskappe wat gevorm is daarso. Daardie groepsidentiteit wat verskriklik heg is, ek dink nie daar is ander groepe wat ons daarmee kan vergelyk nie.

P2: Nee, nooit nie. Ek dink nie, maar jy sien ek wil dit elke keer terugtrek met ander woorde, is waar jy begin het, nie afgebreek is en opgebou is nie, en dan opgebou is deur die wyse waarop die organisasie gefunksioneer het.

I: Mmm. En die groep was alles. Die individu was minder belangrik.

P2: Ja die individu het nooit punte getel nie, die groep het altyd punte getel.

I: En daardie eenheid wat gevorm is, daardie samewerking, dit is goed wat nie afgebreek kon wees nie.

P2: Ja. Jy was altyd interafhanklik van die volgende ou, maak nie saak op watter vlak hy was nie, dit was dieselfde toe ek op Generaal vlak kom, was jy altyd afhanklik van jou kollegas om jou. Jy was nooit was jy alleen haantjie op die mishoop nie.

I: Wat sal u sê was die gemene deler van die Weermag? Wat het gemaak dat Militêr die operasies die operasies met sukses uitgevoer kon word?

P2: Ek dink die eerste en die belangrikste is die besonder hoë vlak van opleiding wat ons gehad het, ons was opgelei vir ons taak. ... (intervensie- selfoon) Die gemene deler was, dink ek, was die besondere gededikeerde hoë vlak van opleiding wat ons gehad het. Jy was opgelei vir jou taak. En dan wil ek vir jou so sê dink ek het ons - was ons deur normale atrisie was ons 'n geselekteerde groep ouens. Die ou wat nie ingepas het nie, hy het uitgeval op die pad. Die groep het hom nie toegelaat dat hy deel bly van die groep as hy nie deel van die groep is nie.

I: Dis reg of weg. Of jy smelt saam met die groep of ...

P2: Of jy's uit. Want die organisasie, die - sy struktuur, sy samestellings, sy filosofie, sy denke, sy distinct state, alles het gegaan oor die groep funksionering.

I: Die groep funksionering was 'n gegewe gewees.

P2: Dis 'n gegewe!

I: Want as die groep nie gefunksioneer het nie kon die groter strukture nie gewerk het nie.

P2: Dis reg.

I: Soos u gesê het die kaart huisies sou inmekaar geval het.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Uit die aard van die saak.

I:So die Weermag was net so sterk soos sy groepe gewees?

P2:Ja.

P2:En in terme van waar die Weermag was of hoe die Weermag beskou was van objektiewe groepe, en hoe sterk die Weermag was in terme van selfs eintlik hoe Suid Afrika as land is, dis vir my 'n baie klein land met - wat selfs sy wapentuig moes vervaardig het, al daardie tipe van goed, en tog het hy baie effektief geopereer as 'n Mag. Nou praat ons nie van enige politieke ... (intervensie)

I:Nee, nee.

I:As ons net kyk na die Mag ... (intervensie)

Na die Mag.

En hoe hy gefunksioneer het is dit nogal 'n kommentaar oor dat as die groepe nou nie gemene deler was nie, en as die vlak van opleiding nie gemene deler was, en as die vlak van opleiding nie gemene deler dan het nog uit boekdele gepraat daarvan.

P2:Ja, uit die aard van die saak. Uit die aard van die saak. Alhoewel nee, ek sou sê ... (indistinct) gemene deler was maar net die groep en die opleiding van die groep, die vlak van afronding van die groep. Die vlak van afronding op watter vlak jy ook al mag wees.

I:En die feit dat daar was dissipline. Daar was - opdragte is gehoorsaam.

P2:Uit die aard van die saak.

Reg deur die Chain of Command.

P2:Dissipline, dissipline, dissipline, dissipline, al die pad.

I:Dit is wat ingedril was van die begin af.

Dit was in jou ingedril van Dag Een af.

I:Of dit nou 'n Brigadier-Generaal was of 'n Generaal, daardie dissipline was nog steeds daar.

P2:Al die pad.

I:Absoluut.

P2:Al die pad. En hy was gevestig, ek het netnou vir jou gesê, hy was gevestig binne self dissipline en dan uit die aard van die saak ook groepsdissipline.

I:Mmm. Die twee is ingeweef met mekaar.

P2:Jy kan nie die een losmaak van die ander een nie.

I:Die een sonder die ander een, Mmm. Dis nou selfdissipline is nie genoeg as jy nie as 'n groep kan funksioneer nie.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Dis reg. As jy nie jou goed van jou van jou buurman se hande kan afhou nie, kan jou buurman nie funksioneer nie.

I:Mmm. Ja dit is so.

P2:Dis waarop dit neerkom.

I:Ja. Dis waarop dit neerkom.

P2:Okay ons het bietjie kant toe gegaan maar weet jy dis goed.

I:O nee, nee, nee ...

I:Dit is goed om dit te doen want dis uit daardie vertellings uit waar mens 'n beter idee kry van selfs so iemand soos ek byvoorbeeld wat nie konskripsie gehad het nie, wat nie in die Weermag was nie, vir my is hierdie ook 'n persoonlike reis, is om te verstaan daardeur, want selfs my Pa was ook in die Weermag gewees, hy was in Anti-Tank operasies en so aan waar hy 'n instrukteur was. So vir my is dit ook 'n reis om sy wêreld te verstaan, waardeur my Pa gegaan het, al daardie tipe van goed, en vir hom is dit ook maar partykeer bittersoet om te dank aan - aan toe hy in die Weermag was, dis vir hom soet ervaringe gehad, hy dink met heimwee aan daardie tyd, hy was trots gewees om te gedien het, maar daar is ook minder goeie - jy weet, dinge gewees.

P2:Nee kyk die Weermag was nie 'n ... 'n organisasie sonder kritiek nie. Moenie vir 'n oomblik dink dat daar nie ook baie foute in die Weermag was nie. Maar enige organisasie het sy foute.

I:Absoluut. Want waar mense betrokke is gaan jy foute kry, want mense uiteraard maak foute.

P2:En waar jy met 'n organisasie sit wat 'n mensgedrewe organisasie is soos die Weermag en wat so groot soos hy is, is jou kanse vir foute baie, baie groter.

I:Mmm.

P2:Baie groter. Okay.

I:Kom ons sluit net weer aan by die vorige vraag. Die vorige vraag het gegaan oor die uitbeelding, en u het gesê u vind daar is eintlik maar geen, dit is nie in die gedagtes van mense soos ... (intervensie)

P2:Ek vat nie, ek wil nie die Highfliers vat soos die Gert Oppermans en so nie, ek vat oor die algemeen, ek probeer hom uitsny.

I:Nou in terme van daardie uitbeeldings, was my vorige vraag gewees, het enige positiewe reaksies of negatiewe reaksies wat u daaroor het? Dat dit nie saak maak nie. Dat die oud soldate van die SAW amper onsigbaar is?

P2:Nee, ek dink nie dit maak saak nie.

I:Dit maak nie saak nie?

P2:Dit maak nie saak nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:U het nie 'n gevoel enige kant nie, positief of nie?

P2:Nee, ek dink nie hulle maak saak nie.

I:Okay, dis - dis honderd persent. Dalk kan ons net gou by die vorige een gaan in terme van goeie herinneringe, minder goeie herinneringe van die SAW?

P2:Ek het net goeie herinneringe. Oor my gedeelte tot 1994 net goeie herinneringe.

I:Mmm.

P2:Na 1994 nie sulke goeie herinneringe nie en dis deels hoekom ek geloop het. Ek hetek het gesien dat ek 'n goeie getroue soldaat sal wees tot ek die dag 60 jaar oud is en op 55 het ek geloop. Want toe kon ek vir hierdie ongedissiplineerde sirkus nie verder gaan nie.

I:Kom ons hou by daardie, want dis die tweede laaste, ek is nou by die tweede laaste vraag en die laaste vraag gaan ek spesifiek daaroor handel.

P2:Okay.

I:In u opinie hoe tree u op as 'n wit afgetrede SAW Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika teenoor verteenwoordigers van ander kulture of rasse-groepe? Ek dink ons het dit gedek in die begin eintlik maar soos wat ek, ek weet nie of u net iets ten laaste daarvoor wil sê nie, maar dit klink vir my of u 'n pr oopheid het daarvoor, u het 'n intensiewe benadering tot mense van ander groepe.

P2:O ja, ek het onder die ander groepe na 1994 baie goeie vriende van ander rasse, baie, baie goeie vriende. En baie goeie vriende en kollegas. Ek het nie 'n probleem met dit nie. Kom ek, ek kan miskien net 'n bietjie teruggaan, ek dink my situasie verskil net so 'n bietjie van die gemiddelde soldaat, in die opsig dat ek het Weermag toe gegaan en dan vir ses jaar in die Weermag as 'n jong Offisier. Toe het ek geboer vir veertien jaar. Maar in die veertien jaar wat ek geboer het, het ek nie my verbintenis met die Weermag gebreek nie. Ek was eers in die Burgermag en toe later in die Kommando as 'n Bevelvoerder gewees. En toe is ek weer terug Weermag toe want toe vind ek uit - na veertien jaar het ek besef ek is nie 'n Boer nie, ek is 'n soldaat. En gaan terug na waarin jy goed is, moenie net 'n ding doen net omdat jy dit kan doen nie, jy doen dit waarvoor jy kan werk kan jy maar sê.

I:Daardie Militêre identiteit het u teruggeroep daarso?

P2:Vir my die groot nadeel was dat ek nie my verbintenis met die Militêr gebreek het nie, ek het die vlammetjie aan die brand gehou, baie keer kunsmatig maar hy brand vandag nog. Toe gaan ek terug, maar in die tyd was ek met 32 Bataljon met 'n ... die ... die ... wil ek amper sê berugte 32 Bataljon, was ek 'n Basis Bevelvoerder, en daar was ons veertig blankes gewees in duisend vierhonderd troepe, en twee honder en vier kinders en honderd ses en negentig vrouens, sal

Appendix C: Interview Transcripts

ek dit ooit vergeet, en het ek met daardie swartes gewerk. En daar het ek agtergekom hulle is n Veg Eenheid, en ons het trans-grens geveg, en ek het nie net die troepe gehad nie, ek het vrouens en kinders gehad om te versorg, met al die drama wat daarmee gepaard gaan. En toe het ek besef, tot die besef gekom dat as daardie koeël deur daardie ou se lyf hardloop, dan bloei sy bloed net so rooi soos myne. En ek verwag van hom hy moet die werk doen, nie om teen hom te diskrimineer, nie om vir hom te sê Jou Blerrie Kaffir, maar hy moet die werk vir my doen. Dit het bietjie my siening so bietjie n ander swaai gegee, en dis miskien hoekom ek meer oop is vir inklusiwiteit. Inklusiwiteit. Die Weermag het vir my so n bietjie ander draai gegee.

I:Ja.

P2:Nou goed. Ten spyte daarvan, toe kom ons by 1994 en toe kom my groot teleurstelling.

I:Dalk moet ons nou daarvoor praat. Wat was u ervaring rakende veranderings na 1994?

P2:Baie negatief. Baie negatief. Kom ons begin, ek het netnou al vir jou van BMAT vertel. Onthou ons het ... (intervensie)

I:Hoe het hulle betrokke geraak?

P2:Sê weer?

I:Hoe het hulle betrokke geraak?

P2:Dit was die ooreenkoms tussen die - in die Kempton Park en die Codesa samesprekings.

I:Het hulle n tipe bemiddelende rol gewees?

P2:Het hulle ingekom as die bemiddelaars.

I:Want hulle moet nou die APLA en MK in die SAW in integreer?

P2:Die sewe Weermagte het geïntegreer en hulle was die toesighouers.

I:Okay.

P2:Oor die integrasie proses. En dit het regverdig geskied. Nou kom ek vat vir jou n praktiese voorbeeld. Ek was op daardie tyd en stadium was ek die Funkusionele Direkteur van die bedeling van mense binne-in die Weermag, en ek moes kyk na die samesmelting, die impak van die samesmelting van die sewe Weermagte op my funksionele groep. En ek moes almal akkommodeer dat daar regverdigheid is. Nou kry jy n ou uit die ou SAW uit. Hy kon Diensplig gedoen het of hy het Staande Mag aangesluit na skool of wat ook al. Hy het geloop, hy het al sy opleiding gedoen en sy kursusse deurgekom, sy kant gebring, gewerk, en twaalf jaar later, veertien jaar later is hy n Luitenant Kolonel.

I:Soos beroepsoldaat gewees?

P2:Beroepsoldaat, Luitenant Kolonel. In die Staatsdiens terminologie n Assistent Direkteur. Nou integreer ons. Nou sit BMAT om die tafel. Nou hoe dit gewerk het in praktyk, ons kry die individu se lêer, dan werk jy op jou eie tyd sy lêer deur, jy kyk wat is sy agtergrond, waar kom hy vandaan ens, ens. Dan kom die sewe

Appendix C: Interview Transcripts

verteenwoordigers bymekaar met BMAT as die Arbiter. Of 'n Voorsitter wat op 'n roterende basis was, dan praat ons nou oor Persoon A en elke ou gee sy inset oor Persoon A, dan word Persoon A ingeroep, dan kan jy vir hom vrae vra, en as jy op sy lêer iets gekry het op sy CV wat nie vir jou duidelik is nie moet jy vir hom vra om dit voor te lig ens. Dan gaan hy uit en dan besluit die groep op watter rangvlak kom hierdie ou in. Nou kom hierdie ou in, nou goed, jy ken nie die hiërargie van die Weermag nie, maar die ou kom in en hy moet 'n Offisiersaanstelling kry. Punt nommer 1, want hy het matriek geslaag volgens sy dokumentasie, daarom kan hy kwalifiseer vir Offisiersaanstelling. Nou kyk jy na sy opleiding. As jy die ou SAW vat, op ou Luitenant Kolonel vlak, het hy al Eenheid Bevelvoerders kursus gedoen. Met ander woorde daardie ou is opgelei om oor sewe honderd en vyftig mense ...

I:Bevelvoerder van te wees.

P2:Bevelvoerder van te wees ja. Want so 'n Eenheid, 'n Eenheid is 'n Bataljon of 'n Regiment tipe, oor sewe honderd en vyftig plus minus mense.

I:Heelwaarskynlik met bladsye en bladsye en bladsye se CV.

P2:Met voertuie en alles wat daarmee saam gepaard gaan ens, hy is die baas van sewe honderd en vyftig troepe. Nou kom hierdie ... hierdie man in, hy het veertien jaar ondervinding, hy het in Bulgaria het hy 'n terroriste kursus gedoen, dis hoe maak jy land-myntjies en pakket bomme en sulke goeters, hy blaas plase op en kinders en vroue, en gooi handgranate in Macoo se Bar en so.

I:Insurgensie, tegnieke en al sulke goed.

P2:Nou sê ek hierdie ou, opleiding, agtergrond en ondervinding, ek dink hy moet 'n Kaptein wees. Watter vlak is 'n Kaptein? Hy's die Tweede in Bevel van 'n Kompanie en 'n Kompanie het so honderd en twintig mense. Dan see BMAT hierdie ou was twaalf jaar by MK, twaalf jaar, veertien jaar in die ou SAW is jy Luitenant Kolonel, ons maak hom ook 'n Luitenant Kolonel. Dan maak hulle daardie ou 'n Luitenant Kolonel. Dan kan 'n ou nie funksioneer nie. Want hy kom uit die bosoerlog uit. Hy ken nie dissipline nie. Sy gevegsuitrusting was 'n broek en 'n hemp wat hy by iemand anderste geleen het of afgeneem het. Ek kry 'n ou, net om jou 'n voorbeeld te gee, hulle stel 'n ou by my aan as 'n Kolonel, vol Kolonel, Adjunk-Direkteur. En hy's nou op my staf, en ek sê vir hom luister pel, ons sit in 'n vergadering, en ek sê vir hom luister as ons nou hier opstaan dan stuur jy net 'n faks aan so en so 'n Eenheid en jy sê vir hulle die volgende. Nou staan ons op, ons loop uit, die vergadering is klaar. Hy kom na my toe en hy sê vir my watse ding is 'n faks. Toe weet hy nie wat is 'n faksmasjien nie.

I:Mmm.

P2:Maar hy's 'n vol Kolonel. Nou kan jy omdraai en vir my sê maar hel, hoe kry jy 'n faksmasjien by 'n ou se funksionele aanwending? Dan sê ek hel maar dis darem basic goed wat 'n ou darem moet weet.

P2:Of hoe kan 'n mens verwag dat hy sy verpligtinge as 'n Kolonel ...

I:Gaan nakom.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Gaan nakom.

P2:As hy nie eens weet hoe werk die tegnologie nie. Nou dit is die, ek het sommer net vir jou twee of drie insidentjies gebring, en dis wat my gefrustreer het, en dis hoekom ek gemaak het om te loop.

P2:Nou werk jy in 'n hiërargiese organisasie, streng hiërargies, as die Weermags deel van die woonstel in die rol - ag man nou sê ek verkeerd, as die Weermags Hoof in die hyser inklim is die eerste ding wat jy vir hom sê more, middag, naand Generaal, hoe gaan dit? En as jy 'n junior is dan hou jy jou bek, want dis die Generaal daardie, jy praat nie met hom nie, jy waag nie met hom praat nie. Want hy's nie op jou vlak nie. Nou klim hierdie swart Luitenant Generaal in die hysbak in. Met wie gesels hy? Met die skoonmaker wat daar staan met sy besem. Dit werk nie so nie.

I:Nee, maar waardering vir die konteks, waardering vir die Militêre hierargie, van hoe die struktuur daar werk, is nie daar nie.

P2:Nee dis nie daar nie.

I:En dit klink vir my dit het oneffektiwiteit tot gevolg gehad.

P2:Ontsettend.

I:Want daar was - daar was nie 'n vergelyking gewees wat - dit was amper onmoontlik, Nommer Een, dit was 'n onmoontlike taak gewees, is hoe vergelyk jy hierdie hoogsfunksionerende SAW met 'n hoë vlak van opleiding en al daardie tipe van goed, hoe gaan jy dit vergelyk met iemand wat inkom, nie omdat daardie persoon minderwaardig is omdat hy swart is of dat hy 'n ander ideologie nagestreef het nie, maar die vlak van opleiding was nie dieselfde nie, dit was nie vergelykbaar nie.

P2:Glad nie.

I:En hierdie - hierdie ongelykheid word, sê nou maar iemand wat sê nou maar eintlik Militêr op Kaptein vlak was, aangestel word as 'n Kolonel byvoorbeeld, dit het nie net oneffektiwiteit meegegee nie, dit het nie net probleme operasioneel meegegee nie, maar ook seker 'n gevoel van marginisasie of van, amper van, jy gee amper op. Want iemand wat in die SAW byvoorbeeld met 'n sekere rang rapporteer nou aan iemand wat sy mindere was in terme van Militêre hiërargie, nie in terme van kleur, ras of enigets anders nie, dit het nie gewerk nie.

P2:Dit het net nie gewerk nie. Dit was 'n absolute belaglikheid. En dan die tweede, een van die grootste faktore is hierdie mense se gebrek aan dissipline. Jy weet 'n vergadering word geskeduleer vir 09:00. Goeie soldate is sewe minute voor die tyd op 'n plek van Parade, dis in jou ingedonder, en ingejaag, en ingedril, en my vrou suffer nou nog daaronder. As ons sewe minute voor die tyd op 'n plek aankom. Dit werk so, dit is in my lewe is dit so en klaar. Hier is ek ...

I:Daardie dissipline is deel van jou houding.

P2:Hier is ek absoluut 'n control freak as dit by dit kom.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Nou maar goed. Nou, vergadering. En selfs in die Weermag al is ons nie die privaat sektor nie, is tyd geld.

I:Ja.

P2:Ons kan nie tyd mors nie. Nou begin 'n vergadering 09:00. As 'n vergadering 09:00 begin is ons gekleurde kollegas, die helfte nie daar nie. Baie keer is driekwart nie daar nie. Nou gaan jy aan met die vergadering, dan hierso so 09:30 dan stap so drie in. Nou daar's besluite geneem wat daardie drie raak. Nou backtrack jy, nou begin jy eintlik weer met jou vergadering. Dan 10:00 dan kom die res. Dan begin ... dan raak dit van hulle wat nou gekom het, dan backtrack jy nou weer. Waar die vergadering gewoonlik in 'n uur klaar is, loop hierdie vergadering nou na drie ure toe. Dit impakteer op die funksionering van jou hele organisasie. Ek kon dit nie meer vat nie.

I:Want dit was een stappie te ver, the straw on the camel's back soos wat hulle gewoonlik sê nê?

P2:Presies. Dit was een stappie te ver. Dit het net te ver gegaan.

Net daarvan, dit klink soos wat u sê is u beskouing van die Weermag is as dissipline, as selfdissipline en groepsdissipline nie bestaan nie, as daar nie 'n waardering is vir hiërargie en vir prosedure nie, dan is daar amper nie 'n bestaansreg vir daardie Weermag nie, want dit is die core, dit is die fondasie waarop die Weermag funksioneer.

P2:Presies.

I:En daarin ... (intervensie)

P2:Jy sien, dan gaan ek met hulle in 'n argument in, aan die begin het 'n ou met hulle probeer om dit op 'n mooi manier uitstuur, nou sê ek vir hulle maar kêrels julle moet betyds wees, dan sê hulle vir jou, hoekom. Dan sê ek okay kom ons vat nou die ding in die praktyk. Jy gaan nou 'n doelwit aanval. En die Artillerie skiet op die doelwit en die Infantry val die doelwit aan nadat hulle die Artillerie geskiet het. Die Artillerie het argumentsonthalwe, vir die doelwit vyfduisend projektile. Nou sê jy vir die Artillerie jy moet 09:00 skiet. Dan begin die Artillerie 09:00 te skiet. En die Infantry, met daardie vyfduisend projektile is 09:10 opgeskiet, dan moet die Infantry aanval. Maar 09:00 val die Infantry nie aan nie. Hulle gaan eers 09:20 aanval. Nou het die Artillerie nie meer projektile om te skiet nie. Nou, wat nou gebeur, nou skiet die vyand terug. Nou skiet hulle die Infantry dood. Want die Infantry het nie al ge"fight" nie. Sien jy hoekom is tyd 'n faktor? Nou ek het ek nou vir jou die voorbeeld genoem, wil jy 'n eenvoudiger voorbeeld as dit in jou donderse lewe hê? Eish. En môre is hy weer laat vir die vergadering.

I:Lyk my daar is nie daardie waardering meer gewees vir die waardes en dis amper 'n konflik van waardes, toe die SAW saam met al die ander Magte geïntegreer het. Want die SAW het sekere waardes gehad wat hulle gevoel het wel, dit is wat daar moet wees.

P2:Mmm.

I:En die ander het dalk of nie dieselfde vlak van belangstelling of van waardering vir daardie waardes gehad nie.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Nee hulle het nie dieselfde waardering gehad nie, hulle het nie - hulle norm en ons norm, ons het netnou oor die Afrikaner gepraat, verskil dag en nag. Kom ons vat hierdie - hierdie - hierdie storie nou oor Zuma. Wat nou aan die gang is. Ek dink dis verkeerd om daardie ou met sy geslagdele daar te gaan volvang op 'n portret. Maar as jy die portret sit in konteks met die hele vertoning wat by daardie - by daardie teater was, dan gaan dit oor die swak Regering van Zuma, wat meer met vrouens en goeters besig is as om sy land te regeer, dan sê ek nee, maar nou is - maar dan is dit 'n ander konteks. Hierdie ou se spear pla hom nou. Daarom regeer hy swak, en dis wat hierdie - hierdie kunstenaar gedoen het. Maar nou kyk ons net na die skildery. Ons kyk nie na - ons kyk nie na die swak Regering nie, ons kyk net na die skildery. Nou - maar dis hulle norm, dit werk by hulle so. Daar is 'n verskil om na die bos te kyk as om na die bome in die bos te kyk.

I:Nee daar is tog 'n verskil om te kyk na die SAW deur vandag se brille ...

P2:Ja.

I:Waar ons vandag in die geskiedenis is, en deur te kyk wat die SAW gedoen het uit die bril van die vyftigs en sestigs ... (intervensie)

P2:Uit die aard van die saak, uit die aard van die saak. En ek dink baie, baie van die wanbegrip, baie van die mense wat die punt mis, is omdat hulle nie daardie skuif kan maak nie. Is want ons beoordeel nou die rol van die SAW en natuurlik ook die rol van die soldaat, behalwe dat ons nie die rol van die soldaat besef of begrip het van nie, want ons leef in 'n post 1994 demokratiese Regering waar ons nie oorlog voer met enigiemand nie, waar ons nie in konflik, Militêre konflikte betrokke is nie. Die alge - voel jy dat die algemene man op straat weet nie van die soldaat is nie, weet nie watter rol die SAW vertolk het nie.

P2:Nee, hy weet nie. Hy weet nie. Hy stel ook nie belang nie, want dit raak hom nie. Jy sien ek het - die Weermag het my na dingus toe gestuur, na ... (indistinct) toe in Duitsland waar ek 'n seminaar gaan bywoon het oor die burgerlike in uniform. Want die Duitsers sit met ook daardie probleem, veral hulle sit, hulle het 'n groot verskil, hulle is homogene bevolking en ons sit met 'n heterogien bevolking.

I:Wat dit kompleks maak.

P2:Baie meer kompleks. Dit het by hulle gegaan, hierdie troep meld aan dan hang sy hare op sy skouers. Gaan jy sy hare uitsny, want dan tas jy sy menseregte aan as jy sy hare afsny. Maar wat maak jy met hom? En dis dan eenvoudig, jy begin by hare. Die Duitse Weermag sê nee, ons gaan nie sy hare afsny nie, maar hy sal nie 'n wapen - nee verkeerd, hy sal opleiding doen met 'n haarnet, hy sal solank hy sy uniform aan het en solank as hy sy opleiding doen sal hy 'n haarnet dra dat sy hare nie in die ...

I:Meganismes vashaak.

P2:In die meganismes vashaak nie. Daar sal dissipline wees, sonder dat sy menseregte aangetas word. Hy sal op aandag staan as sy Korporaal met hom praat. En hy sal 22:00 in die aand gaan slaap, en hy sal in die oggend 06:00 opstaan, sonder om sy menswaardigheid aan te tas. En daardie seminaar is seker vir my een van die

Appendix C: Interview Transcripts

insiggewendste seminare wat ek ooit bygewoon het. Hoe maak jy hierdie sprong van die burgerlike in uniform, hoe akkommodeer jy hom? Maar my medelandsburgers verstaan nie daardie konsep nie. Hulle - hulle kan dit nie bymekaar kry nie.

I:Dis amper soos ...

P2:Vir hulle gaan dit oor die vakbond. Vir hulle gaan dit oor die reg van die soldaat om te betoog, om te tooi-tooi. Wat jy nie toelaat in die Militêr nie.

I:Maar dit klink vir my of dit teenoorgestelde waardes is, want dis amper asof hulle sê die Weermag moet aanpas by my, versus ek moet aanpas by die Weermag.

P2:Presies.

I:Want tog soos wat ons gesê het is die - die Weermag is 'n unieke konteks. Om te gaan en oorlog voer teen iemand beteken nie ek is 'n bloeddorstige persoon nie, die konteks is, ek verdedig my land.

P2:Dis reg.

I:Jy kan nie inferensie maak dat ek besig is om - ek skiet dalk iemand dood, dit beteken nie ek is 'n moordenaar nie.

P2:Nee, nee, nee.

I:Want die konteks is anders.

P2:Die konteks is anders.

I:En dis daardie wanbegrip, dis daardie verstaan nie die konteks nie, wat bietjie die worsteling is. Maar wat erger eintlik is, is dis wat ek van u afkry, is mense gee nie om nie.

P2:Hulle gee nie om nie, wat nou die heel eenvoudige, ons gaan nou na die heel basiese toe, deel van die persoonlike dissipline van 'n troep is laat sy geweer is skoon. Hoekom moet sy geweer skoon wees? Dis as hy op die vyand moet skiet dat die bleddie ding werk. Want as hy nie werk nie dan gaan die vyand jou doodskiet.

I:Dis reg.

P2:Dan moet ek vir jou ma gaan vertel hoekom is jy dood, want jy te sleg was om jou geweer skoon te maak.

I:So en by implikasie stel jy jou medesoldate ook in gevaar.

P2:Ja presies want elke ou wat dood is maak die seksie waarin jy funksioneer van tien, en die Peloton van sewe en dertig en die Kompanie van honderd vyf en twintig, maak jy swakker omdat jy nie jou kant gebring het nie.

I:Ja soos wat u sê, selfdissipline, jy maak jou geweer skoon.

P2:Presies.

I:Implikasie is groepsdissipline, ons kan funksioneer as 'n Eenheid.

P2:Dis reg.

Appendix C: Interview Transcripts

I:En sonder daardie twee dan is daar nie, dan kan hy nie werk nie.

P2:Dan kan hy nie funksioneer nie.

I:Mmm. Want tog dalk is die - dalk is die uitdaging van post 1994 Suid Afrikaanse Nasionale Weermag dat die Weermag is nie 'n demokratiese instelling nie.

P2:Nee hy is nie. Dis hoekom ek nie 'n vakbond binne in die Weermag kan goedpraat nie, nooit in my lewe nie, want teen die tyd - kyk, jy kom terug na beginsels toe. As jy vrywilliglik, en die Weermag is huidiglik 'n vrywillige organisasie, as jy vrywillig in die Weermag gaan aansluit, dan sê jy *ipso facto* ek onderwerp my aan die rules en regulasies van die organisasie, en een van die rules en regulasies is daar is nie 'n vakbond nie. Maar dit stel nie die Weermag vry dat daar nie kanale moet wees waarin, waardeur, nou kom ek terug na die burgerlike in uniform, waardeur 'n burgerlike in uniform sy griewe kan lug na die top struktuur toe nie. Maar ons het dit in die ou Weermag gehad en ons het dit gehanteer, elkeen het 'n klagtekassie gehad en jy kon naamloos of met jou naam, enige klagte wat jy het teen enigiemand in die klagtekassie gaan gooi. En daardie klagtekassie is direk na die Bevelvoerder toe. Hy het daardie klagtekassie oopgemaak en hy het dit gelees, om seker te maak dat daar nie filters is nie, ouens wat klagtes stop nie, en dit het gewerk. Nou hoekom kan hulle nie vandag dit doen nie? Want daar was dissipline.

I:Soos u sê, dis die verskil?

P2:Dis die verskil.

I:En die frustrasie daarvan het u toe besluit u gaan ...

P2:Nee.

P2:Gaan nie nog vyf jaar

P2:Dit het 'n sirkus geword, dit het absoluut 'n sirkus geword. 'n Absolute sirkus. 'n Sirkus met - ag en dis klein goedjies, jy weet, dis gewoonlik die klein jakkalsies wat die druiwe beskuldig. Ons het nou - ons het, later die jaar was ek in Centurion was die Hoofkwartier, toe kom die swartes in, toe sê ons vir hulle, luister julle gaan nie in uniform kruideniersware koop nie, of vir daardie matter enige inkope, enige inkopies in Centurion se koopsentrum nie, julle is in uniform en julle dra in elk geval nie pakkies as jy in uniform is nie, 'n soldaat werk maar so. My vrou kon nooit verstaan dat as ek uniform aan het en sy is saam met my, sy moet die pakkies dra nie. Want 'n soldaat werk so. End of story.

I:Want dis tog die behoud van 'n beeld.

P2:Dit gaan oor behoud van 'n beeld. Weet jy daar's 'n swart vrou, en al wat in haar kop vasgesteek het, sy mag nie pakkies dra nie. Toe het sy gaan inkopies doen, toe het sy 'n pak inkopies op haar kop en bo-op die inkopies het sy haar hoedjie neergesit. En toe loop sy nou daar deur die koopsentrum, met die hoedjie bo-op die pak groceries bo-op haar kop. Nou kyk die burgerlikes het hulle doodgelag, want dit was 'n spektakel. Maar dis hoe hierdie ouens dit vertolk.

I:En hoe ondermyn dit die ...

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Die dissipline, dit ondermyn die beeld wat jy uitstal, want die Weermag se beeld was 'n beeld van soldaatjies, loodgegiete netjiese soldaatjies.

I:En van leierskap en die feit dat jy 'n outoritêre figuur is.

P2:Dis nou maar presies. En dit is waarom ek geloop het uit hierdie sirkus.

I:Die beeld - die identiteit van die soldaat het skade gely, voel jy as gevolg daarvan, die Weermag?

P2:Baie skade. Baie skade. Baie skade. En ewe skielik het ons begin sit met goed soos diefstal en daardie tipe ding.

I:Wat eintlik ondenkbaar was?

P2:Ondenkbaar was. Stap in jou kantoor in dan is jou rekenaar gesteel. Maar dis nie goed om so self ... (indistinct) niemand steel in die Weermag niks van niemand nie.

I:En dit klink ook dat die expertise wat daar was, of die mense wat die opleiding gehad het, wat bereid was om 'n oordrag van vaardighede en alles te doen ... (intervensie)

P2:Hulle is genegeer. Heeltemal. Hulle wou dit nie gehad het nie. Ons is nou in beheer, ons sê hoe. En jy weet dit is - dit is eintlik so tragies. Dit is so tragies dat hulle hierdie beleid gehad het van ... van ons verander alles. En kyk wat het nou gebeur? Nou ewe skielik begin die Regering sê yes maar ons moet weer ... (indistinct) Kolleges terugbring, en ons moet weer Technikon terugbring, ons moet weer Vakopleiding terugbring, Vakbonde daar te sit. Eers het hulle dit weggevat, nou besef hulle dit moet terugkom. Want dis ... (indistinct). Hoekom verander jy dan 'n ding as dit werk? As dit nou werk dan werk hy.

I:Of - of verander as julle wil verander maar kry deur 'n insette kry, van iemand wat amper soos 'n mentor optree, wat byvoorbeeld in daardie posisie was. Sê nou maar jy het iemand wat sê nou maar op vlak van Kaptein was, hy is nou Kolonel, jy moet nou vrede maak dat hy nou 'n Kolonel is, maar leer hom die vaardighede wat 'n Kolonel gaan nodig hê om te doen en dalk faseer dit in oor 'n vyf jaar periode of iets om daardie oordrag te doen.

P2:Nee maar dit - nou kom ek terug tot vroeër vanmiddag wat ons gepraat het, wat gesê het die expertise was daar.

I:Maar hulle het verkies om dit nie so te doen nie.

P2:Hulle het verkies om dit nie te gebruik nie en hulle het die expertise weggevat. 'n Goeie voorbeeld wat ek altyd gebruik, ek sê dit is net die ANC wat die ou wat by die Rioolplaas se hek gestaan het en die karre ingeboek het, die bestuurder van die Rioolplaas gemaak het. Net die ANC kon dit regkry, geen ander organisasie in die land nie. Maar nou werk die Rioolplaas nie en nou's almal kwaad.

I:En wat tog jammer is, daar is 'n persepsie dat die SAW teen die ANC baklei het, maar MK het amper nooit ge-feature nie, in kontak situasie.

Appendix C: Interview Transcripts

P2:Nee man MK - MK het byvoorbeeld rondgegaan en landmyne geplant en daar in Durban te kere gegaan maar ... (intervensie)

I:Maar dit was SWAPO gewees want hulle ... (intervensie)

P2:Nee SWAPO, SWAPO was die hamer daar bo en in die later jare nie net meer SWAPO nie, toe het ons ewe skielik begin baklei teen MPLA en APLA en die Kubane en die Russe.

I:Ja.

P2:Toe was die oorlog 'n bietjie ander dimensie gehad, en SWAPO was ook so tussen Magte maar ons het nooit die ANC ... (intervensie)

I:Die ANC was nooit die vyand van die SAW nie.

P2:Nee ons het nooit die ANC ... (intervensie)

I:Hulle was dalk die vyand van die politikusse gewees.

P2:Nee maar nie ons nie.

I:Maar nie van die Weermag nie.

P2:Nee ja, die ANC was nie ons vyand nie, die polisie het hulle hande in die land vol gehad met die ANC. Ons het nie die ANC baklei nie.

I:En ek dink - dink partykeer ook mense sukkel om die skeiding te maak tussen die Regering van die dag en die Weermag van die dag se opdragte uitvoer. Kyk mense is mense en hulle het dalk hulle politiese oortuigings maar die SAW is 'n Mag, was nie 'n politiese organisasie nie.

P2:Jy sien maar nou kry ons ongelukkig 'n Minister soos Sisulu wat dit nie verstaan nie. Nou vat hulle 'n vrou, en ek het niks teen 'n vrou in 'n magsposisie nie, nou vat jy 'n vrou wat geen Militêre agtergrond het nie, en jy maak haar die Minister Van Verdediging en dan om nog vir haar te versterk in haar kwaad, maak jy haar die Minister van Verdediging en Veterane Sake. Nou vat jy al hierdie ou houtkoppe wat hier in die bos rondgehardloop het met 'n AK47 en hulle sê nou vir haar hoe sy die Weermag moet run. Dit werk nie so nie. Okay ons het ook 'n aap gehad soos Kobie Coetzee, Adv Kobie Coetzee, ook Minister van Verdediging wat ook niks geweet het nie, maar gelukkig het ons daardie tyd 'n sterk Hoof van die Weermag gehad, ons het sterk Hoofde van Weermanslede gehad, en hulle kon die bus dryf. Maar nou sit jy met Sisulu be en die ouens onder haar, die Hoof van die Weermag en die Weermansdeelhoofde, dit is ook maar deel van politieke

I:Aanstellings.

P2:Van politieke aanstellings.

I:Ja en daarmee gaan die effektiwiteit van jou Weermag.

P2:Heeltemal. Heeltemal.

I:Want - want daar's nie 'n - iemand wat nie 'n soldaat is nie begryp nie die strukture nie en hy begryp nie hoe funksioneer die Weermag kennis nie, 'n kommentaar of hulle op geen ander wyse soos byvoorbeeld, ja omdat jy 'n vrou is of jy 'n ANC Kabinetslid is of -

Appendix C: Interview Transcripts

en dit het niks daarmee te doen nie, dit het meer te doen met verstaan jy hoe 'n Weermag funksioneer, hoe 'n effektiewe Weermag moet funksioneer, die rol van 'n soldaat, wat is hy, hoe om goed aan te spreek, byvoorbeeld daar is kanale om griewe byvoorbeeld aan te spreek, deur die normale range. Daar is nie - daar is nie hierdie... om 'n vakbond daar in te sit vra jy maar eintlik maar vir moeilikheid.

P2:Nee uit die aard van die saak maar hoe kan jy 'n vakbond daar insit? Wat is die ... wat is die rol van hierdie vakbond?

I:Dit is in direk konflik ...

P2:Dit is direk in konflik met die hele funksionering van die storie. Jy sien in 1997 net voor ek geloop het, was ek deel van 'n werkgroep gewees wat die ontwerp van die nuwe Weermag gedoen het. En ek was Voorsitter van die werkgroep en die - hierdie werkgroep het die Staat nou R43 miljoen gekos, dit was Deloitte & Touche gewees, as fasiliteerders gewees. En het ons 'n nuwe Weermag ontwerp, gesien teenoor die huidige agtergrond, van wat is die bedreiging, en nadat jy die bedreiging gedefinieer het, wat het jy nodig vir die huidige bedreiging en vir potensiale bedreiging?

I:Mmm.

P2:En daaruit het ons dan 'n nuwe Weermag geskep. En daar is altyd mooi woordjies en clichés en goed, ons het 'n lean mean Weermag geskep wat kon inpas by die huidige begroting want dit is een van ons grootste beperkende faktore was die begroting. En die Regering het vir ons gesê - nou goed ek het - hierdie oefening was in 1997, hulle het vir ons 'n vyf jaar projeksie gegee en 'n tien jaar projeksie van hoeveel geld beskikbaar sou wees, en daaruit het ons die werk gedoen, en daardie werk is nooit geïmplementeer nie, R43miljoen later. Maar hierdie keer het ons, toe ons dit doen was dit nie 'n All White storie nie, toe is daar baie swartes wat saam met ons gedien het. Want onthou dis 1994 het - het - het die samesmelting plaasgevind, ons staan toe by 1997, daar was baie swartes wat by was en deel was van die werkgroep. Alhoewel die werkgroep nog wit swaar was.

I:Ja.

P2:Maar ons taak was baie duidelik gedefinieer, baie mooi uiteengesit, ons het - the lawyers and teachers het vir ons gehelp, ons het deur die hele proses gegaan en ons het hom so gemaak dat enige ou, enige gedeelte van dit wat ons op papier gesit het, kon verstaan. Hy hoef net die definisie te lees. As ons praat van Panzers, dan moet jy net die definisie lees wat is Panzers. As ons praat van Magsaanwending, wat beteken Magsaanwending, en Magsvoorbereiding, wat beteken Magsvoorbereiding ...

I:Julle het dit afgebreek.

P2:Afgebreek en afgebreek en afgebreek en ons het eintlik woordeboeke saamgestel vir toepassing op die prosesse want ons het 'n prosesbenadering, ek weet nie of jy vertrou is met IDF, ons het IDF benadering gebruik om hierdie ding uit te trap, om hom te kry waar ons wil wees. En ons was baie trots daarop. Maar dit het vir ons gelei dat om die Weermag te bestuur dat jy die Minister het en die Minister het twee ouens onder hom, die Hoof van die Weermag wat verantwoordelik is vir die Magvoorbereiding en Magaanwending gedeelte, en dan die Sekretaris van Verdediging wat verantwoordelik

Appendix C: Interview Transcripts

is vir die finansiële bestuur van die Weermag. Dat jy die Hoof van die Weermag in botsing met die verlede die finansiële bestuur van sy skouers afhaal.

I:Ja jy maak hom vry daarvan dat hy ... (intervensie)

P2:Jy maak hom vry dat hy na die funksionele aanwending van die ding kan kyk ja. Daardie ding is nooit geïmplementeer nie. Want, ek sal jou sê hoekom nie, want ons het die Weermag se senior range van die Weermag omtrent met 75% gesny. Nou ewe skielik toe sit hulle met al hierdie MKs en daar is nie poste vir hulle nie, toe hou hulle maar die ou stelsel. Toe hou hulle 'n stuk van die ou stelsel en 'n stuk van die nuwe stelsel en nou werk dit nie meer nie.

I:Mmm. Hulle is onversoenbaar met mekaar.

P2:Ja. Maar dis net om Kader te ontplooi en Kader in posisie te hou.

I:Dit moes baie frustrerend gewees het om al daardie ... (intervensie)

P2:Nee maar jy sien ... (intervensie)

I:Om al daardie geld en al daardie energie ...

P2:En al die ure, want ons het April begin met daardie ding en ons 7 Desember klaargemaak.

P2:En wat 'n tragedie dat 'n mens het dit gedoen met die sin van as ons nou hierdie integrasie doen, as ons nou hierdie Nasionale Weermag rêrig wil sien dat dit potensiaal en suksesvol is, dit is waarom ons dit gedoen het. Nie omdat ons betersweterig was, nie omdat ons, ons opinies wou afforseer nie, ons wou sien dat die SANDF wel 'n sukses is. Dis net afgeskiet en toe is daar 'n ander beweging.

P2:Ag wel ... wel my maat ek hoop ek het jou nou gehelp.

I:Ja baie dankie dit het.

P2:As jy wil terugkom - as jy wil terugkom, meer as welkom.

EINDE VAN OPNAME

Appendix C: Interview Transcripts

DERDE ONDERHOUD (90:54 min)

P3:Opleiding hou nooit op nie. Jy is altyd besig met opleiding, of dit nou n rekrut is, of dit nou n Kolonel is of n Majoor, jy is altyd besig met opleiding.

I:Ja.

P3:Opleiding hou nooit op nie. Die ander ding is jy doen nooit iets alleen nie. Die gevalle wat jy as enkele mens iets doen is uiters spesiaal. Dan moet jy kyk na n spesialis soos duikers of soos ... (onduidelik) maar daar is nie ouens wat iets alleen doen nie, dis altyd twee of meer.

I:M'hmm.

P3:So as julle n kanon beman is julle of agt of tien. Nie een nie. Julle is altyd - daar is altyd ... (intervensie)

I:n Span ja, daar moet spanwerk wees.

P3:Dis alles spanwerk, alles spanwerk. As jy n beplannings sessie doen vir n Divisie se beplanning dan is die beplanningsgroep groot en elkeen - elkeen het sy eie klein spannetjie so dis wat die ding - die ding uniek maak. Die ander ding is die dissipline ... er ... waarsonder n Weermag of n Leër nie kan funksioneer nie, en dan die ander ding wat interessant is, is sy bevelstruktuur. Hierdie kaskadering van bevele van bo na onder. Jy weet die een ou sê vir die volgende twee onder hom, hulle sê vir ander en so gaan dit aan.

I:Ja.

P3:So dis n interessante organisasie. Daar's n ongeskrewe reël wat sê jy bespreek nooit politiek, Godsdiens of vroumense nie. En as jy dit sou bespreek gaan iemand jou stilmaak. Want mens praat nie oor daardie goed nie. Dis nou al - die ou - hulle sê jy praat nie oor daardie goed nie, dis ... dit skep stryding.

I:Ja. Dit klink vir my of daar as ek nou dink in terme van soos die literatuur wat nou uitkom, daar is n groter gewilligheid om te praat oor die SAW en sy rol en soos u gesê het partykeer is daar selfs mense wat wil he jy moet stil wees daaroor.

P3:Ja.

I:En ek dink in terme van die skedule wat ek nou darem gelukkig het hierso, gaan dit dalk opkom iewers. Oor hoe u dit ervaar in terme daarvan, want ek dink daar is partykeer n miskonsepsie oor veral wat die SAW se rol in ons geskiedenis was.

P3:Jy sien ja, as jy daaroor wil praat, daar's n ander ding. In die Militêr is alles, al die dokumente en alles wat jy doen is beperk.

I:Ja.

P3:Die volgende Graad is vertroulik. En as daar boaan staan, elke dokument het dit aan, Vertroulik. Al daardie dokument is beperk. Beperk. Daar is nie n lee dokument nie, daar staan altyd Beperk of Vertroulik. Dan kry jy Geheim en dan kry jy Uiters Geheim. So daardie mindset is in almal se koppe. Jy praat nie uit nie, ons het

Appendix C: Interview Transcripts

so 'n poster gehad, nie ons nie, dit kom eintlik uit die buiteland uit, maar ons het hom gebruik. 'n Groot poster met so 'n vrou se gesiggie en dan sien jy daar 'n soldaat in die agtergrond, en daarop staan, does your wife need to know?

(Lag)

P3: So jy sê ook nie vir jou vrou wat aangaan nie.

I: Ja.

P3: Die gevolg is, hulle is altyd in die duister, want en dit kom daar uit die Engelse tydperk, dit kom daar uit die Engelse in die Europese, jy praat nooit oor troepe beweging nie, en - en - en wapentuig nie, jy praat nie oor daardie goed nie. Want die mure het ore.

I: Ja.

P3: Jy weet as ek nou sê maar ons vertrek môreoggend 06:00, jy sê dit vir niemand nie. Waarvoor moet iemand dit weet? Dis so 'n drill, dis so in jou ingedril.

I: Dis deel van daardie dissipline?

P3: Dis deel, wel jy word so. Ek is nou nog so.

I: Ja.

P3: Ek meen as jy iets wil weet moet jy my vra, ek gaan jou nie sê nie.

I: Nee.

P3: Nou met die politiek sit mens heeltemal aan die ander kant.

I: Jy gaan nie net vrywilliglik inligting gee nie.

P3: Nee.

I: Jy moes kyk na jou belange.

P3: Nou ek noem net 'n ander ding.

I: Ja seker, seker.

P3: Nou daardie jare ons sit daar met dooie hande en doen niks. Vir nege maande het ons niks gedoen nie, hulle het ons net rondgefok, jy weet. Ons in Artillerie, as jy inkom, jou eerste agt weke is basiese opleiding. Daarna doen jy doen jy individuele opleiding. So of jy word 'n drywer, of jy word 'n kanonbediener, of jy word 'n seiner, of jy word 'n opmeter, dan doen hulle individuele opleiding. Dan kom die volgende fase, dis gesamentlike opleiding. Dan kom alles saam. Dan doen jy gesamentlike opleiding in Battery verband en dan gaan jy met ... dan gaan jy met 45 voertuie, 110 troepe, kanonne, gaan jy nou jou - hulle leer jou hoe doen jy die ding werklik. Jy weet dan is dit gesamentlike opleiding. En dan kry jy wat hulle noem Regimentsopleiding. Dan - dan word julle nie net een nie, want dan word jy vier Batterye wat saam iets doen, en daarna is jy nou opgelei.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Dis nogal 'n hoë vlak van opleiding as jy daarna kyk, in terme van al die fases.

P3: Ja en dit vat natuurlik tyd. En intussen is daar roetine goedjies, hulle moet wagstaan en hulle moet pas kry jy weet en so gaan jy aan. Nou die Regimentsopleiding is eintlik - en dan gaan hy aan tot jou twee jaar verstreke is. Ons het gevind nou by die Eenhede waar ek gedien het, ek het my lewe lank mense opgelei. Ons het kursusse gedoen, kursusse aangebied. As jy maar Vrydag hierdie kursus stop begin daar Maandag drie. Dieselfde soort of anders maar dit begin weer. En hulle loop drie weke en so gaan dit aan. So wanneer jy besig is met die kursus en jy is nou mooi in die middel, dan staan die personeel af om die volgende kursus te begin voorberei.

I: Ja.

P3: Jy weet so hulle oorvleuel so met mekaar, dis hoekom ek altyd so sê, in die Artillerie was daar never a dull moment. Die troepe moet op daardie dag uitklaar. Die dag voor dit maak hulle gou die kanonne skoon en môreoggend staan hulle inspeksie dat hulle mooi skoon is, dan gaan hulle huis toe. Daar is nie hierdie leeglêery wat die ander ouens van praat nie. Ek ken dit nie. As hulle sê hulle het vir nege maande niks gedoen nie.

I: Hulle was so ingeryg gewees.

P3: Ons het - ons het - daar was nooit by die Artillerie ten minste nie, ek glo in die transito dieselfde, dit is die Infanteriste wat gepos word om goed op te pas en patrollies te doen of wat ook al. En die ander mustering soos ons sê, sê maar logistieke ouens wat in die kantore gewerk het so vir hulle was dit - wel ek het tog - my Eenheid het ook troepe gehad wat klerke was. Hulle het ook nie gesit en niks doen nie. Hulle het hulle ook nie heeldag vrek gewerk nie, maar hulle het darem gewerk. Maar ek deel nie daardie sentiment van ons troepe het tyd gemors nie want ons het gewerk.

I: Daar was kontinuiteit gewees.

P3: Ja en wat meer is, uit daardie ouens uit, eintlik was hulle almal in die Burgermag Offisiere. Jy weet tussen die ouens wat nou regtig daarvan gehou het. So jy gaan dit ook op boeke sien. Jy gaan dit ook in boeke sien.

I: Dit is interessant dat veral die hoë vlak van opleiding en ook die samehorigheid in die sin van dissipline is soos goue drade wat deur onderhoude loop. Ek kan sien en dis herhaalde temas.

P3: Ja, jy sien daar was - ons het hel, het die - jy weet dissipline het 'n lewenswyse geword. Maar dissiplinêre vergrype en/of oortredings is minimaal. Dis minimaal. 'n Ou kom laat van die huis af omdat hy op pas was. Jy weet hy kan nou miskien, as hulle hom wou straf dan sê hulle okay ons gee vir hom ekstra diens of so iets jy weet. Ouens wat misdade gepleeg het is deur die normale kriminele voorskrifte sal dit wees? As dit 'n polisiemisdad was is hy - skryf hom maar af. Daar was altyd siekeboeg. As 'n ou siek was moes hy gaan. Jy is die ... (onduidelik) as jy sien hy is siek dan stuur jy hom want jy gaan in die moeilikheid kom as hy iets oorkom. Dan sê jy maar man gaan tog, loop, ek skryf jou af vir die res van die dag. Jy weet so die dissipline was vanselfsprekend daar.

I: Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Die ouens het ook geweet en veral in die basiese opleiding, as een ou n fout maak, dan straf jy die lot. Hulle het dit gehaat. Maar hulle moet dissipline leer. Uiteindelik sê hulle vir hom, jy moet ophou, pakslae, kom by. Jy laat ons nou swaarkry, maar ons soek dit nie. En baie keer het hulle outjies reggesien wat hulle laat swaarkry, en dan agterna hoor jy hoe kla hulle, ons wil nie almal gestraf word as een ou n fout maak nie, jy weet.

I:Dit klink vir my of die klem op die groep was altyd.

P3:Ja.

I:Daar was - daar was aspekte van individuele opleiding maar all in all was die hoofkenmerk gewees om as n groep daardie samehorigheid want as n mens in n kontaksituasie was dat die team net, jy weet, hulle in lyn, almal voer hulle opdragte uit.

P3:Ja. Ons het - ek het - ons Artillerie Offisiere het elke een keer n jaar hier in Pretoria n re-unie. Ons volgende een is volgende Vrydag, die reünie. Wat my verbaas, ek het baie goed om jou te vertel, wat my verbaas altyd is hoe min Staande Mag, hoe min Offisiere was daar, hoe min in getal. Ons is aangevul deur hierdie troepies wat Offisiere geword het. Want baie van hierdie groep, ek het baie Offisiere ook opgelei, dis n Offisierskursus, dit lyk ook maar so, hulle word Offisiere, Luitenant met een sterretjie of n Bombardier met twee strepe, en hulle is die ouens wat met die troepe werk, en wat chars vat van n kanon en etc, etc. So sonder hulle sou ons nie gemaak het nie, want ons was letterlik skelet staf orals. En hulle was die ruggraat van die Leër ten minste. Daardie junior Offisiere en die junior Onder Offisiere. En van hulle, daar het Staande Mag aangesluit, maar hulle is uitstekende materiaal. Maar jy weet ek wil lievers n dokter word en iets anders, ek kan hier vir 2 jaar doen maar ... jy weet.

I:Ja. Wel dis goed om bietjie daardie agtergrond te kry oor ... (intervensie)

P3:Die Weermag sal jou nooit stuur om iets te doen waarvoor jy nie opgelei is nie. Toe ons nou moet oorsee gaan, stuur hulle ons op kursus by Buitelandse Sake en by die Inligting. Hoe werk n attaché, wat moet hy doen in die buiteland en wat moet hy nie doen nie, etc, etc. Ek het selfs ... (intervensie)

I:Dis so n diplomatieuse tipe van opleiding.

P3:Ja. Maar dis nie - dis maar n voorbeeld.

I:n Gedeelte daarvan.

P3:As hulle jou wil Bevelvoerder maak, ek het baie Eenheid Bevelvoerder kursusse aangebied, ek het baie, maar die ouens wat volgende jaar Bevelvoerder gaan word van n spesifieke Eenheid, hy doen so n Oriënteringskursus sodat hy weet wat vir hom wag. Dat jy net vir hom sê, sorg vir dit en sorg vir dit. Ek onthou nou nog die Valskerm Battaljon se Bevelvoerder het gesê vir die een kursus, julle moet net een ding onthou, hierdie Bevelvoerders van die Eenheid, julle is eintlik die Bevelvoerder van twee Eenhede. Dis die Eenheid in die dag en dis die Eenheid in die nag.

(Lag)

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Maak seker dat jy gaan kyk wat gaan in die nag aan in jou Eenheid, want jy het te doen met jong manne. Enigiets kan gebeur, hulle besteel die kombuis, jy weet hulle doen katterekwaad, sulke goed.

I:Ja.

P3:So gaan kyk of hulle bekruip die voertuig park en hulle ry rond met 'n trok op en af in die voertuig park en mōreoggend staan almal daar dan weet hulle van niks nie.

I:So mens moes altyd ... (intervensie)

P3:Dalk is dit 'n ou wat te veel ene rgie het. (Lag).

I:Dit is interessant om bietjie agtergrond te kry veral vanuit 'n Artillerie omgewing ook want ek dink soos wat die groter Eenhede ook saamgewerk het, en hy dink daar het sulke nou maar groot trots oor die G5 en die G6 gewees wat ons ontwikkel het, in terme daarvan.

P3:Ja, ja.

I:So ja nee ek dink ons gaan daarby uitkom. Wat ons navorsing, of wat my navorsing op rêrig op fokus, is die hier en nou, in terme van hoe maak ... hoe maak veral wit afgetrede Afrikaners wat in die SAW gedien het, hoe maak hulle sin van hulle identiteit in die hier en nou? Want daar is verskillende identiteite wat opgesluit is hierso. Daar is 'n identiteit van 'n identifikasie van die Afrikaner kultuur en sy taal wat natuurlik daarin opgesluit is, asook in terme van 'n Militêre identiteit in terme van die SAW want omdat die - dit klink vir my of die Weermag so 'n kritiese rol gespeel het in die ontwikkeling van 'n ou se identiteit. Daarom is dit - is my vrae eintlik gekonsentreerd rondom die hede, en hoe mens sin maak van jou identiteit op die oomblik. Natuurlik het die Militêre identiteit ook 'n groot effek op 'n ou se idee van 'n groepsidentiteit. U het nou net vroeër gesê julle het 'n re-unie wat later opkom, daar is 'n - dit klink vir my of daar 'n baie hegte band in 'n verhouding is, en die vrae sal daarby uitkom, maar eerstens met my eerste vraag is baie oop in terme van as 'n wit afgetrede oud soldaat van die SAW, wat is u daaglikse ervaring in Suid Afrika?

P3:Kyk, die hoeveelheid Offisiere wat ek ken wat in die kalklig, in die openbaar optree nou is vier, waarvan een dood is. So dit is drie. Dis Generaal Viljoen, en dan is dit steeds Generaal Viljoen, hy het nou afgetree maar hy was baie prominent. Hy is ... (intervensie)

I:Konstant Viljoen?

P3:Ja. Dan is dit [REDACTED], hy is die [REDACTED] van die Transvaals Landbou Unie. Hy is ook in 'n kantoor job soos ek, hy is 'n senior met so 'n jaar of 2 jaar ouer as ek, hy is verantwoordelik vir die [REDACTED] van die Transvaal Landbou Unie [REDACTED]. Dit sluit nie alle boere in nie, ons vind nou ongelukkig die boere wat nie daarby aansluit nie, hulle is die boere wat aangeval word. Die ander boere gaan almal deur projekte en kursusse en netwerke om hulle self te beskerm. [REDACTED] en die ander ene is Generaal [REDACTED]. En ek, verder my kollegas duck en dive see toe, hulle het gaan visvang, hulle is net weg. Hy - die ander een wat dood is, is [REDACTED]. Hy was 'n Burgemeester in die Kaap - sê nou daar naby [REDACTED], [REDACTED] dink ek. Hy is dood.

Appendix C: Interview Transcripts

Net so dik geword, een of ander - wat gebeur het is hy het een of ander bloed-ding opgetel, en al dikker geword, en daar was fout gewees met sy lewer, toe maak hulle dit reg en toe hou die lewer aan bloei, toe is hy dood. So ja hy was ook 'n Offisier. So die ander is weg, as jy hulle sien dan vra hulle vir jou, wat maak jy nou in die politiek. Dan weet ek meeste van die donders stem DA. As 'n ou vir my stem sê hy vir my. Jy weet ek gaan vir jou stem, jy moet vir my sorg, jy weet?

I:Ja.

P3:Maar ... er ... so hulle het onttrek. Totaal.

I:Onttrek van die samelewing? Of daardie profiel wat hulle voorheen gehad het.

P3:Ja, in die kerke. Maar hulle was nog nooit op ... (onduidelik) nie. Maar ek vind dat hulle onttrek. Ek het nog vir [redacted] gesê maar Generaal weet jy wat, dis net ons, ek en jy en ou [redacted] [redacted] wat 'n bietjie iets doen vir die Afrikaner en dit. Nou die Engelse faktor is natuurlik baie jare lank in die Weermag. Jy weet in Generaal Viljoen se tyd het hy het hulle ingewerk, jy weet daar was Afrikaans en Engels, maar toe ek weg is, was dit verpligtend Afrikaans/Engels, een maand Afrikaans, een maand Engels. Jou lesings ook, Afrikaans en Engels, die vraelyste vir die eksamens, Afrikaans en Engels, 'n ou kon in enige taal antwoord, maar hy - die Engelse het in Engels geantwoord. Die - wat dit aanbetref het die Weermag 'n wonderlike rol gespeel om die twee taal groepe bymekaar te kry. Jy kry altyd die groep wat sê nou luister dis die laaste keer wat julle so voel dat julle vasgehou is waar julle by mekaar - waar jy 'n ander taal kan leer. Die Afrikaanse ou leer ook nou Engels, hy luister en praat, hulle praat Engels onder mekaar, en die Engelse ou moet nou Afrikaans leer, want dit is - dit het die Engelse nader gebring, daar is nou nog ouens wat weier om Engels te praat, leer of luister jy weet.

I:Ek sien. So in terme van u daaglikse ervaring klink dit vir my of daar 'n mate van teleurstelling is dat mense wat rolspelers was in die SAW nie daardie rol deurgetrek het tot hulle siviele lewe nie.

P3:Ja, ag dis seker sy goeie reg. En jy weet 'n ou kan hulle ouderdom ook in ag vat, ek is 63.

Vir seker.

P3:Jy weet as jy hier by hierdie ouderdom kom, ek weet nie. Dan sê hulle daar is ouens ouer as ek, [redacted] is ouer as ek ook - het jy hom al ontmoet?

I:Nee nog nie, ek het gekorrespondeer met hom.

P3:O maar dan het jy nog niks ontmoet nie man.

(Lag)

P3:Ek ken hom van 1986 af en hy is seker een van die mees ongewildste Offisiere in die wêreld. Ek het altyd gesê weet julle hoekom like julle hom nie? Omdat hy altyd reg is. Dis goor as 'n ou altyd reg is.

I:Ja, ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P3: So jy kan hom gerus gaan sien.

I: Ja nee ek sal kyk ... (intervensie)

P3: Want hy sal ... (intervensie)

I: Ek dink ek gaan vanmiddag vir [REDACTED] gaan ek sien, hy vertel u blykbaar?

P3: Sê vir hom ek stuur groete.

I: Ek sal vir hom sê.

P3: Nee ons kom 'n lang pad saam.

I: Dalk is hierdie 'n goeie aansluitingspunt vir my vorige vraag in terme van die Afrikaans en Engels. Wat beteken dit vir u om 'n Afrikaner te wees?

P3: Dis 'n lot wat jy nie kan loskom nie, jy kan dit nie escape nie, jy kan nie daarvan wegkom nie. Ek behoort jou dadelik te antwoord maar ek kan nie. Kyk ek praat Afrikaans, ek praat Duits, ek praat Engels, ek praat Spaans, dan het ek 'n hekel in Afrikaners wat nie eens kan Engels praat nie. En ek het 'n groter hekel in Afrikaners wat slegte Afrikaans praat. Want jy sal jou verbaas hoeveel mense kan nie hulleself behoorlik grammatikaal intelligent op papier uitdruk. Ek sien dit elke dag. Ek moet elke dag ouens se goed korrigeer. Ouens wat artikels skrywe, ouens wat ... (onduidelik) wie het jou geleer. Dit werk nie so nie, dis nie eens Afrikaans nie, never mind. Afrikaans, laat ek jou antwoord, my voorouers het in 1704 die eerste [REDACTED] hier aangekom. Ek het 'n [REDACTED] register boekie, ek kan jou wys een aand as jy wil, die hele [REDACTED] geslag, en my kinders. Al die [REDACTED] wat deelgeneem het in die proses is foto's en alles is in die boek, so ek weet waarvandaan kom ek. Ek is 'n Europeër. Ek is nie van Afrika nie. Ek woon in Afrika maar ek is 'n Europeër. Ek - as jy my nou terugstuur Europa toe dan gaan ek. Ek gaan Duitsland toe of waarnatoe, jy weet dit sal my glad nie pla nie. Daar is my mense. Hier is te veel van my mense wat nie my mense is nie.

I: Ja.

P3: Hier is te veel anders, anders goed. En die veilige, die toekoms is nie sonder bedreiging nie. As die ouens - jy moenie met vuur speel nie. In Suid Afrika moet jy nie met vuur speel nie. Daardie skildery van Zuma, dis nou iemand wat met vuur speel. Onverantwoordelik. Dis ook nie eens kuns nie, dis ontaarde kuns. Dis nie kuns nie, om Zuma te skilder soos hy hom geskilder het in - as hulle nie die - dis 'n indrukwekkende skildery, maar toe hy daardie gemors gemaak het, hoekom doen hy dit? Ek is Vaderdank bly hy's 'n Engelsman en nie 'n Afrikaner nie want dan sou ons eier op ons gesig gehad het. En ek dink hy is nie eens meer in Suid Afrika nie, ek het in die koerant gelees hy sit daar êrens in die buiteland.

I: Sê jy dit is soos, daardie verskynsel kan 'n verdere polarisasie lei?

P3: Ja natuurlik, dit het. Gelukkig was dit 'n Afrikaanse ou wat hom gaan toesmeer het. Jy weet hy het ... (onduidelik) dit is vir my simbolies van hoe dit kan wees as ons mekaar net ruimte gee. Ons moet. Jy kan nie met vuur speel in Suid Afrika nie, ons sal nie wen

Appendix C: Interview Transcripts

nie. Hulle sal ons uitmoor, daad vir daad. As hulle vir ons kom, ons het die Portugese uit Angola uit ge-escort met hulle karretjies en wat hulle saam gevat het. So as hulle besluit nou vat hulle ons, dan vat hulle ons. Met kieries, hulle sal alles aan die brand steek, jy weet, dat ons - hulle is Meesters op daardie gebied. Hulle gooi klippe en steek aan die brand en moor en gaan te kere. En daar is te veel tekens wat Chris Van Zyl ook altyd vra, hoe verwurg jy 'n 15 maande oue baba? Huh? Wat is in jou kop? Maar hulle ... (onduidelik) so ons het te doen met 'n baie, baie sensitiewe situasie.

I:En dit klink vir my die rol van die Afrikaner, daar is sommige wat daardie rol hervertolk van waar ons nou is en van waar ons was. Ek weet nie, waar vind u uself?

P3:Kyk ons politieke party glo in 'n Volk Staat. Ek het nou die dag 'n boek gelees, kyk ons is nou gesê in 1994 in die media ons was ons afgeskryf, hulle het ons afgeskryf. En hulle skryf nou nog nie, daar is mos meer toegang vir die Engelse koerante as vir die Afrikaanse koerante. Vanoggend in die Pretoria News, gister se debakel, ek weet nie of jy dit dalk gesien het nie, in die Pretoria News, want daardie berig is baie akkuraat. Ons het baklei met die Burgemeester, hy het vir ons 'n klomp rassiste genoem, rassiste en dit en dit en dat. Dis op die voorblad van die Pretoria News. Die Beeld is dit op bladsy 4 net so 'n beriggie. Hulle wil nie ons stories hoor nie. En ons is - ons is 'n lekker intieme storie, ons het 'n reg op self beskikking in Suid Afrika. Maar sedert 1996 het ons nie 'n millimeter gevorder nie. Ons was in 1994 genader, ... (onduidelik) het gesê as hy die Noordkaap ge-eis het, sou Mandela dit vir hom gegee het. Maar dan het jy 'n stuk grond sonder 'n Volk, want nie almal wil daar gaan woon nie. Die enigste plek waar jy in Suid Afrika beter kan vorder, met meerder sê, waar jy fisies meer is as al die ander is in die Noordkaap. Want die Afrikaners bly almal hier, die grootste trop Afrikaners in die wêreld bly hier. So ons is eintlike vrye moeilike ...

I:Baie kompleks.

P3:Baie kompleks.

I:Baie kompleks en baie frustrasie dat daardie frustrasie van hom nie vorentoe te beweeg rondom die kwessie nie, dat daar nie eens 'n bereidwillig is om in debat te tree daarvoor nie.

P3:Ja wat. My bates is hier, my kinders is hier, alles. Dis geldige argumente. Die ding is net ons het 'n wonderbaarlike oorgang gehad. Gesond. En daar was letterlik nie bloed gelet nie. En die struggle waaroor die ANC so praat, die struggle was onder hulle, nie tussen ons nie. Die struggle was onder die swartes die heelyd, wie was die sterkste, dit was die struggle. Daarom het die Inkatha afgeskaf, hulle het hom in twee gesplit, ANC gedeelte en die res wat oorgebly het, het ... (onduidelik). Die struggle was nie teen ons nie, want hulle het rondom die tafel gesit en gestry oor wat hulle - en die gevolg daarvan is die 1996 Grondwet wat ons baie insette gelewer het. Daar is baie goeie goed in die Grondwet.

I:Absoluut.

P3:So ek weet nie wat om te antwoord nie, ek is 'n Afrikaner soos enige ander Afrikaner. Maar my herkoms is Europees, my herkoms is Europees. Ek is nou die dag is ek in 'n hinderlaag ingelei en ek moes my ... (onduidelik). Daar is 'n storie onder die Afrikaners, eintlik

Appendix C: Interview Transcripts

het dit gegaan oor van Darwin, toe het hulle die reis gedoen en presies soos hy gereis het. Toe gaan hulle nou orals aan wal en hulle praat met die bevolking, en hulle het met my kom praat oor Darwin, nie net oor Darwin nie maar oor die Afrikaner en sy doen en late. Toe sê hulle maar voor jy dit doen, jy moet darem instem met die eienaardigheid. ... (onduidelik) daardie rigmarole gedoen. Alles is Europees, ek wil nie iets wegsteek nie maar daar's bietjie Maleise bloed, hy wil nie iets weggesteek het nie maar daar is bietjie Maleise bloed, bietjie dik.

I:Maar dit klink of daar ook 'n - aan die een kant klink dit of u is gemaklik met die feit dat u het 'n trots oor u Europese herkoms en ek meen u het die geslagsregisters terugtrek na 1700s toe, en daar is ander Afrikaners wat eis om Afrikaner te wees. Is om te sien maar my herkoms is Afrika. Dis interessant dat die twee ...

P3:Dis soos 'm kat wat kleintjies kry, katjies en hondjies.

I: (Lag) Ja dis reg. Hoe voel dit om 'n wit afgetrede oud soldaat in Suid Afrika te wees? Want daar is heel eerstens het u identiteit, ek weet u is nou baie betrokke in terme van die politiek en al daardie **dinge, maar tog soos u sê baie van u kollegas wat saam in die SAW is**, is ook besig om ouer te word, sommige het al afgesterf ...

P3:Dis ongelooflik. Hoe, jy weet, in terme van waar mens se ontwikkeling is, mens word ouer, ook in terme van om daardie transisie te maak. Net soos ons land 'n transformasie politiek gehad het, is daar 'n transformasie tussen Militêre en siviele lewe.

I:Ja.

I:Hoe beïnvloed dit hoe u uself sien in Suid Afrika?

P3:Kyk ek is bevoorreg soos ek hier is, want ek het 'n baie interessante loopbaan gehad. En kyk waar sit ek nou, ek sit op die Stadsraad, ek kry 'n goeie salaris op die Stadsraad, die party betaal me, ek is die Hoof Sekretaris van die party, as iemand iets wil weet kom vra hulle my, so ek kan nie kla nie. Ek as individu, ek kan nie kla nie. Maar ek het 'n bekommernis in my hart oor die nuwe ... hierdie nuwe jeug, en veral die seuns wat geen diensplig doen nie. Die mense besef nie die waarde van daardie diensplig nie. Ons het te mak geword. Die mense besef nie die waarde van die diensplig nie. Almal gooi klippe na die diensplig, dit het geleer saamwerk, dit het hulle geleer dissipline, dit het hulle geleer aanspreekvorme, dit het hulle geleer wat is die verskil tussen my kameraad, my gelyke en my senior. Wat ek op 'n sekere manier hanteer.

I:Daar was 'n eerbetoon gewees. Daar was 'n respek gewees nê?

P3:Daar was respek. Die ouens weet nie eens of hulle jou Meneer moet noem deesdae nie. Jy weet hulle - dit is net gone. En daar is geen sentrale doel onder die jong manne nie. Ek het twee seuns. Die een het diensplig in die Vloot gedoen, die ander enetjie was toe nou te laat. En ek - hy weet dit en ek weet dit dat hy so graag wil diensplig gedoen het en so en so gedoen het, want die is rigtingloos. Jy weet ek kry hulle jammer want hulle weet nie wat hulle mis nie.

I:Dit klink vir my die - die wat sal mens dit sê, die lesse wat mens geleer het om in die Weermag te wees, die slyping wat daar plaasgevind het, baie keer baie growwe slyping, want dis moeilik maar

Appendix C: Interview Transcripts

dat dit u voorberei het op die siviele lewe nogal van veel waarde was?

P3:Ja en die ander ding is, dit is interessant in die politiek. In die Weermag leer jy, as jy n ou sien met een - een Majoor geword het, Majoor kasteel op die skouer, nou weet jy presies, daar is n kursus wat hy gedoen het, jy weet watter kursus het hy gedoen, dan sal jy weet waar hy nou sy aanstelling is, jy weet dadelik wat jy het. En in die politieke kan jy vind hier staan twintig ouens almal in pakker klere, en dan dink jy O, hier is nou die elite van die Afrikaners. Dan vind jy uit hier is een of twee, drie ouens, hulle is flipping onnosel, jy weet hulle is onvoorspelbaar, hulle is nie n groep nie, hulle is nie n groep wat saamwerk nie, hulle ...

I:Wat teenstrydig is met die Weermag.

P3:In die Weermag is jy reguit, hierdie ou kan dit doen, daardie ou kan nie dit doen nie, so hierdie ou moet hierdie job doen en daardie ou moet daardie job doen.

I:En daar was n bietjie meer van n duidelike hiërargie struktuur gewees?

P3:Ja, ja, ja, definitief. Jy speak when you are spoken to, jy weet. Dis nie n kwessie van die Kapteins meng nie met die Kommandante nie.

I:En dis ook interessant want in n mate n ondemokratiese instelling. Dis soos die politiek wat weer op n demokratiese instelling is.

P3:Ja weet jy hoe demokraties is die Weermag? As jy n ding beplan, dan almal se insette tel, daar is nie n ding soos nou sê ek wat gaan gebeur nie! Julle sit om die tafel en sê right, hier is die eerste ding, wat doen ons hier, en almal gee - as jy tyd het - ek sal jou bysê, as jy nie tyd het nie, dan is dit net Nou?

I:Dan moet jy die opdrag uitvoer.

P3:Ja maar as daar tyd is, ons gaan n sportdag reël, of ons gaan hierdie kursus reël en ons moet hiervandaan af Kimberley toe ry jy weet, en ons almal sit daar en sê, onthou dit, ons doen nie dit nie, en almal praat en almal praat wanneer hy gesê word en toegelaat word om te praat.

I:Ja.

P3:So ...

I:Dalk net bietjie klarifiseer, die rede hoekom ek sê ondemokraties is dat daar is n chain of command soos wat hulle sê en jy voer opdragte uit.

P3:Ja, ja.

I:Dis hoe daardie dissipline daar inkom.

P3:En as jy daardie dokument kry, dan lees jy, wat de hel moet ek doen.

I:Ja. Maar ek het ook gevind in terme van my onderhoude is dat daar is altyd oopheid vir insettings.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Ja.

I:En selfs al was jy - was jy maar net 'n troep gewees, daar was altyd kanale gewees waardeur jy die griewe kon vat.

P3:Ja, die griewe prosedure, ja. Al daardie goed ons het - kyk ons het beter opleiding gegee as wat ons self ondergaan het. In my groep, ons groep, daardie van 1967 af het besef jy kan nie net oor 'n ding praat nie, jy moet 'n ding inoefen en jy moet 'n ding doen. Daardie ouens het dit ook gedoen maar hulle is beter opgelei. Ons het beter opleiding gegee na onder as wat ons ontvang het. Hoekom sal ek nie sê nie, Generaal Viljoen het nog altyd gesê hy is deur die Veterane van die Tweede Wêreld Oorlog opgelei. Wat natuurlik ook reg was, en particularly as jy hulle geken het, maar dit was 'n ander tipe mens gewees, en elke aand 16:30 was hulle in die kroeg, en daar het hy 'n reël onder hulle waargeneem, wat ons suip tot 19:00 die aand toe, dan gaan hulle huis toe. Mōreoggend is hy weer daar, dan is hy katjie van die baan maar gisteraand was hy weer dronkgat jy weet, so. Toe het hulle Bols gedrink.

I:Dit was ook 'n ander tyd gewees.

P3:Ja, ja, daar was niks, daar was geen bedreiging nie, ons het die bedreigings begin optel. So - soos wat ons nou jy weet ons eie ervaring opdoen, is daar ander meganismes ingestel. Ons het 'n kantoor houding sisteem gehad wat as jy 'n ou, sê maar dit was Vrydae het jy kantoor houding, dan kom almal wat jou wil sien of wat jy wil sien omdat jy hulle wil reg wys of wat ook al, dan word hulle ingebring, formeel met 'n boek, 'n register. En toe ek opgelei is het ek dit nooit geken nie, jy weet.

I:Daar was 'n prosedure vir elke ding gewees.

P3:Ja, ja, ons het elke Eenheid het ons 'n Welsynskomitee gehad. Die Bevelvoerder, die Kapelaan, en die Welsynsbeampte. Nou ek het hierdie Eenheid hier bo, het ek besef as een outjie 'n probleem is, dit help nie veel ek en die Dominee en die Welsynswerkster met hom gaan werk. Die ander ouens moet werk ook met die outjie. Toe sê ek ook sy Groepbevelvoerder moet bykom en sy Takbevelvoerder moet bykom. Op die ou einde het die Welsynskomitee vyftien mense, want ek het almal wat betrokke was by die situasie, ingeleg. Ons het 'n ou hier gehad, hy het slaapsiekte gehad, hy raak aan die slaap dan moer hy van die stoel af. Hulle kon nooit vasstel wat dit - wat dit is nie, maar dis iets in sy kop, iets in sy ...

I:Neurologies.

P3:Ja. So almal moes van hom weet. Dan was daar een outjie, sy ma was in Kanada en sy Pa moes try - of anders om, en hulle kom dump hom daar by ons, toe het ons elke pas week het iemand hom huis toe gevat. Een van sy maats, so tussen die groep, so dis 'n meganisme wat nie bestaan het toe ek - hulle moes die klas goeters ingebring het dat ons net - dat ons net die voorvalle verminder want die laaste ding wat jy wil hê is een of ander voorval in jou Eenheid, waarvan die ergste selfmoord is.

I:Ja dan moes die Offisier Pa staan en please explain wat ...

P3:Ja, wat het daar gebeur? Die vrou bel my die Donderdag middag, sy sê haar seun het nou pas gehad en een of ander sekere ding moes doen en maar sy sê sy weet nie wat nou aangaan nie want hy het sy uniform

Appendix C: Interview Transcripts

gaan begrawe in die tuin. Ek sê Mevrou hou hom en bring hom Maandag oggend persoonlik na my toe. Maandag oggend bel die Pa my. My seun het hom net geskiet. Julle het hom doodgemaak. Toe het die laaitie homself geskiet. En dis die grootste, dis die slegste manier, as jy so 'n selfmoord het. Toe het ek nou na die Korporaals gegaan, jy weet ek moes die Korporaals vertel het. Toe sê die Korporaals nou - nou kliek hulle. Die Korporaal sê hy gaan sit bo sy kassie, dan gaan sit hy daar vir 'n driekwart uur, dan kyk hy so na die kassie. Hy sê hy het eendag vir 'n uur lank gesprek met die laaitie gehad, laat hy praat en uitvind daar, dis nou omtrent dieselfde ouderdom wat met mekaar die gesprek voer, toe kyk ek nou die ding. Ons moet die Korporaals sensitief maak vir die goed. Hulle tree aan, kom ons gaan doen die job. Intussen is daar 'n outjie wat op die punt van selfmoord sit. Hoe gaan ons, wat gaan ons doen, laat julle hierdie identifiseer, want dit is - dit is - dit is abnormaal. En toe het ons dit byvoorbeeld ingebring, as jy so iets sien, praat. Moenie dink jy gaan dit self oplos nie, kry eerder help.

I: So dis oop om intervensies daar te maak.

P3: Ja.

I: Dit klink of daar een of ander sielkundige trauma was.

P3: Ja. Maar die Pa weet nie, toe vat hy ons Hof toe. Toe breek ek my been met 'n perdesaal. Nou is ek op kurke. En die Hoof van Stafpersoneel Generaal Meyer het gesê kom, ons moet nou die Pa gaan sien. Nou ja dis 'n lang storie, maar in elk geval toe vat hy ons Hof toe. Want ons het nou sy seun se dood veroorsaak. En toe gaan ons na die gesin toe, toe besef ons hoekom die seun homself doodgeskiet het. Daardie Pa is 'n tiran. Sy dogter se oë is net so groot van banggeid vir haar Pa, en die vrou ook. Toe voel ek glad nie meer skuldig nie. Dis nie ons nie.

I: Daar was ander bydraende faktore.

P3: Ja, dis nie ons nie, want jy wil tog nie iemand anders se dood veroorsaak nie, jou eie mense nie, maar dis nie ons nie. So - maar dis maar net 'n voorbeeld, so die Korporaals moet sensitief wees hiervoor. Hy was verlede jaar in Matriek, hy is nou in 'n posisie waar hy die goed kan raaksien, en hy is ook daar, jy weet, hy het gevorder tot daar omdat hy 'n bietjie - bietjie ...

I: Dink u daar was voldoende ondersteuning gewees vir soldate in terme van - ek vra nou as 'n sielkundige, in terme van soos jy sê, daar is gevra vir meer sensitiwiteit onder die Korporaals, is hulle opgelei, is hulle ... of was daar bystand verleen?

P3: Ja daar was bystand as jy iets gevra het. Maar daar was nie - daar was nie 'n sielkundige wat agter elke ou aangeloop het nie. Dit was - dit was - jy moes - weet jy hoeveel dwelmverslaafdes het ons tussen ons gekry? Dit het in die Weermag inkom met 'n probleem. Ons het hom nie so gemaak nie, ons het hom so gekry. Nou moet ons met hom werk. Daar was 'n Van Zyl outjie, hy staan voor die - voor die stoep. Ek sê Van Zyl waar ... (onduidelik) ek sê is jy nou weer terug? Ja Kolonel. Toe sê ek vir hom is jy nou reg, het jy nou opgehou met die goed, toe sê hy nee Kolonel. Ek sê Van Zyl besef jy, jy's dood voor jy dertig is? Ja Kolonel. Wat moet jy met hom maak? Ek kan hom nie gebruik nie, hy's goed vir niks. Jy kan hom niks leer nie. Jy weet, sy kop is deurmekaar, jy weet?

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P3:Jy kan nie - hy is regtig 'n laspos want jy moet hom heeltyd moet jy hom pamperlang, jy moet hom heeltyd dit en dan wil hy die beampste gaan sien, en dit en dat.

I:So dis maar moeilik gewees.

P3:Maar dis nou al drug goed. Dit is nie die hoofsaak nie, die hoofsaak is die ander goed, maar daardie goed maak ... en jy moet deal with it.

I:Ja dit is wat op 'n ou se skouers was as iemand wat in 'n Bevelvoerende posisie is.

P3:Dis jou verantwoordelikheid.

I:Jou verantwoordelikheid en daardie verantwoordelikhedsin is nogal iets wat 'n aanwinst vir 'n ou kan wees maar dit is swaar, dis 'n groot verantwoordelikheid.

P3:Jy is nooit gerus nie want as die telefoon lui dan spring jy net hoër.

I:(Lag) ek kan dit dink. Dit bring my na my volgende vraag. In u opinie, wat dink u is - sal ander se persepsies - en ander kan baie goed beteken, ander se persepsies oor wit Afrikaner oud soldate in die verlede, en nou. Hoe dink jy watter persepsies is daar?

P3:Wie's die ander, die buiteland of wie?

I:Mense wat nie in die Mag is nie, of veral, of ek weet nie of u bewus is nie maar die media veral mense wat nie in daardie tyd grootgeword het nie, verstaan nie altyd die rol van die soldaat en veral daardie gedeelte van ons geskiedenis, en wat die SAW se rol daar was nie. Want dit het - dit het in 'n mate mense se persepsies gelei in terme van hoe hulle daar daardie tyd gesien het, en hoe hulle nou sien.

P3:Jy sien dis 'n moeilike vraag om te antwoord.

I:Is dit 'n positiewe - of dink u dis 'n negatiewe ...?

P3:Nee ek dink dis positief. Want kyk ek verbaas my om te sien die ouderdom manne wat nie diensplig gedoen het nie. So die outjies wat diensplig gedoen het die laastes is nog so oud soos jy, hulle is ouer as jy wat diensplig gedoen het. Wanneer het jy skool klaargemaak?

I:Ek is ■■■, ek het klaargemaak in ■■■■ ja.

P3:Ja, ja, ja so jy is nou heeltemal uit, jy is nou heeltemal uit.

I:Ja.

P3:So die ander ouens is baie ouer, hulle is 10 jaar ouer as jy, of 6 jaar ouer as jy.

I:Ja.

P3:Ek weet nie, hoe kan jy dit weet? Jy moet kyk wat sê die koerante, die koerante sê niks, hier en daar kry jy goor van stories

Appendix C: Interview Transcripts

van iemand wat dit en dat. Ek dink die oorgrote meerderheid, veral die wat nou nie leeggelê het nie, jy weet, wat regtig - hulle is trots en bly hulle het diensplig gedoen nie. Elke ou sê vir jou, die probleem is hulle doen nie meer diensplig nie. Jy weet?

I:Mmm.

P3:Ek het hierso 'n fotograaf van Martin Gieps, dis die plek se naam. Ek vat daar 'n foto van die dogter, toe vind hy uit ek was in die Artillerie, hy was ook in die Artillerie, 'n ouerige oom, hy sê jinne hy kuier by sy broer of by sy swaer dan sê sy vrou, jy het die Army so gehaat, maar ons nou al twee ure hier en dis al waaroor jy gepraat het. (Lag)

I:Dis interessant.

P3:Ja.

I:Dis interessant dat soos wat jy sê weet, hulle - hulle - dit is amper asof daar 'n bittersoet gevoel is oor die Weermag, dit was swaar, dit was hard, maar weet jy wat, ons sal dit weer doen.

P3:Ja. Of hulle sê ek is so bly ek is normaal. Ek het 'n swaer, hy is 'n mechanic, ou [REDACTED], en dit was in die familie sy vrou maak hom elke jaar dat hulle gaan na een of ander plek, of op die grens of waar ook al ... (onduidelik) hy het elke jaar sy eie kampe vir volgende gereël, maar dit het hy vir niemand vertel nie. Hy het gesê onthou nou volgende jaar van April tot Mei, maar nie daar en daar nie, jy weet vir 3 maande, dan gaan hy, want hy wil. Hy wil.

I:Ja, ja. So dis asof jy weet daar is 'n - as mens kyk na die persepsies van die verlede, klink dit asof u sê dat hoogsopgeleide, hoogs gedissiplineerde mense wat kan hard werk, wat kan deurtrek, wat vasberade kan wees, wat leierskap kan aanvaar, wat 'n volgelinge kan wees in 'n span kan werk. Maar wat van nou?

P3:En wat - en wat - nou? Dit maak nie saak wat jy daar gaan sê en wat jy gaan dink nie, wat gaan ons doen? Dit help niks, kom ons doen iets. Jy weet, kom ons doen iets want om te praat dit kan ons almal doen maar daar was nog niks gedoen nie.

I:So daar was meer klem op aksie gewees, oor wat doen ons, nou praat ons baie, maar ons doen nie veel nie.

P3:Ja. Ja.

I:Want u het ook 'n interessante ding gesê, u het gesê ons verskyn nie meer in die koerante nie, dit is asof ons nie meer daar is nie.

P3:Ja, ja, ja, maar ons is nie meer daar nie. By ouens ... (intervensie)

I:Dit is amper asof daar 'n soort amnesie, is, 'n soort vergeetagtigheid. Ja dis vir my interessant want dis nie die eerste keer dat dit opkom nie.

P3:Ja. Ek weet nie, die ou - die ou soldate gaan jy by almal dieselfde storie hoor. Ons is daardie drie goed wat jy nie bespreek nie, vrouens en politiek, die ouens wil nie oor die politiek praat nie, hulle wil net doen wat gedoen moet word. Jy weet daar's 'n ou gesegde, old soldiers never die, they only fade away.

Appendix C: Interview Transcripts

They fade away.

P3: Dis wat ek geleer het, ek sê vir my vrou, kyk hierso, daardie ou is dood, daardie ou is dood, maar ...

I: Hoe hanteer mens daardie verliese?

P3: Jy weet die ...

I: Vir u persoonlik?

P3: Die Veterane, ek gaan nie na almal se begrafnisse toe nie, ek was by Malan sh, en was by Bishop sh, die Bevelvoerder van ... (onduidelik) se skoonpa, ek sal na Generaal Viljoen se begrafnis toe gaan, ek sal na Gert se begrafnis toe gaan, jy weet so is daardie ou, die veg-tipes, ek het hulle almal geken ek gaan nie eintlik begrafnisse toe nie, want dis maar hartverskeurend. So ja they fade away it. That's it. Die ding is wat ons bymekaar hou is, that's die re-unies en die gedenkdienste. Jy weet ons het Sondag een, as jy belangstel kan jy kom kyk, dan vat ek jou, hulle verwag duisend mense.

I: So is dit Sondag, hierdie Sondag?

P3: Ja, Sondag. Hulle begin 10:00. As jy tyd kan afkry, doen dit.

I: Ja.

P3: Want miskien is daar een of twee ouens wat jy kan - kan ...

I: Kan mee gesels?

P3: Ja, of wat ook al. Generaal [REDACTED] sal daar wees, [REDACTED] sal ook daar wees.

I: Want dit is vir my ook interessant dat ons nou praat van gedenkdienste en begrafnisse en so aan, is ...

P3: Dis 'n sad affair.

I: Ja.

P3: (Lag)

I: Ja maar ek sien selfs daarin 'n trotsheid om geïdentifiseer te word met die uniform.

P3: Ja, ja.

I: Byvoorbeeld as ek nou kyk na die begrafnisboekies wat een deelnemer vir my gewys het, is die meerderheid daarvan sien jy persone in uniform.

P3: Ja.

I: Hy het verskillende keuses gehad van hoe die persoon uitgebeeld sou wou word, dalk hoe in 'n siviele hoedanigheid, maar ek sien so baie wat in uniform uitgebeeld vir hulle begrafnisboek, so dit is tog 'n mate van trotsheid of 'n identifikasie met my in uniform.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Dit gaan nooit weg nie.

I:Daar is n kontinuïteit, daar is ...

P3:Ja al word hy wat, al word hy wat.

I:Ek is nou uitgeklaar maar ek het nie opgehou om myself rêrig nie te sien as n soldaat nie.

P3:Ja.

I:Ek sien myself nog steeds as n soldaat.

P3:Ja, ja, jy hou nooit op. Ek is nou op Strepsils en nog vol flu, maar jy slaan die spyker op die kop. Want ek is n Kolonel en ek sal môre my Eenheid weer gaan oorvat. Jy weet ek is n Kolonel, ek is nie n Meneer nie, of wat ook al nie, ek is gewoon aan Kolonel. Ek het agt jaar gedien as n Kolonel. Jy moet tien jaar n Kolonel wees voordat jy bevordering kry, maar ek het toe geloop. Die ouens wat nie geloop het nie het uiteindelik almal bevordering gekry. En met baie beter pensioene afgetree as ek. Maar nou wat moet jy nou sê, my lewe het die draai gevat, n wonderlike draai, ek sal vir Viljoen gaan help vir nog sewe jaar. Hy het altyd gesê hy gaan nie uit nie, hy gaan aan, en vir sewe jaar het ek saam met hom gewerk, so ek was sy drywer, ons ry Durban toe, ons ry so en so en dan praat ons, Pieter wanneer as hy aftree gaan hy in Potchefstroom wees, so ek sien hom letterlik nooit. So dit is die ding, jy is reg, jy is maar eintlik n soldaat wat wag om opgeroep te word.

I:In u ervaring, hoe word wit Afrikaner afgetredene oud soldaat in Suid Afrika uitgebeeld? Of glad nie uitgebeeld nie, vir daardie matter.

P3:Ek - dit word nie uitgebeeld nie, die koerante het berig ook oor die re-unies en - daar is altyd berigte, dan sien jy hierdie ou omies met hulle ... (onduidelik) en so aan. Maar ek dink as jy die koerante vra om te skrywe gaan dit negatief wees. Negatief.

I:Daar's n geneigdheid na negatiewe publisiteit?

P3:Ja, ja, as jy jouself wil aanprys moet jy dit self doen. Ek vind dit by die polisie ook. As jy al die propaganda teen die polisie, want as n polisieman sou waag en sê luister, Sharpeville het 'n bietjie anderste gelyk as wat julle dit doen. Daar was by [REDACTED] as ek dit reg onthou, was daar n moord gewees op polisiemanne wat hulle gevang het, in stukkies gekap het, en ek het - ek is amper oortuig daarna is dit toe Sharpeville en die polisie het uit selfverdediging opgetree, hulle het hulle veg geskiet. So die polisie was dieselfde of nog erger gewees as ons.

I:Dit klink of daar nie altyd n oopheid is vir die alternatiewe verklaring of vir die alternatiewe storie daar nie.

P3:Ja.

I:Dis asof mense het, of as ek nou moet sê hulle minds opgemaak oor hoe hulle dit wil sien.

P3:Ek dink so. Ek dink so. Ek dink baie mense is Vaderdank bly daar was nie meer diensplig nie. Want daar is mense wat dit nie wil doen nie, hulle wil dit nie doen nie, hulle wil nie dat hulle kinders dit

Appendix C: Interview Transcripts

doen nie, veral die Ma, ek bedoel ek wil nie my kind nie, want dis gevaarlik, hy kan raakgeskiet word of in 'n oorkom, want dit het gebeur.

I:Mens kan dit verstaan.

P3:Ja. So die mense sal nie meer diensplig verwelkom nie, want as jy nou vat, is daar een troep tussen agt honderd swartes, een wit troep tussen agt honderd swartes, jy het nie meer die - jy kan hulle nie soontoe stuur nie, dit is net lewensgevaarlik, so hulle gaan nie meer gaan nie, en ek dink ons het nog nie eens geklim ... (onduidelik). Die Weermag vandag is 'n gemors, absoluut top heavy met Generaals.

I:Ons gaan bietjie later gesels oor post 1994 in terme van wat u ervarings daarso was. In verband met my vorige vraag, in terme van die uitbeelding van ou soldate, hoe reageer u op sulke uitbeeldings?

P3:Ek het al 'n ... 'n brief vir die koerant geskryf oor 'n paar dinge. Waar ek hulle reggestel het op sekere goed, maar wat my bekommer, as ek nou Exclusive Books toe gaan, en ek sien daar is 'n boekie van - van rooftog, grensaanval, so iets en daar is 'n boek wat geskryf is oor gewapend roof dan lees ek dit. Dit vloek so dis verskriklik, en ek het altyd vir die troepe gesê julle kla so oor die vloekery, julle leer ons vloek.

I:Ja.

P3:Hulle kom met daardie vloekwoorde daar aan. Jy weet hulle vloek in matriek, so ek is baie teleurgesteld oor sommige van daardie boeke. Selfs in die foto's kan jy sien wat hulle hier doen is irregular, hulle mag dit nie doen nie. Kyk die trok, of kyk wat doen hulle met die trok of kyk wat doen hulle met die wat ook al, en hulle is kaalgat, jy sien die hele lot, jy weet en so dis al die goed wat hulle nou het, wat ek nie wil gepubliseer hê nie of net nie wil doen nie.

I:Bietjie in disrepuut bring.

P3:Ja, wat totaal onnodig is. Kyk as ons - ons het 'n baie slegte rekord gehad in die Howe en so, as ons regtig so sleg was soos party van hierdie ouens ons uitmaak. En 'n ander ding wat jy moet onthou, ons het met dienspligtiges gewerk. Daar is nog die ander fasette, en dis die Burgermag. Dis nou mense wat klaar is met diensplig en hulle moet verpligte kampe doen. Van hulle is Offisiere wat bevorderings gekry het, etc, etc, maar dis 'n ander tipe soldaat. Ek sê nie hulle is slegte soldate nie, maar daar ek het gevind daar is 'n bietjie meer van 'n roekeloosheid onder hulle. Dis 'n ander studie, dis 'n ander studieveld.

I:Ja, op sy eie.

P3:Ja want dit laat jou - daar maak jy 'n Pandora's box oop laat ek nou vir jou 'n ding sê. Ek het nooit - ek het te doen gekry met hulle op kursusse, nou ja ek is baie - my eerste kursus in die Artillerie, ... (onduidelik) toe was hulle Burgermag Majore. Maar hulle is, in 'n Militêre opset is hulle goed, daar's 'n Generaal Avison wat ook een van my studente was, ons het saam kursus gedoen, 'n Burgermag outjie, vet geword intussen, maar in elk geval, hy's die Hoof van die Veterane. So die Burgermag ek kan glad nie daaroor praat nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Dit klink of daar 'n bietjie van 'n verskil was in terme van Militêre opleiding en al daardie tipe goed, kan 'n ou nie fout vind nie, maar daar was 'n verskil gewees nie in terme van opleiding nie, in terme van 'n ou se houding en alles, in terme van wat die Staande Mag beroepsoldate, die Burgermag en Dienspligtiges.

P3:Ja.

I:Ek dink die beroepsoldate het dalk net 'n ander houding gehad, so daar was 'n groter mate van professionaliteit, 'n groter mate van dedikasie gewees, ek weet nie?

P3:Ja, ja. Ja. Jy moet onthou die Burgermag, daardie eerste kursus wat aangebied is, was die een Majoor, was 'n Atoom deskundige. Jy weet dis nie 'n aap wat daar sit nie, dis 'n ou wat jy - ek kan nou hierdie goedjies vertel want daar is baie dae onder die vlak verby, so dis 'n ander situasie, hulle is intellektueel baie - baie van hulle is daar bo, top klas, professore op Universiteit en so aan, daardie was 'n interessante netwerk want elke Universiteit, die wat wil, het 'n Eenheid gehad, en die Bevelvoerders en die Offisiere was in die Universiteit self.

I:Ja.

P3:Want jy moet ook onthou, baie van daardie ouens was Majore en Kommandante. Daar was so 'n professor wat klas gee by die Pukke.

I:Daar was nogal 'n groot akademiese ... (onduidelik) gewees.

P3:Ja, ja, ja. Baie van hulle het goeie Militêre inset gegee, hulle was - as hy veld toe gaan dan is hy 'n soldaat. Dan is jy - jy is opgelei, jy kan dit doen. So dis die ...

I:Daardie konteks, daardie konteks om 'n soldaat te wees is heeltemal 'n ander konteks.

P3:Ja.

I:As om akademie of om 'n ma of 'n pa te wees of 'n - jy weet daardie rol is 'n unieke konteks.

P3:Ja.

I:As jy op die slagveld gaan jy 'n ou skiet, terwyl jy in die Mall loop hierso gaan jy nie iemand skiet nie.

P3:Nee , nee.

I:Dit gaan nie eens in jou gedagtes kom nie.

P3:Ja, ja, ja.

I:Maar dis asof daar - daar's 'n gebrek aan waardering vir, nou wat is 'n soldaat, is dit mense wat bloedlustig is, wat net sê nou maar ... (intervensie)

Onderdruk.

Dit word onderdruk of sê nou maar politiese agendas het. Dis asof daar - dis nie maklik vir mens om daardie skeiding te maak nie.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Ja. Jy sien daardie soldaat kan soos jy sê hy sal maklik daardie ou skiet, daai ou kan ook skiet, dis jou lewe op die spel. Hy kan. 'n Soldaat is nie bang vir doodgaan nie. 'n Soldaat is bang vir seerkry, want daar is niks wat lekker is van seerkry nie.

(Lag)

I:Vir seker.

P3:Jy kan my maar doodskiet maar hel moet net nie iewers 'n stuk uitskiet of so nie, want dan het ek pyn.

I:Dis nie Hollywood nie waar jy maklik kan opstaan nie.

P3:Nee hel, net nie seerkry nie. Dis eintlik waar, 'n soldaat is nie - as hy gaan, gaan hy maar - hy moet net nie daar uitkom met sy arms af en die bloed loop. Dit soek hulle nie.

I:Ja.

P3:Ja jy's reg. 'n Soldaat is die - is op die ou einde die mag van die Staat. Dis die mag van die Staat, die mag van die Staat is die (onduidelik) mag en dit is die polisie en die Weermag wat net gewoon uitvoer wat die Regering vir hom sê. Wat hy daarvan dink of nie is nie ter sake nie, as Hy sê doen dit, dan doen hulle dit. En as hy dit nie wil doen nie, het hy probleme. Jy weet. Ons het - ons het 'n outjie wat ons Savanna toe gevat het, sy senuwees het ingegee. Hy het een van die Offisierskursus gedoen, en toe die skote begin klap, daardie aand is hy gone, en ons het hom teruggestuur en na die storie toe wil sy Pa my kom sien. Nou ek kry nou nog skaam daarvoor, maar ek dink ek het - waar sy Pa my kom sien, waar ek het - ek het net my skouers opgetrek, want dit was nie vir my goed genoeg nie. Jy gaan nie saam met ons in nie en nou gaan gee jou senuwees in, want ek het jou nodig. As ek vir jou sê doen dit moet jy nie tjank nie, jy moet nou dit doen wat moet gedoen word, want hier's ander ouens jy weet, dis 'n ander situasie. Ons het ... (onduidelik). Ek het eers agterna besef dat die troepe wat ons Savanna toe gevat het, daardie spesifieke Battery is ek toe bewus was nog nie klaar met hulle opleiding nie. Hulle was nog nie hierdie fase deurgekom nie, hulle was nog besig, toe moet hulle soontoe gaan. Toe ons daardie eerste, eerste bestoking doen, dit was die 12de November gewees, ek onthou want dis my verjaarsdag. Toe ons daardie eerste bestoking doen, toe was daardie troepe soos wilde hoenders, toe sê ek vir die ... (onduidelik) ek sê vir hulle om te kniel langs die kanonne soos hulle geleer is. En hy's daar onder hulle in en daar kniel elke ou waar hy moet kniel. Nommer 1 staan, Nommer 2 kniel hier en 3 hier en die res kniel daar. Skielik is daar orde. Skielik is daar orde. Want hulle was so gretig, almal wil mekaar se werk doen. Jy weet, die drywer wil help ammunisie aangee, dit en dat en jy's in die pad. ... (intervensie - selfoon lui). Ekskuus.

I:Ek het nog net twee vrae oor, so ons is besig om na die einde toe te ...

P3:Wat is daardie vraag wat jy nou gevra het, die vorige ene? Die ander ding, die ander ding, toe ons - hulle moes 'n besluit neem in - die OAE moes 'n besluit neem toe, gaan hulle die MPLA Regering herken in Angola ja of nee. As hulle hom sou herken, dan het ons moeilikheid. As hulle hom nie herken nie, dan kan ons nog vir UNITAS ondersteun, jy weet, dan het ons nog lekker aktiwiteit.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P3:En toe herken hulle dit. Toe is ons oortollig en oorbodig in Angola. Toe weet ons nou nie wat om te doen nie. En die soldate - natuurlik het ons gesê kom ons gaan voort. Ons gaan Lusaka toe. Kom ons moet gaan. Ons moet aangaan. Hulle is op die hardloop, kom ons gaan druk hulle. En toe gaan ons. Want ... (onduidelik) sê toe gaan ons vorentoe en toe sê die ... en toe ons vorentoe gaan, toe is daar een Onder-Offisier wat weier om saam te kom. Ek veg nie vir 'n kaffir nie, en toe stuur ons hom summier terug. En daardie ou se doppie is eintlik geklink oor ons. Ons het gedink hulle gaan hom skors, hulle gaan ontslae raak van hom, maar hulle het toe nie. Want jy het nie eintlik 'n - jy het nie eintlik 'n - as jy hom wil aankla van ... er ... weiering om 'n bevel uit te voer, kan jy daar in die Hof uitvind die bevel was nie wettig nie, jy weet. Ons het 'n onwettige bevel gegee.

I:Daar is risiko verbonde daaraan.

P3:Ja, ons is - ja ons sou nie die saak gewen het nie, dan sou hy die saak gewen het, so ons kon hom nie Hof toe vat nie. So dis die enigste voorval wat ons gehad het van ouens wat in die uitvoering van hulle taak gefaal het. En nooit, nooit ander goed gehad nie. Nooit, nie 'n troep nie, nie 'n Onder-Offisier nie, nie 'n Offisier nie, altyd nou maar net gedoen wat hulle gesê is.

I:Dit klink my 'n hele paar goed kan vergewe word maar nie dit nie?

P3:Ja. Nee. Jy doen wat vir jou gesê word. En gou. So om opdragte uit te voer, lojaliteit, dis die belangrike dinge?

P3:Ja en vinnig uit te voer. Want, want, jy het nie tyd om dit oor te doen nie, en jy het nie iemand anders wat dit doen nie.

I:En dit kan menselewens kos as jy dit half doen.

P3:Ja. Ja.

I:Want dit klink vir my, veral die koördinering, as ek nou van die literatuur lees, oor hoe die verskillende Eenhede saam met mekaar gewerk het om operasies suksesvol te maak, dit was 'n verskriklike - nie net Militêr nie maar dit het logistieke, allerhande uitnemendheid gevat om dit te maak werk, en almal moes dieselfde

P3:Korrek, korrek, jy's heeltemal reg. Ek het een van my kollegas, hy's 'n Pastoor hierso, maar nou die dag vra ek hom oor sy Army jare en toe sê hy - hy's eintlik 'n sportman, 'n bokser, so hulle was spesiaal gehanteer. Ek het my nie daaraan gesteur nie, ek het 'n sport Peloton gehad, en almal het gesê O, die swart manne gaan vir jou al jou dae gee. Ek sê man? Hy's 'n sport man. As ek my oor hom moet bekommer oor hy nie nou ... kan nou saam skiet op die skietbaan, is ek naderhand 'n senuweewrak. As hy moet sport doen moet hy dit doen, die Weermag sê hy moet sport doen, so doen sport. Die ander ding wat hulle gewaarsku het- dis nou van die punt af - die ander ding wat hulle altyd teen gewaarsku het is die Gegradueerdes. Jy weet almal wat Grade gehad het in hulle in een Peloton gesit, maar hoe pose hy - hoe is hulle vir jou 'n probleem? Nee hulle is ... (onduidelik) hulle wil te veel doen, hulle ...

I:Hulle weet meer as ander?

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Hulle was dan slim. Jy weet hulle het klaargemaak, hoekom moet hy nou so moeilik wees? Toe sit ons 'n Korporaal - Hulle het uit die Korporaal se hand geëet. Hy het matriek. Dit gaan net so. Hulle doen presies wat hy sê, hulle doen dit vinniger as wat al die ander kan doen, want hy verstaan hoe om met mense te werk, jy weet ons moet hulle oplei, daardie bedreiging is daar, daardie bedreiging.

I:So dit klink asof hulle nogal soos wat hulle sê people skills nodig gehad het?

P3:Ja.

Dit was nie net - jy kan dalk die beste Militêre struktuur gewees het en die hoogste opleiding gehad het, maar as jy nie met die mense kon werk nie, dan het jy ...

P3:Ja, jy slaan die spyker op sy kop. My een Sersant Majoor het altyd vir die troepe so gesê, hy was 'n woeste kêrel, daar's net drie goed wat julle moet doen. Hou jouself skoon. Hou jou plek sien en doen wat vir jou gesê word. Hy sê as julle daardie drie goed nakom sal jy hier deurgaans soos - asof dit 'n vakansie is. Basics. Hou jouself skoon, hou jou plek skoon en doen wat vir jou gesê word.

I:Dis die wenresep?

P3:Dis die wenresep, ja, as jy 'n troepie is. Soos ons almal sê ons ... (intervensie)

I:Eintlik eenvoudig.

P3: (Lag) Ja.

I:So as jy nie met heimwee dink aan jou Magsopleiding nie, dan het jy dalk nie een van daardie drie goed uitgetrap nie.

P3:Ja, ja.

I:Tweede laaste vraag, in u opinie - dis dalk 'n sensitiewe vraag, u hoef nie te antwoord as u nie wil nie, maar daar is 'n sielkundige rede hoekom ek dit vra. Hoe tree u op as 'n wit afgetredene wit Afrikaner oud soldaat teenoor verteenwoordigers van ander kulturele en rassegroepe?

P3:Dis 'n interessante vraag. Ek is in 1948 gebore. So ek het nou regtig in die Apartheidstyd grootgeword. Ek het met swartes niks te doen gehad nie in my lewe nie, niks. Niks. Ek het gesien daar is 'n tuin boy en daar is 'n bediende wat my Ma gehelp het en ek het geweet wat is haar naam en that's it. Weet jy wanneer het ek hulle geleer ken? Nou by die Stadsraad.

I:Ja.

P3:Maar ons het ... er ... in die Militêre het ons kursusse aangebied by die Leër Kollege vir Bantoe ... (onduidelik) het ek 'n Kolonel gehad van die Gevangenisdiens. Maar ek het nie 'n probleem nie, kyk ek is 'n diplomaat, so ek kan mos met enige ou klaarkom, ek kan met enige ou praat, regtig. Die ouens wat ek die beste mee klaarkom is daar bo by die PAC. Die ANC hulle is - ek het nou die dag gesê, weet julle hoekom ons so lekker klaarkom, want ons weet presies waar ons

Appendix C: Interview Transcripts

met julle staan. Ons haat julle, julle haat ons, ons kom ...
(onduidelik)

I:Ja, eintlik is dit eenvoudig.

P3:Ja. ... (onduidelik)

I:Julle weet waar die grense lê.

P3:Ja ek sal nou, ek kan net van myself praat, ek weet nie wat ander
ouens se ervarings is nie, maar Chris Van Zyl self het baie ervaring
met anderskleuriges. Hy was 'n Kommandementsbevelvoerder in die Kaap,
en hulle het die Kleurling Korps gehad en al hulle probleme, so ek
het foto's van waar ek UNITA jy weet, ons het mekaar met die hand
gegroet, etc. etc. ... (onduidelik) Ek het ... (onduidelik) ontmoet
persoonlik. En ek kan jou dit sê dan staan jy op. Lank. Swart.
Swart. Swart.

I:Dis amper 'n inherente respek wat 'n ou afgedwing het.

P3:Ja, ja. Dan het jy gesien, jy weet, hierdie is die President.
Nou nie wel my President nie, maar hy is 'n President.

I:Soos wat die Engelsman sê, he carried himself.

P3:Ja, inderdaad. Deur sy manier en wat hy sê en so aan.

I:So menseverhoudinge het nogal belangrik geword, veral in die draai
wat u lewe geneem het, nie net in terme van Militêr nie maar ook nou
waar mens baie politieke is en op 'n Munisipaliteit en Staatsvlak, met
al hierdie verskillende rolspelers.

P3:Ja, ja. Nou kyk ek het saam met Generaal Viljoen, ek het - ek was
drie keer by Mandela in sy huis. Of twee keer, een keer het ons
afgevlieg George toe maar ... (onduidelik) so wat kan jy doen, ons is
deel van die geskiedenis, deel van ... (onduidelik) moenie met vuur
speel nie, ons is - ons is te min om hardegat te wees, maar daar is
sekere regte wat ons as mense kan op aandrang en die Regering besef
dit nie. ... (onduidelik) het gesê daar moet 'n nuwe dialoog kom, hy
is heeltemal reg. Gister het die Burgermeester dieselfde gesê want
hy het ons beskuldig ons is rassiste en ek - ek glo daarin - ek glo
in ras onderskeiding. Maar dit beteken nie daardie ou is sleg nie,
hy moet net nie my bedreig nie.

P3:Partykeer is dit die ... (onduidelik)

I:Ja, ja.

P3:En daar is die weersin om mekaar se posisies nie te probeer
verstaan nie, jy hoef nie saam te stem nie maar om net te kan praat
en te kan verstaan wat iemand se posisie is.

P3:Hulle het ... (intervensie)

I:Sonder om aannames te maak.

P3:Hulle het 'n agterstand. Hulle sê die agterstand is deur ons
veroorzaak, ek weet nie of dit heeltemal korrek is nie. Wat ek nie
kan verstaan nie is dat die geleentheid wat hulle gehad het om hulle
eie grondgebied te regeer, het hulle weggewys en ek dink dis omdat
die propagandiste in die agtergrond, die Engelse en wie ook al hulle

Appendix C: Interview Transcripts

assist het, het vir hulle gesê julle moet nie dit nooit aanvaar nie. Ek het daar in die Pretoria News 'n artikel gelees waar Buthelezi gesê het ... (onduidelik) Kan jy dink dit was die rykste Provinsie in die land gewees, want elke container wat daar afgelaai word moet belasting betaal.

I:Ja. Dis nogal 'n groot stelling om te maak.

P3:Oms - kyk hulle - Apartheid is ... (onduidelik) ek weet nie wat is hulle ergste klag teen Apartheid nie, is dit die - die Bantu stans of is dit die feit dat hulle nie alles saam met ons gereël het, nie, is hulle gedig ... (onduidelik)regeer het. Is dit presies wat hulle bedoel? Ek weet nie, want hulle - hulle het almal gelei onder Apartheid. Maar nou Noord van die grens gaan dit slegter met almal, jy weet? As dit teen die Bantu stans is, dink ek hulle maak 'n fout. Dit was 'n fout. Hulle kon nou die Bantu stans gehad het, plus die res van Suid Afrika. Die probleem is ons moes vir onself 'n gebied uitsoek, uitgestapel het, waar ons die meerderheid kan wees, ons is maar twee en 'n half miljoen mense, jy weet, hulle kan ons net daar sê hier doen ons, want hulle het al ons Universiteite ook Engels gemaak. Jy weet hulle vat net die goed oor wat ons gemaak het, wat ons gemaak het en wat hulle gevat het, want dis al wat hulle doen.

I:Sou jy sê dat daar is 'n gevaar dat Afrikaners sy taal, sy identiteit, sy kultuur kan verloor?

P3:Ja ek - en weet jy waar begin dit?

I:Mmm?

P3:Op skool. En die ander ding is, die sosialisering wat plaasvind, julle moet gaan saam parties hou, julle moet gaan, al hierdie goed, op die ou einde word ons vir ons mekaar ... (onduidelik)altdyd gesê het jy weet. Voor jy weet het jy verhoudings tussen wit en swart en daar gaat jy.

I:Op sigself nie 'n probleem nie, maar op 'n subtiele wyse is daar 'n gevaar net soos wat ander kulture bang is dat hulle hul kultuur gaan verloor, kom ons sê die tradisionele groep, ander swart tradisionele groepe wat ook in 'n mate Westerse waardes aanneem, al daardie tipe - daar's 'n bedreiging dat hulle hul kultuur gaan verloor, net so is daar lyk my 'n bedreiging vir Afrikaans en Afrikaners.

P3:Beslis. Beslis. En lojaliteit loop. Nou kyk die moord en die diefstal help om 'n weersin in daardie, jy weet, om daardie - daardie weersin te hou, of daardie weersin te veroorsaak, dat hulle beroof ons. Ek meen ons betaal genoeg belasting sodat hulle kan lekker lewe, die debat wat nou gister was, die Pretoria News het ... (onduidelik) so eintlik moet daar maar ... (onduidelik) wees maar ek moenie te ver gaan nie ... (onduidelik)

I:So dis amper 'n spanning - spanning is dalk die verkeerde woord, die healthy tension is wat kom in my kop.

P3:Ja, ja, ja.

I:Is dat ek ... (intervensie)

P3:Ek is ek en jy is jy.

I:Ja, ons kan nog steeds ons waardes, ons kultuur en goed behou, maar

Appendix C: Interview Transcripts

ons is nie noodwendig vyande van mekaar nie, ons hoef nie hierdie gepolariseerde atmosfeer te hê tussen mekaar nie.

P3:Ek sê vir my kollegas kêrels ons kan nie sê die ANC is ons vyand nie, jy kan iets anders sê maar as jy van die vyand praat dan vat jy die geweer. Dan raak dit later 'n ernstige storie. Ons kan nie vyande wees nie, want ons sit saam in dieselfde Raadsaal, hoe kan hy nou hier langs my sit en nou is ek sy vyand, dis mos belaglik.

I:En is dit rêrig in enigeen se belang om vyande te wees?

P3:Nee. Ons moet - ons weet dit, ons brand al die bome, maar daar's party bome wat nie brand nie, so ons moet darem - ons kan nie met vuur speel nie.

I:Nie dit uit sig verloor nie. Dan laaste, wat is u ervaring rakende veranderings in die Weermag en in Suid Afrika na 1994? Want kyk dis nou - dis 'n kompleks transformasie daardie gewees, nou is dit al hierdie Magte wat nou geïntegreer moet word.

P3:Inderdaad. Inderdaad. Die ruggraat van die vorige bedeling se Weermag was die diensplig sisteem. Dis nou weg. Kan jy 'n professional Army, 'n beroepsweermag, kan - of beroepsleër, kan jy onderhou met geld? Want dis wat hulle behoort te doen. Niemand sal weer diensplig aanvaar nie, die wittes ook nie, nou die alternatief is dat jy nou 'n Weermag ontwerp. Nou praat ek oor goed wat hulle nou in die Parlement ook gaan praat, hoe is die ... is die ... is die raamwerk, hoe gaan die deurgangsmag lyk. Want die Engelse het dit ook baie probeer en die Duitsers het diensplig, die Amerikaners het diensplig, jy weet die ouens het diensplig van 'n aard. As jy 'n professional Army wil onderhou waar jy byvoorbeeld drywers kry, hy is 'n professionele drywer, maar hy kan nie sy hele lewe lank 'n drywer wees nie, jy weet. Hy moet of pad gee vir 'n nuwe drywer of hy moet bevordering kry, hy moet - en dit het ... dit het finansiële implikasies jy weet? En - en dis so gekompliseerd, want 'n professional Army is seker maar jou beste ding. Want die ouens word ouer. Jy kan nie, soos ek sê, jy kan nie 'n drywer bly vir jare nie, dan hou jy 'n ander ou uit sy job uit. Die Amerikaanse Leër se Offisiere moet aftree as hy 45 jaar oud is. Maar hy kry tyd om homself te bekwaam vir iets buitekant.

I:Ja.

P3:Wat sin maak. Jy kan 'n Kolonel word, het hulle my vertel, as jy goeie soldaat te wees, maar as jy verder wil kom, is die politiek 'n moet nodig agter jou. Dan moet jou politiek reg wees. As jy verkeerd politiek, dan ... daardie top struktuur val vir jou weg.

I:Jy bereik 'n platform.

P3:Ja. So ek dink die huidige Weermag is 'n klug. Dis 'n groot flop. As ek dit vergelyk met wat ons gedoen het. Daar is geen instandhouding nie. Jy kry die snaakste eienaardigste opleidings ongelukke. Ons het ook ongelukke gehad, maar ongelukke, regte ongelukke, nie die goed van nalatigheid of what have you. So ek het nie baie vertrouwe in hierdie Weermag nie. En nou moet jy nie onderskat nie. 'n Half opgeleide troep met 'n geweer is baie gevaarlik. Veral as jy ideologies nog gedryf word en aangejaag word. So ons moenie dink ons gaat hulle jy weet sê maar konfronteer nie. Met wat? Met Zol. So enige Weermag is gevaarlik, en wat in Afrika gevaarlik

Appendix C: Interview Transcripts

is, is selfs die kindertjies kry wapens, die boy child, the child soldier, daardie voorbeeld, daardie situasie.

I: Wat het u gemotiveer om vroeg pensioen te vat?

P3: Ek het 'n brief gekry. Ek wou nie gaan nie.

I: O, dit was nie vrywillig nie?

P3: Nee, nee, ek het 'n brief gekry, wat sê okay jy kan gaan weens jou G4 klassifikasie. Toe moes ek 'n besluit maak. Nou ek gaan nie iemand smee nie, fok hulle, as hulle my nie kan beskerm nie, en jy weet snaaks genoeg daarna toe gaan almal af. Al wat toe gaan, gaan toe. Daar het so hier en daar ouens het agtergebly, hulle het seker beter daar af, beter daartoe, hulle het almal bevordering gekry, want ons het nie geweet wat gaan die swartes maak nie? Wat gaan hy doen met ... (intervensie)

I: So was daar onsekerheid?

P3: Verskriklik. Want jy het geweet, daar was mos nou nie, jy weet die top struktuur vervang. As jy in die nuwe regering sit is dit jou besigheid, so hulle moet uit, haal hulle uit. Veral van sekere range af, van jy weet Kolonels af onder, jy weet, haal hulle uit, jaag hulle weg.

I: Dink u dis 'n goeie strategie om mense te motiveer om uit hulle posisies uit te beweeg om plek te maak of dink u daar was dalk 'n alternatief gewees?

P3: Daar kon beslis 'n alternatief gewees het. Die probleem is die ANC het gedink die Afrikaner amptenaars, as hulle nou in die Weermag is of waar ook al, gaan hom ondermyn, sodat hulle sleg lyk, sleg doen, jy weet, mislukking.

I: Dit klink of daar 'n gebrek van vertroue aan al twee kante was.

P3: Ja, maar dit sou nooit gebeur het. Hoe kan 'n beampte in 'n Staatsdepartement jou boikot, hy moet sy werk doen. Dis wat altyd gedoen word. Die baas is nou swart maar dis nog steeds dieselfde werk. Hoekom sal jy hom boikot? Hy gaan mos uitvind. Maar jy weet hulle is agterdogtig. Laat ons liever hierdie ouens wegkry, ons sal dit doen. Hulle het 'n moerse gebrek en kennis. Want al daardie koöperatiewe kennis het hulle verloor. Hulle moes hulle opmaak. Maar hier en daar gaan dit darem beter as wat mens gedink het. Daar was 'n vreeslike druk. Kyk Buitelandse Sake, hulle het nou die dag gesê hoe Binnelandse Sake, hoe lank dit gevat het vir 'n paspoort, hoeveel mense 'n paspoort hanteer het. Dis van hierdie ou na daardie ou en dis 'n X aantal mense wat die paspoort hanteer het voordat die aansoeker hom gekry het. Toe het hulle verander nou na baie minder, om al die tussen ouens uit te ... uit te kry.

I: So die effektiwiteit word beter, maar dalk as hulle die kundigheid amper in 'n tipe mentor rol of op 'n manier die transisie meer geleidelik gedoen het.

P3: Ja, ja.

I: Dit klink asof dit is wat u sê.

P3: Ja maar hoe maak jy nou man, dis heeltemal 'n beleidsverandering,

Appendix C: Interview Transcripts

as jy nie meer diensplig het nie, wat doen jy, 'n Regular Army, en hoe werk jy hom? Ek weet nie of hulle al gaan - die Amerikaners het ook 'n sisteem wat hulle die ouens kan oproep en so aan. Ek weet nie, die rol van die Weermag het seker verander. Hulle identifiseer nou hulle rol, een van hulle is nou dat hulle oorsee wil kampe doen, kan jy nou dit glo? En hulle is nie toegegerus daarvoor nie. Die ander ding is grensbeheer, hulle het - die grense het hulle nou net onbeman gelaat. En dit is ongelooflik. Daar is meer as 'n duisend agt honderd asielsoekers in Suid Afrika. Hoekom kom hulle na ons toe? Wat kom maak hulle hier? Jy moet daardie ou terugvat of vat hom na sy Ambassadeur toe en sê kyk hier, hierdie ou vlug nou vir julle, wat doen julle verkeerd?

I:Want daar is 'n koste om die grens te beman en daar is 'n koste om dit nie te beman nie.

P3:Ja maar die grense moet beman word. As hulle nie onwettig oorkom nie, dan kom skiet hulle die renosters. Jy weet dis net 'n kwessie van as jy hulle nie keer nie gaan hulle al meer en meer laat inkom, gaan hulle allerhande goed begin doen. Wat is volgende? Nou sien ons dat hulle - hulle vang die skilpaaie, hulle voer die skilpaaie uit, hulle hoef hom nie dood te maak nie, hulle maak hom dood voor hulle hom kook in Sjina. Want sien daar, dit is hoekom dit is belaglik, hulle moet mos gekeer word. So grens - grensbewaring, jy moet die troepe oplei, die troepe kry opleiding. Daar is nooit 'n tekort wees aan troepe wees nie, nooit, gewillige troepe, hulle sal dit geniet om in uniform te wees. Ek meen baie van hierdie ouens sal nie omgee om 'n beroepsoldaat te wees tot hy veertig is nie, sonder 'n rang, hy moet net 'n salaris kry.

P3:Ek dink nou spesifiek aan al ons werklose jeug. Daar is 'n baie groot konsentrasie van ons jeug wat werkloos is.

I:Ja.

P3:Maar dit is ook kompleks want die Departement Van Verdediging begroting word ook al hoe kleiner. As 'n land nie besig is om iewers hulle Weermag aktief te gebruik nie word die Weermag gewoonlik gesien as die laaste ou in die ry.

I:Ja. Ja.

I:Dis nogal 'n komplekse ding.

P3:Dit is, dis baie ingewikkeld.

I:Maar wat sal jy sê as jy net half in kort moet sê, hoe beskou u u tyd in die Weermag gewees, en hoe voel u daarvoor?

P3:Ek as individu het 'n wonderlike loopbaan gehad. Ek was op die ouderdom en op opleiding, as daar iemand moet Sahara toe gaan, stuur hulle my. As daar iemand moet saam met Pik Botha Lusaka toe gaan om met die Angolese te gaan praat, dan stuur hulle my, want ek is toevallig op die regte plek waar hulle my kan stuur. Generaal De Lange het vir Van Rooy vier kanonne gegee en 'n klomp ammunisie. Toe my naam op die lys kom, toe sê hy, gee vir [REDACTED] toe. Jy weet so die goed het net so mooi gewerk. Ek het al, jy moet daardie ding lees, ek gaan nou nie in detail nie, dit gaan jou net sê wat is wat, maar ek het 'n ongelooflike loopbaan gehad.

I:Baie, baie blootstelling, baie mense wat vertrou in u gestel het.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Ja ek kan nie kla nie, ek kan nie een oomblik kla nie, niks.

I:Maar dit moet nogal 'n noue vertrouensverhouding wees om in daardie kringe te beweeg het.

P3:Ja. Ja ek het - daar was net Viljoen.

I:Nou klink dit vir my u sê jy is jy hoegenaamd spyt nie, intendeel, dit is 'n baie - 'n baie - ek praat nou van die Afrikaners wat sê, ek inkluis, ek dink deesdae ook in Engels want my Universiteitsopleiding was ook in Engels ... (intervensie)

P3:Ek dink nie in Engels nie maar ek sê baie ... (intervensie)

I:Dit was rewarding gewees?

P3:Ja, ja, ja.

I:U het nie baie dinge waaroor u spyt is oor u betrokkenheid met die Weermag nie?

P3:Niks nie. Glad nie. Ek is spyt ek is uit. Ek wou nie uitgaan nie, ek was 'n beroepsoldaat, ek wou ten minste 30 jaar diens gehad het. Nou will hulle kom op 26 jaar en 11 dae. Weet jy wat, ek is 'n groot perd liefhebber. Nou wil ek - ek sluit nou aan by die perdry klub. Ek word nou hier by ... (onduidelik) en voor ek weet is ek die voorsitter van die perdry klub. Nou ry ek nog minder perd.

(Lag)

P3:Jy weet, sulke goed. Maar toe ek aftree, toe ek daardie brief kry, toe maak ek die kursus klaar en nou het ek 3 maande om nou leeg te le. Want hulle kan my nie nou in 'n pos insit nie.

I:Ja.

P3:Toe het ek boeke - opleidingsboeke geredakteur, gecheck vir spelfoute en alles reggemaak, jy weet, ek is Maart maand uit, hulle het my tot Augustus daar opgeroep om met daardie werk aan te gaan. Toe sê ek vir hulle later maar hoor hier nou moet julle iets doen, nou wil ek gaan, want ek kan nou nie meer nie. En in daardie Januarie Februarie maand het ek elke dag gaan perdry, en ek het 'n Griekse troep gehad, wat 'n ry kursus instrukteur was, en ek het met hom 'n staande afspraak gehad, elke dag, en jy leer my perdry, hy sê you can ride a horse, ek sê weet jy, jy moet vir my die regte goed leer, ek wil nooit weer 'n fout maak nie. So ek het 'n Koningslewe gehad daardie laaste 3 maande, ek sê nou voel ek soos 'n Offisier. Nee ek het - ek het 'n ongelooflike - kyk toe ek oor die Artillerie was. toe ek by Veertien Veldregiment was, in 1981, toe gaan die Bevelvoerder op kursus, toe word ek die - ek was tweede in bevel, toe word ek Waarnemende Bevelvoerder vir 6 maande tot hy terugkom, die Bevelvoerder. Toe gaan ek Artillerieskool toe later, toe word ek die tweede in bevel, toe gaan die Bevelvoerder op kursus, toe is ek Bevelvoerder by die Artillerieskool. Toe gaan ek Leër Kollege toe, daar is ek tweede in bevel, toe gaan die Bevelvoerder op kursus, toe is ek die Bevelvoerder weer van die Weermag Kollege. Dis die top opleidingseenheid van die Leër. Die Offisiere is handgesoekte briljante Offisiere. Kyk hier, as jy net sê luister dit en dit moet gebeur, dan sê hulle goed, ek sal dit doen, ons sal 'n ding doen, ek sal hom help.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Dit klink amper asof kan 'n mens rêrig so gelukkig wees?

P3:Ja.

I:Om jy weet in die regte posisie, die regte tyd. Jy's net daar.

P3:Ja.

I:Op die regte tyd is jy daar.

P3:So daar's niemand wat sê hy gaan dit opfok nie.

I:Ja.

P3:Jy doen dit en almal is onder jou gelukkig, die ouens bo jou is gelukkig, so moet net nie 'n fout maak nie, moet net nie met iemand se vrou lol nie, (Lag) of dronk wees nie, jy weet jy het nie daardie gevaar dat jy te veel drink nie.

I:So u lewe het nogal 'n baie interessante wending geneem, maar alhoewel daar sekere uitdagings was, dit het eintlik vir goed gewees en u op plekke gebring waar u heeltyd uitgedaag word en waar daar amper heeltyd wat dit vir my klink asof daar was heeltyd 'n leiersposisie iewers oop kom waar leierskap nodig is en u word geïdentifiseer.

P3:En daardie ondersteuning ook. Want die Artillerie is die ondersteuning, jy ondersteun altyd, en jy moet altyd waarborg, jy moet ondersteun en waarborg, en so is die dieselfde met 'n Tweede in Bevel, jy moet altyd ondersteun en jy moet altyd gereed wees om die Bevelvoerder op te volg of om hom te help so ek dink ek het daardie gehad, as daar iets gedoen moet word jy kan dit vir hom gee, dit sal nou nie so briljant wees nie maar hy sal dit ten minste nie opdonder nie jy weet.

I:Ja.

P3:Ek sal hom nie heel uitgooi nie.

I:U was die hande en voete van eintlik die Hoof Bevelvoerder, of sê nou maar soos 'n CEO, jy het 'n CEO daarso, maar hy het hierdie een of twee persone langs hom wat eintlik die hande en voete is van die operasie.

P3:Ja.

I:Hy is dalk die beeld of hy is die gesig van die Eenheid of van die Departement, of van die Maatskappy, maar dit klink vir my of u altyd geïdentifiseer word as die betroubare persoon wat die hande en voete is en wat sal sorg dat die job gedoen word.

P3:Ja. By die Artillerieskool en by die Kollege met al daardie top Offisiere, was ons almal dieselfde rang, almal Kommandante, maar ek is die tweede in bevel, of ek is die Waarnemende Bevelvoerder, en hulle hanteer jou asof jy die Bevelvoerder is, al is dit teen jou sien, nie eens soos niks nie, dit gaan net aan.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Ag mens moet maar leer om mense te hanteer. Die beste ook al baie keer is sagte hande is 'n harde hart.

I:Mens moet leer om mens - jy moet aanpasbaar wees volgens die omstandighede.

P3:Ja. En wat jy leer moet jy altyd doen, jy moet altyd omgee vir die troepe se welstand. Kyk altyd na die troepe se welstand, het hulle geëet, as hulle nie geëet het nie, moet hulle nou eet. In die leer is daar 'n staande reël, die Offisiere eet laaste, veral in die Artillerie, veral in die werk wat jy doen, en as jy 'n waarnemer is op 'n koppie daar, en jy kom na 2 dae hier, nou wil jy jou kos hê, want dis 2 dae lank net blikkieskos, jy weet. So of die troepe nou geëet het of nie, sorg vir hom, want hy moet teruggaan. So ja ...

I:So dit is of partykeer almal wil leiers word maar eintlik 'n goeie leier is wie se volgelinge eerste stel, en nie homself nie.

P3:Ja. Veral by die Artillerie die ondersteuningsrol, hulle is nie, jy weet, staan julle weg, ek sal dit doen nie, terughoudend. Terughoudend. As iemand iets wil - 'n moeilike taak, okay ek sal dit doen, jy weet, daardie soort van ding. Ek sal nie eens daardie klomp ouens, maar as dit nou my juniors is, is dit ook 'n ander ding, maar as julle 'n klomp is van gelyke rang en die een ou is die senior, dan is hy die leier. Al is daar een groot bek wat beter weet, jy weet. Daardie ouens, die ou met die sterre, hy's die leier. Hy sê wat gaan gebeur, nie julle nie.

P3:Daar is 'n delegaat. Ja.

P3:Jy kan insette gee ja. Ja ag ons kan ure praat oor die goed.

I:Ja nee maar baie, weereens baie dankie Kolonel, dit is vir my altyd lekker eintlik om te praat oor hierdie navorsing want selfs ek is op 'n tyd in my lewe waar ek wil ook evalueer, maar wie is ek, ek is iemand, ek is 'n Afrikaner, ek identifiseer myself met die kultuur, met die taal, maar ek dink daar is partykeer 'n gevoel van, maar waar is my identiteit, dit is - daar is partykeer tradisies en goed wat ons in die verlede gehad het wat ons nie nou het nie, en ek dink vir die volgende geslagte gaan dit nog moeiliker wees, is om vas te hou aan jou herkoms en waar jy vandaan kom en of ons geskiedenis nou populêr of polities nie populêr is of iets nie, dit is ons geskiedenis en dit het ons as Suid Afrikaners gevorm wie ons vandag is, goed of kwaad. So dit is ons geskiedenis, en as ons kan leer uit die geskiedenis, as ons bietjie beter bewuswording van mekaar se kultuur en waar ons vandaan kom en dink ek kan dit net lei tot 'n beter verstandhouding tussen mekaar waar dit nie hierdie opvlam van gevoelens tussen mekaar is, waar 'n mens eerder ook bietjie - bietjie - net 'n bietjie respek ook vir mens se kultuur en mens se geskiedenis kan kry, is altyd waardevol.

P3:Ja, my Pa het altyd gesê, onthou elke man het 'n kroon op sy kop. Moet hom nie afhaal nie. So dis waar, as jy dit, as jy mense so hanteer, en die swartes ook, hulle het baie agting en begrip vir decency. Daarom dink ek daardie skildery van daardie blanke man is 'n klap in sy gesig. Jy doen dit mos nie. Jy doen dit mos nie. Dit het - hoekom moes hy dit doen, hoekom kry hy dit in sy kop, jy weet, ek dink hy moet 'n les geleer word.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P3:Hy moet n les geleer word.

I:Net wedersydse respek en n begrip.

P3:Ja.

I:n Mens hoef nie saam te stem maar om begrip vir mekaar te hê kos jou niks.

P3:Ja. En jy is ook nie die belangrikste mens op die aarde nie, jy weet. So dis nou die storie.

I:Daar's sy.

EINDE VAN OPNAME

Appendix C: Interview Transcripts

VIERDE ONDERHOUD - DEEL 1 (51:23 min)

I: [REDACTED] die onderhoudsvrae sommige van hulle kan beskou word as sensitiewe vrae, so u is baie welkom om hulle nie te antwoord nie sou u so verkies, okay? Die eerste vraag is redelik oop in terme van dit vra hoe lyk u daaglikse ervarings in Suid Afrika.

P4: Kom ek sê vir jou, ek probeer altyd positief wees maar ... er ... omdat ek graag altyd die media raadpleeg, dis nou televisie, radio, koerant, jy weet, die media, is daar baie negatiewe dinge, maar ek probeer maar altyd die positiewe dinge te sien. Kyk die situasie in ons land is tans nie goed nie hoor. As n ou kyk na die ekonomie, jy kyk na die wêreld, jy begin daar, en die ding wat by alles uitstaan is kriminaliteit wat nou maar korrupsie en al hierdie goed, en dan die swak, absolute swak Staatsadministrasie waarmee ons te doen het op alle vlakke.

I: Ja.

P4: Van Presidensiële vlak regdeur tot die straatveër wat vir die Staat werk, dit is dinge wat n ou frustreer. Maar eerstens ek probeer altyd die positiewe sien, ek wil nie immigrer nie, my kinders het nog nie geïmmigreer nie, hulle het daar gewerk en teruggekom, so - maar al hierdie laat n ook laat ons maar vir onself n plekkie moet uitkies waar n ou selfonderhoudend is. n Ou moet planne maak, jy moenie in die donker sit en kla oor die duisternis nie, jy weet, so daar is - daar is positiewe punte, maar daar is oorweldigende negatiewe punte. Daar is n besorgdheid. Daar is n besorgdheid oor die koers.

P4: Absoluut n besorgdheid maar dit dwing my nie tot radikale dinge en radikale denke nie. Ek sien nog maar nou in ons beroep jy probeer n oplossing kry in jou klein wêreld waarin jy leef, om n beter plek van Suid Afrika te maak.

I: Die tweede vraag wat ek vir u het en dit sluit nogal baie aan in terme van die navorsing en veral die groep wat ek gekies het vir die navorsing, is dat as ons nou praat van n konstruksie van wit afgetrede soldate se sosiale identiteit in Suid Afrika, beteken dit daar is baie identiteite opgesluit daar. Daar is n identiteit wat verbind word aan wit te wees, dit is n waarde, dit is n kultuursisteem wat daarin opgesluit het, maar ook in terme van om Afrikaner te wees, en dan natuurlik n baie belangrike een, die identifikasie as n oud soldaat. Nou in terme van hierdie vraag wil ek vra, wat beteken dit vir u om n Afrikaner te wees?

P4: Eerstens ek is trots daarop, ek is nie skaam en ek het nie bagasie van die verlede ook nie, ek was in al die Afrikaner organisasies wat n ou kan dink, van die Broederbond, Rapportryers, al daardie goed, ek het regtig my baie met hulle gekruis, omdat die ouens meer na die politiek toe gegaan het in plaas van die kulturele. Maar die Afrikaner lê nog baie na aan my hart, jy weet, behalwe net ek hou nie van Afrikaanse musiek ek haal hierdie woord baby uit, is dit stomstreke, dit is nie musiek nie, maar in elk geval ...

I: Dit klink bietjie eenders partykeer.

P4: Veral eenders in ritme en in melodie. Maar in elk geval ek is baie trots daarop en ek het met swart mense ook, as ek hoor hulle praat Afrikaans bedank ek hom, sê ek vir hom ek is baie trots dat jy Afrikaans praat. So ek is nie skaam of teruggetrokke op my kant van

Appendix C: Interview Transcripts

die situasie dat ek 'n Afrikaner is, ek is trots daarop maar ek is ook nou nie fanaties hieroor nie. Of radikaal in my denke en hierdie tipe van goed nie. Want ek glo ons is hier in Suider Afrika maar daar is ander mense hier ook en hulle moet ook 'n plek kry.

I: So dit klink asof u nie Afrikanerskap sien as 'n uitsluitende groep of 'n tipe van elitist tipe van ...

P4: Nee, jy kan jou nie verhewe bo ander mense sien nie, en jy kan nie 'n elite stroop sien nie. En saam daarmee is ek baie bekommerd oor ons Afrikaners. Jy weet as 'n ou kyk na die ouens wat hier bedel langs die strate, ek was gister in my ou tuisdorp, [REDACTED], en ek het nog nie eens met [REDACTED] daaroor gepraat nie, maar die mense daar is baie, jy weet, meer armlastig soms, ek is baie bekommerd daaroor, my mense kry swaar. My mense, hulle is Afrikaners daar. Nee maar daar is nie 'n probleem met dit nie.

I: So dit klink vir my asof u benadering is om meer intensief te wees, dat 'n Afrikaner kan selfs op sy knieë is, dalk identifiseer aan 'n swart groep of 'n kleurling groep, hy praat die taal, dalk hang hy dieselfde waardes aan, sal jy daardie mense ook sien in daardie groep?

P4: Natuurlik. Jy weet in die Weermag het ons hierdie baie ervaar. Byvoorbeeld gaan 'n ou grens toe dan is daar nou 'n Kleurling Kaptein saam met jou daar, dan kom jy terug en dan mag hy nie by Sterland in die flik ingaan nie. Die voorbeeld van eksklusiwiteit is wat ou Jonas Van Jansen van ...

I: Kovsies.

P4: Kovsies. Daardie ou doen soveel waarde, hy is goed uit die oordeel, maar hy praat Afrikaans, maar hy is 'n ontsettende goeie studenteleier jy weet, daardie ou het vir hierdie land, en hy stuit nie oor hierdie ander goed nie.

Baie gedoen om ... (intervensie)

I: Vir studente.

I: Om brûe te bou.

P4: Om brûe te bou. Nee jy weet regtig nie ten koste van die Afrikaner nie maar ek het nie 'n probleem met daardie tipe van man nie. Jy weet selfs 'n ou soos ou Jansen wat baie graag Afrikaans praat, ek het dan nou-nou vir jou gesê die swart mense, ons kan ons nie die uitverkore volk noem nie, ons is nie. Niemand is nie. Nie eens die Jode nie, maar dit nou daar gelaat. 'n Ou kan nie, 'n ou kan werklik nie, jy is trots oor wat jy is maar die Skepper het jou so gemaak. Bevorder jou kultuur, jou dinge, nie ten koste van ander nie, ten behoeve van die Afrikaner. Nee ek het nie 'n probleem met daardie - daardie tipe van ding nie.

I: Dit klink asof u sê dat die Afrikaner het 'n bydrae om te maak.

P4: Absoluut.

I: Solank dit nie 'n tipe van ding is waar ander benadeel word nie. Sy belange moet bevorder word maar nie ten koste van ander nie.

P4: Nie ten koste van ander nie. Nie as jy nie 'n Afrikaner is of wit

Appendix C: Interview Transcripts

is of aan 'n Broederbond behoort nie dan is jy niks nie, ons kan nie dit doen nie. Elke Afrikaner as hy positief teenoor Afrikaans wees en Christen wees en koppel die twee aan mekaar, dan - dan is dit iets positief en ons moet 'n bydrae lewer, en ek dink die Afrikaners op hierdie stadium is die ouens wat die grootste bydrae wat probeer in hierdie land, is ons, want die ander ouens baklei teen mekaar, hulle - ek wil nie die Engelssprekende ouens hier uitlaat nie, hulle werk ook. Maar die Afrikaner ten spyte van al die baggage wat daar is, staan hulle sterk en hulle probeer vorentoe gaan en dit, en dis die tipe ding wat 'n ou moet ondersteun. Soos Chris daar by die Transvaalse Landbou Unie, ons sal hulle binnekort ondersteun met 'n klomp advies, ek wil nie nou in detail ingaan nie, maar dis wat 'n ou moet doen. Spreek die probleem aan.

I:Dit klink of daar 'n evolusie is om te gebeur onder die Afrikaner waar hulle dalk bietjie verder strek as wat hulle gedink het, sonder die gewone definisie van wat 'n Afrikaner dalk mag wees.

P4:Absoluut maar

P4:Daardie definisie is verander.

P4:Jy weet ons het in die Weermag het ons dit ervaar, ek praat van die ou SAW, jy moet uitreik na hierdie plaasbevolking, na hierdie mense toe. Jy is nie 'n eiland nie. Jy is absoluut nie 'n eiland nie.

I:Maar ek verstaan selfs in daardie omgewing is daar gewissel tussen Afrikaans en Engels ook, daar was nie hierdie afdwingery van ons praat net Afrikaans nie.

P4:Kyk die Weermag waarin ek was vir 34 jaar, was tweetalig. Een maand en die ander maand Afrikaans. Ek het gelukkig nou in 'n Engelse omgewing grootgeword so ek kon Engels praat sonder 'n probleem, ek het nie 'n hang up daaroor gehad nie. En die Engelsman is nie die Khaki beskou wat ons land wou aanval en daardie tipe van goeder nie, en ek wil nou vir jou sê daar is van daardie Engelse, en ek het hulle gesien as troepe, wat hier uit Natal en Oos Kaap uit, Engelssprekende boerseuns wat wragtig van jou beste troepe was. Moenie omdat 'n ou 'n ander taal praat, jou eksklusiwiteit hou nie. Daar is ruimte vir daardie ou ook in hierdie organisasie, mits hy jou doelwitte van Christen en jou land, patriotisme, as hy dit handhaaf. Maar jy kry Afrikaners ook wat heeltemal teen dit is wat ons praat nou, jou linkse ouens, ek wil nou nie name noem nie maar ... (intervensie)

I:Daar is 'n wye spektrum van mense wat hulle identifiseer met Afrikanerskap maar nie noodwendig dieselfde waardes of visies of doelstellings deel nie.

P4:Absoluut.

I:My derde vraag is, en baie van die navorsing fokus minder op die verlede, maar meer in terme van die hede, maar dit besef die enorme invloed wat die verlede gehad het oor hoe oud soldate gesien word, hoe hulle hulself sien, is nogal van groot waarde. Nou in die sin daarvan, hoe voel dit om 'n wit afgetrede Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika te wees, met die klem op oud soldaat.

P4:Ek - ek wil vir jou eerlik sê, ek ondervind nie probleme nie, niemand oe of aah, jy was daar en jy het dit gedoen, en jy het dit gedoen en julle is dit, om die eenvoudige rede, die goed wat ek gedoen het, het ons keuses gehad en ek het geëindig as Bevelvoerder

Appendix C: Interview Transcripts

Generaal van Spes. Magte wat ek vir 5 jaar die pos gehad voordat ek pakket gevat het. So ek het geweet waarom hierdie goed gaan. Ek was nie by die Waarheidskommissie en daardie goed nie. Ons het keuses gehad en daar is sekere norme en goed was h ou - ek kom by die vraag uit, as h ou in die land met h geweer kom om hierdie mense seer te maak, dan het hy pak gekry. Maar omdat h ou polities verskil het van die ouens, is dit nie nodig om hom dood te maak nie. Dit is waar die skeidslyn getrek word. Nou dit sluit vir h ou deure oop. Ek weet nie, die kringe waarin ek beweeg, word dit gerespekteer wat ons gedoen het, wie h ou is, maar ek dink dit hang van die persoon af. Veral jou - jou jonger laities sien op na jou, jou ouer mense het ook respek vir die situasie. Ek ondervind - ek het een keer met h ou wat ek in h besigheid was, gesê ja hy's nou bang hulle fokus op ons want ek nou hierdie pos en al hierdie goed gehad het, maar gelukkig het die besigheid nie lank gehou nie. Maar dit was maar die ou se manier, hy's h Nederlander gewees, jy weet, nou het ek aanvaar waar hy vandaan kom, hy verstaan nie hierdie goed nie. Maar dit is - dis werklik h absolute uitsondering in hierdie reël. Ek kan vir jou sê mense ervaar dit en ek is trots oor wat ek gedoen het, trots op wat ek is, ek het nie daardie probleem nie, ek het werklik nie daardie probleem nie.

I: Inteendeel moet h ou h positiewe ervaring hê.

P4: Absoluut positief. Jy weet ... (intervensie - vrou praat) Jy weet toe ek in Spes. Magte was, nou die ou, daar was nou die dag h televisie storie oor hom, [REDACTED], hy was h groot Swapo ou, hy was met een of ander mes storie deurmekaar, maar okay ons wat nou daar was weet presies van die ou, sy bynaam was [REDACTED], hy het in Namibië vir die Militêr daar gesê hy wil my kom sien. Toe het hy na my toe gekom. Hy sê hy wil net my hand vat. Nou jy weet selfs - selfs vir my voormalige vyande het h ou h rapport, jy kan met hulle gesels. Daar was h ander ou, [REDACTED], [REDACTED] weet nou nie van die - ja sy weet van die ou, jy het al sy Eer Poste gesien. Na die oorlog het hy sy MBA gekry en hy is vandag die Hoof van SWA Bank, jy weet, Namibië Bank, SWA Bank is hy die bank bestuurder van hierdie bank. En ... er... baie lekker met die ou gesels jy weet. Daar is nie - daar is nie moeilikheid nie. Hulle erken ons, ons erken wat hulle gedoen het.

I: Daar's h wedersydse respek?

P4: Absoluut, absoluut.

I: En h begrip vir wat julle rol toe was.

P4: Absolute begrip.

I: As soldate.

P4: Absoluut.

I: En hoe hulle dit hanteer het.

P4: En hoe hulle dit hanteer het ja, nee absoluut, absoluut.

I: So in julle siviele lewens is daar nie - daar is niks wat julle keer om gou h koppie koffie saam te drink nie.

P4: Geen rede nie, Flip ek kon vir jou sê selfs in die - in die dae toe ons vir die AND - as jy ANC ouens oorkant gekry het,

Appendix C: Interview Transcripts

gemeenskaplike dinge, en dis waar - dis waar die interessantheid inkom, vra hulle hoe gaan dit hier, en ons praat saam oor pap en vleis waarna hulle verlang. En dan sing hulle, hulle het in die aande om hulle vure het hulle Afrikaanse liedjies gesing, Hasie hoekom is jou stert so kort want dit het hulle by die skole geleer.

I:Ja, ja.

P4:Jy weet daar was 'n baie dieper band tussen ons as - as inboorlinge van hierdie land as wat 'n ou dink, al is dit met ... (onduidelik)

I:Baie ooreenkomste?

P4:Baie ooreenkomste. Kyk na die - moenie na die verskille kyk nie, kyk na die ooreenkomste.

I:En dit kan genoem word dat die Afrikaner ook in 'n sekere sin Vryheidsvegter was in terme van sy geskiedenis.

P4:Hy was. Kyk hoe ... hoe Mandela het in sy inhuldiging het hy Generaal de Wet se berigtinge gelees. Goed dis - hy - onthou hy is 'n politikus.

I:Ja nee, vir seker.

P4:En - en hy het dit gedoen. Maar kyk nou die gevryery na die Afrikaner van die huidige ANC, want hy's in die moeilikheid oor stemme. Kyk hy het nou hierdie probleem, nou - nou kom hy na die Afrikaner toe en hierdie tipe goed. Hy het 'n wye spektrum.

I:Ja. Iets om te drink?

P4:Nee ek is reg. Jy weet dis die interessantheid wat dit is en die Afrikaner het net rede om trots te wees in hierdie land, hy't nie rede om skaam te wees nie. Goed Apartheid word om sy nek gehang en alles. Politici. Maar ek - ek was nooit in die politieke arena nie, ek sal nie wees nie, dank die Vader ek het my kant skoon gebring, en ja Broer my aanstelling was 'n Mandela aanstelling, en ek is nie 'n Pienk Piet of 'n Hoedie of al hierdie name wat 'n kan - kan dink nie.

I:Want ek het al meermale het ek gehoor dat die Weermag het basies in opdrag van die Staat opgetree. Politieke ideologie is gelos vir die politikusse, terwyl die Weermag het net basies 'n mandaat uitgevoer. Uitgevoer in terme van die Weermag se mandaat wat ontvang is van bo, en dit is uitgevoer.

P4:Dit is absoluut so. Ek - ek was 'n paar keer by waar politici by is op funksies waar hulle Party politiek waar ek het op meer as een geleentheid gesê nou stop jy, jy is besig met party Politiek, ek is veronderstel om apolities te wees, ek kan nie party politiek praat nie. Tot die Adjunk Minister, hy is vandag oorlede en 'n baie goeie mens, maar die ouens het elke platform gebruik, soos die politici maar vandag ook elke platformpie en geleentheid en veral begrafnisgebruik, hierdie tipe van ding.

I:Ja.

P4:Nee ons - en weet jy ek kan - ek kan al die ouens met wie ek baie nou saamgewerk het, nie een van hulle het ... er ... party politiek, ag hier en daar 'n ou, maar party politiek, ons was verheve bo dit. En ons het die mandaat uitgevoer. Goed daar's ouens wat stout was en

Appendix C: Interview Transcripts

die verkeerde - verkeerde dinge gedoen, maar nou ja dit is so, daar is sulke ouens.

I:Maar die - die Weermag het 'n spesifieke plek, 'n spesifieke rol gehad, 'n spesifieke konteks ook.

P4:Absoluut. En jy weet Flip in die oorlog waar ons was in Owamboland en hier, jou eerste ding is om die bevolking aan jou kant te kry. Ek meen sonder steun ... en hierdie is nie net die swart bevolking nie, jou wit bevolking ook moet jy aan jou kant kry. Jy moenie dinge doen teen hulle nie en as 'n ou in die geskiedenis kyk, die ... die ... daar was vanoggend nou oor die radio nou, Dou Linette se program oor die Weermag, maar die oomblik as die Weermag teen jou mense optree, baie gevaarlik. Die handboek voorbeeld is in Sjina by ... (onduidelik) toe hulle die tenks op die studente oopgemaak het, hulle leef nou nog swaar onder daardie ding. Die Weermag moet ingryp, hulle moet keer en al hierdie goeters doen, maar jy skiet nie op jou mense nie. Soos nou in Serbie aan die gang is. Daardie wonde sal nooit regkom nie. Die Weermag het 'n bepaalde doel en tree op volgens 'n doktrine en al hierdie goed. Dit is -dit is waaroor dit gaan.

I:En daardie Verdediging mandaat.

P4:'n Verdedigingsmandaat en dan 'n Opheffingsmandaat. Ek wil vir jou sê as ek Owamboland gevat het, ek vat hierdie eie land van ons, ek kan vir jou 'n ding sê, waar die Weermag die plekke opgehef het en bevolkings opgehef het, is net nie waar nie, en die infrastruktuur gebou het, die infrastruktuur geskep het, skole gebou het, skool gehou het, kinders opgevoed het, in Spes. Mag het ons 'n skool gehad op Phalaborwa, 'n hoërskool, verskeie van daardie laities is al - al deur die Universiteit, nou nie jou buksie universiteite nie, en op 'n stadium het die klomp, daardie tyd, dit was in 1996, het die skool inspekteurs, nou vandag superintendente, noem dit wat jy ook al wil, gekom en gesê hulle wil my sien, en toe sê ek ja? Toe sê hulle nee hulle wil hul kinders in daardie skool sit. Toe sê ek hoekom. Toe sê hulle want daar's dissipline, en ek het dit toegelaat. En onmiddellik daardie skool het gekry net wat hulle wil hê wanneer hulle dit wil hê, binne die raamwerk nou van die Departement. En tot vandag toe nog is dit 'n goeie situasie.

I:Dit klink vir my daardie Militêre dissipline het deurgesyfer.

P4:Dit het deurgesyfer.

I:Tot in die skool.

P4:Absoluut. Absoluut.

P4:En dit was 'n aanloklike ding van buite af, veral vir mense ... (intervensie)

P4:As jy kyk hoe gaan dit vandag teen daardie tyd in ons skole, jy weet, die afbrand van klaskamers, verkragting, moord, al hierdie. Daar was nie sulke goed nie. Daardie kinders was goed, ons het, die Weermag het ook baie gesteun jy weet, met sport en beweging en transport, en as hulle dit nodig gehad het, het hulle gekry wat hulle wou gehad het want dis noodsaaklik in die naam van opvoeding. Dit is waaroor dit gaan.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Ons vergeet partykeer half daardie niemilitêre bydraes wat die Mag gemaak het wat nie altyd so bekend is.

P4: Flip ek het meer - en ek is n ou met verskeie jare operasionele ondervinding, ek het meer niemilitêre goed gedoen in opheffing as wat ek Militêre operasies gedoen het in my loopbaan. Want dis waarom dit gaan. Die Weermag moet n bevolking en die Konstitusie in stand hou.

I: Mmm.

P4: Dis wat n ou moet doen.

I: Minder te doen met om offensiewe operasies en meer te doen om die bevolking te beskerm.

P4: Om die bevolking te beskerm, absoluut. Absoluut.

I: In u opinie wat dink u sou ander se persepsies rondom hierdie goed, hierdie wit Afrikaner afgetrede oud soldate gewees het in die verlede, en hoe dink u sien hulle hierdie groep nou?

P4: Kom ons praat eers oor die verlede. In die verlede kyk as n ou wat n senior rang gehad het, of jy was n bekende ou, was jy n held in n sekere - sekere mate. Vandag wil ek vir jou sê en ek is nou al onder verskeie ANC ouens en goed gepraat, hulle het nog steeds respek. Daar is respek en veral jou outjies wat nie diensplig gedoen het nie, wat nie weet wat hier aangaan nie, het ook respek. En jou ouens wat diensplig gedoen het, het nog steeds respek. Nee ek dink nie die oud soldaat, daar is van hulle wat stout is ja, maar dis mense. Maar ek dink oor die algemeen, die breë spektrum, die ouens wat saam met hulle was, die ouens wat na hulle gekom het, die politiek links, middel, regs, het absoluut respek daarvoor.

I: M' hmm.

P4: Daar is respek vir hom. Ek het niks - maar onthou respek verdien n ou, jy koop hom nie.

I: Ja. En dit klink vir my, respek vir wat? Want daar is baie temas wat altyd opkom, maar ek wil uit u mond uithoor, wat is die dinge wat respek verdien?

P4: Eerstens n ou se integriteit. Jou kundigheid. Jou bydrae wat jy gelewer het. Jou inset wat jy gedoen het. Jou hele leefwyse, jy weet al daardie goed, jou menswees, daardie tipe goed het respek. Die ouens wat nie respek het nie is jou bullebakke wat in die Weermag was, jy het hulle gekry, wat almal net wou grind, grind dit vir politici, jy weet dinge wat politieke vir politieke doeleindes doen. Ouens wat - die disrespek is ouens wat kriminele misdade doen en hierdie tipe van goed, daar is disrespek. Respek gaan oor wat jy vermag het en wat jy doen en wat jy is en nog kan beteken. Dis waar die respek het.

I: Daardie waardes wat u genoem het, hoe het u daardie deurgetrek na u siviele lewe toe?

P4: Net so. Maar met n groot skok agtergekom dis een krimineel na n ander een in die siviele lewe. Jy kan nie - dis die gewaarborging wat n ou kry. Die frustrasie, jy weet in die Weermag het jy vir n ou gesê so en so, en hy sê vir jou ja so en so, dan is dit so. Jy hoef nie te check nie. Hierso n ou belowe jou n ding en dit kom nie uit

Appendix C: Interview Transcripts

nie, hy vertel jou hierdie storie, hulle lieg, die korrupsie, in die huidige besigheid wat ek ook nou doen is die - die stoutighede wat die ouens aanvang, net om 'n paar rand te maak, die liegstories, die bedrieg. Maar 'n ou kom gelukkig agter waar dit is, jy suiwer daar uit. 'n Ou maak foute. Ek het baie foute gemaak. Om mense te glo, naiwiteit, dit is 'n ... 'n frustrasie.

I: Daar was iets soos 'n Eer Kode terwyl ou in die Weermag was?

P4: Kyk eerstens is om Offisier te wees, ja, is om Bevelvoerder te wees, jy weet 'n ou kan nie skeef loop nie, ek meen ek het een woord gebruik, vat nou ons polisie tans, van ou Jackie Selebe af tot hierdie ou Boesmantjie wat nou daar sit, ek kry hom jammer, hy was verlede jaar nog 'n Adjudant Offisier jy weet, dit - dit werk nie, hulle het hom vir die wolwe gegooi. Ouens wat verkeerde dinge doen, en kyk mense kyk ook vir jou as jy 'n Offisier is, jy

I: 'n Groot sin van verantwoordelikheid ook.

P4: 'n Sin van verantwoordelikheid. Absoluut, absoluut.

I: Want jy moet basies toesig hou oor hierdie groep wat jy ...

P4: Jy weet in die Weermag was jy verantwoordelik gewees vir lewens, en dis die verskil tussen 'n bestuurder, 'n ou kan lang verhandelings skryf hieroor, tussen 'n bestuurder en 'n Bevelvoerder. Dis alles dieselfde want 'n Bevelvoerder is ook 'n bestuurder, maar 'n bestuurder is nie 'n Bevelvoerder nie want 'n Bevelvoerder kan oor die lot van 'n ou se lewe en sy dood bepaal deur die take wat hy vir hom gee en sy - as hy nalatig is kan hy mense se lewens op die spel plaas. Nou goed in sekere beroepe ook jy weet, in Myne byvoorbeeld en in die Polisie, die Polisie is baie meer nader aan wat hierdie ding betref na die Weermag se kant toe, is ek so en jy weet, sekuriteitsbedryf, het die bestuurder ook oor die lotgevalle van mense se lewens.

I: Dit klink asof u dit nie ligtelik opgeneem het, daardie verantwoordelikhede nie.

P4: Nee, 'n ou kan dit nie ligtelik opneem nie, want jy kan dit nie - jy kan dit nie ligtelik opvat nie. Jy kan nie, jy kan dit nie doen nie. Nee 'n ou moet ernstig wees en kyk soos die ouens wat gekeur is, hulle is nie sommer elke ou nie jy weet.

I: In u ervaring, en ek dink u het reeds 'n groot gedeelte hiervan geantwoord, maar hoe word wit afgetrede Afrikaner oud soldate in die Suid Afrikaanse samelewing uitgebeeld?

P4: Kom ek sê vir jou, daar is kategorieë, ek gaan nou 'n paar terme gebruik wat dalk vir jou snaaks is, ons het altyd gepraat van die PF's. Dis nou ... (intervensie)

I: Permanent Force.

P4: Permanent Force ouens, daar by Savi hier in Voortrekkerhoogte op 'n Saterdagoggend gaan drank koop het. Offisiere ook maar jou Onder Offisiere, die ou is nie geskeer nie, hy dra 'n blou PT broek, Army tekkies, 'n ou Weermag sweetpak aan en 'n boshod op. Stap hy daar in. Daar is van daardie ouens ook en hulle is vandag maar nog so. By die Militêre hospitaal, ek gaan net so een maal 'n maand om pilletjies en goed te kry. Daar sien ek van my - my ouens, en hulle lyk sleg. Die ouens se kleredrag, nou [REDACTED] was al saam met my daar, sy ken die

Appendix C: Interview Transcripts

storie. Kleredrag is nie reg nie, hulle is verslons, hulle is versukkeld, er ja dis die ander ding. Dan die ander ding is van die ouens kry finansieel swaar. Jy weet en dit het 'n bepaalde uitwerking op 'n ou se selfbeeld en al hierdie goed. Maar oor die algemeen, en nou wil ek nie die top range uitlig en sê net hulle kry swaar nie, maar selfs die jonger outjies wat uitgegaan het jy weet en in die Weermag ingegaan het, ag ten minste in die siviele lewe ingegaan het, doen baie goed. Jy weet ek weet daar is baie firmas wat as hulle hoor jy was in die Weermag, dan sal hulle jou vat bo 'n ander ou want hulle dink die dissipline en ...

I:Daar is leierskapsvaardighede.

P4:Leierskapvaardighede en al daardie tipe goed. Ek moet sê ek het ook my aansoeke gedoen vir sekere goed, maar dis nog maar 'n ou se ouderdom en nog maar meer die politiek jy weet, hulle stel nie belang in 'n ou nie. Maar mense wil ook net jou posisie en jou rang misbruik. Jy weet hulle wil sê hulle het so en so hier in die organisasie, en 'n ou moet daarteen opmaak. Ek het dit gehad. Saam met 'n klomp jong outjies in die eerste firma, en hulle het baie maklik vir jou gesê hier's nou hierdie ou wat dit en dit en dit doen jy weet, op jou rug wil probeer ry, en dit werk nie. Dit gaan suiwer oor die mens. Maar dit hang van elke individu af, want daar is ouens wat goed doen, daar is ouens wat werklik goed doen en dan is daar ouens wat swak doen.

I:U het nou net iets gesê wat my opval en dit is, 'n soldaat is ook 'n mens.

P4:Hy is absoluut net 'n mens. (intervensie - selfoon oproep). Okay. Nee 'n soldaat is maar net 'n - en dis waaroor dit gaan, dis maar net 'n mens.

I:Partykeer verstaan mense nie, veral mense wat nie gedien het nie, verstaan nie altyd die rol van 'n soldaat nie, hulle kyk na die movies, hierdie gun ouens, hy gooi 'n geweer daar oor sy rug en daar loop hy in en is hierdie bloedlustige en jy weet mense kry partykeer 'n verwronge beeld van 'n soldaat en vergeet partykeer dat hy 'n mens ook is.

P4:Ja absoluut. Jy kry daardie tipe ouens, veral jou jonger tipe ouens, hulle - jy het hulle orals gekry jy weet, jy het daardie tipe outjies gekry. Ek het altyd gepraat van die soldiers of fortune. Jy het hulle ook nodig in sekere rigtings, maar hulle - hulle word gou uitgewerk want soldaatwees gaan eerstens oor hierdie ding, oor 'n ou se gestaltheid en sy mentaliteit. En jy moet kyk na jou mense, sonder jou mense kan jy niks doen nie. As jy nie na jou mense kyk nie, jy weet daarom is daar sekere tradisies in die Weermag. As 'n ou byvoorbeeld in die veld is en jy eet, dan eet die troepe eerste, voor die Offisiere. Want die reël is, as daar nie kos is nie dan moet die Offisiere, dan het hulle swak beplan, want hulle doen die beplanning. En 'n troep gaan nie mor as die Offisiere nie kos kry nie, maar hy gaan mor as hy nie kos kry nie. Want jy weet jy is sy Pa, jy moet vir hom sorg. En sulke ou klein goedjies, maar nou raak 'n ou ingestelde daarop. Sonder nou om jy weet die outjies elke aand te gaan night soen en daardie tipe ding nie, daardie tipe van goed nie. 'n Ou moet hulle ook nie potty train nie maar dit is jou grootste bate, die bate want jou staf is vir jou uiters belangrik, 'n ou moet na hulle omsien en kyk.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P4:Dit sluit dissipline ook in, dis nie net always to be nice nie.

I:Dit klink of daardie dissipline is 'n kardinale.

P4:Absoluut.

I:Dit is die kern van soldaat wees.

P4:Absoluut.

I:Sal u sê sulke uitbeeldings, u is positief oor sulke uitbeeldings in terme van dissipline, maar wat van die negatiewe uitbeeldings wat ons sien?

P4:Dis maar weer waar die menslikheid faktor inkom jy weet. Kollektief is dit positief. Ons het Sondag die herdenkingsdiens gehad, en jis, as jy darem sien hoe positief daardie klomp ouens is, hoe bly hulle is om mekaar te sien, al hierdie goed, is dit wat my betref, positief. Die negatiewe uitbeeldings is regtig die minderheid en dis individue. Kollektief dink ek is dit baie positief. Sondag daar het 'n belangrike ding gebeur. Kyk hierdie was die SAW herdenkingsdiens wat in 1994 geëindig het, in April. En die Minister goed dis nou Lindiwe Sizuwe was daar, absoluut netjies, fatsoenlik aangetrek, en sy het na die tyd gesê, ons moet hierdie voortaan met MK en APLA en al hierdie saam dit doen. Nou goed, sy's 'n politikus. En onthou hulle kry maar opdragte, en onthou ek het vir jou gesê dat ou Zuma nou vry na die Afrikaner, na die blankes se stemme om sy posisie sterk te maak. Ek - ek wil vir jou sê dit was 'n gebaar gewees, 'n positiewe gebaar waar sy die - die negatiewiteit kon openbaar het, jy weet. Sy kon - kon eerstens nie daar opgedaag het nie, jy weet, dit was 'n sensitiewe dag vir haar gewees want dis die dag wat haar Ma - dis die herdenking jy weet van haar Ma se begrafnis want hulle gaan soontoe om daar te gaan praat oor die graf en so aan. Terloops ons Afrikaners het ook daardie - ek onthou my Oupa en Ouma het hulle ook elke jaar as hulle die dag begrawe is, is daar 'n familiebyeenkoms, maar sy het dit prysgegee vir dit.

Ja dit - dit ...

P4:Dit sê baie. Nee in my boek het sy - van ons praat sommer in Afrikaans van 'n meid, het sy opgeklim na 'n dame toe wat ek dink die ding reg doen.

I:Ja en weereens dit klink of dit 'n gebaar ook van respek was want ...

P4:Daar was respek.

I:Daar was ook nie, dis dalk aan opposite kante van mekaar was ons in stryd gewees, maar daar is daardie respek tussen soldate wat daar is.

P4:Flip hierdie ding, ek het dit nou vir jou gesê met swaar gevoel, en ek kan vir jou verskeie insidente noem, maar weet jy met die ANC en die MK het ons nooit met hulle baklei nie. Ek het op Messina toe ek die Militêre Bevelvoerder was, ons het 'n paar kontakte met hulle het, ons het hulle kort-kort wakker geskiet, waar hulle probeer inkom het ons hulle geklits. Maar daar was nooit, goed, teen die Veiligheidspolisie en die polisie het hulle - het hulle hulle rieme styf geloop, maar wat soldate betref het ons nie teen hulle soldate ooit baklei nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Dit is meer in die townships gewees en ...

P4:Ja.

I:Maar as jy nou MK en die ou SAW op 'n slagveld sou gesit het, dan sou die - die gemeen in die guns van die SAW in terme van opleiding, toerusting en al daardie tipe van goed.

P4:Ja dis 'n bende gewees, dis 'n bende, en jy weet ek het nou hulle ouens gesien toe hulle nou ingedeel is in die Nasionale Weermag in. Jy weet dat 'n ou wat Hoof van die Weermag geword het, ou Romano, kan nie lees of skryf nie. Hy het 'n stafkursus in Egipte gedoen, hy kan nie een woord Arabies praat nie, en daardie kursus was net in Arabies aangebied, so die ou wat nou Hoof van die Weermag was, wat afgetree het, Ngwenya, hy kan nie lees of skryf nie. Hy kan sy naam teken en so hier en daar 'n woord ook, maar hy kan nie 'n dokument lees en vir jou iets deurgee. Nie laat dit die ding is nie, maar ek meen, wat ons President, hy't in die tronk het hy leer lees en skryf. Okay dit gaan nie - dit gaan nie oor jou akademiese kwalifikasies nie, dit gaan oor die mense en die ingesteldheid, en hulle is goeie mense, ou Romano en Ngwenya is goeie mense.

I:Daar is by party mense die persepsie dat die ANC die SAW se vyande was. Dat MK die SAW se vyand was, maar soos wat u nou sê, op 'n oorlogsveld nooit rêrig skermutselings gehad het nie.

P4:Ons het nie. Wel ek - ek kan die skermutselings soos wat ek vir jou sê is waar hulle oor die Limpopo gekom het, ons hulle geskiet het, maar dit was dit. Maar nooit op 'n konvensionele manier of soos in Owamboland waar ons hulle gejaag het in patrollie.

I:Hulle het nie die twee Weermagte in stryd gewees nie.

P4:Nee, hulle het ingekom en die polisie het hulle opgetel en mekaar geskiet, en hulle het gesaboteur, en die saboteurs is gejaag en gevang en ons moet hulle in Botswana gaan pakgee en in Mozambiek en in Zimbabwe is hulle 'n paar keer. Jy weet daardie tipe van goed, en ons het hoofsaaklik polisie optredings doen.

I:Maar nie die SAW nie?

P4:Nee glad nie, glad nie van die SAW af nie.

I:In u opinie hoe tree u op as 'n wit Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika teenoor verteenwoordigers van ander kulturele of rassegroepe?

P4:Ek - ek tree positief op teen hulle. Ek het nie 'n haat teen hulle nie. Ek het nie 'n wrok nie. Soos ek sê hier het ons in die Weermag saam met hulle gekom. Hulle het niks geweet en dis aangestel en dis meestal hoekom ons vroeë pensioen gevat het, want hierdie ouens het jou frustreer weens hulle vermoë, nie weens hulle politieke ideale nie. Ek het miskien 'n ander voordeel, ek praat Zulu en Sotho goed, wat deure oopsluit vir my jy weet?

I:Vir seker.

P4:En jy weet, onmiddellik wat deure oopsluit vir ons, en onmiddellik het jy 'n aanklank met hulle, maar hulle - dis nie almal en ek beskou dit as 'n voorreg wat 'n ou het. Maar ek is nie negatief teenoor daardie ouens nie, ek lag vir hulle en nou nog as ek van die oud manne bymekaar kom daar is 'n vriendelikheid tussen ons. Maar in 'n

Appendix C: Interview Transcripts

werk situasie was dit vir my baie moeilik. Ek het nooit groot wrywing opgetel nie. Maar ek het - ek het gesien die ... (intervensie - vrou praat) Maar my oë is ook nie toe vir hulle - hulle domheid en ek noem dit by die naam, jy weet, en die onbeholpenheid wat my - want aan die einde van die dag gaan dit oor my land, jy weet, en - en ek meen as hulle hierdie stoutighede aanvang, jy weet, en dom astant is dan - ek is nie - ek spaar hulle nie wat dit betref nie. Ek - ek wil vir jou baie eerlik sê ek sien van tot tyd tot tyd vir hulle en ons praat en ons gesels en daar's 'n openlikheid en ... (intervensie)

I:n Tegemoetkomingheid.

P4:n Tegemoetkomingheid ja. Van hulle kant af ook, daar is nie - hier is nie hierdie - hierdie wreedheid teenoor mekaar nie.

I:My laaste vraag is, in terme van u ervaring, wat was u ervaring rakende veranderings in die SAW in 1994 toe hy nou saamgesmelt het met al hierdie ander Magte?

P4:Eerstens frustrasie. Tweedens jy weet laat - laat goeie ouens met 30 jaar ervaring, het plek gemaak vir ouens wat omtrent geen ervaring gehad het nie. Soos Generaal Meiring op 'n stadium vir hulle gesê het in hierdie inskakelingskomitees, it takes 20 years to gain 20 years experience. Dit was die een ding. Dan jy weet die - die blanke ouens wat nie bevordering kry nie, maar hierdie ouens kry bevordering. 'n Ou sien hierdie ding in die polisie veral, in die Weermag is daar darem in 'n mate, want hulle het hierdie ouens nodig, jy weet laat absoluut sommer 'n niks werd word 'n Kolonel en hierdie tipe van goed.

I:Dit lyk nie dit was nie altyd appels skil nie.

P4:Nee, nee, daardie was nie, en hier lê - hier lê groot probleme vorentoe. Die huidige en ek noem dit by sy naam, blanke Kolonels wat daar is, is almal baie naby aftree ouderdom, of tyd pakkette, gereed daarvoor en as hulle gaan is daar 'n vakuum wat skrik vir niks. Hier en daar is daar 'n ou nou wat regtig sy sous werd is, wie leier eienskap het, in die kop het, maar hulle dink almal, en dis die - dis die probleem, hulle dink almal met 'n politieke kop. Hulle dink nie met 'n - 'n patriotiese jy weet bestuurs kop en daardie tipe van goed nie, hulle dink nie daaroor nie, hulle dink oor daardie kop.

I:Want 'n Weermag is nie altyd 'n demokratiese institusie waar almal se gevoelens, daar sal konsultasie wees, maar as die Bevelvoerder 'n besluit gemaak het moet almal inval daarby.

P4:Almal. Dis 'n outokratiese organisasie, klaar. Dis wat 'n Weermag is en dit het die ouens in Europa vir ons gesê, moenie vakkonde in die Weermag toelaat nie. Nou die ou wat die grootste vakkond bedreiging vir hulle is, is ou Pikkie Greef vir die blankes. So dis nou nogal interessant, jy sien nie baie van die swart vakkonde nie, maar ek meen kyk soldate wat staak, ouens wat ... (onduidelik) doodskiet, ouens wat - Ou Yanda, hier by Wilma Stal het hulle sy kar aan die brand gesteek toe hulle nou nie gelukkig was nie. Nou goed daardie goed het begin uitfaseer, maar dis daardie frustrasies. Nou wil ek vir jou 'n insident noem. Nou wil hulle in Spes. Magte vroumense moet ook operateurs word. Nou 'n operateur is 'n ou wat 'n kursus doen vir jare, wat nou valskerm en allerhande kursusse wat daar is, en dis baie intens en die sielkundiges loop elke dag saam met die ouens, jy weet daar het - dis baie psigometries, sielkundig,

Appendix C: Interview Transcripts

absoluut. Daar - die ding word wetenskaplik, fisies en uit alle oogpunte uit ...

I:Genader.

P4:Want - want jy het 'n spesifieke mens nodig vir daardie ding, en tog hulle nog foute. Toe wil hulle nou vroumense daar insit. En ek, hoe meer ek vir hulle sê vroumense goed hulle kan skydiving doen, maar as jy hulle met uitrusting, 'n vrou se bolyf is nie sterk genoeg om daardie toue af te trek nie. En dis een van die kriteria waar ons - jy moet want dis 'n vervoermiddel na 'n plek toe.

I:En dis van die meriete wat in ag geneem moet word.

P4:Presies. Maar daar is plek vir vroumense in logistiek en seine en inligting. Al daardie goed was daar en dit was lankal, hulle is baie welkom daar, maar hulle is - maar ja hulle wil nou. Toe is dit deur 'n stap, en nou moet die Hoof van die Leër voorlegging wat ons doen, ons stap na sy kantoor toe, ou Romano en die sekretaresse, sy wil my nie in die oë kyk nie, ek sê vir haar wat gaan hier aan. Nee hy is bank toe, die bank het sy kaart ingesluk. Ek skryf in die verslag, hy was nie teenwoordig nie, en ek stuur die ding verder aan. Toe ons ry nou na daardie bank toe kry ek hom daar, toe sê ek vir hom Hilbert wat jou gaan doodmaak is the management of time en nie die Boere nie. En ek draai om en ek loop. Ek en hy is tot vandag toe nog, ek het hom nou baie lank laas gesien, is goeie gespreksgenote. En hy's 'n goeie mens, maar hy het net nie die insig oor goed gehad nie. Daardie tipe frustrasie dit is hoekom ons ... ons maar vroeg gegaan het, want ek het gesien ons gaan - gaan vorentoe gaan 'n ou probleme kry. En dan weet jy die hantering van jy weet, mense, maar ek moet sê die dinge word afgetemper, maar die polisie is uiters erg hoor. Kom ek sê vir jou, ons kyk van buite af in, in die polisie. Omdat jy die huidige probleem wat hulle het - maar dis nou nie ter sprake nie, ek is nie 'n polisieman nie. Maar kom ek vir jou sê in die Weermag, soos ek nou maar kyk en die ouens sien, die regte ouens kry nog bevordering, en hulle is in poste, en hulle word gebruik.

I:So daar is vooruitgang wat gedoen word?

P4:Ja daar is vooruitgang.

I:Maar daar was baie frustrasies gedurende daardie tyd gewees.

P4:Absoluut. En jy weet die jong luities wat nou inkom wat Militêre Akademie toe gaan, ek praat van Offisiere gelede wat Offisiere kursusse doen en so aan, hulle kom deur en hulle sal hierdie - hierdie goed, behalwe nou die politieke inmeng, sal hierdie goed nog steeds maar deurgaen, dit sal absoluut deurgaen. Nee ag ek - ek het ook vir hulle - maar ek is klaar met daardie organisasie wat saam met my toegemaak het. Dis verby jy weet en ek kyk daarna en - snaaks dat ons ouens na al die jare knaend bymekaar wil kom. En weet jy as die ouens daar is, ons praat nie baie oor die Weermag nie, ons is bly om mekaar te sien, hierdie tipe van goed.

I:Want ek het nogal gevind, dit is nogal 'n baie, baie unieke maar ook 'n baie bemoedigende verskynsel in terme van hierdie verhoudings wat so ver strek, ver nadat julle almal uitgeklaar het uit die Weermag uit. Wat sal u sê is die rede daarvoor?

P4:'n Ou was kamerade, jy was saam. En nou ons groep wat ek van praat en dit, en ek wil dit nou (onduidelik) het 'n ou - ons was 3 jaar by

Appendix C: Interview Transcripts

die Militêre Akademie wat 'n wonderlike ervaring was, en daarna baie van die ouens is uit, en weet jy daardie ouens kom ook terug. Hulle het allerhande goed gaan doen buite en doen dit nog steeds, maar hulle is deel - daardie 3 jare het ons as 'n groepie absoluut bymekaar ... (intervensie)

I: 'n Groot vlak van kohesie tussen julle gewees?

P4: Kohesie en maar baie, baie positief. Dit is die ... dit is die groot ding. Ag en die vrouens ken mekaar, hulle het skouers geskuur met verskeie van hulle in jou loopbaan en die ouens gesien en so aan.

I: Sommige bande is baie sterk.

P4: Baie sterk ja, absoluut. Absoluut.

I: Party van dit is sterker as familiebande.

P4: Nee absoluut. Ek nou vergelyk dit met die skool, 'n ou se matriek klas. Ses tot matriek was jy saam, ja, sien die ouens en gesels maar dis nie dieselfde as hierdie - hierdie tradisie wat ons het. Dit is nie dieselfde nie en dis omdat 'n ou saam, kyk laat ek vir jou sê Flip - dis 'n era wat verby is. Dis 'n ...

I: Dis onherroeplik.

P4: Dis onherroeplik, dis verby. Nothing more to it, there's only that.

I: Daar's 'n uniekheid.

P4: 'n Uniekheid. Wel dis absoluut 'n uniekheid. Dis net daardie ouens wat daardie tyd daar was wat dit gedoen het.

I: En in goeie tye, slegte tye saam bymekaar was.

P4: Ag in die Akademie het ons net goeie tye gehad, regtig. Die heerlikste omgewing om te swot, nie dat dit baie gedoen is nie maar (Lag). Jy weet mos hoe is studente.

I: Ja.

P4: Nee daardie - daardie dinge is uiters positief. Die ouens het respek vir mekaar, jy kry nie dat die ouens vir mekaar oor die verlede, onthou jy daardie, jy het dit gesê en sulke ...

I: Dit klink as julle nie leef in die verlede nie.

P4: Nee, nee, glad nie.

I: Die verlede het julle saamgebring maar dis die hede, want ek sien veral in terme van die ondersteuning wat julle vir mekaar gee in terme van dat julle nog in kontak is, julle is bewus dat party mense gaan dalk deur 'n moeilike tyd, daar's gebede vir hulle, daar's bymekaarkomste ...

P4: Absoluut.

I: Party keer selfs finansiële hulp wat gegee word, ja baie, baie noue besorgde kontak wat julle het.

Appendix C: Interview Transcripts

P4:Nee, nee, absoluut, absoluut.

P4:Wel verlede jaar was daar twee ouens binne 'n maand uitmekaar uit dood, toe het die ouens net ewe skielik bymekaargekom, ons is nou al weer drie keer bymekaar. Ons het nou verlede Saterdag aand het ons ...

I:Hoe affekteer dit u?

P4:Wat?

I:Die feit dat van u kollegas wat saam met u was, party van hulle is alreeds afgetredenes, hulle word ouer en soos u sê sommige het dan alreeds afgesterf.

P4:Dis die lewe. Ek wil dit - jy weet in die Weermag het ons miskien meer met dood te doen gehad as enige ander beroep. Dis nooit aangenaam nie, dis nie lekker nie en as 'n ou vir jou sê hy's al gewoond daaraan dan praat hy nonsens. Maar 'n ou leer maar om dit te verwerk. Dis die lewe. En weet jy, jy sal verbaas wees by so 'n begrafnis, jy sal sien hoe kom die ouens bymekaar, die laaste eer betoon. Wat jy nie sommer in die Noorde doen nie.

I:Wat vir my nogal insiggewend is, is dat baie mense selfs op hulle begrafnisse dan en wanneer hulle lewe geherdenk word, dat 'n prominente uitbeelding is van hulle in uniform.

P4:Absoluut.

I:En in enige ander manier hoe hulle kon uitgebeeld geword het, sien jy hulle in uniform. Hulle begrafnis boekies het hulle uniform aan.

P4:Kyk daardie, al daardie wat ons het. Ons versamel hulle, en dis waar wat hy sê ne, die ouens is in uniform. Dis wat hy was. Ek meen dit was 34 jaar van my lewe.

I:Baie sterk identifikasie met - met soldaat wees. En van groep wees, saam met mekaar te wees as - as oud soldate, ook wat ek daar sien is dat daardie trotsheid staan weer daarso uit. Baie oud soldate wie se wonings ek besoek het, daar's 'n showcase daar, en wat jy daar sien, dis die medaljes, dis die insignia, foto's, daar is daardie rêrig daardie trotsheid daarin. Dis nie - daar is 'n gevoel van nostalgie aan dit. En 'n trotsheid, dis nie dat ek dit wegsteek nie. Selfs in 'n politieke bedeling van Suid Afrika wat partykeer sensitief is oor die verlede, het oud soldate nooit hulle verlede weggesteek en onder die grond begrawe nie.

P4:Nee omdat ons met Eer uit die stryd uitgetree het. Ja jy hou jou identiteit, dit is so. Ek is baie, baie positief oor wat gebeur het en oor wat vorentoe gaan gebeur en wat ons is en wat ons was. Dis niks negatief nie. ... (intervensie - vrou praat). Dan is daar 'n ander dimensie, die ouens saam met wie jy in sekere operasies was, daar's ons ook 'n baie sterk band gehad, maar daar sal jy dit nou kry ...

EINDE VAN OPNAME - DEEL 1

Appendix C: Interview Transcripts

VIERDE ONDERHOUD - DEEL 2 (8:42 min)

I:Daar's hy, ons is weer aanlyn.

P4:Nou [REDACTED] is n ou van 32 Bataljon en hy het nou op meriete het hy nou n Luitenant Kolonel geword in ons Weermag, van n mannetjie daar uit die bos uit hier deur en ek was dan bevoorreg, ek het hulle groep help oplei as jong Offisiere en al hierdie goed, so ons kom n lang pad saam en nou natuurlik saam in die operasionele gebied. (intervensie - vrou praat)

P4:En toe hy nou uitgegaan het, het die Regse ouens hom bymekaar gekry en hom opgehemel en so aan. Maar [REDACTED] het sy seun na [REDACTED] vernoem. [REDACTED] en die aand daar is toe die eerste keer dat [REDACTED] en die klein [REDACTED], [REDACTED] vir mekaar gesien het, omhels in trane, foto's geneem en alles. Maar jy weet dan kom ouens en sê hulle die rasse storie. Weet jy hulle het ons so goed hanteer, dan kom daar sulke jong meisietjies daar en what do you drink, whiskey and soda, dan word daar n bottel whiskey daar neergesit, n ou se oë raak so groot daar. En die kos, die nagereg, jy weet en daar was drank in oorvloed. Ek kon nie n sestig tot party so gereël het soos daardie ou dit gedoen het nie. Verfyndheid en nie een ou het moeilikheid gemaak nie.

I:Ja.

P4:Jy weet as ons nou n gewone - en daar's drank verniet jy weet, ons Boere, vat maar n troue, jy weet nou-nou is daar n fight, jy weet (lag) ek sê nou vir jou, absolute style en - en dis daai ou wonder van my ook in die lewe gewees, hier sit ons met hierdie swartes, waar ons band is ons was saam in die Weermag. Hier sit ou [REDACTED] nou wat n ver regse ou is, maar daar's n swart outjie na hom vernoem. Hulle omhels mekaar. Die trane loop, [REDACTED] se trane en al daardie goed.

I:So dalk kan ons iets leer uit kontraste uit.

P4:Absoluut.

I:Al is ons verskillend van mekaar is daar goed wat ons bind, goed wat oor kleur grense, oor ras grense, oor al daardie grense kan gaan, en soos u sê hy het sy seun vernoem na iemand wie hy na opgesien het, wie hom geïnspireer het.

P4:Weet jy ons het altyd, veral na 1994 het ek vir die troepe veral jou anderskleuriges gesê julle het jul kultuur, as n Xhosa, as n Kleurling, ek het my kultuur as n Afrikaner, Engelse, Duitser, maak nie saak nie, julle het julle ANC rigting, ons is miskien in n ander rigting, ek sê maar ons kultuur hier is die Militêre kultuur. Dis ons samebindende kultuur. En weet jy die ouens het dit nogal gevat hoor. Dis ons kultuur van dissipline, van orde, respek teenoor mekaar, bo en ondertoe en onder en boontoe en dit is wat die - en as n ou daardie goed (intervensie - vrou praat)

I:Ek dink ons mis uit daarop. In die sin daarvan dat dit klink ook vir my as ek deur die literatuur ook lees dat inskripsie om diensplig te doen was amper die seremonie van grootwording gewees, van die stap maak van n adolessent na n volwassene toe, en dat daar is daardie ... (intervensie - vrou praat)

P4:Jy kry baie ouens wat nou vir jou sê ja hy het nie diensplig gedoen nie, hy het maar die Gevangenisdiens toe of polisie toe of ek

Appendix C: Interview Transcripts

het daar op die en die manier uitgekom wat daardie tyd sou diensplig doen. Afrikaner outjies, ek praat nie van 'n links - die anti conscription campaign en die conscientious objectors en daardie goed nie, ek praat van Afrikaner outjies wat nou vandag advokate en in die finansiële wêreld groot menere. Nou daardie ouens het - het 'n probleem as hulle met jou gesels, hulle het 'n skuldgevoel. Nou ek het ook al geleer om hulle nie, jy weet, te sê man jy's 'n - ek noem jou dit en dit, daardie ou wat daardie beslissings onder daardie omstandighede gemaak het, ek het hom nie geken nie, dit is die ding, los dit, maar ek kom agter daardie tipe ou is skaam as hy dit vir jou sê. En dan kry jy die ander - ja, dis die ontduikers .

I:Wat dalk in 'n mate iets van hulle self projekteer op mense wat wel besluit het om te dien.

P4:Ja absoluut, absoluut.

I:En ook dat mens, en moet ook regverdig wees en met daardie tyd se brille na daardie tyd se omstandighede kyk.

P4:Maar dis presies wat ek sê. Die een ou het verlief geraak op 'n girl en hy wou haar nie los nie, hy wou nie grens toe gaan nie, en O, hierdie ding het ons baie gekry, die Ma's, my seun gaan net nie grens toe nie, want die outjies het doodgegaan.

Lojaliteit.

(intervensie - vrou praat)

P4:Wat is jou E pos, skryf hom neer daar.

I:Ek gaan my E pos vir u neerskryf.

P4:Ek gaan vir jou 'n ding skryf wat ek ook oor hierdie polisiemanne geskryf het. Daar - dis nou miskien nie heeltemal in die lyn van jou storie nie maar ... (intervensie)

I:Nee maar dit gaan interessante leesstof maak, rêrig, ek verwelkom dit.

P4:Daar gaan jy agterkom toe ons saam met die polisie gewerk, ek praat 'n bietjie oor SWAPO, en oor die jong, jong ... (intervensie)

Dit sal baie interessant wees. Nee ek sal dit baie waardeer en ag, baie dankie vir die tyd, ek waardeer dit, dit ...

EINDE VAN OPNAME - DEEL 2

Appendix C: Interview Transcripts

VYFDE ONDERHOUD - DEEL 1 (71:12 min)

I:Okay honderd persent. Generaal die vrae is ook eintlik baie oop, so daar is nie 'n spesifieke reg of verkeerde antwoord nie, so voel om dit so te antwoord soos u graag wil.

P5:Doodreg.

I:Die eerste een is nogal 'n baie oop vraag, en dit is basies wat is u daaglikse ervaring in Suid Afrika?

Huidiglik?

I:Huidiglik.

P5:Mmm, ek dink my daaglikse ervaring is een van 'n gebrek aan integriteit en 'n toename van Wetsongehoorsaamheid. Ek noem dit die rooi lig se droom. Soggens as ek werk toe ry en smiddae as ek weer huis toe, nie 'n enkele verkeerslig waar ek gaan stop en waar 'n rooi lig gehoorsaam word nie. Daar is altyd mense wat of voor die tyd deur die kruising gaan of na die tyd deur die kruising gaan.

I:Korrek.

P5:Dit is vir my half simptome van die - die omstandighede van ons tyd. En as ek dit nou opskiet tot op die hoogste vlak dan kom ek by drie - twee opeenvolgende Polisie Kommissaris uit wat albei verdink is van kriminele bedrywighede.

P5:Ja. Die voornemende Polisie Kommissaris is tans in 'n proses van ondersoek. En die familie van die Minister van Polisie is by daardie ondersoek geïmpliseer. Dan is my vraag, wie het hulle aangestel, en die een wat hulle aangestel het is die President.

I:Mmm.

P5:Nou sê ek vandat die taxi drywer hier onder by die rooi lig ignoreer, tot by 'n minagting van die Wet is dit vir my 'n bekommernis, is vir my tiperend. Ek dink daar is 'n oppervlakkige siening dat in terme van die ekonomie dit goed gaan. Maar ek het 'n idee as jy gaan kyk na die wese van die samelewing dan is dit wat besig is om te realiseer, so die teenoorgestelde wat in mense se harte geleef het met die hoop van 1994 wat na sou kom. Enersyds is hier 'n klomp ouens wat sê, ons het julle gesê.

I:Amper soos ongerealiseerde verwagtinge.

P5:Aan die ander kant is hier 'n klomp ouens wat sê hoe kon ons toegelaat het dat dit so gebeur.

I:Interessant.

P5:En dit het ek dink tot baie onlangs toe, 'n ... 'n redelike verdeling van arm blanke geleedere gehad. Ek dink dit begin ook 'n impak in die swart gemeenskap hê, ek praat van die Afrika swart gemeenskap.

I:Korrek.

P5:Want as ek kyk na die faksies binne die Regerende Party, ek dink

Appendix C: Interview Transcripts

ons sien meer protes in townships as wat ons destyds in die Noodtoestande gesien het.

I:Mmm.

P5:En die - die velheid daarvan is presies dieselfde. Des ondanks stem ouens ANC. Dit maak nie sin nie, dieselfde ouens vir wie hulle stem gee nie vir hulle wat hulle wil hê nie. Die Regering self praat van 'n revolusie, 'n Nasionale Demokratiese revolusie. Nou my begrip van 'n revolusie is jy bedryf net 'n revolusie teen 'n regime. Nou bedryf die Regering 'n revolusie teen homself, dis my vraag.

P5:Wie is die opponent? Dis asof hulle 'n opponent soek.

P5:Nou praat ons van wat binne 'n bestek van twee dekades gebeur het, ja as ek aanduiding sou gesien het van 'n Magsblok wat aan 'n vorm is, oor kleur en rasse grense heen, dan sou ek gemakliker gevoel het, maar ek sien dit nie. Terselfdertyd moet ek net 'n opmerking maak oor die strukture wat ek dink in die verlede die gemeenskap bymekaar gehou het, skool, kerk, kultuur, daardie tipe van goed. Ek dink die kerk is onder ernstige druk, en dit het tot gevolg dat snaakse dinge binne die kerk gebeur. Ek dink die kultuur lewe het heeltemal verval, ek dink as gevolg van die skeiding in politieke denke, veral in blanke geleedere, en dit wat oorgebly het is gemarginaliseer. En ek dink op skool het ons net soos wat die - die rooi lig situasie is besig om op skool ook in te werk. Met die uitsondering dalk dat ons in sekere skole 'n oorbeklemtoning van eksklusiwiteit kry, ek praat veral van die gesiene Engelse skole, Hilton, hierdie tipe van ding.

I:Ja, privaatskole.

P5:Privaatskole wat hulle - maar dit maak nie saak hoe sy samestelling lyk nie, hy slaag daarin om sy eksklusiewe etos te behou .

I:Dit raak bietjie elitist.

P5:Baie elitist. En - en dalk is dit kapitaal gedrewe, dalk is dit dat 'n ou oor die geld beskik om sy kind soontoe te stuur dat dit in stand gehou word.

I:Ja.

P5:Aan die ander kant is ek van mening dat sport bied 'n ontsnap opsie om van die maatskaplike en die ekonomiese en die politieke werklikheid te ontsnap. En ek vir een het 'n verskriklike hekel in die professionele sport. Jy moet elke jaar 'n nuwe ondersteuners trui koop, met die borg se naam op. Jy betaal om die borg te adverteer. Dit maak net nie vir my sin nie. So dit dink ek so losweg is dit die goed wat ek waarneem. Maar dan dink ek ook toe ek nou toevallig vanmore vir iemand gesê het ek praat vanmiddag met jou, toe sê ek jy doen nou navorsing oor die dinosourusse en dalk is ek die dinosourus wat die dinamiek van die wêreld ook nooit verstaan nie.

I:Ja. Wel ek dink my tweede vraag sluit nogal baie aan by wat u nou net vir my gesê het, is daardie vervaging van waardes, van kultuur, al daardie tipe van dinge, en wat ek vra is, wat beteken dit vir jou om 'n Afrikaner te wees, en wat is hierdie invloede wat u dink het op Afrikaner wees.

Appendix C: Interview Transcripts

P5:Dit is 'n baie, baie sterk vraag daardie, want ek dink dit lê oogliggend uit my perspektief. Ek is nie een van die - mmm - emosie gedrewe Afrikaners wat glo in 'n vierkleur nie, gister se protes by die Hof te Delmas gaan teen my gril in. Ek kan my nie daarmee vereenselwig nie. Maar aan die ander kant is ek 'n Afrikaner omdat ek een is. Ek het hier, en my kinders is dalk nie so sterk ingestel soos ek nie, ek dink hier is dalk in die huidige bestel, miskien 'n groter klem vanuit hulle perspektief op Suid Afrikanerskap. En nou kom ek terug na ... 'n ... 'n meer vloeibare beskouing. As ek Skotland toe gaan en ek vra vir 'n ou wat is jy, dan gaan hy vir my sê hy is 'n Skot. Of as ek Italië toe gaan en vra wat is jy, dan is hy 'n Italianer. Of 'n Sweed. Of 'n Amerikaner. Ek het toevallig, was ek in 1993 was ek in die VSA toe is ek uitgenooi deur vier ouens van MK om 'n studietoer te onderneem jy weet toe die nuwe bedeling in werking gekom het, en ek het een aand so 'n sosiale byeenkoms, by elke plek waar ons gekom het was hierdie ding wat hulle vir ons vertel het van hoe lyk die rassiesamestelling van hierdie installasie, hierdie organisasie. En dan het hulle klem gelê op hoeveel African Americans is daar en hoeveel Native Americans is daar en hoeveel Oriental Americans is daar, en hoeveel Spanish Americans is daar. Toe staan ons een aand so met 'n drankie en ek vra vir die Amerikaner in die groepie waarby ek staan, ek weet nou presies wie is die African American en wie's die Native American en Spanish. Wat is jy? Toe kyk hy vir my baie verbaas aan, toe sê hy vir my, I'm a European American. Toe stap ek na die volgende groep toe met dieselfde vraag, toe antwoord 'n ou hy's 'n Irish American. En die derde groep was 'n ou redelik geaffronteer, toe sê hy vir my hy's 'n American American. Toe sê ek vir hulle dis nou vir my duidelik, hulle weet wie die res is maar hulle weet nie wie hulleself is nie. Ek het 'n idee ons begin vergeet wie ons self is. Maar dan het ek ook empatie met my blanke Engelssprekende landgenoot, want wat is hy. Hy kan niks anders sê as dat hy 'n Suid Afrikaner is nie. Maar as ek na die swart geledere toe gaan, sal 'n ou vir my sê hy is 'n Venda, of hy's 'n Xhosa, of hy's 'n Noord Sotho, wat ook al die geval mag wees. So ek - ek dink hier is 'n impak as gevolg van 'n spesifieke fokus op die Afrikaner as die oorsaak vir die foute van die verlede. En dat baie mense onbewustelik 'n verstelling te maak om nie daardeur, daarmee geassosieer te word nie. En die verstelling om nie meer daarmee geassosieer te word nie, is om te sê maar ek is nie 'n Afrikaner nie, ek is 'n Suid Afrikaner. Ek dink die onlangse rubriek waarin hierdie Professor van Johannesburg Universiteit.

I:Samantha Weiss?

P5: Nee die Afrikaanse ou met die kopdoek.

I:Van Niekerk dink ek.

P5:Nee 'n ander van. Ek sal nou-nou op sy van kom. Gesê het dis 'n boosheid hierdie. Hy hou nie daarvan dat ouens sê hulle is Afrikaners nie. Miskien is daar 'n voorafgestelde persepsie oor dit. Wat is 'n Afrikaner in sy diepste wese, is hy dan werklik die verpersoonliking van 'n rassis? Ek weet nie, ek doen nou navorsing oor my eie familie en ek kom nou die dag af op 'n ander ou wat navorsing doen oor dieselfde stamboom maar dis die vertakking wat Noordkaap toe gegaan het. Nou skryf hy oor sy voorsate wat in Griekwastad aangekom het en by Griekwastad was hulle geassimileer in 'n gemeenskap wat bestaan het uit Koranas en Xhosas en Tswanas en Namas uit Suidwes uit en binne hierdie milieu het hierdie ouens hulleself gevestig en laat geld.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

P5:Toe - toe troos dit my darem so 'n bietjie, as jy nou werklik na die hart toe teruggaan, dan kry jy sulke mense nou wat - wat nie net wil eenkant afskei en eenkant wees nie, hulle het tussen die mense geleef. Maar ek dink daar is 'n vooropgestelde persepsie dat ons is almal in 'n sekere sin Voortrekkers wat trek om 'n plek te kry waar ons ons eie grense kan trek, en miskien raak dit 'n essensie aan van 'n onderwerp wat deesdae met groot versigtigheid op die tafel gesit word, en dis die kwessie van 'n vryheidstrewe. Ek het nog nie 'n ou gekry wat vir my kan sê hoe kristalliseer dit uit die praktyk uit nie. Wat bedoel hy daarmee? Praat ons van 'n groot Oranje?

I:n Selfregerende Volkstaat, daardie tipe van ding.

P5:Praat ons daarvan, praat van ons van 'n erkenning vir wie jy is, waar jy is, met die vryheid om te assosieer met wie jy wil. Dis twee verskillende modelle.

I:So dit klink of daar half hierdie - dis nie net ons praat oor fisiese grense soos kan daar 'n landsgrens, kan daar 'n tipe van 'n landbestel wees nie, maar daar's ook vir die Afrikaner in 'n sekere sin grense in terme van sy denke?

P5:Ja.

I:Grense in terme van oopheid van meer vertalings van wat Afrikaner wees mag beteken?

P5:Ja. Ja, ek dink dis baie waar. Ek dink juis oor die oomblik oor die spektrum. Net soos wat as ek Skotland toe gaan, en ek probeer 'n Skot definieer, dan sal ek 'n ou kry wat sonder voorbehoud aanvaar dat Koningin Elizabeth sy monarg is. En dan sal ek 'n Republikein kry wat sê om de dood nee. Hulle het ons uitgerooi soos vuilis, ons kan nie 'n woord glo wat hulle sê nie. Tot hede vandag toe. Maar hy's 'n Skot.

I:Ja.

P5:En ek dink 'n mens moet die oopheid van gemoed hê om te sê in jou eie geleedere sal jy ook so 'n ding kry. Jy sal 'n ou kry wat by Vereniging se Vrede vasgehaak het en nou nog die ouens blameer dat hulle ooit oorgegee het. Net soos wat jy ouens sal kry wat sê hoekom het De Klerk oorgegee in 1994, en - want die parameter is dieselfde.

I:Die meerdere federasie stem, of een faksie of groep sê hy het oorgegee, 'n ander een sal dalk sê hy't verraai, 'n ander groep sal sê maar hy het 'n transisie bewerkstellig. So kry jy die meerdere interpretasies daarvoor.

P5:Presies. Presies. Jy sal een ou kry wat klem lê op die vreedzaamheid daarvan, want the contrary is too ghastly to contemplate. Dit is daardie uitdrukking wat jy net nou gebruik het. As dit nie so gebeur het nie, sou die bloed geloop het.

I:Ja.

P5:Jy sal 'n ander skool kry wat sê miskien moes die bloed geloop het, dan het ons dalk meer gehad. Ons wat nou in die Weermag was, daar is baie ouens wat vingers wys na ons toe, ouens soos Kol Viljoen is besonders in die kruisvuur, omdat hy gesê het kom ons gaan help

Appendix C: Interview Transcripts

Bophuthatswana, Mangope, en toe die kaarte val en toe gaan stig hy n politieke party. Van die ouens sê nee dit was verkeerd gewees. Maar ek persoonlik dink ons huidige tydsgewrig kan nie nou na behore geordeel word en die rol wat die Afrikaner speel nie. Jy het n bietjie van n lang visie nodig, ons is nog nie ver genoeg in die stofpad af om dit na behore te evalueer nie.

I:Maar dit - maar wat sou u visie wees as u nou ideaal kon sê u wens vir die Afrikaner, hoe sal dit lyk?

P5:Ek is nogal geneig om oor te hel na die ... die Israeli model. Ek was op besoek daar gewees, en ek dink daar is meer Israeli Jode buitekant Israel as wat daar binne in Israel is. Maar in Israel het hulle daai man, hulle Nkandla, die nuwe verwysing, as jy moet iewers n Nkandla hê, moet jy sê dis myne. Ek dink die ekonomiese realiteite sê as jy - as jy die entrepreneur in jou vrye teuels wil gee, dan moet jy jou laat lei deur ekonomiese omstandighede, eerder as politieke omstandighede. So jy sal dapper ouens kry wat sê ek is bereid om n nuwe begin te maak in die DRK en ek gaan daar soos n Voortrekker van ouds, ver van alles boer. Jy sal n ander ou kry wat sê nee Afrika se prys om dit te doen is te hoog, ek wil boer in n tuisland, so Oranje hier kom ek, ons moet Oranje groter maak. En ek is geneig om te sê ons het so iets van beide nodig. Die - die ideale model is waarskynlik het nog nie gestalte aangeneem nie maar ek dink n mens moet homself kan uitleef na sy eie behoefte waar hy dit wil doen. As een ou in Wierdapark, jy weet in die Suide van Pretoria wil bly, en hy's gemaklik in die gemeenskap waar hy daar bly en in sy werkplek waar dit ook al mag wees, die WNNR of Universiteite of waar ook al, is hy gemaklik om hom uit te leef, en hy kan na sy kerk toe gaan en hy kan ongehinderd na die Spar toe gaan en gaan koop wat hy nodig het, sal hy gelukkig wees. n Ander ou sal sê nee ek wil Oranje toe gaan want ek wil die versekering hê dat my eie mense oor my regeer. Ek dink op stuk van sake is dalk die - die kritiese besluit. En ek sou dit formuleer om te sê in breë, sou ek graag wou sien dat die ou wat oor my regeer, n ou is vir wie ek gestem het.

I:Mmm.

P5:Sou daardie ou swart wees, dan is dit so.

I:n Meer verteenwoordigde bedeling.

P5:Ja. Ja. As ek - as ek sê nee n ou moet een van my dam se ganse wees, dan moet sy van Van Niekerk wees of Koekemoer of wat ook al, maar die beginsel moet wees, die ou vir wie ek gestem het, moet oor my regeer. As dit beteken dat die Regering se afspits in die daaglikse praktyk moet voorsiening maak vir die diversiteit, dan sal ek geneig wees om te sê hier is n model om verder te ondersoek. Die hele konsep van n konfederasie, ... (onduidelik) stelsel. As ek nou in die koerant lees dat die Stadsbestuurder van Tswana kry 3.7 miljoen, en dis meer as wat die President van die land kry, dan sê ek vir myself, wat gaan hier aan? Is dit soos dit was, het ek soveel tred verloor met wat is die besoldigingspakkette daar buite? Ek weet nie tot welke mate dieselfde essensie van die ou vir wie ek gestem het nie, oor my regeer, geldig is in ander gemeenskappe nie. Ek sou nogal dink so. Van die mees tradisionele wat sê ek aanvaar die gesag van die stamkaptein omdat hy die Kaptein is, tot by die mees verligte ou wat sê ek het vir die DA gestem en ek is tevrede met my DA Raadslid. Ek dink dit is in daardie spektrum wat - wat hierdie ding kan uitspeel. Maar - maar ek is nie honderd persent seker of die demokrasie naasteby ryp genoeg is om sulke konsepte te gebeur nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja. Dis 'n kwessie van tydsberekening, ons is dalk nie reg daarvoor nie.

P5:Ja. Ja.

I:Dalk op 'n vlak dit te probeer beïnvloed kan dalk goed wees vir Afrikaners, dalk kan jy dit nie direk dalk verander nie, maar jy kan beïnvloed.

P5:Ja.

I:Op pad soontoe.

P5:Dit - dit impliseer dat die - die verwydering wat ingetree het sedert die 80 jare, eers geheel moet word. As ek nou praat van Afrikaner, die onderlinge agterdog en wantroue moet oorbrug word.

I:Tussen mekaar?

P5:Ja.

I:Sou u sê daar is 'n splinter in wat u daar raaksien?

P5:Ja. Ja. Wat is tans die hoofstrome en wat ek dink gedagtes beïnvloed, my baas is verskriklik kwaad vir my want ek sê vir hom ek raak toenemend oor so 'n soewereine individu. Daar is goed wat die HNP sê wat ek van hou, waarmee ek kan assosieer. Maar daar is goed wat die ANC sê wat sag op my oor val. So ek is geneig om my beste vir my omstandighede van hierdie winkel rakke af te haal. En ek doen dit op 'n manier sonder om vir die HNP te sê in my het julle 'n stoere strydros, ek sal vir julle veg tot die bloed van die perde se stringe aftap. En ek gaan dit nie doen nie. Dis 'n ongesonde posisie om in te wees. Baie gemaklik. Baie gemaklik. Ek skuld nou vir niemand niks nie. Ek is nie meer 'n Rapportryer nie, ek is nie meer 'n lid van die AB nie, ek is - ek skuld vir niemand niks nie. Toe ek nou vroeër na 'n kerk verwys het, dink ek is dit een van die elemente wat tot gevolg het dat die kerk se wortels verkrummel in die samelewing, of sy samebinding kraak. En ek wonder partykeer of ek so uniek is in my beskouing hier. 'n Baie goeie kollega van my wat in die Weermag het tot hy R1000 per maand gekry het, toe gaan hy uit, het sedertdien 'n vooraanstaande internasionale leierskap konsultant geword. En hy het op 'n stadium tot sy eie verbasing agtergekom hy woon 'n seminar by, maar die ou wat die ding gereël het, het die vyf en twintig beste ouens in die wêreld gekies het en hy was tussen hulle. Hierdie ou het vir my 'n boek gegee met die naam van The Sovereign Individual. En in essensie sê daardie boek daar was 'n tyd toe ek my kind na die naaste skool toe gestuur het. En daar het my kind 'n goeie opvoeding gekry. Daar was 'n tyd, as ek siek word, het ek na die naaste hospitaal toe gegaan en daar was 'n dokter en 'n suster en 'n verpleegster. En hulle het my met empatie behandel en my gesond gemaak. Daar was 'n tyd as ek in die nag wakker word en die struik hier voor my slaapkamer ritsel en dan bel ek die polisie en binne 'n ommesientjie is 'n blou lig hier. Nou is ek - 'n Model C is nie meer goed genoeg nie, ek moet nou 'n ander skool ten duurste betaal. Om de dood gaan ek na Steve Biko hospitaal, ek het 'n mediese fonds wat sorg laat ek in 'n Zuid Afrikaanse Hospitaal beland of Unitas. En ADT pas my op. As dit so is, watter rol speel die owerheid? Dan sê hy die owerheid is daar om internasionale belange en finansiële dissipline vir die viskus, onderhandelinge en hierdie tipe goed. Hy raak my nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Wat nie aan die daaglikse lewe ... (intervensie)

P5: Hy het my niks te doen nie, ek raak 'n soewereine individu. En ek kyk baie keer ek woon in een van hierdie goed wat ek 'n banggat park noem, sekuriteitskomplekse, sekuriteitskomplekse, met sê so honderd en sewentig eenhede in hom, en daar kom nou toenemend swart ouens daar in, en Asiërs ouens, Indiërs, en as ons 'n huiseienaarsvereniging het, dan is hierdie ouens se heel eerste navraag, sekuriteit. Hy soek dieselfde as wat ek soek. Jy koop jou sekuriteit, daar buitekant kan hulle maar karre hijack en steel en so aan, maar hierbinne betaal ek 'n prys vir daardie sekuriteit. En omdat ek 'n prys betaal, weet ek Jonas wat langs my bly betaal dieselde prys. En ek en Jonas is nie in mekaar se hare nie, maar ons is ook nie vyande nie, ons het vrede met mekaar saam, soewereine individue. Ons het waarskynlik nie baie meer in gemeen nie.

I: Wat is die potensiaal om 'n soewereine individu te wees? Want dit klink eintlik baie selfversorgend, baie ...

P5: Dit is.

I: Selfs asof 'n mens baie kontrole daarvoor het.

P5: Ja jy het baie kontrole want ek is myself. Ek is nie - ek is nie - ek word nie gedirekteur deur party beleid nie, hulle sê nie, ek maak my eie besluite, ek is van hulle afhanklik. En ek het vrede as jy nie daarvan hou nie. Dis jou saak, dis nie my saak nie. Maar as jy nou vir my vra wat is die nadele daarvan dan is dit waarskynlik die gebrek aan kohesie en groepsidentiteit. Maar of daardie kohesie en groepsidentiteit in ons eeu so belangrik is, weet ek nie. As ek so 'n klein bietjie kan teruggaan. Toe die Britte die Falklande gaan vat het, die Falklande eiland, voor daardie insident, 'n onbekende knoetsie suid in die Atlantiese oseaan wat niemand hulle aan gesteur het nie, daar gaan niks nie. En desondanks het Maggie Thatcher besluit sy stuur hierdie formidabele Taakmag af en daar was lewensverlies en dit was 'n helse bakleiery, vir die skaal wat daar aangegaan het.

I: Mmm.

P5: En ek - ek kan nie dink laat daar 'n oorlog ooit plaasgevind het nie, want met my insig van die krygskunde, oor die langer logistieke afstande, was daar nie oorlog nie. Dis amper op die Noordelike halfgrondte op die punt van die Suidelike halfgrondte. Maar hulle het dit gaan doen. En dit het - wat het dit tot gevolg gehad? Dit het 'n geweldige impak op die Engelse gemeenskap gehad. Hulle het suurtandig agter Maggie Thatcher ingeklim. Daarteenoor, alhoewel hulle verloor het, het die Argentyne nie gaan lê en gesê ons gee nou boedel oor, julle kan hom maar vat nie. Hulle sê nog steeds dis die Maldives. Tot welke mate die uitbreiding van 'n konsep van 'n soewereine individu, hoe dit gaan teerwerk verhoed, behoed, beperk, weet ek nie. Ek dink dit gaan. Tensy jou battery gaan so groot raak dat ek uit my eie oortuiging gaan sê nou ter wille van oorlewing moet ek my hiermee assosieer. En dit gaan waarskynlik 'n tydelike assosiasie wees. Of die omstandighede my daarna gaan los weet ek nog nie mooi nie. En dis hoekom ek nou-nou gesê het dat in 'n sekere sin moet hier 'n groter mate van druk kom wat 'n identiteit en 'n strewe gaan losmaak, ontketel, om wat as 'n nuwe dryfkrag vorentoe kan gaan. Of dit in een of twee of drie generasies gaan wees weet ek nie. Ek glo nie ek gaan dit in my lewe sien nie.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Dit klink vir my asof daardie identiteit tot 'n groot mate 'n individuele besluit is. Dit is 'n gemaklikheid met wie ek is as 'n Afrikaner en in die konteks van hierdie navorsing 'n gemaklikheid om myself te identifiseer as 'n oud soldaat, 'n gemaklikheid as afgetredene, ondanks die feit dat 'n mens ouer word. Ek weet ook dis nogal in terme van die verhoudings wat ek sien in my onderhoude wat Weermag Veterane met mekaar het, is dit 'n unieke verhouding.

P5:Ja.

I:Ene wat baie heg is.

P5:Ja.

I:Een wat strek ver bo net ons betrokkenheid in die Weermag. Mense wat 30 jaar terug al uitgeklaar het en nog steeds kontak met mekaar het. So - en daar sien ek weer dat die - dit is van 'n individuele na 'n groeps - daardie behoefte om nog steeds kontak met die groep te hê is baie sterk.

P5:Ek dink wat hier uitkom - en ons het nou môre 'n reünie van my graadgroep en ons gaan Sondag saam na hierdie herdenkingsdiens toe by die Voortrekker monument. Hier is ouens wat uit die Kaap uitkom môre vir hierdie geleentheid. En hier is 'n ou wat kom wat ek in my studentejare laas gesien het. Hy het nie saam met ons graad gevang nie, hy het in sy tweede jaar geloop. Hy kom al die pad uit die Suid Kaap uit. En toe ek vir hom gesê het, Jis man maar dis eintlik net 'n informele ding, toe sê hy nee maar hy moet kom. Hy ry al die pad, daar is twee ouens wat uit die pad uitkom. En ek weet nou wat gaan gebeur, die ouens gaan môre aand verskriklik bly wees om mekaar te sien. Hulle gaan baie gesels oor wat was toe ons saam was. Onthou jy nog vir so en so, insidente, en dan - dan gebeur dit dat dit opdroog. En dan sê die ouens kom ons ... ons gaan nou bed toe, ons raak nou oud. Maar eintlik is dit die gemeenskaplikheid is vir die huidige uitgeput. Nou kom ons oor 6 maande weer bymekaar, dan gebeur presies dieselfde. Dis half voorspelbaar. Hier kom nou môre 'n ou wat - hy het graad gevang saam met ons en ek dink hy was 2 jaar in die lugmag toe is hy lugdiens toe, toe het hy 'n Boeing vlieënier gaan word, daardie vlug wat hulle in 1995 gehad het met die Wêreldbeker se eindwedstryd of Ellis Park, hy was die Vlug Bevelvoerder van al daardie vliegtuie wat daar oorgekom het. Groot gees in die lugmag. Hy sit 'n poging in, hy is deurtrek van 'n kant af maar hy sit 'n poging in om môre daar te wees. Maar eintlik het hy met wat na ons studiejare gebeur het, het hy nie veel ingemeng nie want hy was nie lank - hy het nie baklei op die grens en daardie tipe van ding toe die meeste van ons daar baklei het nie, maar - maar dis vir hom belangrik om met hierdie klomp ouens te assosieer. En wat - wat baie snaaks is, baie van hierdie ouens het 'n lang pad met mekaar gekom van 1966 af kom ons saam. Ons was in 'n loopbaan watmmm ... elke bevordering was 'n bottelnek, hier kan net soveel ouens deurgaans in al, en 'n klomp ouens het nie daardie tyd deurgegaan nie. So in terme van Militêre aansien in die tyd is daar in hierdie groep redelike dispariteite. En tog as die ouens bymekaar kom speel dit geen rol nie. Hoegenaamd nie. En dis 'n groot gelykmaker. Wat vir my sê dis 'n terugvat. Of daardie terugvat sê dit was goeie dae, dankie tog ons het daardie 3 goeie jare saamgehad, 4 goeie jare saamgehad. Eerder as om te sê wat 'n gemors is nou hier aan die gang. Dit sê die ouens te maklik. Maar hulle sal sê Here ons het goeie jare gehad op Saldanha.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Dis daardie gemeenskaplikheid, en as ek praat met Veterane in terme van my navorsing is dit - is dit amper so, ek kry die idee dis 'n bittersoet herinnering en 'n meelewing wat daar gebeur. Want dis ook harde jare, make no mistake.

P5: En veral as jy nou met ouens praat saam met wie jy in die bos was. Maar - maar die snaakse ding kom dan uit, dat die ouens praat nie oor die onlekker tye nie. Die definisie van onlekker is 'n redelike vlak definisie. Dis vasval in die modder, dis rantsoene wat nie deurgekom het nie, dis warm bier, dis nie Piet wat hom dood gebloei het nie toe sy bene in 'n landmyn ...

I: Traumas.

P5: Dis nie dit nie. Maar dit wat die ouens op bou is die goeie goed. Ek - ons gaan nou almal Sondag oggend na die herdenkings diens toe, ek was nog nooit daar nie, dis die eerste keer dat ek nou gaan. Ek is geneig om half te voorspel dat ongeag die feit dat die rede vir hierdie bymekaarkom die herdenking van ons gestorwe kamerade is, en terwyl daar waarskynlik hoë vlakke van emosie gaan wees omdat baie van die ouens daar gaan, ken 'n ou wie se naam op daardie goed staan, baie familie is daar om 'n geliefde, of hy nou 'n dienspligtige was en of hy 'n Brigadier was, maak nie saak nie. Net weer te onthou, so op die - op die oog af is die - is die aanhoudelike het die potensiaal vir 'n hartseer emosie, er ... kristalliseer die teenoorgestelde uit, en kan ek half voorspel as dit verby is dan loop hulle mekaar op die teer raak en hulle groet mekaar soos lankverlore vrinne. Soos die ouens wat spottende wyse begin by begrafnisse uitkom, 'n ou het onlangs vir my gesê Hene, gelukkig is hier ouens wat gereeld doodgaan, dan sien ons mekaar. Dis so 'n bietjie van hierdie bittersoet.

I: En dit klink ook vir my dis 'n doelbewuste amper 'n hervertolking van dat ons - ons kan hartseer wees maar ons hoef nie in hartseer te bly nie. Ons kan daardie oorgang maak, ons kan iets so hartseer, iets so tragies soos 'n begrafnis kan 'n plek van vriendskap maak, dit kan 'n plek van ondersteuning vir die families wees.

P5: Ek onthou een van die aangenaamste ervarings wat ek gehad het, was 'n ou wat toe ek 'n tweede jaar was, was hy 'n eerste jaar, en hierdie ou het in sy later lewe het hy kanker gekry, leukemie, en hy is toe oorlede. Na 'n op en af is hy toe oorlede. En ek was toe die - die Bevelvoerende Generaal in die Kaap en die ou was in lewe ook 'n staf lid daar. Nie onder my bevel nie maar hy was 'n ou wat lank in die kamp was. En hy's toe begrawe daar uit Wynberg gemeente uit. En ek het ampshalwe die begrafnis gaan bywoon, en toe ... toe kry ek ouens wat van Nelspruit afkom, ouens wat ek lanklaas gesien het. En die dominee het 'n baie goeie diens gehou, en toe voordat die ouens uit die kerk uitgaan toe staan die ou se swaer op, toe sê hy ons is hier bymekaar om vir Johan te groet, kom ons doen dit met vreugde. En toe begin die ouens spontaan, elkeen, 'n staaltjie te vertel waarin hy die sentrale rol gespeel het. Baie lighartig, maar nie onwaardig nie, en - en dit het - as daar iets is wat in my agtergebly het was dit die belewenis. Ek het onlangs vir my kind gesê asseblief sorg dat niemand sad is want dit moet lekker wees vir die ouens wat daar is. As die weduwee die heeltyd staan en huil, dan wat moet ek nou maak? Ek wil nie luidrugtig raak nie, ek wil nie ...

I: Ja jy weet nie wat om te sê ook nie.

P5: Jy weet dan - dan spoel dit uit. Terwyl die teenoorgestelde maak

Appendix C: Interview Transcripts

dat ouens bymekaar kom en sê jy weet, dit was nie so sleg nie, dit was goed.

I:Hoe voel dit vir u om - en ek kyk nou spesifiek na my navorsinggroep, so hoe voel dit om 'n wit afgetrede Afrikaner oud soldaat in Suid Afrika gewees, en dalk het u alreeds daarop uitgebrei in terme van die daaglikse ervaring, maar spesifiek in terme van hierdie groep waarna ek kyk.

P5:Ek is gelukkig dat ek met baie van hulle kontak het. Ek sit twee etes 'n jaar met die afgetrede Generaals bymekaar, die ouens wat binne trefafstand is, nie almal nie, maar ek skryf so 'n nuusbrieffie vir hulle en twee keer 'n jaar dan kom ons bymekaar en dan eet ons saam, saam met die vrouens. So daar is 'n interaksie, 'n lewendige voortgesette interaksie. En dis 'n interaksie wat nie beteken ek sê vir ou Generaal Reg Wood toe hy Hoof van die Leër was, ek was Kommandement Bevelvoerder, ek noem hom nou op sy voornaam, hy's nog steeds vir my Generaal. Dis maar hoe dit is. Hier en daar kry jy 'n ou wat vir hom sal sê Reg maar oor die algemeen is 'n senior, Generaal Viljoen, Meiring, Geldenhuys, sy naam is Generaal, dis hoe ek hom ken. So daardie ouens sien ek twee keer 'n jaar. Dan bedryf ek hierdie - er - jaargroep, so ... en natuurlik is ek naby goeie vriende wat saam met my uit die Militêre Akademie uitgekom het. Van my beste vriende is in daardie kategorie.

I:Ja.

P5:So ek het met hulle 'n aksie, maar ek wil amper sê dis 'n gedefinieerde aksie, dis nie 'n aksie wat sê aangesien ons saam was, moet ons nou. Ek bedoel dis nie so 'n tipe ding nie.

I:Daar's nie 'n dwang of obligasie wat 'n ou moet vervul nie.

P5:Nee. Ek - dis deel van my soewereine individu gedagte. Ek het - ek het met die - ek wil nie sê die kohesie nie, ek weet nie mooi hoe om dit te beskryf nie, ek het met die destydse verbintenis, se formele verbintenis, verbreek. Wat ek nou in stand hou is 'n informele verbintenis wat op die oog af gemakliker is met sekere ouens as met ander ouens.

P5:Maar dis een wat ek kies. Ek doelbewus kies.

P5:Ek maak daardie keuse.

I:Ja.

P5:Ek maak daardie keuse. So het ek pelle wat ek op 'n Donderdag middag kan bel en sê is jy lus om môreoggend vir ontbyt, kom ons eet ontbyt. Dan gaan ons gou Greenfields en ons eet gou spek en eiers. Binne 40, 45 minute, eet ons, gesels ons, drink ons 'n koppie koffie, dan gaan ons weer uitmekaar uit. Ek geniet dit. En dis 'n ou van wie ek my nie kan losmaak nie. Dis ... dis ... dis my broer. Maar dan is daar ander ouens met wie glad nie so 'n affiniteit het nie. En dan is dit moeilik om te bepaal wat ... (intervensie)

I:Dis nou die normaliteit wanneer jy ...

P5:Ja, ek glo nie - ek glo nie dit het iets met 'n ou se persoonlikheid of aanstelling te doen nie, ek dink dit kom net met assosiasie. Vrywillige assosiasie. Sien ek nog my weg oop om met hierdie ou te assosieer, ja of nee.

Appendix C: Interview Transcripts

I: Daar is iets wat ons koppel wat meer is as net die rangstruktuur wat ons gehad het, of die manier waarop ons dinge gedoen het, daar's iets diepers, dit is nie hierdie oppervlakkige hiërargiese Militêre goed wat ons vashou nie, dis iets meer as dit.

P5: Ja. Ek kry dit nog baie, ek het betreklik onlangs toe is ek by 'n konferensie, toe kom 'n ou uit die bloute uit en hy groet my asof hy my lankverlore kind is, en ek het nie 'n keuse as om vir hom te sê ek is jammer maar jy weet, jy het my nou op die verkeerde voet gevang. Toe sê hy nee hy was 'n troep by my op Kimberley in Inligtingskool. Nou ek het 'n duisend agt honderd van hulle elke jaar weggesit, hy is een, so ek was 6 jaar daar gewees, so hy is een van...

I: Menigte.

P5: Twaalf duisend. Maar desteenstaande, die feit dat ek hom nie kan onthou nie, dit pla hom niks nie. Maar het hy so gemaklik met my begin gesels, en die gesprek tussen ons so gemaklik ... (intervensie)

I: So daar was 'n indruk op hom gemaak.

P5: Ja. Ja. En toe sê die ou vir my, hy was toevallig 'n gegradueerde, hy het 'n Honneurs gehad, en ons het die ouens uitgevat Magersfontein toe en ons het vir hulle range vir hulle op Magersfontein vir hulle gaan gee, in die aand. En hy sê my hy het nou al - daarna het hy sy Meestersgraad gekry, en hy het sy Doktorsgraad gekry, maar niks het op hom so 'n indruk gemaak soos daardie aand op Magersfontein nie. Toe sê hy dankie dat jy dit vir ons so gedoen het. Jy weet dan - dan kom daar iets anders op die spel, dat hierdie ou blameer my nie vir die blink vloere, die bedonderde Korporaal en die - die dag passe wat ons nie wou gee nie, want dit - dis verby. Iets anders het op hom gewerk en gelukkig is dit 'n positiewe ding en dis 'n ding wat blywende waarde het.

I: Ja.

P5: Nou as ek dit in 'n ou kan - as dit na my toe gekaats word, uiteraard voel ek baie goed daarvoor. Ek het nog nie een ou raakgeloop wat - er - wat soos 'n wekker afgegaan het nie. Nie in die Staande Mag Geledere nie, nie in die diensplig geledere nie.

I: Wat is sommige van hierdie goed, soos daardie geval, wat u bind met hierdie mense, met wie u weet, as jy nou die foon optel, hy sal nou hierso wees. Wat bind julle, anders as net dat julle saam gedien het?

P5: Ek dink is 'n ... dit is 'n element van vertroue. In hierdie omstandighede waarvan ek nou praat, dit het die tweede grootste Korps skool in die Leër, was ek in bevel. Maar ek het bitter min Staande Mag Offisiere gehad. Ek kon nie - ek kon nie Staande Mag Kompanie Bevelvoerders eens aanstel nie. Ek het dienspligtiges gevat, ek het hulle met die hand uitgesoek. En ek het vir hierdie ou gesê ek gee jou nou, jy is nou 'n diensplig Luitenant, meeste van hulle was gegradeerde ouens, vol Luitenant, het ek gesê ek gee jou nou 'n Majoor se werk, maar ek vertrou jou. Ek is oortuig jy sal die oordeel aan die dag lê om hierdie ding te doen, en nie een van daardie ouens het my in die steek gelaat nie. En baie van daardie ouens het - het rare persoonlikhede geword daarna. En - en dis moeilik om nou met die ou te sit en gesels, wetende, dit wat hy nou is, is so baie verskillend van wat hy toe was. Maar as jy agter die kant van die byl kom, dan

Appendix C: Interview Transcripts

kom jy agter hy is - hy is nog net dieselfde, sy hoekstene het nie 'n millimeter geskuif nie. Hy - hy leef dit op 'n ander manier uit. Die een ou wat ek nou van praat het - hy lyk soos 'n 21ste eeu se hippies, as jy so iets kan kry.

I:Okay.

P5:n Losgat. Tot jy met die ou begin praat, en hy vir jou begin sê wat is nou deesdae vir hom ernstig, en dan kom jy agter dit was sy gevestigde waardes. Op die oog af uiterlik het hy vir hom 'n ander persona ontwikkel, waarom sal net hy weet, maar hy is iets anders, ek bedoel my hare is nog net so kort as wat hulle altyd was, maar sy hare is lank, hy het 'n ponytail. Maar ek dink, ek neem dit terug dat - ek wil amper sê omdat ek hom vertrou het, het hy my vertrou, en het daar 'n simbiose ontstaan wat 'n ander bedryf, 'n ander beroep nie noodwendig van hom sou vereis nie. Ek het altyd vir die Korporaals gesê jy het meer gesag as die Hoof van die Weermag, want as dit op die kners afkom, is jy die ou wat die bevel om te vuur gee. Dit is toe hulle die - die townships gebrand het. Jy's die ou wat besluit skiet of nie skiet nie (intervensie)

I:Lewe en dood, basies so.

P5:Dis waarnatoe ek jou roep, jy moet dit weet. Dis nie ek wat ek in my lugverkoelde kantoor in Kimberley sit nie, dis jy wat daar in die stof lê. En in 'n sekere sin dink ek dit is die besef dat 'n ou dit vir hom gee, en dat daar van sy kant af 'n respons kom om te sê ek sal jou nie teleurstel nie. En beide hierdie twee goed het nie 'n rak leeftyd nie. Ja dit is seker heel menslik laat party ouens se wiede sal afkom en hy raak 'n alkoholis of 'n dwelmverslaafde of wat ook al, ek het nog nie so 'n ou teëgekom nie.

I:Dit is daardie wedersydse vertroue, dit is ek glo in jou en dit is amper soos ek weet waar jy nou is maar ek waartoe jy in staat is, en ek gaan jou vertrou dat jy daar kan kom.

P5:Ja. Jy moet jouself uitleef. Ek dink dit gaan dalk een stappie verder as net vertroue. Dit - ek het nou die begrip in my kop gehad en nou het hy vinnig, vinnig weggehardloop. Dit is maklik om in 'n druk situasie te sê ons moet gou die kastaiings uit die vuur uitkrap, en as die kastaiings uit die vuur uitgekrap is, gaan ons terug na ons normale swak selwers toe. En hier is iets anders wat hier behoue bly, ek dink dit gaan met respek saam, en ek dink as respek sy naakte essensie, geevalueer word, is dit nie uiterlike saluering eerbetoon en sulke tipe goed nie, dis respek vir ek herken jou as 'n mens, jy weet, met alles wat in jou is. Want - want die opleiding was destyds net so dat beide fisies en sielkundig is daar nie veel wat jy op 'n stadium kon wegsteek nie, hulle het 'n manier gehad om jou te dwing om dit na vore te bring. En desondanks sê hy, jy mag dalk 'n bier of twee te veel drink partykeer, maar ek respekteer jou. Hy hou dit nie teen jou nie.

I:Wat jy sê is, jy's 'n mens voordat jy 'n soldaat is.

P5:Ja.

I:Soos in baie dinge want ons is geneig om na mense se professies of na hulle titels te kyk en ons vergeet, hierdie is ook maar 'n mens met drome, met vrese.

Appendix C: Interview Transcripts

P5:Oms - ons was ... ek was baie bevoorreg. Daardie 6 jaar wat ek by die Inligtingsskool was, was vir my 'n waterskeiding self. Ek het die aanstelling baie onverwags gekry, daar was baie uitdagings in en dit was in 'n kritiese tyd binnelands gewees, en die grootste sukses was dat ek die Hoof van die Leër kon oortuig dat ons ons eie troepe kon identifiseer. En ons het dit gedoen deur evaluasie wat oor 3 en 'n half dae gestrek het, en wat ons regtig 'n ou fisies sielkundig getoets het onder - onder erge omstandighede, met 'n inagneming van vrye teuels. Dan as jy nie daarvan gehou het nie, kon jy opgepak het en geloop het. Na dit het ons vir hulle gesê nou gee jy my die name van drie van jou pelle wat dit tot hier sal maak. En dan het hy my die name gekry en ek het dit vir Hoofkwartier gestuur en gesê hier's my volgende inname. En ek het 98% van daardie ouens gekry. Wat beteken het ek was in 'n sekere sin in die bevoorregte posisie wat ek nie noodwendig met die dreg van die samelewing as ek dit so mag noem, te doen gekry het nie. Ons het ook 'n ... 'n trick gehad dat jy vat van jou diensplig Korporaals en Luitenant en vir die laaste November en Desember sny hulle nie hare nie, en jy gee vir hulle oproep instruksies en hulle meld saam met die troepe aan. Hulle gaan deur die proses. Bly tussen die troepe, word rondgejaag net soos die troepe. En 10, 14 dae later haal ek hulle uit dan sê ek wie's ek die goggas? Sê ek wie's die goggas, haal vir ons die goggas uit en dan gaan die goggas. So jy het 'n baie effektiewe en 'n korresponderende reinigingsperiode gehad, so dit wat oorgebly het, 'n ou wat agterna het vir my gesê, 'n groot sielkundige in Kossies het vir my gesê jy maak 'n baie groot fout met jou keusesmodel. Want jy krap die onderste 10% weg en jy's tevrede met die 90% daar bo. Jy moet eintlik sê ek wil die boonste 10% hê. En dit het ek nogal op die stadium met hom saamgestem. En agtergekom het nee, wie - wie - waarop meet jy die boonste 10% nou, of hoe bepaal jy dit. Jy kan deursettingsvermoë, fiksheid, taaiheid, wat sê dit vir jou, leierskap, hoe bepaal jy leierskap. En gelukkig het dit goed gewerk. En dit is daardie ouens met wie jy 'n ander assosiasie het as met die ouens met wie jy in 1966 saam mee aangesluit het by die Weermag.

I:Ek dink dit verklaar nogal baie. My volgende vraag is, in u opinie, nou dis vir my altyd 'n snaakse vraag om te vra, ek weet nie het ek die vraag so gevra nie, maar wat sou ander se persepsies gewees het, en ander kan, ek weet nie wie die ander is nie, jy kan dit interpreteer soos u wil, oor hierdie navorsingsgroep, wit afgetredene Afrikaner oud soldate, wat sou daardie persepsies in die verlede gewees het in terme van die SAW en hoe sien hulle hierdie nou in hedendaagse Suid Afrika. Kom ons sê ander is die man op straat.

P5:Ja. Kyk nou ek - ek het drie dogters, en die middelste dogter, een van haar vriendinne, as sy my raakloop dan kan sy nie uitgepraat raak oor hoe sy bly is, hoe bly sy is dat sy my ken nie. Want ek is haar nou kwansuis een van 'n handjievool. Maar dis ongelukkig nie 'n algemene persepsie nie. Ek - er - ek dink - er - as jy daar buitekant 'n evaluasie sou gaan doen, dan sal daardie evaluasie waarskynlik deur die groep definieer as 'n tipiese klomp - wat het hulle in die Anglo-Boereoorlog genoem? Bittereinders. Die oorlog het opgehou maar die oorlog het nie opgehou nie. 'n Ou het dit nou die dag vir my gesê. Jy werk by die [REDACTED] omdat jou oorloë nog nie opgehou het nie. Ek - ek dink die stille bydrae wat hierdie groep gelewer het om 'n erger scenario te verhoed, word nie aldag besef nie, en ek dink hulle besef dit ook. En dit het waarskynlik tot gevolg dat hulle hulself marginaliseer. Ek het nou melding gemaak van [REDACTED]. Ek meen [REDACTED] is 'n ou wat - ek meen ons kom 'n lang pad saam, hy was saam met my daar by die Akademie. [REDACTED] is 'n ou wat so stil-stil raak dan sal hy vir my sê, hy sê nou nog vir

Appendix C: Interview Transcripts

my Generaal, weet jy Generaal, dis ek en jy en wie nog, wat probeer om 'n bydrae te lewer. En in 'n sekere sin is hy reg. Daar's ouens wat beleef het, nie noodwendig Generaals nie, maar ander senior ouens, en omdat hy 'n yster was, en ek het hierdie ou in my jong dae hoog geag, en ek sou nou sê onder die huidige omstandighede dink ek daardie ou skik oor intellek en vaardighede en insigte en invloed wat hy - wat hy moet laat geld het. Hoekom doen hy dit nie? Nou dan mag dit wees omdat hy op Stilbaai bly, en vrede gemaak het met die mooi uitsig van sy stoep af oor die see. Dalk sê hy die oorlog is verby, jy kan nou daaraan niks meer doen nie, en nou krap ek my potjie hier waar ek is. Ek bespeur dat bitter min van hulle gewillig is om 'n standpunt in te neem, en as hy 'n standpunt het, is dit so versigtig dat dit amper nie meer 'n standpunt is nie. So as jy dan die gevolgtrekking maak dat julle op magtigingsproses teen eie geleedere aan die gang het, dan dink ek baie keer is hierdie ouens self daarvoor verantwoordelik. As ek by 'n konferensie kom en 'n ou kom uit die bloute uit na my toe gestap en hy sê, here ek is bly om jou te sien, jong outjie, hoe gaan dit met jou, wat doen jy nou, en hy sê vir sy pelle, hierdie ou was my Bevelvoerder gewees, en hy gaan aan, dan wonder ek partykeer hoekom doen ons ou toppies nie dit met mekaar nie, want ons doen dit nie. Dis - dis half asof ek nie eintlik vir die ander ouens wil sê maar hy was ook 'n Generaal nie.

I: Dis 'n mate van teleurstelling dat dit - dat jy het so baie in terme van wat u kan deel in expertise en ervaring en wat 'n bydrae vandag kan maak, by buite en Militêre konteks wat daardie tyd buitengewoon was.

P5: Die vraag wat ek dan myself afvra is, was ons so gedril en gekondisioneer dat ons so afhanklik geword het van die ysters op ons skouers om gesag af te dwing, dat ons persoonlike in werklikheid nie so sterk was soos wat ons gedink het nie. Ek het nogal ... (intervensie)

I: Goeie vraag daardie.

P5: Ek het nogal 'n gevoel dit mag so wees. Nie in alle gevalle nie, hier's mense vir wie ek die wêreld se respek het.

I: Ja vir seker.

P5: Maar dan is hier ouens wat dink ek wragtig hy behoort van beter te gewees het.

I: Dink u sommige van daardie individue mag dalk vind dat hulle weet nie wie hulle is buite - buite 'n Brigadier, buite 'n Generaal nie.

P5: Ja ek dink hy's tot 'n groot mate is hy van sy - ek gaan nou die woord met versigtigheid gebruik, van sy statuur gestroop. En die stroping van sy statuur het 'n direkte impak op sy - die uitlewing van sy persoonlikheid, en nou begin hy goed openbaar, gedragspatrone openbaar wat ek nooit met hom sou assosieer nie. Nie baie lank gelede toe is hier 'n baie groot byeenkoms by hierdie skool daar by die dieretuin. As 'n ou in Paul Kruger straat Noordwaarts ry dan kry jy net anderkant die dieretuin is daar 'n hoërskool. Ek wil amper sê dis Ben Viljoen of so iets, maar ek het nou die naam vergeet. Dit was 'n fondsinsameling vir 'n Springbok rugby speler wat ernstig siek is, so teen Stofberg, en het hulle tafels verkoop ten duurste om fondse in te samel om net die ou te help. En ek beland toe by een van drie tafels waar daar net soldate by sit. En 'n ou vir wie ek die wêreld se - nee nie die wêreld se nie, ek het respek vir hom gehad,

Appendix C: Interview Transcripts

kom hy na my en sê hy vir my hy wil nou vir hom 'n drankie gaan koop maar hy het nie geld nie, het ek nie vir hom R100 om te leen nie. Nou, toe ons uniform gedra het sou hy jou nie vra om geld te leen, veral om drank te gaan koop. En ek gee hom toe R100 en hy sê vir my Saterdag gee ek dit vir jou terug. En dis nou 3 jaar terug. En as ek, ek sien die ou nog so nou en dan, en dan wonder ek by myself, hoekom het hy nie onthou hy skuld my R100 nie, want dit was deel van die etos, wat jy nie kan ontsnap nie. Nou ewe skielik het jy dit ontsnap. Amper soos nou maak dit nie meer saak nie, dis nie nou meer 'n saak van belang nie, en miskien loop dit hand aan hand met hierdie ander goed.

I: Watse boodskap gee die samelewing aan oud soldate vandag? Sê sommige van hulle nie dalk, julle maak nie saak nie?

P5: Wel ek - ek het nou 'n byltjie te sleep gehad met 'n predikant wat nou na aanleiding van Generaal Viljoen se standpunt inname oor die belydenis van Belhar wat so 'n paar weke gelede in die koerant verskyn het, toe sê hy, hy het die grootste fout gemaak om julle Generaals destyds te vertrou. Hy was 'n dienspligtige, hierdie predikant.

I: So nou word die vingers gewys.

P5: Nou, en julle het drooggemaak. Nou moet jy ons vertrou. En ek het heel kapsie gemaak, ek het twee briewe vir die Beeld geskryf, maar hulle het nie een gepubliseer nie. Maar - maar dit is vir my tiperend. Want uiteraard ervaar ek dat as kwetsheid. Nie dat ek hom wil inhibeer om homself uit te spreek nie, maar ek dink nie dis 'n geldige argument wat hy voer nie, veral nie teen 'n ou soos Generaal Viljoen nie. Want - want enersyds is dit nie die Generaals wie die oorlog gemaak het nie, dit was die politici wat bepaalde besluite geneem het.

I: Weereens wanbegrip van die rol wat 'n Weermag vervul.

P5: Ja. En - en as ek nou kyk na - as jy my nou vra wie's die Hoof van die Weermag, dan moet ek baie mooi dink om vir jou te sê dis Solleshoke, en ek sal net onthou dis Solleshoke omdat ek hom ken jy weet. Maar moenie my vra wie's die Geneesheer Generaal of wie's die Hoof van die Vloot nie. Ek het - ek het nie 'n idee nie. Want jou omset is net van so 'n aard dat ek stel nie belang nie en ek bly nie meer by nie. Maar ek kan vir jou presies sê vandat ek in die Weermag gekom het, wie was die Hoofde van die Weermag totdat ek geloop het. Dit was ouens wat in my verwysingsraamwerk vasgesteek het. Dalk is die feit dat ek klaargemaak het, is dit 'n groot bydraende faktor dat ek nie meer belangstel nie, want ek stel werklik nie meer belang nie in die aktiewe - dis nou Verdedigingsoorsigtyd en 'n ou het vanmore 2 ure met my kom gesels oor die Verdedigingsoorsig, en ek moes vir hom sê ek is jammer, ek het nie die dokument gelees nie, ek kan niks daaraan doen nie, ek gaan nie - ek het 'n mening daaroor, maar dis nie wat uit die papiere uitkom nie.

I: Ja.

P5: So ek kan nie anders as om te sê dat vanuit meer as een oord is daar 'n direkte of 'n indirekte beskuldiging dat ons instrumenteel aandadig was aan die sondes. Ons is die Vaders wat die sondes gepleeg het. Die troepe wat op die grens dood is ons toedoen. Die ouens wat met naweek pas in motor ongelukke is, as hulle nie dienspligig hoef te gedoen het nie, en dis julle skuld, dan was hulle nie dood nie. En so kan jy aangaan. Ek - ek bespeur nie 'n ewige

Appendix C: Interview Transcripts

gewilligheid om te sê wat sou gebeur het as die gekombineerde Russiese/Kubaanse komponent Namibië net kon binnekom vanuit Angola uit en Namibië afgesluit, nou gaan ons Upington toe en dan sit hulle in Pretoria. Daardie scenario is by baie ouens nie 'n geldige scenario nie bloot omdat dit nie gebeur het nie. Maar oor hoekom dit nie gebeur het nie is daar nie sprake eintlik oor 'n argument nie.

I:Dalk sê dit baie dat hulle selektief nie praat oor daardie moontlike scenario nie.

P5:Ek - ek dink so. Want ek het vroeër verwys na die instellings wat nie meer is wat hulle is nie, en ek dink die kerk speel 'n geweldige rol hierin. Die kerk wat ons anker was, in die donkerste tye was daar 'n Kapelaan wat gebed het vir ons, wat vir ons gesê het kêrels nou moet ons hierdie ding gaan doen, dis gevaarlik, dit mag vir 'n paar ouens ramspoedig wees wat vandag hier sit, maar ons moet dit gaan doen. Kom ons gaan doen dit in die geloof en dan moet ons gaan, dit gaan doen. Nou ewe skielik sê daardie selfde kerk ... (intervensie)

I:Is daar distansiëring.

P5:Kêrels julle - julle het julle hand oorspeel. Asof ons, ons hand oorspeel het.

I:Want ek wonder, ek wonder wat gaan deur die gedagtes van oud soldate wat in nabetrugting wat - wat al daardie opleiding, al daardie ervarings deurgegaan het, daardie groot sin van verantwoordelik wat jy sê as 'n Bevelvoerder basies gedra het op jou skouers, opofferings wat jy gemaak het in terme van jou persoonlike lewe, jou familie lewe, al daardie tipe van dinge, en daardie tyd het jy daardie eerbetoon gekry, jy het dit gekry van die mense onder jou bevelvoering, jy het dit gekry selfs by die man op straat, daar was 'n eerbied, daar was 'n eer betoon gewees. En ek wonder, wat is die situasie vandag, jy weet is dit dalk, ja ek wonder wat gaan in hulle gedagtes aan.

P5:Ek dink - ek dink daar het 'n breek gekom. Jy sien in 'n sekere sin moet 'n mens al die omstandighede van ons tyd in ag neem. Toe het ons met dienspligtiges gewerk en in 'n sekere sin het jy 'n verteenwoordiger van 'n horde huishoudings binne-in jou Eenheid gehad want niks wat daar gebeur het was geheim nie, maak nie saak wat die Wet op amptelike geheime gesê het nie. As die Kolonel gesuip geraak het of rondgehoer het en Pa en Ma het dit geweet. Want dit was nie - jy kon dit nie wegsteek nie. Nou ewe skielik is daar nie diensplig nie, en jy kan nou na enige basis toe gaan en gaan kyk hoe lyk die troepe, dan is daar nie wit troepe nie en as daar wit troepe is dan sal dit by uitsondering wees en dit sal wees wat of gedring word om 'n loopbaan as 'n soldaat te volg, want dit is waarin sy passie lê, of 'n ou wat nie elders kan werk kry nie, as gevolg van die ekonomiese omstandighede. Maar die - die konneksie met die gemeenskap in die breed, bestaan nie meer nie. Ek het onlangs vir iemand gesê, die [redacted], se seun was by my en ek het nie eens geweet dit is hierdie ou se seun nie, en daardie ou het vir my 'n brief geskryf aan die einde van die jaar opleiding wat die ou by my gedoen het, toe sê hy vir my, hy's [redacted] en sy seun was die afgelope jaar by my, en hy het ons doen en late vanuit 'n organisasie oogpunt ten noue gevolg van sy seun. En hy kan nie anders as om vir ons te sê hy weet nie hoe het ons dit reggekry nie, want met dit wat ons gehad het, waar ons begin het, waar ons geëindig het, die vordering wat daar was is net vir hom onbeskryflik.

Appendix C: Interview Transcripts

Nou dis nie h ou wat my iets skuld nie, dis nie - ek kon nie eens sy wyn gedrink het op daardie stadium nie want jy het nie [REDACTED] wyn in Suid Afrika gekry nie, maar desondanks het hy dit vir jou gesê. So jy - jy het daardie tipe van rapport gehad as - as jy in die Groot Parade in Pretoria was, dan was dit die Mammies en die Pappies wat op die sypaadjie gestaan het tot ons hulle kinders verdaag. En ewe skielik is dit nie meer so nie. Dit - dit kan deels daaraan toegeskryf wees. So ek glo nie ons het meer die naelstring, die Weermag het nie meer die naelstring met die - die gemeenskap nie. Aan die ander kant dink ek nie ... dink ek een van die gevolge van 1994 is die gemeenskap sê ons het dit nie meer nodig nie, daar is nie meer h vyand nie. So ons soek dit nie.

I:Ja.

P5:En daar is h - daar is h doelbewuste poging om nie sulke goed in stand te hou nie, en - en as jy dan in h milieu kom waar daar ouens is wat nou se maatstaf toepas op wat dit was, dan is daar hierdie verwydering. Maar in my opinie is dit nie - ek het nog nêrens gekom wat h ou my nou regtig sleg gesê het oor wie ek was nie. En wat ek gedoen het nie. So ek - ek het ook h persepsie, nee, h vermoede, dat baie van hierdie afstand is h perseptuele afstand. Ek aanvaar dis jou persepsie, en daarom gun ek jou, jou persepsie. Hou nou maar jou persepsie, en dis dalk nie eens h persepsie nie.

I:Verwant daaraan, hoe word hierdie oud soldate uitgebeeld in Suid Afrika? Of nie uitgebeeld nie.

P5:Ek - mmm - ek - ons lewe in h sekere sin in h paradoks. As jy ... er ... h ou gediende van die Nie-statutêre Magte is, veral van MK, dan word deure vir jou oopgemaak. Ek het om hierdie tafel met h MK vervaardiging gesit en gesels, wat hulle dienste kom aanbied om veiligheid op die plase te bevorder. Nou weet hulle nie mooi wie's ek nie, maar dan luister ek na hulle en hulle het alle bronne van die Staat tot hulle beskikking. En hierdie ouens wat soos ek lyk wat dieselfde Veteraan is, word geminag. Kry nie dieselfde voorregte as hierdie ouens nie. Ek het gister toe bel h ou my en hy sê vir my by hierdie onlangse Infanterie Konferensie het die Bevelvoerder van die Infanterie Formasie gesê ons kan baie maklik die veiligheids probleem op ons grense oplos, ons kan vir die Veterane elkeen h plaas op die grense gee. Nou in my brein lui dit allerhande alarm klankies, want dit is deel van die hele onteienings proses wat aan die gang is. Maar h MK Veteraan kan kwalifiseer vir h plaas op die grens as ek dit nou so om mag draai, maar nie ou [REDACTED] wat 30, 40 jaar gewerk het vir die Weermag nie.

I:Nie h gelyke speelveld nie.

P5:Daar's nie h gelyke speelveld nie, en dieselfde aansien is nie van toepassing nie. Miskien het dit in groot mate te doen met die oorwinnaar wat die geskiedenis boeke skryf. Ek dink ons sit, ons sal nog vir h lang tyd daarmee sit. Terselfdertyd dink ek die gemiddelde dienspligtige word nie noodwendig as h Veteraan geag nie. Miskien as ons nou Sondag herdenkingsdiens toe gaan dan is die klomp ouens daar, ag hulleself as Veterane.

EINDE VAN OPNAME - DEEL 1

VYFDE ONDERHOUD - DEEL 2 (34:00 min)

Appendix C: Interview Transcripts

P5:Hierdie Generaals vir wie ek die ete gee, daar was 'n groot debat oor moet ons nou huidige Generaals ook bytrek, toe sê ons nee, toe sê ou Reg dit beteken met elke ete gaan ons minder word. Toe sê ek ja, die laaste ou moet die lig afsit. Ek was verstom, maar dis deel van hierdie eksklusiwiteit. Nou hang dit - nou hang dit af waar het hierdie eksklusiwiteit beslag gekry. Want daardie eksklusiwiteit dra tot 'n groot mate die drakrag vir wat jy daarna gaan doen. Jy kon lankal jou uniform uitgetrek het. As jy daardie - as jy 'n Recce was, of jy kom van 32 af, dan het jy 'n bepaalde eksklusiwiteit. Ons het gaan probeer om vir Generaal Geldenhuys toe hy die Hoof van die Leër was in die vroeë tagtigs, probeer om die Britse instelling van die Regiment as die sentrale saambindende krag te vestig. Dit het op gevolg gehad in die praktyk was die bedoeling gewees, as ek my loopbaan begin het by 4 Artillerie Regiment in Potchefstroom, dan het ek my lewe lank aan daardie Regiment verbind bly. Ek mag by baie ander plekke gaan werk, maar my wortels lê in 4 Artillerie Regiment. En as hulle 'n jaarlikse golf dag hou of hou 'n ope dag vir die ouens dan word ek genooi, en dis waar ek myself assosieer. Dit het nie heeltemal inslag gekry nie want ek dink nie die Suid Afrikaanse omstandighede was tipies aan die Britse omstandighede waar hierdie model baie, baie goed werk, en in die Burgermag, veral die ou gevestigde Regimente want die Regimentals hulle Regimental Council en al hierdie goed hou die ding aan die lewe. Dit het nie heeltemal so goed by ons gewerk nie. Maar in desteenstaande vind ek hierdie orals waar ouens so bymekaar kom, is daar hierdie eksklusiwiteit van ons hou baie van jou. Maar dit is nou maar net so. Jy's nie deel van hierdie groep nie. Kom maak 'n bier saam met ons, by all means, kom luister na ons stories, maar jy ... jy kom nie uit hierdie - hierdie omstandighede uit nie. Wat bydra tot my soewereine individu konsep want as jy gaan kyk na die soewereine individue dan is die enigste area waar hulle buite die individu gaan, is waar hy dit kan uitleef, hierdie eksklusiwiteit. Ek mag dalk glad nie van jou hou nie, ons mag dalk nooit pelle gewees het nie, maar omdat ons saam in Valskermbataljon was, is ons broeders. Dis 'n unieke situasie.

I:Ja.

P5:En ek - ek dink dit vind, ek sien dit nou in maatskappye wat oud soldate stig, dan gaan soek hy ouens wat soos hy was, en hy bring hulle in die maatskappy in, hy neem hulle in diens. Baie van hierdie goed is maatskaplik gedrewe en party ouens het dit eenvoudig net nie te breed nie, hy kry net nie werk nie. Die - die ander kant van die muntstuk is dat daar ongeag hou se status, het hy so afhanklik geraak van wat die struktuur hom toe gebied het, dat toe hulle hom uit die struktuur uithaal, kan hy homself nie laat geld nie. Daar is ouens, in my jaargroep is daar twee ouens wat heeltemal in duie gestort het. Een ou is in 'n huis vir drankverslaafdes in die Kaap en dis nie - dis 'n Lugmag vlieënier wat vir jare lank gevlieg het. En die ander ou is - hy bly stoksielalleen in 'n karavaan hier in 'n plattelandse dorpie langs die dam, geen inkomste nie, ek weet nie hoe leef hy nie.

I:Die struktuur het vir my mense half ook 'n emosionele veiligheid gegee wat hulle toe ...

P5:Ja ek dink as jy emosionele veiligheid het, sorg die res half vir homself, maar as dit nie daar is nie, en miskien is heel onder in ons bewussyn is daar hierdie - hierdie wete van dat ek moet hierdie goed in stand hou, want in 'n sekere sin, it creates my sanity. As ek dit so mag uitdruk.

Appendix C: Interview Transcripts

I:Ja.

I:In u opinie, hoe tree u op as deel van hierdie navorsingsgroep as 'n wit afgetrede Afrikaner oud soldaat teenoor ander kulturele en rasse-groepe, wat verskil van hierdie ... (onduidelik)

P5:Ja, ja. Ek dink ons kom uit 'n besondere era uit. Van toe daar die enigste swart soldate wat daar was, was sogenaamde hulpdiens gewees. Toe ek 'n troep geword het, was die enigste swart soldate in uniform was hulpdiens. En dit was bus drywers en Lorry drywers en bandiet wagte en sulke hulpdiens.

I:Ondersteuningsdiens.

P5:En binne die bestek van my jong Offisierslewe het dit verander. Jy het die - die Kleurling Korps is geaktiveer. Alhoewel hulle, hulle basis in die Kaap gehad het, het jy Onder Offisiere begin kry, en as daardie ou 'n Sersant was, was hy 'n Sersant nie 'n bruin Sersant wie jy nie gerespekteer het nie. En toe het die swartmense begin inkom. En ek sê altyd vir die ouens dat jy kan die grootste rassie onder die son wees, as die omstandighede jou dwing om in 'n bos te gaan rondloop saam met 'n swart ou, en die potensiaal is daar dat jy gaan vuur trek, dan weet jy hy moet jou rug toemaak, of jy moet sy rug toemaak. Die een wie se oë nie oop is nie gaan die ander een in die moeilikheid inbring.

I:Kleur gaan die laaste oorweging wees.

P5:En ek het dit hoeveel keer gesien. Hoeveel keer gesien. So ek wil amper sê, 'n- 'n vel georiënteerde waardesisteem is in daardie era weg. Miskien nie - voor dit was dit dalk anders gewees, maar in daardie era in my tyd het dit heeltemal weggeraak. Ek het klaar gemaak in die Kaap en my tweede in bevel was 'n swart Generaal. Eerste ou was 'n eks Transkei ou en die tweede ou was 'n MK gewees. Met die Transkei ou het ek baie goed oor die weg gekom want hy het deur my opleidingsisteem gekom. Die waardes wat ek geleer het, het hy geleer.

I:Ja.

P5:Die MK ou het nie deur daardie opleidingsisteem gekom nie, en met hom het ek baie vasgesit. Want hy het onverantwoordelike goed gedoen. Maar die feit dat ek vir hom kwaad geword het en nie vir die ander ou nie, is nie omdat hy meer swart was as die ander ou nie, dit was omdat die ander ou se vaardighede was net nader in belyn met myne as die MK ou s'n. Nou is dit ongelukkig so dat die ouens wat ons plekke gevat het, is afkomstig uit laasgenoemde geleedere. En dan is dit ironies dat 'n relatiewe junior Offisier, praat van blygemaakte Generaals. Ek het nou die dag met 'n ou gepraat, hy het toe ons integreer in 1994 toe werk hy saam met 'n swart Luitenant Kolonel. Dis nou 2012. Dis 18 jaar later, hy's nog steeds 'n Luitenant Kolonel. Die swart Luitenant Kolonel wat destyds by hom geleer het, is nou 'n Generaal Majoor. Nou sê die ou vir my, dit kan mos nie. Wat is fout met my? As ek dit sê dan sê ek onmiddellik ek dink as jy my kop sou deursny en kyk wat hier binnekant aangaan, en jy stap na Derek toe, dis die ou van wie ek nou praat, en jy sny sy kop deur, gaan jy ander goggas in sy brein kry as in my brein. Want ek is daar verby. Dis nie meer vir my 'n bedreiging nie. Ek dink 'n faktor wat 'n groot rol speel, is die ongegronde aanvaarding, die pakket wat die Weermag vir my gegee het toe ons geloop het, my sal dra tot 80, 85jarige ouderdom. En daar is ouens wat gesê het ek gaan niks doen

Appendix C: Interview Transcripts

nie, ek het nou genoeg geld. Nou is hy - mmm - 12, 15 jaar uit die sisteem uit, en nou kom hy agter maar hy het nie genoeg geld nie. En ek dink nie 'n mens moet die inhiberende uitwerking daarvan onderskat nie. Daar is sulke ouens. Dan is daar ouens soos ek wat gesê het ek gaan vir 'n jaar niks doen nie, dan sal ek begin rondkyk, en twee derdes van daardie jaar was vir my 'n struweling, om in die oggend wakker te word, want dan sê ek, wat gaan ek nou vandag doen? Ek kan nie, die eerste ruk toe ek geloop het was die oorlog in Irak aan die gang, dis net na - ek het in 2002 het ek geloop. Toe val die Amerikaners Irak aan, so ek het soos 'n verslaafde voor die TV gesit en ek het elke klein - want ewe skielik is daar oorlog in my sitkamer. Ek kon assosieer daarmee, ek het geweet wat gaan die ouens nou doen, en ek het - ek het tegnologie gesien wat ek nog nooit gesien het nie. Dat jy een oggend wakker word en sê so what, jy weet, nie nog 'n dag hiervan nie asseblief. En in my geval het dit so uitgewerk dat ek intellektueel myself moes rek om 'n nuwe omgewing te bemeester. Aanvanklik was dit maklik want ek het hier begin net oor veiligheid, en die handeling van veiligheid was deel van my werk gewees, so dit was nie vir my 'n probleem nie. Toe het ek begin betrokke raak by Arbeids kwessies, en betrokke geraak by onteiening en waterregte en al hierdie goeters, toe moes ek van vooraf skoolgeld betaal. Nou 'n goeie vriend van my se dogter is 'n vooraanstaande neuroloog, en sy sê as jy nie stres het nie, gaan jy dood. As jy te veel stres het, gaan jy ook dood, maar jy kan nie sonder stres leef nie. Ons is gemaak om met stres te lewe, so dit hou my aan die gang. Ek kyk na my kollegas wat niks doen nie, en dan sien ek dit hou hom nie aan die gang nie. Ek - ek het 'n vermoede dat as dit nie vir die wedersydse erkenning binne hierdie verskillende groepe, bonde, noem dit wat jy wil, assosiasies, sou daardie ouens se wiele lankal al afgekomp het. Want dit is hulle raison d'être.

I:Die anker.

P5:Die bestaansreg. En ongelukkig is dit nie vandag se bestaansreg nie, dis 15, 20 jaar terug s'n. Want sedertdien het die see souter geword. So ek bespeur by hulle 'n baie groter mate van onvergenoegdheid. En die onvergenoegdheid, is waarskynlik, vind waarskynlik uiting in uitsprake oor die politiek. En ander goed maar dis nie - dis nie wat onderliggend daartoe le nie, dis die feit dat ek kan niks doen daaromtrent nie, ek is magteloos.

I:Amper soos ja, daardie gevoel van magteloosheid en van stagnering, want wat nou, ek weet nie hoe om die volgende skuif te maak nie, en eintlik daardie soos in u geval, klink dit u moes ook 'n verskuiwing maak wat u identiteit as 'n afgetredene was, gaan ek nou elke dag sit en TV kyk en koffie drink? Is dit genoeg vir my? Gee dit my daardie satisfaksie, lewens satisfaksie wat ek het, of gaan ek myself bietjie strek na ander moontlikhede toe. Dit lyk my daar is verskillende mense interpreteer dit op verskillende maniere.

P5:Ek dink so. Ek sal nie sê ek volg die doen en late van oud kollegas nie, maar ek kry tog die indruk dat jy kan hierdie ouens in verskillende kategorieë sit. Jy weet hier's ouens met geweldige entrepreneurskap. En bestuursvaardighede, 'n nuwe bedryf van die grond af te trek. 'n Splinternuwe ...

I:Sodat hulle hul leierskapsvaardighede wat hulle in 'n Militêre omgewing ontwikkel het, wat hulle vandag nou in 'n siviele konteks toepas.

Appendix C: Interview Transcripts

P5:Ja. Hy dryf daardie maatskappy soos die Generaal wat hy destyds was. Hy doen dit met 'n sagter hand, maar sy prosesse en sy styl is - is dit wat dit was.

I:n Generaal van oud soos CEO vandag?

P5:Ja.

I:Okay.

P5:Ja. Ja. Dan kry jy 'n ou wat ...mmm... die skuldgevoel het hom ingehaal. En hy moet nou gaan repareer. Nou daardie skuldgevoel kan wees dat hy sy vrou verwaarloos het met al die jare wat hy graag wou gegaan het, want hy was 'n groot bos vegter. Of hy het sy kinders verwaarloos omdat hulle het groot geword sonder dat hy ooit agtergekom het hulle word groot, of die skuld ry hom oor wat hy gedoen het. Want ek sien baie van hierdie ouens wat nou teruggaan na Angola toe en - weer gaan, teruggaan na die plekke toe waar die operasies plaasgevind het, kom daar aan met 'n reparerende benadering, jy weet, ons reik die hand van vriendskap uit.

I:Iets wat hulle moet verwerk.

P5:Hulle moet dit verwerk. Ons moet, die verlede moet aan die verlede behoort. Dis nie nou meer so nie. Dit het verander. Mmm... dan dink ek is daar 'n beduidende kategorie wat onvervuld is. As ek nou sê onvervuld, dan is dit 'n ou wat sy lewe het nie eintlik meer betekenis nie, en hy wil nie doodgaan nie, hy kan nie doodgaan nie, want hy is gesond genoeg, maar daar is regtig, daar is niks in die dag vir hom nie. Ek het - ek het 'n vermoede dit is 'n- dit is 'n groeiende groep. Want die harde realiteit daar buitekant is dat die ekonomiese omstandighede maak net dat ouens nou nie op nie pensioen gaan nie, bloot die feit dat ek nog hier sit, ek is 2 jaar verby hierdie plek se pensioen ouderdom verby, is seker aanduidend dat hulle is gemaklik met my en ek is gemaklik met hulle, so gaan ons aan. Maar - maar ek dink daardie onvergenoegde groep is aan die groei, en dis half - er - 'n groep wat hoop verloor het. En dan bedoel ek nie hoop in terme van 'n glinsterende toekoms visie nie, polities of staatkundig of so iets, of ekonomies nie. Ek dink dis net, ek is uitgedien, ek is uitgebrand, ek het niks meer om by te dra nie. En dis nie heeltemal waar nie, maar dit is ...

I:Dis die gevoel, dis hoe hulle dit beleef, dis hulle belewing elke dag.

P5:Ja.

I:Dis hoekom ek dan nou verwys het na daardie gedagtes soms van maar ek voel ek maak nie meer saak nie, ek voel, dit wat ek doen, niemand gaan worry of ek hier is of nie hier is nie, wat teenstrydig is met waar ek was, waar mense waardeur het wat ek gedoen het, ek was deel van 'n struktuur, ek was deel van 'n hiërargie, ons het trots gehad in wat ons gedoen het, daar was 'n- selfs van - selfs ons vyande het ons geloof vir wat ons bereik het in terme van Militêr, ons het groot goed bereik. En nou is daar net niks vir my nie.

P5:Ja. Ek dink dis baie waar.

I:Dis 'n moeilike plek om by te wees.

P5:Dis 'n baie moeilike plek. Maar ek dink jy - die belang daar of as

Appendix C: Interview Transcripts

gevolg van omstandighede voel jy die regter deure vir net nie vir jou daarna oopgegaan het nie, of die belang daar as gevolg van 'n helse ontdekking wat jy een oggend maak soos jy wakker word en agterkom, ek was dalk 'n yster maar ek is nie meer nie. Niemand steur hulle aan wat ek sê nie. Maar dit is nie noodwendig waar nie, want dalk is daar niemand wat luister na jou nie, of dalk sê jy net nie vir hulle nie. Vingers kan terugwys na jouself toe.

I:Ja, dis 'n tronk wat jy op jou eie gemaak het.

P5:Ja. En ek dink as ek kyk na die ouens en tussen hulle is ek nou 'n jong tak teen die klomp Generaals, dan - dan tel ek dit nogal op. Ouens met wie ek - daar is nou ouens wat al Generaals was toe ek nog nie eens 'n Kolonel was nie, en wat ek eintlik ons paaie nooit eintlik gekruis het nie, ek weet van hom maar ek het nooit onder hom of saam met hom gewerk nie, nou ewe skielik is dis asof hy nou heeltemal afhanklik raak van jou om vir hom te sê wat gaan daar in die wye wêreld daar buitekant aan, want hy het die vermoë verloor om dit te analiseer. Hy het - hy het - dalk luister hy nie meer nuus nie, dalk lees hy net nie sy koerant nie, maar dit op sigself is vir my aanduidend dat die ou het iewers sy greep verloor.

I:Ek dink dit moet moeilik wees om daar te wees, want gewoonlik jou - jou Militêre soldaat is ook iemand wat gewoon was dat hulle liggaamlik, jy was fiets gewees en jy was fiks en jy kon alles doen en daar was niks wat vir jou onmoontlik was nie, en nou - nou deal jy met so baie goed, dit is nie net jy wat oer word nie, die politieke landskap het grotendeels verander, daar is uitdagings in terme van die kulturele groep waaraan jy behoort, of die Afrikaner, jy is in 'n minderheid, jy het nie soveel inspraak as wat jy gehad het dalk in die vorige bedeling nie, die situasie is omgekeer. Daar is so baie goed waarmee wat op 'n ou se plate is.

P5:Nou wil ek ook vir jou sê ek glo nie dis uniek nie. Hier werk ek nou met boere, ek dink ons sit in 'n ernstige situasie dat hulle is besig om dramaties minder te word, maar hulle word vinniger oer as wat hulle minder word. Want die seuns kom nie meer plaas toe nie. Hierdie ou sorg dat ek en jy drie etes kos per dag het. Hy het - sy bydrae tot die land se ekonomie mag dalk net 1.5 tot 2% van die Nasionale produk wees, maar dis 'n onmisbare bydrae. Want sonder daardie twee, drie borde kos kan ek en jy nie leef nie. Maar niemand sê vir die ou dankie daarvoor nie, en dan gebeur presies dieselfde ding. My buurman oorkant die straat is 'n dokter, hy sê vir my die gemiddelde ouderdom van 'n GP in hierdie land is 56 jaar. Hier is briljante spesialiste, maar ek praat nou van 'n GP. Die GP's is besig om uit te sterf, en die GP's begin nou hierdie gevoel kry. Sy vrou is ook 'n GP. Sy gaan 'n paar keer 'n jaar gaan sy Ierland toe, dan gaan werk sy daar in die Ierse Platteland vir 5 weke, werk sy dag en nag, kry groot geld en kom terug, en dan kan sy nie wag om weer te gaan nie. Dan sê ek vir haar nou Karien hoekom wil jy nou weer gaan, en dan sê sy weet jy, daar word ek waardeer. Hierso word sy nie waardeer nie. So ek - ek het 'n gevoel dat die impak van hierdie ding is nie noodwendig beroeps uniek nie, ek dink hy strek daar wyer as wat 'n ou kan dink.

I:Ja eintlik hoe kompleks al hierdie goed saamwerk.

P5:Ek begin nou agterkom goed soos die Vereniging van Regslui vir Afrikaans, die Genootskap van Afrikaans Artse, al hierdie goed begin ewe skielik, begin nou momentum optel. Want waar ons dit gehad het in die Militêr milieu, het hierdie ouens dit nooit gehad nie. Nou

Appendix C: Interview Transcripts

begin die goed druk. Nou begin daardie selfde dryf, want al hierdie ouens kom uit daardie omgewing uit. Begin nou sê soek een of ander assosiasie ... (onduidelik)

I:n Eenheid.

P5:Wat n ou, met wie se geselskap jy gemaklik is, so kom ons maak dit die Regs Lui vir Afrikaans.

I:Ek sien. Dan my laaste vraag, wat was u ervaring rakende al hierdie veranderings in terme van die Weermag na 1994, veral hierdie integrasie van al die verskillende Magte.

P5:Ek het vir 8 jaar gedien na 1994 en ek was vir bykans 37 jaar in die Weermag so net so n bietjie maar as n kwart van my loopbaan wat eintlik lank is, die laaste 8 jaar het ek in daardie milieu gedien. Ek was die Direkteur Koöperatiewe Kommunikasie by Leër Hoofkwartier. Toe die pre-1994 gesprekke begin plaasvind het, die Amerikaanse besoek waarna ek vroeër verwys het is een daarvan, die Amerikaner het vir my na sy besoek gesê gaan terug na jou land toe, en maak namens ons n aanbod dat ons julle Offisiere sal oplei en sal evalueer, en ons sal dit doen op die geykte metode van n eksamen nommer soos by n Universiteit. So laat ons nie n mens voor ons sien nie, en dat ons onbevange n oordeel kan gee. Maar uiteraard het dit nie gevlieg nie. Die - die voorbeeld van ou Derek na wie ek vroeër verwys het, die Luitenant Kolonel wat saam met hom gekry het en die is nou n Generaal Majoor en ou Derek is steeds n Luitenant Kolonel, ek kan nie anders as om daarvan kennis te neem nie, en dan na my gewaarwording ten opsigte van die Weermag, en ten opsigte van die breë samelewing, wat regstellende aksie, en ek wil amper sê die koelbloedigheid waarmee dit toegepas word, se effek gaan ons nog lank bybly. Ek dink wat in die Weermag gebeur het, en ek sien nou die ou wat Sersant Majoor van die Leër geword het, Charles Louw, was n jong Staf Sersant by my in Kimberley gewees, hy is n dissiplinêr uit die ou skool uit, hy mag hoe goed wees, ek weet nie of ou Charles dit gaan regkry sonder n infrastruktuur om dissipline gevestig te kry. Want wie's die ouens wat dit moet doen? Dis juis anti-dissipline ouens. Dis juis n ou wat nie gemaklik is met die absolute afwesigheid van grysheid nie, daar's net swart en wit. Dis of reg of dis verkeerd. Daar is nie ... en dan is ek - dan is ek pessimisties of die proses dit tot gevolg gaan hê. Maar as ek dit sê dan sê ek terselfdertyd, die aard van die Weermag in terme van sy rol en funksie, het ook dramaties verander. Daar is n baie groter klem nou op die sagte goed, soos vredesteun operasies, armoede verligting, werkskepping, wat nooit oorwegings was in ons tyd nie. En dalk het jy nou n sagter Weermag nodig. Of swakker dissipline, n element daarvan moet wees dan het ek my ernstige bedenkinge.. Die ou wat gister vir my vertel het van die Veterane wat grensplase gaan kry, sê vir my op enige dag is daar vier honderd troepe by Infanterie formasie afwesig sonder verlof. Dis n Bataljon. Ons het in hierdie land nege Bataljons. So een uit nege Bataljons is per dag afwesig sonder verlof. Ek het dit nie geweet voor gister nie, maar ek het dit vermoed. Dan is my gewaarwording, dank die Vader, ek hoef nie te assosieer met daardie weermag nie. Sondag gaan ons nou herdenkingsdiens toe en ons trek ons kis-pakke aan en ons medaljes aan, en toe vra daar een van die ouens wat nou deel van ons groep is, watse hoed gaan ek opsit. Toe sê ek nee ek gaan my ou baret opsit en my ou baret is nie meer n geldige baret nie, my baret wapen is vervang met n nuwe een so dis nie - niemand kan my uitwys dat ek nou n ding dra wat ek nie op geregtig is nie. En dit sal die eerste keer wees dat ek daardie baret opsit weer vandat ek hom in 2002 afgehaal het. Maar ek - ek doen dit met n oop

Appendix C: Interview Transcripts

gemoed omdat ek sonder om skaam te wees, daarmee assosieer. Ek sal dit enige plek doen. Of ek dieselfde sal doen ten opsigte van die huidige bestel het ek my ernstige bedenkinge oor. Enersyds mag dit wees omdat ek die professionaliteit bevraagteken, daarmee saam praat ek van die - die moeilik definieerbare goed soos 'n Offisierskap, ek kom uit 'n skool waar die ouens gepraat het van die Offisier as 'n Heer. En - en jy moes jou opdrag uitvoer maar jy moes ook sorg dat jou troepe nie doodgaan nie. Dan moes jy geweet het hoe om jouself te gedra, want as jou tjeks durf hop is jy so diep in die moeilikheid dis net nie waar nie. Nou is dit ewe skielik nie meer 'n faktor nie. Miskien bring dit my terug by rooi lig waarmee ek weggetrek het, want ek dink hier is 'n verband tussen hierdie, ek dink die professionaliteit is daarmee heen, die trots is daarmee heen. Ek dink miskien is die lae profiel wat die Weermag die afgelope tyd gespeel het is aanduidend daarvan dat hulle doelbewus gesê het hier het ons eintlik 'n probleem so kom ons haal hulle net uit. As dit opening van Parlement is en sulke tipe goed is waar ons met hulle kan spog net vir 'n kort rukkie, maar moenie alles vir hulle wys nie. Want as ek luister en my steur aan die nuusbriewe wat ek so een keer 'n week kry dan vertel die ouens van hoe groei hierdie onkruid in Voortrekkerhoogte en hoe swak is hierdie installasie instandgehou en hierdie tipe van goed. So ek - ek het nie 'n assosiasie met wat tans daar aan die gang is nie. Ek woon nie hulle goed by nie, ek het geen - en dit pla my nie. Dis vir my water wat onder die brug deur is. Want ek kan met 'n oop gemoed sê toe ek daar was, was dit nie so nie.

I:Ja.

P5:En dis - dis as gevolg van 'n klomp ander moes hulle dit moontlik gemaak het dat dit nie so was nie. Nie ek nie.

I:Nou dit klink asof dit op sigself nie 'n identifikasie is wat negatief is teen die instelling van die Weermag nie, maar oor die waardes wat nie uitgeleef word nie, iets wat die kern was van wat 'n Weermag was, wat vir hom 'n bestaansreg gee.

P5:Ja.

I:Dis bietjie afwesig daar.

P5:Ek dink die uniforms mag dalk mooier wees, so dit gaan nie oor die uiterlike vertoon nie, dit gaan oor wat daar aangaan.

I:En wat dit simboliseer.

P5:Ja, want ek het grootgeword in 'n Militêre milieu waar sekere goed nie gedoen was nie. Want ek as die Bevelvoerder as ek ooit sou uitgevang het, dat ek myself oorgegee het aan die drank ten aanskoue van my ondergeskiktes, ek meen dan het die hel op my gedraai. Ek weet van 'n ou wat - wat heel oortree het op 'n aand. Hy was die volgende oggend 10:00 hier voor die Hoof van die Leër op Kantoorhouding, hy was 14:00 terug in Potchefstroom, hy was 15:00 uit die Weermag geklaar. Klaar. Nie 30 dae nie, klaar. Hy was 'n Staande Mag Offisier, en ons almal het dit geweet, so jy het jou - jy het jou geskik daarby.

I:Daar was respek vir die uniform, respek vir die Mag gewees.

P5:En miskien respek vir jouself.

I:Ja.

Appendix C: Interview Transcripts

P5:Dis miskien waar dit begin.

I:Begin ja.

P5:Ons het - ons het vroeër gepraat oor hierdie - hierdie verbintenis wat ook vertikaal in die struktuur afstap tussen die Kolonel en die dienspligtige, of die Tweede Luitenant of wat ook al. Mmm ... want dit is daardie respek, daardie wedersydse respek wat gemaak het dat beide spasio gehad het om te werk. Nou sê die ouens vir my - mmm ... is dat sy harde werk sorg dat sy toesighouer 'n prestasiebonus kry. Hy kry nie die bonus nie, die toesighouer kry die bonus. So as - as dit so is dan is dit logies dat ek nie nou my beste gaan gee nie, want 'n ander ou ...

I:Pluk nou die vrugte daarvan.

P5:Kry nou die krediet, onverdiende krediet. So alles, alles gaan terug. Ek sê glad nie, ek meen een van die beste dissiplinêre ouens wat ek in my lewe gesien het was ons Swart Bataljon skool. Daar was Sersante en Korporaals en Sersant Majore wat nie soveel nonsens van niemand gevat het nie. En ek het baie met hulle gewerk nie. So 'n ou moenie vir my sê dis 'n ras ding nie. Dis nie 'n ras ding nie. Dis 'n ingesteldheid.

I:Ja en dis dalk daardie realistiese horisontale vertikale, as jy respek het vir jouself dan sal jy respek hê vir jou hiërargie ook.

P5:Ja.

I:Nee maar baie dankie Generaal. Ek waardeer dit vreeslik baie.

P5:Jy is welkom.

I:Baie dankie vir u tyd. En ek dink dis baie waardevolle kommentaar.

EINDE VAN OPNAME - DEEL 2